DIE VERHOUDING TUSSEN GEMEENTEOPBOU EN EVANGELISERING

'N EKSEGETIESE ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN TER SAAKLIKE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE VERHOUDING TUSSEN DIE BEWARING EN DIE VERMEERDERING VAN DIE KERK

PROEFSKRIF VOORGELÊ AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS
(FAKULTEIT TEOLOGIE)

DEUR

PHILLIPUS JACOBUS BUYS

TER VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD
THEOLOGIAE DOCTOR

PROMOTOR: PROF. DR. J.C. COETZEE

JANUARIE 1989

VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie studie kan ek nie nalaat om my dank uit te spreek nie.

Hartlike dank aan Prof. Christi Coetzee wat my as promotor in hierdie studie begelei het. U het my sewentien jaar gelede vir die eerste keer in die amp bevestig met 'n preek vanuit die teks: "Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, ..." (Op 3:8; 1953 A.V.). Dit was inderdaad iets van 'n profetiese woord oor my bediening. Ek het nooit kon droom dat ek tot so 'n mate by die kerk se missionêre opdrag betrokke sou raak dat ek onder u leiding hierdie studie sou aanpak nie. U gedeë kennis van die Nuwe Testament en die Nuwe-Testamentiese wetenskap en u skerp insig en onderskeidingsvermoë wat u op so 'n nederige, bewoë manier met my gedeel het, het telkens vir my nuwe perspektiewe laat oopgaan en my met nuwe inspirasie vervul.

Ek spreek ook opregte dank uit teenoor die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek - veral die Jan Lion Cachet Biblioteek by die Teologiese Skool - vir welwillende en flinke diens.

Sonder die hulp van Mnr. Willem Scheepers met die rekenaar, wat spesiaal vir my programme geskryf het om Grieks te kan tik en die bibliografie te sistematiseer, sou ek seker nog 'n jaar vir hierdie studie nodig gehad het.

Baie dankie aan Dr. Dion Kempff vir taalkundige en redaksionele kommentaar. U jarelange ondervinding as redakteur van Die Kerkblad en u wye teologiese kennis en u opregte belangstelling en hulp was vir my van groot hulp.

Die gekombineerde kerkraadsvergadering van die Vereeniging sending-

kombinasie het naas my gewone verlof aan my nog twee maande studieverlof toegestaan vir die afhandeling van hierdie studie. Hartlike dank daarvoor. Die belangstelling en voorbidding van die kerkraad en gemeente van die Gereformeerde Kerk Sharpeville was ook vir my 'n onderskraging.

My huisgesin moes baie van my tyd en aandag ontbeer en vakansies opoffer ter wille van hierdie studie. Dit is besondere genade dat ek hierdie studie kon voortsit ten spyte daarvan dat die afgelope paar jaar van die moeilikste jare in ons lewe tot dusver was. Baie baie dankie aan my eggenote, vir haar inspirasie en baie ure se proefleeswerk en opofferende hulp met die afhandeling van die manuskrip. Dit het my geïnspireer tot volharding.

Die vriendelikheid en gasvryheid van vele medegelowiges toe ek vir 'n periode van drie maande (tydens 'n besonder koue winter) gedurende die week in 'n woonwa in Potchefstroom moes tuisgaan en slegs naweke saam met my gesin kon verkeer, en later weer 'n maand op die kleinhoewe van Oom H.B. van der Walt, het ook baie bygedra tot die afhandeling van hierdie studie.

Bo alles my nederige dank aan God. Hy gee krag en genade en gawes om ons nietige mensewerk te gebruik in die verkondiging van die evangelie en die opbou van sy gemeente totdat die volheid van sy koninkryk kom en Hy alles in almal sal wees.

Vereeniging

Januarie, 1989

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	Verantwoording	1
HOOFSTUK 2	Eksegetiese ondersoek na die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering soos wat dit blyk uit die betekenis van οἰκοδομέω en stamverwante woorde in die Nuwe Testament	17
HOOFSTUK 3	Eksegetiese ondersoek na die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering soos wat dit blyk uit die betekenis van εὐαγγελίζομαι en stamverwante woorde in die Nuwe Testament	63
HOOFSTUK 4	Eksegetiese ondersoek na die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering soos wat dit blyk uit die betekenis van αὐξάνω	84
HOOFSTUK 5	Eksegetiese ondersoek na die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering soos wat dit blyk uit die betekenis van οἱ ἔξω en stamverwante woorde in die Nuwe Testatment	119
HOOFSTUK 6	Eksegetiese ondersoek na die betekenis sekondêr ter saaklike woorde in die Nuwe Testament en die implikasies daarvan vir die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering - Deel 1: Enkele woorde wat met toerusting te doen het	140
HOOFSTUK 7	Eksegetiese ondersoek na die betekenis van sekondêr ter saaklike woorde in die Nuwe Testament en die implikasies daarvan vir die verhouding tussen gemeenteopbou en evagelisering - Deel 2: Enkele woorde wat klaarblyklik met missionêre aktiwiteit te doen het	174

HOOFSTUK 8 Die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering in die verskillende bedieningsgestaltes van die Woord in die gemeente 202

HOOFSTUK 9 Finale konklusies 250

BYLAES

Vir die gerief van die leser is die visuele voorstellings en diagramme van sintaktiese en gedagtestruktuur ontledings telkens op uitvoubladsye in die teks ingevoeg aan die einde van die gedeelte waar dit bespreek is. Dit word vir verdere gerief in die volgorde van behandeling nog 'n keer aan die einde as bylaes ingevoeg.

HOOFSTUK 1

VERANTWOORDING

1. Probleemstelling 2

2. Motivering 4

2.1. Aktualiteit 4

2.1.1. Op internasionale gebied 5

2.1.2. In Suid-Afrika 7

2.2. Nuwe-Testamenties wetenskaplike studies oor die kerk openbaar in hierdie opsig nog 'n braakland 11

3. Metode en voorveronderstellings 12

4. Afbakening 14

5. Omskrywing van sekere terme 16

PROBLEEMSTELLING

Lees 'n mens die Nuwe Testament met die doel om die Godsopenbaring aangaande die groei en bloei van die kerk te bestudeer, dan kom die oplettende leser gou agter dat die eerste gemeente in verskillende opsigte gegroei het. Daar was groei in getalle: die gemeente het geweldig gegroei in lidmaattal (kyk bv. Hd 2:41,47; 4:4; 6:1,7; 8:12; 11:24; 12:24; 13:48; en vele ander). Aan die ander kant het die gelowiges in hulle liefde vir die Here en mekaar gegroei: hulle kennis en insig in die Woord van God, hulle gesindheid en aktiwiteite van ware aanbidding, en hulle diens aan mekaar en getuienis in die wêreld, het toegeneem (kyk bv. Hd 2:43-47; 4:23-37; 6:2-6).

Die Heidelbergse Kategismus onderskei tussen hierdie byeenbrenging van nuwe gelowiges in die gemeente en die bestendiging van die bestaande gemeente deur van ***vermeerdering*** en ***bewaring*** van die kerk (HK. So.48) te praat. Onder die invloed daarvan word in die kerklike omgangstaal onderskei tussen ***groei in getalle*** en ***geestelike groei*** as twee aspekte van groei in die kerk. Die eerste word dikwels ***evangelisering***, ***uitbreiding*** of ***uitbou*** genoem, en onderskei van die tweede wat ***gemeenteopbou*** genoem word (vgl. Venter, 1986:10. Vgl. ook Spoelstra, 1988:5 en 8 wat meen dat gemeenteopbou niks met kwantitatiewe daarstelling van die kerk te doen het nie en met 'n beroep op Calvyn gemeenteopbou beperk tot "opbou van kennis van die Woord waardeur die Heilige Gees vertroue werk".)

Sou 'n mens hierdie gebruik van die begrippe, soos wat dit in die omgangstaal gebruik word - "gemeenteopbou" vir die geestelike groei en verdieping van die gemeente; "evangelisering" vir die getallegroei in die gemeente - voorlopig aanvaar, dan kom die oplettende leser gou agter dat

daar in die vroeë kerk die nouste verband tussen hierdie twee aspekte van groei was. Dus: geestelike groei en getallegroei was ten nouste aan mekaar verbonde. Juis direk na vermelding oor hoe die gemeente toegeneem het in eensgesindheid, onderlinge liefdesbetoning, volharding in die leer en aanbidding, volg daar: "Die Here het elke dag mense wat gered is tot die gemeente toegevoeg" (Hd 2:47).

Handelinge 9:31 beskryf die ideale toestand van die gemeente so: "In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe. Die kerk is deur die Heilige Gees versterk, en die ledetal het toegeneem".

In Handelinge 16:5 staan selfs in een sin: "So is die gemeentes *in die geloof versterk* en die *aantal gelowiges het by die dag groter* geword." (Kursivering deur P.J.B.)

Die aandagtige deurlees van die hele Nuwe Testament laat blyk dat daar so 'n noue verbondenheid tussen "*bewaring*" en "*vermeerdering*" van die kerk was, dat dit haas ondenkbaar is dat die een sou kon plaasvind sonder die ander. Die totale lewenswandel van die gelowiges het blykbaar 'n evangeliserende doelwit (Mt 5:16; Ef 4:17-24; Kol 4:5,6). Die Godwelgevallige huwelikslewe dien tot geloofsopbou van die gemeente (Ef 5:22-32), maar het ook 'n missionêre motief (1 Pt 3:1,2; 1 Kor 7:12-14). Die onderlinge liefdesbetoning moet 'n evangeliserende invloed op die wêreld hê (Jh 13:34,35), maar moet ook tot geloofsversterking van die gelowiges dien (Heb 10:24). Selfs die gemeente se wyse van gesamentlike aanbidding word nie net deur die motief van geloofsopbou (Heb 10:24,25) bepaal nie, maar ook deur evangeliserende doelwitte (1 Kor 14:23-25).

Die vernaamste navorsingsdoelwit van hierdie studie is om vas te stel: ***Wat***

is volgens die Nuwe Testament die verhouding tussen die bewaringstaak en die vermeerderingstaak van die kerk. Daar sal ter bereiking van hierdie doelwit op die volgende vrae antwoorde gesoek word:

1.1. Wat kan afgelei word oor die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering wanneer die semantiese velde van die verskillende Nuwe-Testamentiese woorde (wat oor die algemeen verstaan word as woorde wat slaan op die geestelike opbou van die gemeente en van die woorde wat met die getallegroei van die gemeente te doen het) met mekaar vergelyk word?

1.2. Hoe word die bewaringstaak van die kerk deur die vermeerderingsopdrag beïnvloed en bepaal?

1.3. Andersom: hoe word die vermeerderingstaak deur die bewaringsopdrag beïnvloed en bepaal?

1.4. Tot watter mate is hierdie funksies van die kerk onderling verweef?

1.5. Watter implikasies het hierdie verhouding vir die verskillende aspekte en strukture van die praktiese gemeentelike lewe volgens die gegewens van die Nuwe Testament?

2. MOTIVERING

Geraadpleegde literatuur toon aan dat hierdie studie om verskeie redes besonder aktueel is, sodat daar beslis 'n behoefte aan Nuwe-Testamentiese eksegetiese besinning oor hierdie probleemstelling bestaan.

2.1. AKTUALITEIT

Die vraag word gevra: Waarom groei sommige kerke in Suid-Afrika en Europa so min in lidmaattal deur buitekerklikes wat tot bekering kom en hulle by

die gemeente voeg? Verskeie teoloë en kerklike ampsdraers (Du Toit 1911:22; Snyman 1952;2,3; Van der Walt 1985:345-363; Nel 1986:12; Van Eeden 1986:200 e.v; Dreyer 1986:14-19) meen die antwoord lê hierin: die lidmate van die kerk is te swak toegerus om met entoesiasme en oortuigingskrag van hulle geloof te getuig, bedieningstrukture is te veel na binne gerig en kweek daarom passiewe en onmondige lidmate (Nel, 1987:54).

Ander (bv. Spoelstra, 1988:5) meen weer dat die primêre taak van die kerk daarin geleë is om te bewaar en dat gemeenteopbou niks met getallegroei van die kerk te doen het nie.

Dit laat die vraag na die oppervlak kom: ***Wat is dan volgens die Bybel die regte verhouding tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk?***

2.1.1. AKTUALITEIT OP INTERNASIONALE GEBIED

Verskillende internasionale sending- en evangelisasiekonferensies het reeds oor wêreldsending en -evangelisasie besin. Daar is in die jongste tyd al meer beklemtoon dat gemeenteopbou en evangelisering in die konkrete gemeentelike lewe so intiem van mekaar afhanklik en met mekaar verweef is, dat dit onmoontlik is om die een sonder die ander te bestudeer.

So het verskeie voordragte by die Wêreldevangelisasiekonferensie te Lausanne in 1974 die noodsaaklikheid van 'n geestelik volwasse en warm, liefdevolle en hartlike gemeente vir effektiewe evangelisering beklemtoon (vgl. Douglas, 1975).

Tydens 'n opvolgkonferensie, wat deur die Lausanne Committee for World Evangelization in 1980 te Pattaya in Thailand gereël is, is tot 'n eenparige konklusie gekom: die effektiwiteit van sending en evangelisasie hang juis van die kwaliteit van gemeenteopbou af (vgl. Bouw, 1982:12).

Verskeie studieprojekte van die Wêreldraad van Kerke is ook op die noodsaaklikheid van die integrasie van gemeenteopbou en evangelisering gerig (vgl. Margull, 1965; Kritzinger, 1971; Bosch, 1972).

In 'n onlangse "Mission Bulletin" (R.E.S., 1987:10) van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode toon Bosch aan dat daar wêreldwyd onder teoloë 'n "bewildering variety of interpretations of evangelism" in omgang is; ook dat dit roep tot herdefiniëring van wat "evangelism" behoort te wees. In dieselfde artikel (p. 13) redeneer hy: 'n kerk wat nie werklik self 'n stralende manifestasie van die Christelike geloof is en nie 'n lewenstyl openbaar wat mense aantrek nie en tog evangeliseer, is soos "a lunatic farmer who carries his harvest into his burning barn". Daarom is hy van mening dat iemand (indiwidu of gemeente) wat by outentieke evangelisering betrokke is, self in die proses verander (geestelik opgebou en verryk) word, omdat die evangelis self die grootheid van Christus op 'n nuwe manier leer verstaan.

Sendingwetenskaplike publikasies bestempel hierdie verhouding - tussen die opbou van die totale gemeentelike lewe en die kerk se evangelisering-sroeping - in die praktyk as "key issues in missiology" (Gration 1984). Hulle wys daarop dat die vroegchristelike kerk met elke aspek van die konkrete gemeentelike lewe 'n missionêre gerigtheid gehad het, en die praktiese gemeenteopbou juis om hierdie rede deur 'n missionêre gerigtheid geslyp en bepaal is (Crum, 1984).

Wêreldbekende missioloë in Brittanje en die Verenigde State van Amerika beklemtoon ook in 'n toenemende mate in sendingwetenskaplike publikasies dat die vernaamste struikelblokke in die uitvoering van die kerk se evangeliseringstaak juis in die gebrek aan korrekte gemeenteopbou geleë is (vgl McGavran, 1980; Gibbs, 1981 en Cotterell, 1983).

Carter (1985:92) gee in sy proefskrif die resultaat van navorsing wat in die lig van huidige tendense 'n profiel teken van die kerk in die jaar 2000 n.C. en daarna. Hy lê baie sterk klem op die kerk se ontsaglike roeping om - juis met die oog op kwantitatiewe groei - kwalitatiewe groei en geloofsverdieping by gelowiges teweeg te bring: "The goal of the church should be to become a miniature Bible college with amateur Theologians among adult membership".

Die sogenaamde Apostolaatsteologie het selfs so ver gegaan om die wese van die kerk te beperk tot sy apostolaat (vgl. Hoekendijk, 1964 en Pop, 1967:9 - 19) en van een van die funksies van die kerk sy grondslag te maak (vgl. Brillenburg-Wurth en Wiersenga, 1953:13).

Hierdie verskeidenheid van standpunte oor die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering bewys dat verdere studie hieroor aktueel en noodsaaklik is. Ook dat 'n eksegetiese ondersoek van hierdie onderwerp 'n bydrae kan lewer om meer duidelikheid te bring waar daar op die oomblik op 'n wye front allerlei verwarrende en teenstrydige standpunte heers.

2.1.2. AKTUALITEIT IN SUID-AFRIKA

In Suid-Afrika word ook steeds meer en meer deur Afrikaanse teoloë en kerke besef dat probleme in die uitvoering van die kerk se evangeliseringstaak klaarblyklik met leemtes in die opbou van die gemeente saamhang.

'n Baie sterk uitspraak in hierdie verband is dié van Du Toit (1911:22) wat hy reeds in 1911 oor die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gemaak het. Hy vra die vraag: Tot watter mate is die gemeentelede volwasse en mondige gelowiges wat vrymoedigheid het om die leer van die kerk te verkondig en te verdedig? Sy antwoord is merkwaardig: "De dienaar spreekt de leerrede uit, er wordt gebeden, gezongen, de zegen ontvangen, stil: van de preek

wordt bijna niets goeds of niets kwaads meer gehoord! De preek is een schot in de wijde vlakte, zonder weerklank en zonder aanslag! En de gereformeerde gemeente blijkt ook onmondig te zijn, een ecclesia audiens, een kerk die slechts te luisteren en eeuwig te zwijgen heeft".

Ook W.J. Snyman (1952:2,3) meen reeds in 1952 dat 'n verkeerde manier van gemeenteopbou die amp van die gelowige versmoor het en dat dit die rede is waarom die kerk nie werklik met sy evangeliseringstaak vorder nie. In 'n artikel onder die opskrif: "Evangelisasie en die amp van die gelowiges" skryf hy: "Die Gereformeerde Kerk moet gedurig reformeer. Hier is voortgesette reformasie nodig. Die amp van die gelowige is besig om weg te kwyn. Dit beteken geleidelike verval in kerkisme en klerikalisme. Onder die eerste te verstaan die onderwerping van die hele lewe aan die geïnstitueerde kerk. Onder die tweede die opbreking van die kerk in ampsdraers (met die predikant bo-aan) en die 'leke'".

In 'n artikel onder die opskrif: *Wat is sending? Riglyne en perspektiewe met die oog op die praktyk*, sê Pauw (1987:32) - sendingwetenskaplike van Stellenbosch - "'n Gemeente wat dus nie bewustelik en doelgerig aktief leef na en doelgerig is op die wêreld daarbuite in sy nood en ellende nie, kan nie volwaardig gemeente of kerk wees nie. Daarom dat elke gemeentebouprogram onvolledig en gebrekkig is as dit nie uitloop daarop dat die gemeente opgevoed word om hom doelbewus daarop in te stel om uit te beweeg en in die wêreld betrokke te raak in belang van die Koninkryk nie".

Van Eeden (1986:200) het in 'n statistiese oorsig aangetoon dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende 1985 slegs 0,027 kerklosse mense per gemeente as lidmate van die kerk kon inskakel. Sy konklusie is: "Ten opsigte van die buitekerklike persone behoort die kerk in 'n veel groter mate te slaag as wat tans die geval is. Ook hier is die nodige ondersoek

met die oog op effektiewe werkwyses dringend noodsaaklik".

Kritzinger (1988:2) is van mening dat die onbybelse verhouding tussen die numeriese en die kwalitatiewe groei van die kerk in Afrika daartoe kan lei dat die kerk in Afrika kan sterf. Hy verklaar: "It is sometimes said that the church in Africa is growing itself to death! The structures simply cannot cope. The structural growth lags behind and the provision of adequate leadership isn't keeping pace with the influx of people into the church ... The real result of this is nominality. The difference between the church and the world fades away. Instead of being part of the African solution, the church and the Christians become part of the problem. More and more effort is required to backtrack and try to correct wrong ideas of what it means to be Christians. Instead of the church being a power for the evangelization of the continent, it often is a drainage of energy and manpower". (Onderstreping deur Kritzinger.)

In die Gereformeerde Kerke blyk daar selfs op sinodale vlak spanninge rondom evangelisering en gemeenteopbou te bestaan. Die Nasionale Sinode van 1982 het op grond van 'n hele aantal beskrywingspunte aan die teologiese professore opdrag gegee om die uitbou van Evangelistiek as afsonderlike teologiese dissipline te ondersoek. Tydens die sitting van die Nasionale Sinode van 1985 het dit geblyk dat daar tussen die Kuratorium van die Teologiese Skool te Potchefstroom en die Kuratorium van die Teologiese Skool te Hammanskraal verskil in standpunt oor die bestaansreg van Evangelistiek as afsonderlike teologiese dissipline bestaan - omdat baie aspekte wat daaronder behandel word, volgens die insigte van die Kuratore van die Hammanskraalse Teologiese Skool, net so wel in die dissiplines Missiologie of Pastoraal behandel kan word (Handelinge 1986: 313). Die beredenering van hierdie problematiek hou ten nouste verband met

die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering.

Ook die polemieke en diskussies in *Die Kerkblad* (vgl. Briewekolomme van Jrg. 87, nr. 2691) oor die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering onderstreep die aktualiteit van hierdie studie.

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk word ook probleme ondervind met die feit dat die kerk enersyds baie verswak en andersyds geen getallegroei toon nie (Van Eeden, 1982:13). Bybelkor ('n publikasiemaatskappy van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat aan hulle Algemene Sinode verslag doen) publiseer in die afgelope tyd al meer toerustingsprogramme wat lidmate nie net in hulle persoonlike geloofslewe moet verdiep nie, maar hulle terselfdertyd ook vir praktiese evangelisasiewerk moet toerus. Gedurende 1985 is daar onder andere 300 000 eksemplare van die *Doelgerigte Gemeentebou Kursus* verkoop (Die Kerkbode, Jrg. 138, nr. 6: 3).

Oor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verklaar Dreyer (1986:10): "The figures of this Church have a negative growth rate of 3,5% per year for the the year 1981 and a little less for 1980 and 1979". Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het 'n *Kerklike Instituut vir Toerusting van Ampsdraers en Lidmate* (KITAL) in die lewe geroep om aan kerke materiaal te voorsien om lidmate in hulle geloof op te bou en terselfdertyd evangelisasietoerusting te voorsien - omdat hulle tot die oortuiging gekom het dat die uitvoering van die kerk se evangeliseringstaak ten nouste met gemeenteopbou saamhang.

'n Studie wat Nuwe-Testamentiese gegewens oor die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering ondersoek, is dus ook vir die praktiese

kerklike lewe in Suid-Afrika vandag baie aktueel.

2.2. NUWE-TESTAMENTIES WETENSKAPLIKE STUDIES OPENBAAR IN HIERDIE OPSIG NOG 'n BRAAKLAND

Standaard Nuwe-Testamentiese werke behandel verskillende aspekte van die Godsopenbaring aangaande die kerk deeglik, soos in die werke van Ridderbos (1971:364-403 en 1972:288-336); Ladd (1974:342-358 en 631-549); Geerhardus Vos (1948:385-403); Hunter (1957:34-36, 77-79, 97-98, 115 en 140 ev.); en Cullmann 1962:139-177 en 1967: 255 ev.). Daar word egter weinig of niks na vore gebring wat 'n duidelike begrip gee van die Nuwe-Testamentiese openbaring aangaande die *verhouding* tussen evangelisering en gemeenteopbou nie.

Nuwe-Testamenties wetenskaplike studies (monografieë) oor die kerk - soos die van Michel (1941), Schnackenburg (1967), Minear (1960), Cerfaux (1959), Hans Küng (1976), Kümmel (1943), en Cullmann (1941) - gee uiters min of geen aandag aan die vraag na die verhouding tussen die evangeliseringstaak en die kwalitatiewe opboutaak van die gemeente nie. Selfs wanneer Harrrington in 1982 deur middel van 'n bundel artikels (*The Light Of All Nations; Essays on the Church in New Testament Research*) 'n oorsig en samevatting gee van navoring oor die kerk volgens die Nuwe Testament - soos wat hy dit vir 'n periode van meer as tien jaar as redakteur van *New Testament Abstracts* waargeneem het - bestee hy geen aandag aan die verhouding tussen evangelisering en gemeenteopbou nie (Harrington 1982:11).

Studies oor die missionêre taak van die kerk laat ook min klem op die *verhouding* tussen gemeenteopbou en evangelisering val. Van Swigchem (1955)

gegewens na vore en betoog daarby dat gemeenteopbou volgens die Nuwe Testament 'n missionêre gerigtheid gehad het. Maar sy studie is beperk tot die briewe van Paulus en Petrus, en gee bowendien slegs sydelings aandag aan die *verhouding* tussen gemeenteopbou en evangelisering. Dieselfde geld vir die studie van Green (1970). Hy fokus sy aandag op die evangeliseringsmetodieke van die eerste Christelike gemeentes, maar behandel die vraag na die *verhouding* tussen gemeenteopbou en evangelisering slegs in die verbygaan. Die studie van Noordegraaf (1983) oor die groei van die gemeente volgens Handelinge bring by implikasie baie belangrike materiaal in verband met die verhouding tussen die kwantitatiewe en die kwalitatiewe groei van die gemeente na vore. Tog is die studie tot die boek Handelinge beperk en fokus ook nie pertinent op die *verhouding* tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe groei nie.

Ondersoek van Nuwe-Testamentiese gegewens wat direkte lig op die vraag na hierdie verhouding werp, sou dus 'n bydrae kon lewer om die bestaande leemte te vul.

3. METODE EN VOORVERONDERSTELLINGS

Hierdie studie beoog 'n ondersoek na dit wat die Nuwe Testament oor die vraag na die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering openbaar. Dit is *primêr 'n eksegetiese ondersoek na die betekenis van enkele ter saaklike woorde in die Nuwe Testament.* Die metode sal gevolg word om relevante teksgedeeltes te identifiseer, in hulle kontekste te eksegetiseer, en die implikasies van die betekenis van die ter saaklike woorde in hierdie kontekste aan te toon. Die resultate sal dan gesistematiseer word om tot 'n sintese van die analise te kom. Dit sal

primêr 'n eksegeties-openbaringshistoriese studie wees. Waar die teks dit noodsaak, sal meerdere eksegetiese metodologiese benaderings gebruik word, soos Diskoersanalise, Sintaktiese Struktuurontleding, Nukluêre Struktuurontleding en Gedagtestruktuurontleding. (Vir 'n kort uiteensetting van hierdie vier metodes, vgl. Botha, 1986: 329-368.)

Die studie bestaan uit drie hoofdele:

3.1. 'n Deel wat die betekenis van primêr ter saaklike woorde in die Nuwe Testament ten grondslag aan gemeenteopbou en evangelisering, veral met behulp van woordstudies, sal ondersoek. Waar moontlik sal vanuit die teks en die woorde se betekenisse die implikasies daarvan vir die verhouding tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk aangetoon word.

3.2. 'n Deel wat die betekenis van sekondêr ter saaklike woorde in die Nuwe Testament ten grondslag aan gemeenteopbou en evangelisering, veral met behulp van woordstudies sal ondersoek. Waar moontlik sal vanuit die teks en die woorde se betekenisse die implikasies daarvan vir die verhouding tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk aangetoon word.

3.3. 'n Deel wat in die lig van die basiese beginsels - wat in die eerste twee dele vanuit die implikasies van die betekenis van ter saaklike woorde in die Nuwe Testament afgelei is - perspektiewe gee oor die funksionering van die kerk in die praktyk. Dit sal gedoen word deur die afgeleide beginsels in 'n wyer Nuwe-Testamentiese konteks te plaas, deur - sy dit dan met stippellyne - 'n profiel te teken van hoe die kerk homself kwantitatief en kwalitatief opbou.

3.4. 'n Laaste deel wat samevattende konklusies trek.

Wat hipotetiese uitgangspunte betref, moet daar gewaak word teen 'n onwetenskaplike vooringenomenheid waar die navorser vooraf op bepaalde resultate besluit en sy studie dan in 'n keurslyf gepers word om bepaalde voorafingenome standpunte te bewys. Aan die ander kant het Van Huyssteen (1986) opnuut aangetoon dat elke navorser in die teologie steeds binne 'n raamwerk van paradigmas sy navorsing doen. In hierdie studie word die paradigma van die tradisioneel Reformatorise Skrifbeskouing as uitgangspunt aanvaar. Die uitgesproke voorveronderstelling ten grondslag van hierdie studie is dat die Nuwe Testament normatiewe uitsprake sowel as beskrywende gegewens oor hierdie onderwerp bevat, wat verspreid oor die hele Nuwe Testament voorkom en deur eksegetiese metodes nagevors kan word.

4. AFBAKENING

Die sentrale vraagstuk van hierdie studie bring die ondersoeker in noue aansluiting met verskeie teologiese vakrigtings. 'n Studie wat fokus op die probleemstelling wat in die hooftitel aangesny word, sou ook binne die Sendingwetenskap, Evangelistiek, Kerkreg, Kerkgeskiedenis of (die taamlik resente [oorkoepelende] vakgebied) *Gemeentebou* (Nel, 1987: 1,3; Venter, 1986: 6) aangepak kon word. Daar word veral op die grense van Sendingwetenskap en Evangelistiek beweeg.

Die studie poog egter nie om hedendaagse problematiek in die praktiese bestaan van die kerk in die uitvoering van sy taak breedvoerig te beskryf nie. Die *fokus val uitsluitlik op die betekenis van enkele ter saaklike woorde in die Nuwe Testament en die implikasies daarvan vir die sentrale probleemstelling van hierdie studie.* Daarom ontvang kerkhistoriese gegewens ook nie aandag nie. Die studie beoog wel *om 'n beskeie bydrae te lewer om enkele Nuwe-Tetamentiese boustene vir die teologiese fundering van*

die vakgebiede Sendingwetenskap, Diakoniologie en Evangelistiek vir oorweging aan te bied.

Met 'n probleemstelling soos hierdie - wat in die lig van die Nuwe Testament ondersoek word - staan die navorser voor die keuse òf om 'n enkele dieptesnit van 'n enkele Skrifgedeelte of enkele gedeeltes te maak, òf om 'n oorsig te gee van die verskillende Nuwe-Testamentiese gegewens, wat lig op die probleemstelling werp. In hierdie studie word laasgenoemde benadering gekies, met die volgende motivering:

4.1. Die verskillende boeke van die Nuwe Testament se gegewens oor die onderhawige probleemstelling het in uiteenlopende konkrete situasies vorm aangeneem. 'n Oorsigstudie kan dus 'n vollediger beeld van die Godsopenbaring ten opsigte van die probleemstelling bied.

4.2. Met 'n oorsigstudie kan die "veranderende" en "konstante" gegewens oor die probleemstelling die beste geïdentifiseer word.

4.3. Die verbande tussen die verskillende gedeeltes wat ondersoek word, kom met 'n oorsigstudie beter aan die lig.

4.4. Hierdie studie fokus op die implikasies van die betekenis van ter saaklike woorde in die Nuwe Testament vir die probleemstelling wat aan die orde gestel is. Daarom is dit uit die aard van die saak nie moontlik om slegs 'n enkele dieptesnit van 'n enkele teksgedeeltes te doen nie. Die betekenis van die betrokke woorde word juis binne kontekste ondersoek om so die implikasies daarvan vir die sentrale vraagstuk van hierdie studie na vore te bring.

4.5. Hierdie keuse vir 'n oorsigstudie is gedoen in die volle besef, en na deeglike verantwoording, dat hierdie benadering onvermydelik beteken dat ruimte in die studie ontbreek om detaileksegese en analises van alle aspekte in die finale voorlegging weer te gee. Daarom sal detail slegs weergegee word waar dit absoluut onvermydelik is om dit na te laat vir die volg van die beredenering.

5. OMSKRYWING VAN SEKERE TERME

In hierdie studie word die woorde "kerk" en "gemeente" as sinonieme en daarom as wisselvorms gebruik.

Die woorde "gemeenteopbou" en "evangelisering" word gebruik soos wat dit in die kerklike omgangstaal verstaan word, maar dan word hierdie algemeen kerklike gebruik in die lig van die eksegetiese bevindinge getoets.

Die woord "betekenisnuanse" word soms as 'n meer populêre wisselvorm vir die tegniese term "betekeniskomponent" gebruik.

HOOFSTUK 2

EKSEGETIESE ONDERSOEK NA DIE VERHOUDING TUSSEN GEMEENTEOPBOU EN EVANGELISERING SOOS WAT DIT BLYK UIT DIE BETEKENIS VAN οἰκοδομέω EN STAMVERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

1. Inleidende opmerkings. 19

2. Die gebruik van οἰκοδομέω en stamverwante woorde in die Nuwe Testament. 20

2.1. Motivering vir die keuse van οἰκοδομέω 20

2.2. Semantiese velde van οἰκοδομέω in die Nuwe Testament. 21

2.3. Kontrastering met semanties verwante woorde in die Nuwe Testament. 22

2.4. Implikasies vir die betekenis van van οἰκοδομέω vanuit 'n diakroniese studie van die woord. 23

2.5. Die gebruik van οἰκοδομέω in enkele sleutelgedeeltes van die Nuwe Testament. 25

2.5.1. Inleidende opmerkings. 25

2.5.2. Matteus 7:13-27. 27

2.5.3. Matteus 16:18. 29

2.5.4. Handelinge 9:31. 32

2.5.5. Handelinge 15:16. 35

2.5.6. Handelinge 20:32. 38

2.5.7. Romeine 15:2. 40

2.5.8. Romeine 15:20. 42

2.5.9. Korintiërs 3:1-23. 43

2.5.10. 1 Korintiërs 14:3, 4 en 17. 47

2.5.11. 2 Korintiërs 10:8; 12:19 en 13:10. 49

2.5.12. Efesiërs 2:19-22. 53

2.5.13. Efesiërs 4:11-16. 55

2.5.14. 1 Petrus 2:4-10. 58

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Die tema van hierdie studie, naamlik die *verhouding* tussen gemeenteopbou en evangelisering, lê vir hierdie hoofstuk belangrike grense neer:

1.1. Die studie is beperk tot daardie woorde wat voorkom in 'n konteks waar die teks oor *bewaring* sowel as oor *vermeerdering* van die gemeente handel. (Verdere motivering oor die redes waarom bepaalde woorde gekies word, sal telkens by die behandeling van die betrokke woord gegee word.)

1.2. Die fokus van die woordstudies in hierdie hoofstukke sal in die lig van die tema nie soseer op linguistiese strukturele analise wees nie, maar meer op die konsepsuele konsentreer (Silva, 1983:22-31, 79-81, 105-108).

> Die standpunt van Silva (1983:176) dat 'n konsepsuele benadering tot woordstudie gedoen kan word as *alternatief* vir 'n linguistiese benadering tot woordstudie, stuit egter teen onoorkomelike probleme. Hy is van mening dat die mate waarin 'n woord referensieel van aard is, die wenslikheid bepaal om eerder 'n konsepsuele as 'n linguistiese studie daarvan te maak. Dit stel die navorser egter onmiddellik voor die vraag: Hoe word die referensiële aard van 'n woord bepaal? Botha (1987:2) beklemtoon hierdie probleem wanneer hy stel dat dit sowel taalkundig as teologies nie verantwoord is om die bestudering van die Nuwe Testament rigied in "taalkundige" en "teologiese" fasette te probeer onderverdeel nie. Dit is onmoontlik om te bepaal of 'n woord tegniese of semi-tegniese betekenis het sonder om so 'n woord aan linguistiese studie te onderwerp. Daarom sal hierdie studie wel *op die konsepsuele* betekenis van woorde fokus, maar tog trag om dit *op wetenskaplike linguistiese verantwoording te begrond.* Die basiese stappe wat Silva vir 'n linguistiese benadering tot woordstudie nodig ag, sal derhalwe tog telkens verdiskonteer word. Daar sal egter slegs kursoriese komponensiële analise (Botha,s.j. :114-116) gedoen word.

1.3. Die Nuwe Testament is meer as net nog 'n stuk literatuur. Daarom sou dit nie legitiem wees om slegs sinkroniese betekenisbepaling van woorde wat hier betudeer word, in ag te neem nie. Die aansluiting by, harmoniese voortskryding op, uitbouing vanuit en groei op die bodem van die verlede, veral die Ou Testament, is so fundamenteel, en so bepalend vir die Nuwe-Testamentiese skrywer, dat hierdie aspek van die diakroniese studie van woorde nie verwaarloos mag word nie. Die hoofaandag sal gewy word aan die Septuaginta en die Hebreeuse Ou Testament sonder om die Hellenistiese

en Joods-Hellenistiese agtergrond van woorde uit die oog te verloor.

> In die nuwere ontwikkelinge in die Hermeneutiek, wat vanuit die kommunikasiemodel van G. Maletzke (vgl. Rousseau, 1985:94 en Mouton, 1987:51) riglyne neerlê vir 'n geloofwaardige uitleg van die Nuwe Testament beklemtoon (gelukkig!) weer baie sterk dat die historiese dimensie van die teks, kardinaal is om die dinamiese rol van die sender(s), medium en ontvanger(s) binne hulle unieke leefwêrelde, te verreken (Mouton, 1987:55; Lategan, 1982:51).

1.4. Hierdie studie is gerig op Nuwe-Testamentiese gegewens oor die verhouding tussen evangelisering en gemeenteopbou en nie net daarop gerig om die betekenisse van die woorde te identifiseer nie. James Barr (1978) het in sy publikasie *The Semantics of Biblical Language* ook oortuigend aangetoon dat dit bedenklik is om hele teologiese konstruksies enkel op die betekenis (en soms vermeende betekenis) van bepaalde woorde in die Nuwe Testament te bou. Tussen die *betekenis* en die *implikasie* van die woorde wat hier bestudeer word sal onderskei moet word. Sover as wat dit binne die grense van 'n oorsigstudie moontlik is, ondersoek hierdie studie ook gedeeltes waar die woorde op sigself - los van die konteks waarin dit voorkom - nie die betekenis van *opbou* en *evangelisering* het nie, maar tog binne die konteks waarin dit voorkom, wel met beide opbou en evangelisering te doen het en daarom belangrike lig werp op die sentrale vraag van hierdie studie.

> Van Rensburg (1983:15,16) verduidelik dat 'n woord se werklike betekenis in die lig van die bepaalde konteks waarin dit voorkom (implikasie) soms anders is as wat die woord se betekenis in 'n woordeboek weergegee word. Daarom is sy konklusie: "Vir die doeleindes van eksegese moet betekenis en implikasie duidelik onderskei word. (Vgl. verder ook Viljoen, 1986: 10,11.)

2. οἰκοδομέω EN VERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

2.1. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN οἰκοδομέω

Woordstudie van die woord οἰκοδομέω word om die volgende redes as relevant vir hierdie studie beskou:

2.1.1. Die studie handel oor die verhouding tussen *opbou* en *evangelisering*. Daarom lê dit voor die hand om 'n studie van die woord οἰκοδομέω te maak.

2.1.2. Die woord οἰκοδομέω word deur verkeie navorsers (bv. Roberts, 1963:11-12; Ridderbos, 1971:479 e.v.; id. 1972:301 e.v.) as 'n sleutelwoord vir die verstaan van die bewaring sowel as die vermeerdering van die kerk beskou. Ridderbos (1971:479) meen selfs dat dit wat Paulus in sy briewe oor die praktyk en inrigting van die gemeente sê, die beste saamgevat kan word met die begrip *opbouw*.

2.1.3. Wanneer Jesus die heel eerste keer van die kerk praat (Mt 16:18), en klaarblyklik die mees omvattende sin van die opbou van die gemeente in die oog kom, (vgl. verder pt. 2.5.3.), gebruik Hy die woord οἰκοδομέω.

2.2. SEMANTIESE VELDE VAN οἰκοδομέω IN DIE NUWE TESTAMENT

Vir die semantiese velde van οἰκοδομέω in die Nuwe Testament word hoofsaaklik die nuwe woordeboek van Louw en Nida (1988) - "The Greek New Testament Wordbook for Translators" - as hipotetiese beginpunt geneem. Hierdie woordeboek is die resultaat van die navorsing van woordbetekenisse binne semantiese velde deur wetenskaplikes wat internasionale akademiese erkenning geniet en wat meer as 'n dekade lank daaraan gewerk het. Die hipoteses oor die semantiese velde van woorde wat as algemene stellings op grond van hierdie (en ook enkele ander outoriteite) as vertrekpunt dien, word verder met selfstandige eksegese van sleutelgedeeltes (vgl. 2.5.) getoets en op die sentrale vraag van hierdie studie toegespits.

Hiervolgens word οἰκοδομέω in twee semantiese velde gebruik:

(1) Om 'n sigbare, fisiese konstruksie te bou of op te rig (Mt 7:24 en Heb 3:4; vgl. Louw en Nida, 1988 (1):519 e.v.)

(2) Om in staat of geskik of bekwaam te wees (vgl. Louw en Nida 1988

(1):677, e.v.; Vine, 1952:156; Michel, 1967:138; Roberts, 1963:13.)

Wanneer οἰκοδομέω en verwante woorde in semantiese veld (1) in die Nuwe Testament in 'n figuurlike sin vir die kerk gebruik word, dui dit meestal op die sigbare uitbreiding (getallevermeerdering) van die kerk (Hd 15:16; Ef 2:22).

Wanneer οἰκοδομέω en verwante woorde in semantiese veld (2) in die Nuwe Testament gebruik word vir die kerk of individuele gelowiges, dui dit op die innerlike versterking van individuele gelowiges of op die konsolidering en bestendiging van die kerk as geheel.

2.3. KONTRASTERING MET SEMANTIES VERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

'n Kontrastering van οἰκοδομέω en stamverwante woorde met semanties verwante woorde in semantiese veld (1) in die Nuwe Testament toon duidelik aan dat οἰκοδομέω hoofsaaklik die betekenis van uitbreiding het (vgl. Louw en Nida, 1988 (1):519). Hierdie uitbreiding geskied in die sin dat 'n fisiese gebou uitgebrei word deur die verdere toevoeging van boumateriaal. Wanneer dit egter 'n figuurlike betekenis het soos by Matteus 7:24, dui dit op 'n bepaalde wyse van lewe.

'n Kontrastering van οἰκοδομέω en afgeleide woorde met semanties verwante woorde in semantiese veld (2) in die Nuwe Testament toon weer duidelik aan dat οἰκοδομέω hoofsaaklik die betekenis het van innerlike versterking. Dit hou dus in dat 'n persoon of 'n groep persone (die kerk) beter bekwaam of in staat sal wees om aan bepaalde eise of standaarde te voldoen (vgl. Louw en Nida, 1988 (1):677 en 678).

Hieruit kan afgelei word: wanneer οἰκοδομέω in die Nuwe Testament vir die kerk gebruik word, het dit beide die betekeniskomponente van bewaring en

vermeerdering. Waar *opbou* vermeerdering insluit, kan dit beteken dat evangelisering 'n aspek van die totale opbou van die gemeente is. By die studie van εὐαγγελίζομαι sal hierdie voorlopige gevolgtrekking verder getoets word.

2.4. IMPLIKASIES VIR DIE BETEKENIS VAN οἰκοδομέω VANUIT 'n DIAKRONIESE STUDIE VAN DIE WOORD

Die aard en doel van hierdie studie hou in dat dit onmoontlik is om hier 'n volledige diakroniese studie van die woord οἰκοδομέω te doen. Die doel van hierdie paragraaf is slegs om die gegewens uit die diakroniese studie, wat 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die vraag na die verhouding tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk, na vore te bring.

Die feit dat οἰκοδομέω in die **klassieke Grieks** oor die algemeen beteken het om 'n huis te bou en ook in 'n metaforiese sin gebruik is om standpunte of optrede (ἔργα) te begrond (Liddell & Scott, 1968:1078 en Michel, 1967:137), lei tot die konklusie dat οἰκοδομέω in klassieke Grieks beide die betekeniskomponente van konsolidering en vermeerdering het.

In die **Hebreeuse Ou Testament** kom die woord "bnj" - waarvoor die ekwivalent in die Septuaginta deurgaans οἰκοδομέω is - nie minder as 346 keer voor in die *Qal* en nog 30 keer in die *Nifal* (Hulst, 1971:325). Die woord beteken meestal "bou", "herstel", "weer opbou", "bevestig" en selfs "skep". Die objek kan 'n gebou wees, maar in metaforiese sin kan dit 'n familie, 'n nageslag, koninkryk en ook die volk wees wat gebou of herstel (bv. Am 9:11) word.

Parallelle woorde wat dikwels saam met "bnj" gebruik word, is "kun" ("bevestig", bv. in 2 Sm 2:13 en Ps 89:3 en 5) en "nt'" ("plant", bv. in Jer 1:10; 31:28; 45:4). "Bou" en "plant" word dikwels saam gebruik om die

eskatologiese herstel van die volk, nadat die gerig van God voltrek is en die volk uit die ballingskap weer versamel word, te beskryf (Jer 1:10; Es 28:26; 36:33-36; vgl. ook Hulst, 1971:325). Die organiese groei kom daarmee in die oog. Wanneer Nuwe-Testamentiese skrywers so maklik van die boubeeld na die groeibeeld oorgaan (bv. 1 Kor 3:6-10; Ef 4:11-16) is dit waarskynlik in aansluiting by hierdie parallelle wat in die Ou Testament saam met "bnj" gebruik word.

Hieruit kan afgelei word dat "bnj" in die Hebreeuse Ou Testament beide die betekeniskomponente van *konsolidering* en *vermeerdering* het.

Die **Septuaginta** gebruik οἰκοδομέω ook met beide hierdie betekeniskomponente. God versamel, herstel, bekeer, en bestendig sy volk (Ps 27:5; Ps 89:4; Jes 54:7; Jer 1:10; 24:6; 38:4; 40:7). Uit hierdie gedeeltes is dit duidelik dat οικοδομεω 'n eskatologiese ondertoon het: dit is die daarstelling van die volk van God aan wie die heilstoekoms behoort. Deur hierdie bouproses sal ook heidene by die Jode as Godsvolk geïntegreer word (vgl. Jer 12:16). Hierdie opbou van die eskatologiese Godsvolk impliseer dus beide die versameling en bevestiging of heiliging (toename in integriteit), en dui op groei in die mees omvattende sin van die woord. Israel moet 'n lig vir die nasies wees (Jes 49:6). Juis daarom word die volk na die ballingskap weer opgebou (Jer 24:6). Ter wille van uiterlike groei moet daar innerlike groei wees, maar in die aktiwiteite van uiterlike groei word die innerlik groei gestimuleer.

In die **Rabbynse geskrifte** word "bnj" meestal in 'n figuurlike sin gebruik, byvoorbeeld in die sin dat studente van die Tora bouers is wat groot vrede bring (vgl. Strack & Billerbeck, 1974:876 veral pJoma 3,40c,26). Die feit dat 'n groot aantal Rabbynse geskrifte "bnj" aan God se skeppende aktiwiteit verbind (Strack & Billerbeck, 1974:732-733) en die gedagte

bestaan dat God die wêreld geskep het ter wille van die bestaan en eskatologiese toekoms van sy volk, laat dit duidelik word dat "bnj" ook vir die Rabbyne die betekeniskomponente van bewaring en vermeerdering ingehou het. Innerlike opbou - in die sin van die daarstelling van bestaansekuriteit - geskied ter wille van uiterlike opbou - in die sin van die getallegroei van die volk.

In die **Na-Apostoliese literatuur** het οἰκοδομέω ook die betekeniskomponente van bewaring en vermeerdering. Michel (1967:143) sê in verband met die gebruik van οἰκοδομέω deur die Herder van Hermas: "The church is the tower and the rock, individual Christians are built into the building as stones."

In die brief van Barnabas, aan die ander kant is οἰκοδομέω "... an inward spiritual act related to conversion; ..." Ook by Policarpus en Ignatius het dieselfde nuanses in hulle gebruik van οἰκοδομέω voorgekom (Michel, 1967:144).

GEVOLGTREKKING

2.4.1. 'n Diakroniese studie van οἰκοδομέω toon duidelik aan dat hierdie woord deur baie eeue heen die betekeniskomponente van innerlike opbou (bewaring) sowel as uiterlike opbou (vermeerdering) gehad het. Die woord fokus wel by die Rabbyne en die Apostoliese Vaders ietwat sterker op die betekeniskomponent van innerlike opbou, maar die innerlike opbou is tog daar ter wille van die getalleopbou.

2.5. οἰκοδομέω IN ENKELE SLEUTELGEDEELTES VAN DIE NUWE TESTAMENT

2.5.1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Roberts (1963:34) omskryf die kontoere van die inhoud van die boubeeld in die briewe van Paulus soos volg: "Deur sy heilshistoriese handele is God

besig om sy eskatologiese volk te versamel en met sy heil te begunstig en daarmee ook haar toekoms as sy volk veilig te stel". Op grond hiervan is hy van mening dat die opboubegrip in homself die betekenisnuanses van "kwantitatiewe opbou" sowel as "kwalitatiewe opbou" herberg. "Hierdie twee aspekte - *byeenbrenging* (wat in die N.T. *sending* beteken) en *konsolidering* word deur die boubeeld tot uitdrukking gebring" (kursivering Roberts, 1963:36).

Hierdie onderafdeling sal Roberts se standpunte aan die hand van eksegese van enkele Skrifgedeeltes toets. Dit dui verder die perspektiewe oor die sentrale vraag van hierdie studie in die betrokke gedeeltes aan: Die *verhouding* tussen gemeenteopbou en evangelisering.

Die woord οἰκοδομέω en stamverwante woorde kom sowat veertig keer in die Nuwe Testament voor (Wigram en Winter, 1972:525; Arndt en Gingrich 1974:560; Moulton, 1974:687). Dit is noodsaaklik om 'n keuse van gedeeltes wat bespreek word te maak. Hierdie keuse berus op die volgende oorwegings:

a. Gedeeltes met οἰκοδομέω, en stamverwante woorde, in 'n verband waar εὐαγγελίζομαι eksplisiet ook voorkom.

b. Gedeeltes met οἰκοδομέω, en stamverwante woorde, in 'n verband waar εὐαγγελίζομαι implisiet ook voorkom.

c. Gedeeltes met οἰκοδομέω, en stamverwante, in'n verband waar woorde wat dui op die vermeerdering van die kerk eksplisiet of implisiet voorkom.

d. Die tema van hierdie studie fokus wel meer die aandag op die kollektiewe gemeenskaplike (*gemeentelike*) implikasies van οἰκοδομέω as op die individuele (*gemeentelidlike*). Enkele gedeeltes waar die fokus van οἰκοδομέω meer op implikasies daarvan vir die individu val, sal tog


ook ondersoek word - om belangrike implikasies wat dit vir die sentrale vraag van hierdie studie mag hê, aan die lig te bring.

2.5.2. MATTEUS 7:13-27

Die doel van hierdie paragraaf is nie om die resultate van 'n volledige bestudering van hierdie gedeelte weer te gee nie. Maar dit is om vas te stel of daar iets afgelei kan word oor die verhouding tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk vanuit die gebruik van die woord οἰκοδομέω (of te wel ᾠκοδόμησεν) in vers 24 en 26.

Hierdie gedeelte vorm egter so 'n hegte perikoop dat dit nodig is om 'n gedagtestruktuurontleding van die geheel te doen om die implikasies van die sinkroniese betekenisbepaling van οἰκοδομέω vir die sentrale vraag van hierdie studie te kan aantoon (vgl. asb. uitvoubladsy 30).

Uit hierdie gedagtestruktuurontleding (waarmee ek tot 'n groot mate aansluit by Hwang, 1985:277) vestig ek veral aandag op die antitetiese parallellisme in die eerste paragraaf (vers 13 en 14) wat omgekeer word in die laaste paragraaf (vers 24-27) sodat die twee antitetiese parallellismes in hierdie paragrawe 'n chiastiese struktuur vorm wat die geheel omspan:



Hierdie struktuur impliseer dat die hele gedagte om nie op die rots te bou nie (vss 26 en 27), verband hou met die gedagte om nie deur die nou poort in te gaan nie, terwyl die gedagte om wel op die rots te bou (vss. 24 en 25) verband hou met die gedagte om wel deur die nou poort in te gaan.

Die betekenis van ᾠκοδόμησεν word dus tot 'n mate vanuit ἐισέλθατε διὰ τῆς πύλης verstaan.

Dit is egter ook duidelik dat vers 21-23 die sentrale brandpunt in die gedagtestruktuur van hierdie perikoop vorm (Nicol, 1977:85; Hwang, 1985:285), waar verduidelik word hoe iemand die koninkryk van God ingaan (vgl. die εἰσέλθατε in 13a; εἰσερχόμενοι in 13b; εισελευσεται in 21b), naamlik om die wil van die Vader in die hemel te doen.

Let daarop dat die woord ποιέω nie minder nie as vyf keer in vs. 15-20 voorkom, twee keer in vs. 21-23 en ook twee keer in vs. 24-27. Dit impliseer dat οἰκοδομέω dus ook in die lig van ποιῶν τὸ θέλημα τοῦ πατρός verstaan moet word. Nicol (1977:86) kan op grond hiervan selfs konkludeer: "The context shows, however, that the parable must have only one point, i.e. that the man who obeys Christ's words will not be condemned like the house built on sand".

Uit die gedagtestruktuurontleding van die perikoop is dit dus duidelik dat *bou op die rots* sowel inhou om (a) *in te gaan deur die nou poort* asook om (b) *die wil van die Vader in die hemel te doen*.

Dit is opvallend dat *ingaan deur die nou poort* tog ook dui op die aanvang van hierdie *bou op die rots*, (vgl. die imperatief εἰσέλθατε; Lloyd-Jones, 1981:220) en dus ook as *wortelbekering* verstaan kan word (om 'n ietwat dogmatiese term te gebruik). Die *doen van God se wil* dui weer

meer op 'n voortgaande proses (heiligmaking). Daarom is dit legitiem om af te lei dat οἰκοδομέω nie net te doen het met die voortgaande doen van God se wil (heiligmaking) nie, maar ook wel die aanvanklike begin (bekering) van hierdie proses insluit.

> Verskeie verklaarders is van mening dat dit by πύλη nie uitsluitlik om die *ingang aan die begin van die pad gaan nie, maar dat dit 'n blote beeld is om die eskatologiese karakter van die koninkryk aan te dui (Jeremias, 1968:922; Ridderbos, 1965:153). Dit lyk egter meer aanvaarbaar om die <u>eenheid</u> tussen die begin en die voortgang van die smal weg raak te sien.* Die pad is smal *van begin tot end!* Dit gaan om die *eenheid tussen wortelbekering en daaglikse bekering.* Die punt is dat *bou op die rots albei impliseer.* Dit sal later uit die gebruik van οἰκοδομέω in 1 Petrus 2 blyk dat die outeur ook die bekering (kom na Christus toe as die lewende Steen) as wesentlike deel van die opbouproses in die lewe van die individuele gelowige gesien het.

GEVOLGTREKKING

2.5.2.1. Gemeenteopbou beteken nie net om mense (wat reeds gelowiges is te bring tot 'n verdere doen van die wil van God nie), maar ook om ander (wat nog nie gelowiges is nie) op te roep tot bekering.


2.5.3. **MATTEUS 16:18**

Matteus 16:18 vorm deel van die perikoop 16:17-20 en is as teenpool van die vorige perikoop (16:13-16) baie nou daaraan verwant (Van Aarde, 1982:11; 1983:27). Markus vertel in sy evangelie slegs hoe Petrus vir Jesus as die Christus aandui, maar Matteus voeg in sy evangelie ook die vertelling in van hoe Jesus vir Petrus aandui as die rots waarop Hy sy kerk gaan bou.

Op grond van die volgende eksegetiese oorwegings moet aanvaar word dat οἰκοδομέω hier sowel dui op die toevoeging van nuwe gelowiges tot die gemeente as die bestendiging van die gemeente:

a. Wanneer Petrus aangedui word as die πέτρα waarop die kerk gebou gaan word, is hy die mondstuk van die dissipels, wat namens hulle praat (Van

GEDAGTE STRUKTUURONTLEDING VAN MATTEUS 7:13-27



Beskrywing		Vers		Griekse teks
Vermaning		13a		Εἰσέλθατε διὰ τῆς στενῆς πύλης.
	A		b	ὅτι πλατεῖα (ἐστὶν) ἡ πύλη
O	B		c	καὶ εὐρύχωρος (ἐστὶν) ἡ ὁδὸς ἡ ἀπάγουσα εἰς τὴν ἀπώλειαν
	C		d	καὶ πολλοί εἰσιν οἱ εἰσερχόμενοι δι' αὐτῆς
	A1	14a		τί στενὴ (ἐστὶν) ἡ πύλη
P	B1		b	καὶ τεθλιμμένη (ἐστὶν) ἡ ὁδὸς ἡ ἀπάγουσα εἰς τὴν ζωήν,
	C1		c	καὶ ὀλίγοι εἰσὶν οἱ εὑρίσκοντες αὐτήν
		15a		Προσέχετε ἀπὸ τῶν ψευδοπροφητῶν
			b	οἵτινες ἔρχονται πρὸς ὑμᾶς ἐν ἐνδύμασιν προβάτων,
Q			c	ἔσωθεν δέ εἰσιν λύκοι ἅρπαγες.
		16a		ἀπὸ τῶν καρπῶν αὐτῶν ἐπιγνώσεσθε αὐτούς
			b	μήτι συλλέγουσιν ἀπὸ ἀκανθῶν σταφυλὰς
			c	ἢ (μήτι συλλέγουσιν) ἀπὸ τριβόλων σῦκα;
		17a		οὕτως πᾶν δένδρον ἀγαθὸν καρποὺς καλοὺς ποιεῖ
			b	τὸ δὲ σαπρὸν δένδρον καρποὺς πονηροὺς ποιεῖ.
		18a		οὐ δύναται δένδρον ἀγαθὸν καρποὺς πονηροὺς ποιεῖν,
			b	οὐδὲ (δύναται) δένδρον σαπρὸν καρποὺς καλοὺς ποιεῖν.
		19a		πᾶν δένδρον μὴ ποιοῦν καρπὸν καλὸν ἐκκόπτεται
			b	καὶ (πᾶν δένδρον μὴ ποιοῦν καρπὸν καλὸν) εἰς πῦρ βάλλεται
R		20		ἄρα γε ἀπὸ τῶν καρπῶν αὐτῶν ἐπιγνώσεσθε αὐτούς
	H	21a		Οὐ πᾶς ὁ λέγων μοι, Κύριε κύριε,
	I		b	εἰσελεύσεται εἰς τὴν βασιλείαν τῶν οὐρανῶν,
	H1		c	ἀλλ' ὁ ποιῶν τὸ θέλημα τοῦ πατρός μου τοῦ ἐν τοῖς οὐρανοῖς
Ri		22a		πολλοὶ ἐροῦσίν μοι ἐν ἐκείνῃ τῇ ἡμέρᾳ, Κύριε κύριε,
			b	οὐ τῷ σῷ ὀνόματι ἐπροφητεύσαμεν,
			c	καὶ τῷ σῷ ὀνόματι δαιμόνια ἐξεβάλομεν,
			d	καὶ τῷ σῷ ὀνόματι δυνάμεις πολλὰς ἐποιήσαμεν;
		23a		καὶ τότε ὁμολογήσω αὐτοῖς
			b	ὅτι Οὐδέποτε ἔγνων ὑμᾶς.
			c	ἀποχωρεῖτε ἀπ' ἐμοῦ
Qi			d	οἱ ἐργαζόμενοι τὴν ἀνομίαν.
	a	24a		πᾶς οὖν ὅστις ἀκούει μου τοὺς λόγους τούτους
	b		b	καὶ ποιεῖ αὐτούς
	c		c	ὁμοιωθήσεται ἀνδρὶ φρονίμῳ,
	d		d	ὅστις ᾠκοδόμησεν αὐτοῦ τὴν οἰκίαν ἐπὶ τὴν πέτραν,
	e	25a		καὶ κατέβη ἡ βροχὴ
	f		b	καὶ ἦλθον οἱ ποταμοὶ
	g		c	καὶ ἔπνευσαν οἱ ἄνεμοι
	h		d	καὶ προσέπεσαν τῇ οἰκίᾳ ἐκείνῃ,
Pi	i		e	καὶ οὐκ ἔπεσεν,
	j		f	τεθεμελίωτο γὰρ ἐπὶ τὴν πέτραν
	ai	26a		καὶ πᾶς ὁ ἀκούων μου τοὺς λόγους τούτους
	bi		b	καὶ μὴ ποιῶν αὐτούς
	ci		c	ὁμοιωθήσεται ἀνδρὶ μωρῷ,
	di		d	ὅστις ᾠκοδόμησεν αὐτοῦ τὴν οἰκίαν ἐπὶ τὴν ἄμμον
	ei	27a		καὶ κατέβη ἡ βροχὴ
	fi		b	καὶ ἦλθον οἱ ποταμοὶ
	gi		c	καὶ ἔπνευσαν οἱ ἄνεμοι
	hi		d	καὶ προσέκοψαν τῇ οἰκίᾳ ἐκείνῃ,
Pi	ii		e	καὶ ἔπεσεν,
Oi	ji		f	καὶ ἦν ἡ πτῶσις αὐτῆς μεγάλη.

Aarde, 1983:27 en Van Bruggen, 1984:55) en ook namens almal wat na hom dieselfde geloof in Jesus as die Christus sal bely. Verskeie verklaarders (Ridderbos, 1970:10; Calvyn, 1971:6; Tasker, 1969:158; maar ietwat anders Trilling, 1964:160 wat tog aan die persoon van Petrus 'n sekere voorrang wil verleen) wys daarop dat Petrus hierdie aanwysing as die rots waarop die gemeente gebou gaan word nie kragtens sy karaktereienskappe ontvang nie. Van Bruggen (1984:56) het aangetoon dat die naam Πέτρος eers na die opstanding van Jesus die algemene noemnaam van Simon geword het. Die aanwysing: σὺ εἶ Πέτρος is 'n eggo op Simon se woorde Σὺ εἶ ὁ Χριστὸς (vgl. ook Van Aarde, 1983:28). "Zoals het in Simons belijdenis ging om een kwaliteit van Jesus, zo gaat het ook in de reactie daarop om een kwaliteit van Simon" (Van Bruggen, 1984:55). So het Jesus hier 'n bepaalde kwalifikasie aan die belydende Simon gegee wat ook uitgebrei kan word tot die medebelyers van daardie oomblik. "Rotsstenen zijn al de discipelen die met Simon Barjona belijden" (Van Bruggen, 1984:56).

Dit beteken dat Jesus hier reeds die bymekaarmaak van die gelowiges van die toekoms in die gedagte roep wanneer Hy sê dat Hý sy gemeente sal bou. "Auf den Felsen der missionierende Gemeinde wird der Herr Christus seine Gemeinde bauen..." (Bieder, 1965?:29).

b. Uit 'n sintaktiese ontleding is dit duidelik dat ἐκκλησία die behandelde van οἰκοδομήσω is. Kragtens hierdie sintagmatiese verbintenis het εκκλησια semanties bepalende invloed op die betekenisnuanse van οικοδομεω in hierdie vers. Die ἐκκλησία as versameling van gelowiges moet byeengebring word. Michel (1967:139) toon oortuigend aan dat οἰκοδομέω die beloftes van Amos 9:11 en Jeremia 12:15 in die gedagtes na vore roep en daarom dui op God se eskatologiese heropbou van sy ware Godsvolk. "The to-

tality grows and is built up with a spiritual and eschatological reference" (Michel, 1967:139).

So gesien het οἰκοδομέω hier enersyds die betekenis van nuwe gelowiges toevoeg tot die ἐκκλησία (d.w.s. vermeerdering). Andersyds is die gevolg van οἰκοδομέω (die καὶ van καὶ πύλαι is hier 'n neweskikkende konkluderende voegwoord, Van Rensburg 1984:8), dat die ἐκκλησία nie deur die magte van die doderyk oorweldig sal word nie. Dit impliseer dat οἰκοδομέω hier tog ook die betekenisnuanse inhou van "beveilig" of "bekwaam maak", "instandhou" of "bewaar".

GEVOLGTREKKINGS

2.5.3.1. Dit is uit eksegetiese oorwegings duidelik dat οἰκοδομέω in Matteus 16:18 sowel die betekenisnuanses van vermeerdering as bewaring inhou. Eers wanneer die gemeente intern sowel as ekstern groei, sal die poorte van die hel dit nie oorweldig nie en die groot doel van Christus se koms na hierdie wêreld ten volle verwesenlik word.

2.5.4. **HANDELINGE 9:31**

Handelinge 9:31 is 'n groter gedagte-eenheid binne die perikoop 9:26-31. Dit is 'n oorgangsvers in Lukas se vertelling van die verhaal van die groei van die kerk. Dit vorm die slot van die gedeelte wat met 6:1 begin het, wat tot dusver gehandel het oor die groei van die kerk onder die Jode en lei die volgende periode in wat die begin van die sending onder die heidene beskryf (Marshall, 1980:52 en 176; Bruce, 1970:208; Noordegraaf, 1983:78; Anders as ander kommentare beskou Grosheide, 1962:151 en De Boor, 1970:188 vs. 31 as die begin van die volgende perikoop).

Die manier waarop die betekenis van οἰκοδομέω in hierdie vers verstaan word, hang af van die manier waarop die sintaktiese struktuur daarvan opgevat word:

Noordegraaf (1983:78) lees die teks sintakties so dat albei die participia οἰκοδομουμένη καὶ πορευομένη bepalings is by εἶχεν. Venter (1986:10) maak vanuit hierdie sintaktiese ontleding van Noordegraaf (1983:78) die gevolgtrekking dat οἰκοδομέω in Hd 9:31 slegs "handel oor die versorging van die mense wat reeds aan die kerk behoort, en is dus intern op die lewe van die gemeentes gerig." Dit val egter te betwyfel of daar reeds so vroeg so 'n afgebakende tegniese betekenis aan οἰκοδομέω geheg is.

Die sintagmatiese verbinding tussen ἐπληθύνετο en οἰκοδομουμένη kan egter ook so gelees word dat dit inhou dat ἐπληθύνετο semanties bepalend is vir die betekenis van οἰκοδομέω in hierdie teks. Dan is die implikasie dat die gemeente juis vermeerder word terwyl dit opgebou word.)

Alhoewel dit stilisties nie goeie Grieks sou wees nie, sou die sintaktiese struktuur van die teks ook so voorgestel kon word (blaai asb. na uitvoubladsy: 36)

So gelees kan die καὶ van καὶ πορευομένη as 'n epeksegetiese voegwoord opgeneem word. Dit impliseer dat die vrede wat die gemeente ervaar terwyl dit opgebou is (οἰκοδομουμένη is as praes. partc. 'n bepaling by εἶχην) juis daarin sigbaar geword het dat dit vermeerder het terwyl dit gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees. So gelees het (ἐπληθύνετο semantiese invloed op die betekenis van οἰκοδομουμένη en het οἰκοδομέω dus ook hier die dinamiese betekenis van bewaring sowel as vermeerdering.

Dit is moeilik om op bloot taalkundige gronde tussen hierdie moontlikhede

te kies. Die skrywer kon moontlik homself doelbewus ietwat dubbelsinnig uitgedruk het. (Alhoewel Calvyn, 1970:358 volgens sy vertaling die sin sintakties anders lees, kom hy op 'n opvallende manier ook tot die konklusie dat οἰκοδομέω hier beteken dat die wat vroëer ver was hulle nou ook by die kerk gevoeg het en ook dat die lidmate van die kerk self, toegeneem het in godsaligheid en ander deugde; vgl. ook Van Swigchem, 1955:108)

Dit is opvallend hoe prominent die wandel in die vrees van die Here en in die vertroosting van die Heilige Gees hier vermeld word. Dit impliseer dat 'n wandel (καὶ πορευομένη) in die vrees van die Here en in die vertroosting van die Heilige Gees saaklik 'n voorwaarde is vir sowel die ervaar van Goddelike vrede (εἶχην εἰρήνην) en opbou as vir die vermeerdering in getalle (Schmitz,1967:795). Clemens (vgl. 1 Clem 2:2-8; 3:4; 15:1; 19:1; 22:1-5) se skildering van die vredestoestand in die gemeente wat juis gepaard gaan met 'n wandel in die vrees van die Here, het waarskynlik sterk by Lukas se gebruik hiervan in Handelinge aangesluit (vgl. ook Noordegraaf 1983:87). Verder word juis die gemeente se vermeerdering in getalle en sy missionêre ywer, soos hier in Handelinge 9:31 ook meermale in die Nuwe Testament in verband gebring met die vrees van die Here (vgl. Hd 2:43-47; Hd 5:5, 11 en 14; 19:17; 2 Kor 5:11, 14 en 20). Daaruit kan afgelei word dat die missionêre krag van die gemeente 'n vrug is van sy wandel in die vrees van die Here. Andersom is die implikasie dat 'n gemeente sonder missionêre krag waarskynlik ook nie andersins wandel in die vrees van die Here nie.

Omdat vrede hier beteken dat daar in die gemeente *eendrag en harmonie*, in teenstelling tot twis en rebellie was, word saaklik geïmpliseer dat eenheid en eendrag in die gemeente 'n vrug is van 'n wandel in die vrees van die

Here en die vertroosting van die Heilige Gees en 'n voorwaarde vir getallevermeerdering.

GEVOLGTREKKINGS

2.5.4.1. In Handelinge 9:31 omvat οἰκοδομέω die betekenisnuanses van sowel die bewaring as die vermeerdering van die kerk.

2.5.4.2. Voorwaarde vir die gemeente se innerlike geestelike sowel as getallegroei, is die handhawing van vrede in die sin van eenheid en eendrag in die gemeente.

2.5.4.3. Sowel die innerlike geestelike as getalle-opbou van die gemeente gaan gepaard met 'n wandel in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees.


2.5.4.4. Die missionêre krag van die gemeente is 'n uiting van sy wandel in die vrees van die Here.

2.5.5. **HANDELINGE 15:16**

Die verband waarin hierdie vers voorkom, handel oor die bewaring van die kerk teen die moontlikheid van verskeurdheid. Daar het naamlik in die gemeente in Antiogië geskilpunte ontstaan oor die noodsaaklikheid van besnydenis vir Christene uit 'n nie-Joodse agtergrond (vgl. 15:1,2). Om hierdie geskilpunte uit die weg te ruim, het Paulus en Barnabas met 'n hele afvaardiging na Jerusalem gereis om dáár die saak met die apostels en ouderlinge te bespreek (vgl. 15:3-12).

Jakobus herinner dan die vergadering aan die groot sendingbeloftes van Amos 9:11-12. Daarby gebruik hy die woord ἀνοικοδομέω ter aanduiding van die eskatologiese heropbou van die volk van God. Dit moes daartoe lei (vgl. die

(TWEEDE MOONTLIKE) SINTAKTIESE STRUKTUURANALISE VAN HANDELINGE 9:31



ὅπως ἄν met die daaropvolgende aor. konj. van ἐκζητέω in vs 17) dat die res ook die Here sal soek - naamlik (die καὶ van καὶ πάντα τὰ ἔθνη is duidelik 'n epeksegetiese καὶ) al die heidene oor wie die naam van God uitgeroep is. De Boor (1970:276) meen daarom dat die sending onder die heidene die "Vervollständigung" is van die heropbou van die vervalle hut van Dawid. Opbou (ἀνοικοδομέω) het dus hier duidelik 'n missionêre doelwit.

Die bepaalde gebruik van ἀνοικοδομέω hou in dat beide die betekeniskomponente van "vermeerdering" en "bestendiging" hier geïmpliseer word. Immers, die vervalle huis van Dawid word versamel en gekonsolideer. Die verstrooide lede van die volk word bygevoeg en dan heg verbind. "The ἀνοικοδομεῖν obviously denotes the eschatological restoration of the people of Israel.... The reference is to a fellowship. The totality is being built up with a spiritual and eschatological reference" (Michel, 1967:139; vgl. ook Van Swigchem, 1955:108).

Dit is merkwaardig dat juis die herinnering aan die missionêre doel van die opbou van die volk van God die gelowiges bewaar van skeuring en tweespalt. Jakobus het die vergadering op hierdie plegtige wyse herinner dat God juis sy volk opbou met die doel om die geroepenes uit die heidendom te kan bereik. Daarop volg eensgesindheid en hulle neem onder die leiding van die Heilige Gees 'n besluit (vs. 28) wat vir die gelowiges 'n "bemoedigende boodskap" (ἐπὶ τῇ παρακλήσει vs. 31) was. Dus: insig in God se missionêre doel met sy kerk, het 'n konsoliderende uitwerking op gelowiges wat eers in heftige meningsverskille, (vgl. στάσεως καὶ ζητήσεως οὐκ ὀλίγης van vs. 2.) betrokke was (vgl. ook nog Coetzee, 1965:277 wat melding maak van "... op breër kerklike vlak 'n stryd").

GEVOLGTREKKINGS

2.5.5.1. Dit is uit eksegetiese oorwegings duidelik dat ἀνοικοδομέω in Handelinge 15:16 beide die betekeniskomponente van vermeerdering en bewaring inhou.

2.5.5.2. Volgens Handelinge 15:16 en 17 het God 'n missionêre doel met die opbou van sy kerk.

2.5.5.3. Die hele verband van Handelinge 15 toon duidelik aan dat insig in God se missionêre doelwit met die opbou van sy kerk, 'n konsoliderende invloed op gelowiges het en die eenheidsbelewing te midde van konflikte versterk.

2.5.6. **HANDELINGE 20:32**

Hierdie teksgedeelte gebruik die woord οἰκοδομέω in 'n konteks waar evangelisering in sy Nuwe-Testamentiese betekenis by implikasie ook voorkom.

Die groter verband waarin hierdie vers voorkom is Paulus se toespraak voor die ouderlinge van Efese te Milete (vgl. vs. 17). In vers 24 verklaar hy dat dit sy lewenstaak is om die evangelie van God se genade (διαμαρτύρασθαι τὸ εὐαγγέλιον τῆς χάριτος τοῦ Θεοῦ) te verkondig. Uit verskeie ander gegewens weet ons dat Paulus hierdie selfde lewenstaak van hom ook met die woord εὐαγγελίζομαι beskryf (vgl. Rm 15:20; 2 Kor 6:1; 10:14 en 16; Gl 1:15; vgl. ook Marshall, 1980:332). Die klem val hier in Handelinge 20:24 primêr op die aksie (daarom noem Paulus dit ook sy "dienswerk", διακονια, wat hy van God ontvang het) en daarom word εὐαγγελίζομαι as die werkwoord wat van εὐαγγέλιον afgelei is, hier geimpliseer (De Boor, 1970:373).

van God se genade is wat die gelowiges sal opbou (ὁ λόγος τῆς χάριτος αὐτοῦ is hier net 'n ander manier om te praat van τὸ εὐαγγέλιον τῆς χάριτος τοῦ Θεοῦ van vs. 24. Marshall, 1980:335, sê: "... placed under the word of his grace, i.e. the gospel of grace [verse 24]"). Opbou kan hier sonder spanning verstaan word as innerlike geestelike, sowel as die getalle-opbou: hulle sal naamlik deur die verkondiging van die evangelie verder geslyp en geheilig word om aan die einde saam met al die ander heiliges waardige ergename van God se genade te wees. So verstaan Marshall (1980:335) die τῷ δυναμένῳ οἰκοδομῆσαι καὶ δοῦναι τὴν κληρονομίαν ἐν τοῖς ἡγιασμένοις πᾶσιν in hierdie vers. Hou in gedagte dat sowel Paulus (vgl. Rm 15:20 e.v. [pt. 2.5.8.]; 1 Kor 14:3, 4, en 17 [pt. 2.1.5.10.]; Ef 2:19-22 [pt. 2.5.12.]) as Lukas (vgl. Hd 9:31 [pt. 2.5.4.]; Hd 15:16 [pt 2.5.5.]) meermale met die gebruik van οἰκοδομεῖν ook die uitbreiding van die kerk in gedagte het. Dan kan hierdie woorde ook so verstaan word dat Paulus sê "deur die verkondiging van die evangelie van God se genade sal die getalle van julle gemeente sy volheid bereik en julle saam met al die heiliges erfgename van God se seëninge wees".

Dit is in elk geval duidelik: die verkondiging van die evangelie van genade is die middel waardeur die gemeente van Efese se opbou sal voortgaan.

GEVOLGTREKKINGS

2.5.6.1. Die middel waarmee God sy gemeente opbou - sowel innerlik geestelik as getalle-uitbreiding - is die verkondiging van die evangelie.

2.5.6.2. Die woord οἰκοδομέω omvat by implikasie ook hier sowel die bewaring as die vermeerdering van die kerk.

2.5.7. ROMEINE 15:2

Hierdie vers vorm deel van Romeine 15:1-13. Die perikoop het as kerninhoud dat die gemeentelede se doen en late gekenmerk moet word deur selfverloëning volgens die voorbeeld van Christus (vgl. Coetzee, 1980:67 en Venter, 1985:174). Diegene wat sterker is, word beveel om die swakkeres se swakhede te dra. Die doel van die bevel (vgl. imperatief ἀρεσκέτω) is dat dit wat vir die naaste goed is, gesoek moet word sodat die gemeente opgebou (πρὸς οἰκοδομήν) kan word (Venter, 1985:181; Ridderbos, 1959:320; Jager, s.j. (b):279).

Wat egter opvallend is, is dat die bevel om die naaste te behaag en mekaar te aanvaar, gegrond word op Christus se voorbeeld wat bereid was om ons smaad te dra (vs.3) en ons aangeneem het (vs. 7).

Dit is in hierdie verband belangrik om die parallelle gedagteopbou van 15:1-6 en 15:7-13 ten opsigte van die paranese raak te sien. Dit geld vir inhoud, grond, motivering vir grond en gebed (vgl. Venter, 1985:177):

A.	15:1-6		B	15:7-13	
a	inhoud van paranese	(1a-2c)	a	inhoud van paranese	(7a)
b	grond	(3a)	b	grond	(7b-c)
c	motivering vir grond	(3b-4c)	c	motivering vir grond	(8b-12d)
d	gebed	(5a-6a)	d	gebed	(13a-c)

Wanneer die grond vir die paranese in verse 8b-12d gemotiveer word, kom die missionêre doel sterk in die oog. Venter (1985:191) het duidelik aangetoon dat daar in verse 9-12 'n verbredingspatroon in die fundering van die paranese is wat eintlik sê: God het sover gegaan om Christus 'n dienaar te maak van sy volk ***en*** vir die heidene. As God tot sulke uiterstes gaan, hoeveel meer rede is dit nie vir julle (sterkes en swakkes) om mekaar te aanvaar nie?

In die lig van die parallelle gedagteopbou (vgl. ook Louw, 1979,I:37 en II, 13:4-7) is dit legitiem om af te lei dat die opboumotief as grond vir die paranese in vs. 3a, ook saam met die doksologiese motief (εἰς δόξαν) as grond in vs. 7 deur die heilshistories missionêre gesigspunt van 8-12 gemotiveer word. Deur die paranese hier in so 'n omvattend openbaringshistoriese konteks te plaas (Ridderbos, 1959:325), sê Paulus duidelik: Wanneer julle mekaar aanvaar en die gemeente sodoende opgebou word, sal die groot profesieë van die Ou Testament - dat die heidene saam met Israel die Here sal loof - in vervulling gaan, en so sal God verheerlik word. Daaruit kan afgelei word dat Paulus οἰκοδομέω hier in die volle betekenisspektrum van die woord gebruik. Die fokus val wel op die betekenisnuanse van konsolidering, maar die betekeniskomponent van uitbreiding is tog nie buite sy gesigsveld nie.

Hierdie afleiding word verder gemotiveer deur die feit dat Paulus in die volgende perikoop (vs. 14-21) spontaan oor sy sendingwerk praat (vgl. veral vs. 16 e.v.). Roberts (1963:41) is daarom reg as hy beweer: "Dit is duidelik dat die sendingaspek ook hier aan die opbou nie vreemd is nie".

Opbou word hier dus wel gebruik in die konteks van 'n paranese wat die beoefening van liefdeseenheid in die gemeente ten doel het, maar tog word die missionêre visie as 'n motivering vir die opbou ingevoer. Dit hou in dat Paulus implisiet vir die Romeine sê: "Onthou, as julle nie mekaar opbou, deur mekaar te aanvaar en mekaar se swakhede te dra nie, staan julle buite God se groot missionêre werksaamheid in die wêreld". Deur die Romeine op hierdie manier te herinner aan die missionêre implikasies van die onderlinge liefde in die gemeente, spreek Paulus vir Jesus na - Hy het immers die dissipels daarop gewys het dat die wêreld sal weet dat hulle sy dissipels is wanneer hulle liefde onder mekaar het (Jh 13:34-35).

2.5.7.1. Die opbou van die gemeente het 'n missionêre doelwit.

2.5.7.2. Opbou verg van die gelowiges selfverloënende liefde teenoor mekaar, om juis ook so by God se groot heilshistoriese en missionêre plan ingeskakel te wees.

2.5.7.3. Wanneer die gelowiges in selfverloënende liefde mekaar opbou omdat hulle God se groot missionêre doel steeds in gedagte hou, word heidene tot God se volk toegevoeg en Hy verheerlik.

2.5.8. ROMEINE 15:20

Hierdie gedeelte is die enigste plek in die Nuwe Testament waar οἰκοδομέω en εὐαγγελίζομαι albei eksplisiet in een vers voorkom. Daarom is dit van groot belang vir die vraagstelling van hierdie studie.

Dit is reeds aangetoon dat hierdie perikoop (vs. 14-21) handel oor Paulus se sendingwerk (vgl. bo 2.1.5.7. ; asook Cranfield, 1981:749; Ridderbos, 1959:328 en Jager, 19?: 284). Oppervlakkig beskou lyk dit asof Paulus sê: "Ek konsentreer op evangelisering van ongelowiges en hou my nie op met opbou nie." (So verklaar Nygren [1952:454]: "The mission committed to Paul is limited essentially to the laying of the foundation".) Indien dit die bedoeling van Paulus se woorde sou wees, hou dit in dat opbou en evangelisering hier teenoor mekaar gestel word. Dan sou εὐαγγελίζομαι beteken om die fondamente te lê en staan teenoor οἰκοδομέω, wat dan die verdere konsolidering van 'n gemeente sou wees.

Deeglike aandag aan die sintaktiese struktuur laat egter presies die teenoorgestelde duidelik word. (Blaai. asb. na uitvoubladsy 44)

Hieruit blyk dit dat οἰκοδομῶ nie teenoor εὐαγγελίζομαι staan nie, maar dat οικοδομω voortvloei (en byna sinoniem is met) εὐαγγελίζομαι. Die teenstelling lê nie tussen die aard van werksaamhede nie, maar in die plek of terrein van arbeid, asook tussen die aanvang en die voortsetting van dieselfde werksaamheid. (Dieselfde teenstelling word ook in 1 Kor 3 gemaak. Vgl. daarvoor die bespreking by 2.1.5.7.) Paulus sê dat hy evangeliseer (waar Christus nie reeds geken word nie), sodat hy nie op die fondament van 'n ander bou nie. Vir hom is evangeliseer dus ook bouwerk. Sy bouwerk is egter deurgaans op plekke waar mense Christus nog nie ken nie. Hy het wel hier ook die intensiewe opbou in gedagte, maar tog is die fokus van sy gedagtegang juis die uitbreiding van die kerk van Christus na gebiede waar dit nog nie bestaan nie. Juis daarom het Paulus met die gebruik van οἰκοδομέω in Rom.15:20 veral die getalle-uitbreiding in gedagte.

GEVOLGTREKKINGS


2.5.8.1. Paulus beskou dus evangelisering as deel van die opbou van die gemeente.

2.5.8.2. In Romeine 15:20 het Paulus met die gebruik van οἰκοδομέω veral die getalle-uitbreiding van die universele kerk in gedagte.

2.5.9. 1 KORINTIËRS 3:1-23

Paulus wil in hierdie hoofstuk groepvorming deur die aanhang van menslike leiers (Coetzee, 1980:46) bestry . Daarom beklemtoon hy dat die gemeente nie aan mense behoort nie, maar aan Christus, wat die fondament van die kerk is. Die kerk is God se gebou, wat Christus bou deurdat Hy die gelowiges deur sy Gees medewerkers van God maak (vgl. 3:9).

SINTAKIESE STRUKTUURANALISE VAN ROMEINE 15:20



Die vraag van belang vir hierdie studie is: Wat is die betekenisnuanses van ἐποικοδομέω in verse 10, 12 en 14 in die lig van die konteks van die hoofstuk?

Sommige verklarings (Grosheide, 1957:103) verstaan ἐποικοδομεῖ in vs. 10 so dat dit as 'n antoniem van fondamentlegging (θεμέλιον ἔθηκα) beskou moet word. Paulus het dan deur sy aanvanklike verkondiging in die sendingwerk stigtingswerk gedoen. Die voortgang van die werk - wat dan veral konsolidering behels - word deur ander (ἄλλος δὲ) gedoen, en dit is opbou (ἐποικοδομεῖ). Hiervolgens is daar 'n teenstelling tussen "zendingsprediking tot stichting en de prediking tot opbouw der gemeente" (Grosheide, 1957:103). Die implikasie is dan dat opbou iets anders as sending is.

Hierdie verklaring en die gevolglike beperking van die betekenis van opbou tot die betekeniskomponent van konsolidering, stuit teen verskeie probleme:

a. Die beperking van opbou tot "prediking tot opbouw der gemeente" (Grosheide, 1957:104) verloor uit die oog dat dit in die opbou hier kennelik nie maar net gaan om die werk van die predikers of voorgangers nie. Paulus se algemene manier van praat (ἕκαστος in vers 10, εἰ δέ τις in vers 12, ἑκάστου το εργον in vers 13 en εἴ τινος τὸ ἔργον in vers 15) dui op die werk van elke gelowige en het die gemeente as geheel in die oog (Versteeg, 1972:125).

b. Paulus gebruik nie θεμέλιον θεινα as 'n tegniese term vir sy sendingwerk en ἐποικοδομέω daarteenoor vir die konsolidering van die deur sendingwerk gestigte gemeente nie. Daar word in vers 5 van Paulus

sowel as Apollos gesê dat hulle διάκονοι δι' ὧν ἐπιστεύσατε is. Apollos behoort dus ook tot die kategorie ἄλλος δὲ ἐποικοδομει van vers 10. Hy is iemand wat deel in die opbouwerk wat op Paulus se grondliggende werk gevolg het en tog het sommige van die gemeentelede deur sy werk tot geloof gekom (vgl. ook Roberts, 1963:36). Apollos se arbeid is hier dan juis 'n voorbeeld dat mense tot geloof kom as vrug van opbouwerk. Opbouwerk - in die geval van Apollos - sluit dus die voortgaande verkondiging van die evangelie aan ongelowiges in. Roberts (a.w. 36) het dus goeie grond om tot die konklusie te kom dat "... die ἐποικοδομέω van Apollos (en ander) tot inhoud 'n missionêre aspek gehad het".

c. Die teenstelling lê dus nie soseer tussen die *aard en inhoud* van Paulus se werk teenoor die *aard en inhoud* van die opvolgende bouers se werk nie, maar wel tussen die *aanvang* en die *voortsetting* van dieselfde werk. Daarom sê Paulus juis in vers 8 dat die werk van plant en natmaak eintlik ten diepste een en dieselfde werk (ἕν εἰσιν) is.

d. Die fondament (θεμέλιον) is nie 'n bepaalde leer oor Christus nie, maar die Persoon van die gekruisigde en opgestane Christus self. Dit wat daarop gebou word, is daarom ook "nicht eine gute oder slechte Theologie, sondern eine Fülle von Personen, durch deren Zugliederung die Gemeinde wächst" (De Boor, 1968:73). Die gemeente word verder opgebou deur die toevoeging van lewende stene. Juis daarom beklemtoon Paulus so sterk in vers 9 dat die *gelowiges die gebou* van God (θεου οἰκοδομή ἐστε) en in vers 16 *die tempel van die God* is (ναὸς θεοῦ ἐστε).

2.5.9.1. Voortgaande opbouwerk in die gemeente bestaan onder andere daarin dat steeds meer mense in 'n lewende verhouding met die gekruisigde en opgestane Christus leef.

2.5.9.2. Voortgaande opbouwerk sluit missionêre arbeid in.

2.5.9.3. Insig in die feit dat God self die bouer van sy kerk is, en dat die gelowiges almal maar net instrumente van God is in hierdie groot voortgaande eskatologiese bouwerk deur God - waardeur Hy sy kerk opbou - bring vrede in 'n gemeente waar daar twis en tweedrag dreig omdat daar partyvorming agter bepaalde menslike leiers aan, gekom het.

2.5.10. DIE GEBRUIK VAN οἰκοδομὴ IN 1 KORINTIËRS 14:3, 4 en 17

Die konteks waarbinne hierdie verse voorkom, is die perikoop 14:1-25 wat in drie groter gedagte-eenhede ingedeel kan word. Verse 1-12 handel oor die teenstelling: spreek in tale teenoor profesie (vgl. die parallellisme in verse 2 en 3, asook in 4a en 4b; ook die feit dat λαλέω, γλῶσσα en προφητεύω, veelvuldige kere in hierdie deel voorkom; vgl. ook De Klerk, 1986:17). In verse 13-17 is die teenstelling tussen spreek in tale in sang, lofprysing en gebed teenoor logies verstandelik begryplike uitings van sang, lofprysing en gebed (vgl. die voorkoms van λαλῶν γλώσσῃ in vs. 13; προσεύξομαι τῷ πνεύματί teenoor προσεύξομαι τῷ νοί en ψαλῶ τῷ πνεύματι teenoor ψαλῶ τῷ νοί in vers 15; en εὐλογῇς ἐν πνεύματι in vers 16). Verse 20-25 pas dan die implikasies van die hele aangeleentheid toe op ongelowiges (vgl. die kontrastering van πίστοις en ἀπίστοις in vers 22

en die verwysing na ἰδιῶται ἢ ἄπιστοι in verse 23 en 24).

Oppervlakkig beskou skyn dit asof οἰκοδομὴ in verse 3, 4 en 17 hier bloot dui op die betekeniskomponent van konsolidering (Grosheide, 1957:356 definieer: "... verder brengen van het geestelijk leven"). Dit sou so kon lyk omdat dit staan in die eerste twee gedagte-eenhede wat immers nie handel oor ongelowiges nie, maar oor die gemeente, en omdat οἰκοδομὴ juis nie voorkom in die laaste gedeelte wat oor die ongelowiges handel nie (De Klerk, 1986:17).

Daar moet egter raakgesien word dat die inhoud van die aktiwiteit, wat tot die gemeente se eie οἰκοδομὴ dien, juis profesie is. Wanneer die gemeente dan besig is om so aan sy eie opbou te werk en 'n ongelowige kom binne, word hy hom bewus van sy eie sonde en verlorenheid, en kom tot kragdadige bekering. Let op die πεσὼν ἐπὶ πρόσωπον προσκυνήσει τῷ Θεῷ, wat deur die meeste uitleggers as 'n omskrywing van bekering gesien word (Grosheide, 1957:371; Pop, 1971:333; Bruce, 1971:133; De Boor, 1968:241).

Dit is juis ook moontlik om vers 22 so te verstaan dat profesie'n teken vir die gelowiges is, in die sin dat dit gelowiges produseer (Bruce, 1971:133).

Waar die gemeente dus ook aan sy eie opbou werk, is die resultaat daarvan die inwendige konsolidering van die gemeente sowel as die wen van ongelowiges (Roberts, 1963:39). De Boor (1968:241) het 'n raak formulering: "Nur diese Gabe (profesie, P.J.B.) vermag die Unkundigen, sogar auch Ungläubige zu überwinden, für Gott zu gewinnen, zur Gemeinde hinzutun und in diesem besonderen Sinn die Gemeinde zu 'bauen'". Waar die erediens van die gemeente opbouend is, sal albei hierdie aspekte van

konsolidering en die wen van ongelowiges tot sy reg kom.

GEVOLGTREKKINGS

2.5.10.1. In 1 Korintiërs 14:3, 4 en 17 dra οἰκοδομὴ beide die betekeniskomponente van konsolidering of bewaring van die kerk en uitbreiding.

2.5.10.2. Waar die gemeente aan sy eie opbou werk, kan dit ook tot vermeerdering van die aantal gelowiges lei.

2.5.10.3. As die samekoms van die gemeente in die volle Nuwe-Testamentiese sin van die woord opbouend wil wees, moet dit gerig wees op die bewaring sowel as die vermeerdering van die kerk.

2.5.11. **2 KORINTIËRS 10:8; 12:19 en 13:10**

Hier kom οἰκοδομὴ voor in 'n verband (10:1-13:10) wat oor Paulus se verdediging van sy apostoliese gesag teen die beskuldiging van valse apostels handel (Coetzee, 1980:52). Daarom word hierby so dikwels beklemtoon dat hy sy amp van God ontvang het (vgl. καθὼς αὐτὸς Χριστοῦ οὕτως καὶ ἡμεῖς in 10:7; κατὰ τὸ μέτρον τοῦ κανόνος οὗ ἐμέρισεν ἡμῖν ὁ Θεὸς μέτρου in 10:13; en τῆς ἐξουσίας ἡμῶν ἧς ἔδωκεν ὁ κύριος in 10:8; κατὰ τὴν ἐξουσίαν ἣν ὁ κύριος ἔδωκέν μοι in 13:10).

Paulus sê in beide 10:8 en 13:10 dat sy bevoegdheid (ἐξουσία) is om op te bou (εἰς οἰκοδομὴν). Indien 12:19 (ὑπὲρ τῆς ὑμῶν οἰκοδομῆς) as vertrekpunt geneem word om die betekenis van οἰκοδομὴν te bepaal, dan is die fokus duidelik daarop dat Paulus hierdie gemeente, wat deur sy sendingwerk gestig

is en wat nou dreig om deur twis en onmin uitmekaar te spat (vgl. ἔρις en ἀκαταστασίαι van vs 20), wil konsolideer (vgl. ook Roberts, 1963:37).

Hy wil die opbouwerk doen deur sy gesag by die gemeente te laat erken (vgl. die noue verband tussen sy gesag en die opbou van die gemeente ἐξουσίαν ην ὁ κύριος ἔδωκεν μοι εἰς οἰκοδομὴν). Nou is dit egter merkwaardig dat Paulus juis die egtheid van sy ampsgesag, waarmee hy die gemeente verder wil opbou, fundeer op die feit dat die gemeente deur sy evangelieverkondiging tot stand gekom het. Hy was naamlik die eerste om hulle met die evangelie te bereik (εφθάσαμεν in vs. 14, moet in sy volle betekenis van "eerste bereik" opgeneem word; vgl. ook De Boor, 1972:422; Hughes, 1962:366; Bruce, 1971:233). Die konklusie van die gedagtegang in vs. 14 is dus: die bestaan van die gemeente, wat deur Paulus se evangelieverkondiging tot stand gekom het, is die seël op sy apostelskap (vgl. ook 1 Kor 4:15 en 9:2).

Paulus se Godgegewe gesag om die gemeente op te bou is dus *deur sy evangelieverkondiging* bevestig. Hierdie gesag moet egter nou deur die gemeente erken word sodat die gemeente *verder opgebou* kan word. Die feit dat Paulus van God die gesag ontvang het om die gemeente op te bou, word bewys in die resultaat van sy evangelieverkondiging. Roberts (1963:38) het dus reg om te beweer dat Paulus ook deur sy evangelieverkondiging die ekklesia opgebou het.

Van 'n ander kant af beredeneer moet ook in gedagte gehou word dat Paulus enersyds sê dat hy in sy opbouwerk verwag om sy Godgegewe opdrag (vgl. ἐξουσίας ἡμῶν ἧς ἔδωκεν ὁ κύριος εἰς οἰκοδομὴν in 10:8) te vervul. In 10:15 en 16 stel hy dat hy die verwagting koester om sy kanon wat God vir

hom gestel het, op twee maniere te mag vervul: deurdat die geloof van die gemeente gaan toeneem en deurdat hy met steun van die gemeente ook verder as Korinte - deur middel van evangelisering (vgl. ἐις τὰ ὑπερέκεινα ὑμῶν εὐαγγελίσασθαι in vs. 16) - sendingwerk gaan doen. Met behulp van onderstaande visuele voorstelling kan hierdie gedagtegang soos volg voorgestel word:

Opbou = vervulling van Godgestelde kanon = → geloofstoename (konsolidering) van gemeente
→ voortgaande (εὐαγγελίζεσθαι) sendingwerk

Roberts (a.w.: 38) se konklusie is daarom geregverdig: "Opbou van die eskatologiese Godsvolk beteken sowel haar totstandbrenging in die geskiedenis, as haar bevestiging, toename in innerlike integriteit, of om dit met 'n ander beeld te sê: haar groei". Uit die gedagtegang van vs. 16 sou ek egter wou byvoeg: Opbou omvat ook die gemeente se betrokkenheid by die verdere uitdra van die evangelie aan mense wat (tans nog) buite die grense van die gemeente is.

Grosheide (1957:296) is selfs van mening dat αὐξανομένης τῆς πίστεως ὑμῶν van vers 15 verstaan kan word as die toename van die enkeling se geloof, maar by voorkeur hier verstaan moet word as die toename van die aantal gelowiges. Rienecker (1970:423) se gedagtegang sluit hierby aan, omdat hy

meen dat Paulus onder die gemeente nog meer sal hê om op te roem (μεγαλυνθῆναι in 10:15) "durch die sich weit erstreckende Missionsarbeit". Die hele verband dui daarop dat Paulus, in die lig van die twis en tweedrag wat daar geheers het, die gemeente wil konsolideer - en daarom lyk die aangehaalde ietwat gedronge. Miskien moet ons eerder aanvaar dat Paulus hier die persoonlike geloofsgroei sowel as die getallegroei van die gemeente in gedagte gehad het. (Die presiese betekenisnuanse van αὐξάνομαι in hierdie teks sal verder verken word wanneer spesifiek daaroor woordstudie gedoen word.) Hoe dit ook al sy, is dit in elk geval duidelik dat Paulus met sy opbouwerk sowel die bewaring as die vermeerdering van die gemeente in die visier gehad het.

GEVOLGTREKKINGS

2.5.11.1. In 1 Korintiërs 10:8; 12:19 en13:10 omvat οἰκοδομὴ beide die betekeniskomponente van getallevermeerdering en konsolidasie.

2.5.11.2. Om te kan voortgaan met sy missionêre opdrag, ten einde in getalle uit te brei, is die konsoliderende aspekte van opbou (veral die oorwinning van twis en tweedrag) vir die kerk onmisbaar.

2.5.11.3. Die konsoliderende aspek en die uitbreidingsaspek van gemeenteopbou is so intiem inmekaarverweef en op mekaar afgestem dat dit nie van mekaar geskei kan word nie.

2.5.11.4. Opbou kan evangelisering insluit.

2.5.12. EFESIËRS 2:19-22

Die onmiddellike verband van hierdie verse waarin die woorde ἐποικοδομηθέντες, οἰκοδομὴ en συνοικοδομεῖσθε voorkom, is 2:14-20 wat oor die kerk uit al die nasies as EEN GEBOU IN CHRISTUS handel (Coetzee 1980:82). Verse 19-20 is 'n kleiner gedagte-eenheid van hierdie perikoop waarmee Paulus in terme van die boubeeld (vgl. ἐποικοδομηθέντες in 2:20; οἰκοδομὴ in 2:21 en συνοικοδομεῖσθε in 2:22) 'n samevattende afronding gee (vgl. ἄρα οὖν wat dui op 'n bepaalde konklusie - Grosheide, 1960:47) van sy sentrale, ekklesiologiese gedagtegang, wat in hierdie perikoop na vore gekom het. (Roberts, 1963:56).

Die kerngedagte wat hier deur die boubeeld verduidelik word, is dat Paulus die heidene (vgl. 2:11) daarop wys dat hulle nou saam met die Christene van Joodse afkoms, kragtens hulle eenheid in Christus, deel van die eskatologiese volk van God geword het. Met ἐποικοδομηθέντες in 2:20 en συνοικοδομεῖσθε in 2:22, sê Paulus by implikasie: "God het julle wat vroeër heidene was, by sy volk ingebou. Die klem val hier nie op die konsolidering of bewaring van 'n gemeente wat reeds bestaan het nie (die voorvoegsel επ by ἐποικοδομηθέντες moet nie verstaan word as verder bou op 'n onderbou nie, maar as bouwerk wat verrig word op 'n bepaalde onderbou). Die klem val wel op die daarstelling van die universele volk van God. Die proses waardeur die heidene ook gelowiges geword het - dus: uitbreiding van die kerk - staan in die sentrum van die boubeeld in hierdie gedagtegang. (Die voorvoegsel συν en die praesens van συνοικοδομεῖσθε wil beklemtoon dat die heidene saam met die Jode as die ander boustene ingevoeg word en dat dit 'n proses is wat steeds aan die gang is.)

Die doel van God se bouaktiwiteit is egter dat Hy sy volk bou tot 'n woning vir Homself, waar Hy vereer en verheerlik sal word. Dit sluit nou aan by die doksologiese motief wat telkens in die geheel van die brief terugkeer (bv. 1:3; 1:5; 1:11; 1:13; 3:20). God bou sy kerk om Homself te verheerlik. Gemeenteopbou het 'n teosentriese gerigtheid! Juis daarom konsolideer Hy Jode en nie-Jode saam tot 'n grootse eenheid om Hom te verheerlik.

Die vermelding dat die gebou - terwyl dit gebou word - (αὐξει) tot 'n heilige tempel in die Here groei, kan ook in 'n dubbele betekenis verstaan word. Enersyds dui dit op die groei in getalle. Nuwe gelowiges word as (lewende) stene tot die gebou van God toegevoeg (Rienecker, 1971:104; Lloyd-Jones, 1980:428; vgl. die vertaling "verrys" in die 1983 A.V.). Andersyds kan dit binne die konteks van die beeld ook verstaan word as "afwerking" of "afronding". Daarby kan dit moontlik die dogmatiese betekenis dra van "heiligmaking" - wat inhou dat die gelowiges indiwidueel toeneem in insig in God se genade, in liefde en in 'n ware vroom lewenswandel. Hierdie konsoliderende betekeniskomponent van groei as resultaat van opbou is wel sterker in 4:15, maar dit kan nie hier in 2:21 misgekyk word nie. 'n Heilige God woon immers slegs in 'n tempel wat Hy geheilig het.

Besien vanuit hierdie teosentries doksologiese motief van gemeenteopbou, vloei die betekeniskomponente van getallevermeerdering en konsolidasie saam tot 'n onskeibaar harmoniese eenheid. Spanning tussen 'n diens na binne en 'n diens na buite bestaan nie. Missionêre arbeid en pastorale arbeid kom nie teenoor mekaar te staan nie, maar is een aktiwiteit: die soewereine God versamel, bewaar en vermeerder sy kerk, sodat Hy verheerlik

kan word deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid (vgl.3:21 wat die slot vorm van die ekklesiologiese sentrum van die brief).

GEVOLGTREKKINGS

2.5.12.1. Gemeenteopbou omvat die totstandkoming van die kerk deur sending. Daarom is sendingwerk 'n wesentlike aspek van gemeenteopbou en nie iets aparts naas gemeenteopbou nie.

2.5.12.2. Indien die teosentries doksologiese doel van gemeenteopbou in die oog gehou word, is daar geen spanning tussen vermeerdering en bewaring van die kerk nie.

2.5.13. EFESIËRS 4:11-16

Hierdie verse is 'n kleiner gedagte-eenheid binne die perikoop 4:1-16, wat handel oor die kerk se roeping tot uitlewing van die eenheid (Coetzee, 1980:83). Efesiërs 4:11-16 handel in besonder oor hoe die kerk as liggaam van Christus homself opbou (vgl. οἰκοδομὴν ἑαυτοῦ in 4:16) - volgens die gawes van die Heilige Gees wat God aan elke gelowige gegee het (vgl. 4:7,8) - en die besondere gawes van "ampsdraers" wat die gelowiges vir hulle dienswerk toerus, sodat die eenheid in waarheid en liefde uitgeleef kan word (vgl. ἀληθεύοντες δὲ ἐν αγαπῃ in vs. 15 en εἰς οἰκοδομὴν ἑαυτοῦ ἐν ἀγάπῃ in vs. 16).

Die gemeente is sowel subjek as objek van die opbou (Roberts, 1963:162; Versteeg, 1985:27; Grosheide, 1960:69). Die doel van die opbouwerk is dat die gemeente al meer sal groei na Christus toe - al meer sal word wat dit veronderstel is om te wees: naamlik volwasse liggaam van Christus. Die inhoud van die opbouwerk volgens hierdie perikoop kan slegs goed verstaan

word as die sintaktiese struktuur van verse 13-15 (wat die opbou van die liggaam kwalifiseer - Roberts, 1983:119) goed raakgesien word (vgl. asb. uitvoubladsy 59)

Al drie εἰς-sinne is afhanklik van die (aor. konj.) werkwoord καταντάω. Die μέχρι saam met die (aor. konj.) καταντήσωμεν dui op die eskatologiese einddoel wat nog nie bereik is nie en dus blywende doel van gemeenteopbou moet wees. (Roberts, 1963:170 vertaal met "aankom by", terwyl die 1983 A.V. m.i. beter vertaal met "uiteindelik kom tot" - om die eskatologiese bepaaldheid van die opbou in die vertaling te reflekteer.)

Die eerste doel (vgl. εἰς τὴν ἑνότητα ...) van die opbou is die geloofseenheid van die nuwe volk van God - 'n eenheid wat daarin bestaan (καὶ τῆς επιγνώσεως word as 'n nadere verklaring [epeksegetiese voegwoord] opgeneem) dat die volle getal (οἱ πάντες) van die uitverkorenes (ἡμεις; so reeds in 1:4 gebruik) daartoe gekom het om in geloofsgemeenskap met die Seun van God te leef. Die opbou moet dus voortgaan totdat al die lede van die liggaam wat God voor die grondlegging van die wêreld reeds uitverkies het, die heilsboodskap aanvaar en ook in werklikheid deel van die eiendomsvolk van God word.

Hierdie interpretasie word versterk as daarop gelet word dat εἰς ἄνδρα τέλειον, as die tweede doel, die eerste insluit en nader verklaar. Dit is 'n kwalitatiewe uitdrukking wat soos ἕνα καινὸν ἄνθροπον in 2:15 dui op die geïnkorporeerde liggaam wat as eenheid bestaan op grond van die representatiewe sterwe en opstanding van Christus (Roberts, 1963:175).

Die derde doel, wat die vorige twee insluit en verklaar, dui op die diens van die gemeente wat gerig is op die universele gestalte van die gemeente. Wanneer al die uitverkorenes as vrug van die gemeente se missionêre arbeid

tot geloof in Christus gekom het, is al die lede van die liggaam toegevoeg en word aangekom by die πληρώμα van die liggaam van Christus. Die konklusie waartoe Roberts (1963:177) kom, is op grond van hierdie interpertasie sinvol: "Dit is verder klaarblyklik dat hierdie missionêre diens van die totale gemeente part en deel uitmaak van haar bestaan in die eskatologiese interim waarin sy instrument is van God self wat sy volk bou, wat ook die heidene inbou in sy volk".

Hiervolgens het die opbou dus die voortgaande sendingaktiwiteit (vermeerdering) as inhoud.

> Roels (1962:249) e.v het ook die missionêre doelwit van gemeenteopbou vanuit 'n ander hoek volgens Ef 4:13 oortuigend aangetoon. Ridderbos (1971:486); Velema (1966:39); Heystek (1987:179 e.v.) het die missionêre dimensie in hierdie vers nie verreken nie, en het slegs 'n oog vir die pastorale. Ridderbos veral omdat die subjek van καταντήσωμεν volgens hom in vs 13 en van ὦμεν in vs 14 dan van betekenis moet verwissel. Sy beswaar gaan egter nie op nie, want dit is juis die nuwe gelowiges wat deur die missionêre arbeid deel gekry het aan die liggaam van Christus wat saam met die al die gelowiges moet groei tot groter geloofsvolwassenheid (Roberts, 1983:122).

Neem ons egter vers 14 onder die loep, dan word dit duidelik dat Paulus - soos dikwels elders gebeur wanneer hy op een aspek van gemeenteopbou ingaan - meteen oorstap na die ander aspek van gemeenteopbou (vgl. Rm 15:20 [pt2.5.8.]; 1 Kor 3:1-23 [pt2.5.9.]). Hier stap hy van die vermeerderende (missionêre) aspek van gemeenteopbou oor na die bewarende (konsolidering) van die gemeente. Hiervolgens is die doel van gemeenteopbou ook om die gelowiges te laat groei vanaf die kinderstadium (vgl. νήπιοι) - waar hulle maklik rondgeskommel word met leerstellings wat uit die dobbelspel (κυβεία) van die mense voortkom, (naamlik hulle boosheid waarmee gelowiges op 'n sluwe manier verlei word om van die waarheid af te wyk) - tot standvastige handhawing van die waarheid. Opbou impliseer dus hier om ook die gemeente steeds hegter aan die waarheid te bind.

Hierdie groei behels wel 'n handhawing van die waarheid, tog sal dit in

liefde geskied. Kenmerk van geloofsvolwassenheid, wat die vrug van gemeenteopbou is, is groei in liefde (vgl. ook die εἰς οἰκοδομὴν ἑαυτου ἐν ἀγάπῃ). Egte Bybelse opbou maak nie van die gemeente liefdelose ketterjagters wat met die "waarheid" die gemeente verskeur nie. Inteendeel, dit vorm mense wat met die waarheid op 'n bewoë, liefdevolle manier dwalendes reghelp (vgl. 2 Tm 2:24,25).

GEVOLGTREKKINGS

2.5.13.1. In Efesiërs 4:11-16 beteken gemeenteopbou sowel die bewaring as die vermeerdering van die kerk.

2.5.13.2. Daar is so 'n noue verband tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe groei van die gemeente, dat Paulus spanningloos van die een aspek kan na die ander oorstap.


2.5.13.3. Die gemeente is verantwoordelik om deur eie dienswerk, volgens individuele gawes, onder leiding en met toerusting van die ampte, instrument van sy eie opbou te wees.


2.5.14. 1 PETRUS 2:4-10

Hierdie verse is 'n groter gedagte-eenheid binne die perikoop 2:1-10 (vgl. die οὖν in 2:1 wat duidelik 'n nuwe perikoop inlui; Holmer & De Boor, 1978:1-10; Adams, 1979:55; Greydanus, 1972:38). Dit is duidelik dat met πρὸς ὃν προσερχόμενοι in 2:4-8 'n bepaalde gedagte-eenheid begin, waar die boubeeld breedvoerig toegepas word om die wese van kerkwees te verduidelik.

Die fokus van hierdie gedagte-eenheid is dat Jesus Christus die hoeksteen van die geestelike huis (οἶκος πνευματικὸις) van God is, waarvan die gelowiges die lewende stene (λιθοι ζωντες) is. Vir die bepaling van die betekenisinhoud van die opbouaktiwiteit is dit belangrik om die kultuur-

SINTAKTIESE STRUKTUURONTLEDING VAN EFESIËRS 4:13-15




τὰ πάντα,
εἰς αὐτὸν
οὗ ἐστιν
ἡ κεφαλή
Χριστός

historiese agtergrond van die beeld wat hier gebruik word, goed te verstaan. Die verwysing na λίθον ἀκρογωνιαιον in die aanhaling uit Jes 28:16 in 2:6 en κεφαλὴν γωνίας uit die aanhaling van Ps 118:22 in 2:7 maak dit duidelik dat Petrus vir Jesus vergelyk met die uitgesoekte klip wat uit soliede rots gekap moes word, sodat dit presies haaks was om tegelyk as fondamentsteen en maatstaf te kon dien vir die hele res van die gebou. Die hele gebou se gewig het op so 'n "hoekklip" (vgl. 1983. A.V.) gerus en hierdie "hoekklip" het ook gedien as vertrekpunt en maatstaf wat die doeltreffende vorm en plasing van al die ander stene in die oprys van die mure bepaal het (vgl. Stigers, 1977:979; Mc Kelvey, 1969:1-11).

Die feit dat προσερχόμενοι 'n praesens participium is, ondergeskik aan die hoofwerkwoord οἰκοδομεῖσθε, hou in dat die manier waarop die gelowiges opgebou word, juis daarin bestaan om na Christus toe te kom (Holmer & De Boor, 1978:75). Dit beteken: om enersyds gelowiges te word en andersyds deur in die geloofsgemeenskap met Hom te verdiep (Adams, 1979:61 verklaar: "This coming is the coming of faith in response to the invitation taste and see..., and subsequent comings in faith to praise and thank Him for His salvation and the many benefits that it includes".) So gesien het οἰκοδομέω hier beide die betekenisnuanses van uitbreiding en konsolidering.

Hierdie konklusie word versterk wanneer die resultaat en doel van die opbou in hierdie konteks bekyk word. Die onmiddellike resultaat is dat die gemeente 'n "geestelike huis", 'n "heilige priesterdom" (vgl. 2:5 en 2:9), en eiendomsvolk van God is (vgl. 2:9). Die doel is dat hulle "geestelike offers" moet bring (2:5) en die "verlossingsdade verkondig" van Hom wat hulle uit die duisternis na sy wonderbare lig geroep het.

> Deur die gebruik van ὅπως word die vrymoedige verkondiging tog meer pertinent as die geestelike offergawes, as doel van die opbou, aangedui. Aan die ander kant moet ἐξαγγέλλειν nie opgevat word as uitsluitend missionêre verkondiging nie. Die gemeente "verkondig" God se groot en

magtige heilsdade immers ook deur sy aanbidding, lofsegginge en onderlinge liefde (vgl. 4:10 en 11). Dit is egter voor die hand liggend dat die missionêre verkondiging ook hierby ingesluit is, veral as daarop gelet word dat Petrus nie διηγεῖσθαι gebruik soos wat daar in Jes 43:21 staan nie, maar ἐξαγγέλλειν wat beteken om "wyd en syd na buite bekend te maak", vgl. ook Van Swigchem, 1955:106).

Om "geestelike offers te bring" beteken 'n lewe van totale prysgawe of oorgawe aan God (vgl. θυσίας wat ook met "slagoffer" vertaal sou kon word; Holmer & De Boor, 1978:79; en wat juis die positiewe teenpool is van die kwaad wat in 2:1 opgenoem is). Om God se verlossingsdade te verkondig (ἀρετὰς εξαγγείλητε) beteken om sy magtige heilsdade ver en wyd met vrymoedigheid, deur woorde en dade met die wyse van lewe en praat (Greijdanus, 1972:44; Holmer & De Boor, 1978:84; Van Swigchem, 1955:106; Stibbs, 1968:104 vertaal "shew fourth") bekend te maak. Die inhoud van die verkondiging (God se ontferming wat uit die duisternis roep; dit is: die evangelie van sy genade vir verlore sondaars) en die vermelding dat hulle toegetree het tot die θαυμαστὸν αὐτοῦ φῶς wat kragtens sy wese 'n lig is wat na buite skyn (vgl. Mt 5:16), dui sterk op die missionêre gerigtheid van die opbou. Die doel van gemeenteopbou is dus *om gelowiges te bring tot 'n lewe van totale oorgawe aan God en - daaruit voortvloeiende - tot vrymoedige proklamasie van die heilsevangelie.*

GEVOLGTREKKINGS

2.5.14.1. Gemeenteopbou in 1 Petrus 2:5 het beide die betekenisnuanses van vermeerdering en konsolidering.

2.5.14.2. Diegene wat deur God se opbouwerk as lewende stene ingebou is, word as vrug van die voortgaande opbouwerk as sy medewerkers ingeskakel - om met hulle vrymoedige getuienis van sy reddende genade, verder aan die omvattende (kwalitatiewe en kwantitatiewe) opbou van sy uitverkore volk te arbei.

2.5.14.3. 'n Kerk wat nie besig is met ywerige, vrymoedige uitdra van die heilsevangelie nie, mis - Bybels gesproke - sy Godgestelde doel.

2.5.14.4. Gemeenteopbou wat nie 'n missionêre gerigtheid het nie, is - Bybels gesproke - onvolledig en mis ook sy doel.

HOOFSTUK 3

EKSEGETIESE ONDERSOEK NA DIE VERHOUDING TUSSEN GEMEENTEOPBOU EN EVANGELISERING SOOS WAT DIT BLYK UIT DIE BETEKENIS VAN εὐαγγελίζομαι EN STAMVERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

1. Motivering vir die keuse van εὐαγγελίζομαι. 65

2. Semantiese velde van εὐαγγελίζομαι in die Nuwe Testament. 65

3. Kontrastering met semanties verwante woorde in die Nuwe Testament. 65

4. Implikasies vir die betekenis van van εὐαγγελίζομαι vanuit 'n diakroniese studie van die woord. 67

5. Die gebruik van εὐαγγελίζομαι en stamverwante woorde in enkele sleutelgedeeltes van die Nuwe Testament. 69

   5.1. Motivering vir keuse van sleutelgedeeltes. 69

   5.2. Romeine 1:11-15. 70

   5.3. Romeine 15:20. 71

   5.4. 1 Korintiërs 9:16-18. 72

   5.5. 2 Korintiërs 10:16. 74

   5.6. 2 Korintiërs 11:7. 76

   5.7. Galasiërs 1 en 2. 78

5.8. Efesiërs 2:17-22. 80

5.9. 1 Tessalonisense 3:6. 82

1. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN εὐαγγελίζομαι

Hierdie studie hou hom besig met die verhouding tussen evangelisering en gemeenteopbou in die lig van die betekenis van enkele tersaaklike woorde in die Nuwe Testament. Daarom spreek dit vanself dat een van die primêre woorde wat bestudeer sal word, εὐαγγελίζομαι sal wees.

Dit gebeur taamlik algemeen dat die aard en omvang van die kerk se misionêre roeping prinsipieel op grond van die vermeende betekenis van εὐαγγελίζομαι verantwoord word (vgl. bv. Kruger 1985:31 e.v.; Bosch, 1979:21; Van der Walt, 1985:6 e.v.) Die aard van hierdie studie maak dit dus baie belangrik om 'n studie van die betekenis van die woord te maak.

2. SEMANTIESE VELDE VAN εὐαγγελίζομαι IN DIE NUWE TESTAMENT

Die nuwe woordeboek van Louw en Nida (1988 (1):388-412) word ook hoofsaaklik gevolg vir die semantiese velde van εὐαγγελίζομαι in die Nuwe Testament.

Hiervolgens word εὐαγγελίζομαι en (nog 489 ander) semanties verwante woorde slegs in een semantiese veld gebruik om allerlei *vorme van kommunikasie* aan te dui. Binne hierdie groot semantiese veld kom εὐαγγελίζομαι voor in die subsemantiese veld saam met woorde wat "inlig" of "aankondig" aandui.

Vine (1940:168) is van mening dat dit in alle gevalle waar εὐαγγελίζομαι gebruik word, gaan om goeie nuus of 'n blye boodskap wat aangekondig word.

3. KONTRASTERING MET SEMANTIES VERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

Kontrastering van εὐαγγελίζομαι met semanties verwante woorde in dieselfde semantiese veld maak dit duidelik dat εὐαγγελίζομαι dui op *goeie nuus of 'n*

blye boodskap wat aangkondig word (Vine, 1940:168; Friedrich, 1964:718-721); Kruger, 1985:30; Louw en Nida, 1988 (2):215).

'n Uiters belangrike afleiding vir die aard van die tema van hierdie studie is dat dit in die Nuwe Testament by die gebruik van εὐαγγελίζομαι nie gaan om die vraag *aan wie* die evangelie verkondig word nie. Dieselfde werkwoord word immers gebruik om aan 'n baie groot verskeidenheid en kategorieë van mense die evangelie te bring.

> Kruger (1985:31) oorlaai die semantiese veld (vgl. Botha, 1987:111) van εὐαγγελίζομαι wanneer hy stel dat dit uit die woordbetekenis afgelei kan word dat εὐαγγελίζομαι hoofsaaklik gebruik word om aan te dui dat die evangelie van Christus gebring word *aan mense wat nie in Hom glo nie.* So 'n konklusie is eienaardig, omdat Kruger op die vorige bladsy self stel dat die woord ook soms gebruik word *om mense wat reeds in Jesus glo verder op te bou in die geloof.* Die semantiese veld bevestig nie die standpunt dat dit by εὐαγγελίζομαι om *evangelieverkondiging slegs aan ongelowiges gaan nie.*
>
> *In sy proefskrif (Kruger, 1983:57) stel hy dit wel versigtiger, maar gee steeds geen begronde motivering vir sy standpunte nie. Byna apodikties beweer hy: "In die NT beteken die werkwoord εὐαγγελίζεσθαι of die selfstandige naamwoord εὐαγγελίον saam met die werkwoorde wat dit tot voorwerp het, ten eerste om aan mense Jesus Christus te verkondig met die doel dat hulle wat Hom nog nie aangeneem het as hulle Here nie, dit sal doen. Verder beteken dit in 'n minderheid gevalle ook om mense wat reeds gelowig is, verder in hulle geloof te bou ..." Ook Bosch (1979:21) se standpunt (op wie Kruger 1985:31, hom beroep) dat evangelisasie in die Bybel altyd heel spesifiek beteken die oorgaan van ongeloof na geloof, oorlaai die semantiese veld van εὐαγγελίζομαι. Hierteenoor het Stott (1981:54) gelyk wanneer hy meen dat εὐαγγελίζομαι nie vanuit die resultate verstaan moet word nie: "Evangeliseren zoals dat in de Bijbel voorkomt betekent niet bekeerlingen winnen (wat wij meestal wel met dat woord bedoelen) maar gewoon het bekendmaken van goede nieuws, ongeacht de resultaten". Vanuit die spesifieke semantiese veld van die woord kan bygevoeg word dat die woord ook nie vanuit die ontvangers daarvan sy "algemene" betekenisbepaling kan ontvang nie, omdat die ontvangers nie deurgaans een bepaalde kategorie van mense is nie,* soos wat verder met ekesegese aangetoon sal word (vgl. pt. 5.1-5.9.).
>
> Die standpunte wat εὐαγγελίζομαι se betekenis eensydig verstaan as die "wen van bekeerlinge" het ook twee verdere probleme: (1) Dat die implikasies van 'n diakroniese studie van die woord, met name die invloed van die Hebreeuse Ou Testament op die betekenis van εὐαγγελίζομαι, word nie verreken nie (vgl. pt. 3. wat net hierna volg). (2) Dit word nie genoeg in ag geneem dat woorde in verskillende tale mekaar nie op semantiese veld volkome dek nie (Botha, 1987:121).
>
> Die vermelde standpunte (bv. Kruger en Bosch) hou nie voldoende rekening met sowel die sinkroniese as die diakroniese implikasies vir die betekenis van εὐαγγελίζομαι nie. Daarom rus dit nie op wetenskaplike begronding nie, en is heelwat van die teologiese konstruksies wat verder uit hierdie oppervlakkige manier van betekenisbepaling van εὐαγγελίζομαι afgelei word (soos bv. om selfs die veld van teologiese vakdissiplines hierdeur te laat bepaal - Kruger 1985), nie legitiem nie.

4. IMPLIKASIES VIR DIE BETEKENIS VAN εὐαγγελίζομαι VANUIT 'n DIAKRONIESE STUDIE VAN DIE WOORD

Klassieke Grieks gebruik εὐαγγελίζομαι hoofsaaklik in die betekenis van: 'n verblydende boodskap van oorwinning wat aangekondig word (vgl. Liddell & Scott, 1968:576; Friedrich, 1964:710). Soms is die boodskap verkondig met die doel om die moraal van moeë soldate op te hef (vgl. Friedrich 1964:711). Soms word die woord in so 'n noue samehang met σοτηρια gebruik dat dit veral gaan om die aankondiging van redding. Dikwels het die woord die betekenisnuanse van bevryding - soos wanneer die bevryding van bose geeste belowe word (vgl. Friedrich, 1964:712).

Vir die tema van hierdie studie kan uit die gebruik van die woord in **klassieke Grieks** nie waterdigte afleidings gemaak word oor die vraag in watter mate εὐαγγελίζομαι met *vermeerdering* en in watter mate die woord met *bewaring* te doen het nie. Daar kan hoogstens afgelei word dat dit met albei te doen het - in hierdie sin dat εὐαγγελίζομαι die verkondiging van oorwinning en uitbreiding van ryksgebied kon wees, maar verder dat εὐαγγελίζομαι plaasgevind het met die doel om die moraal van moeë soldate te stimuleer.

Die **Septuaginta** gebruik εὐαγγελίζομαι om die Hebreeuse woord "b'sr" te vertaal. Lees 'n mens die woord in sy noue verbintenis met "mebaser", dan word besondere lig op die betekenis van die woord "b'sr" gewerp: "mebaser" het in Jesaja (of dan die sg. Deuterojesaja) 'n tegniese term geword om die vreugdeboodskapper met 'n heel besondere, unieke boodskap aan te dui. Jesaja 40:1-11 is hiervoor die locus classicus, veral die wekroep in vers 9:

"O vreugdeboodskapper vir Sion, klim op 'n hoë berg" (MT: *mebaseret siyon*;

LXX: ο εὐαγγελίζομενος).

Hierdie gebruik het daartoe bygedra dat "b'sr" deurgaans die betekenis het: om 'n vreugdevolle boodskap aan te kondig (vgl. bv. Jes 40:9; 41:27; 52:7; Ps 67:11; vgl. ook Friedrich, 1964:713; Coetzee, 1986:13,14 en Versteeg, 1980:7). In die Hebreeuse Ou Testament kan b'sr egter beteken om 'n boodskap te bring wat goed of sleg kan wees (Ficker, 1971:904). In die Septuaginta het die woord dus ook nie duidelik die betekenisnuanse van òf vermeerdering òf bewaring nie.

Die **Hellenisme**, soos by **Philo** en **Josefus**, gebruik εὐαγγελίζομαι as die aankondiging van nuus aangaande oorwinnings. Die woord word egter gesekulariseer, en die religieuse draagwydte wat die woord veral in die Septuaginta in die tweede deel van Jesaja gehad het, kom nie voor nie (vgl. Friedrich, 1964:714).

Rabbynse geskrifte gebruik "b'sr" ook om die verkondiging van goeie nuus aan te kondig. Soos by Jes 40 e.v. in die Septuaginta is die inhoud van hierdie goeie nuus: die vreugdevolle verkondiging van die vergewing van sondes, die verhoring van gebede en die deelhê in die lewe van die toekomstige bedeling (vgl. Strack & Billerbeck, 1974:7 wat verskeie voorbeelde hiervan uit die Targums weergee).

Daar kan dus ook nie uit die gebruik van "b'sr" in die **Rabbynse geskrifte** afgelei word dat die woord spesifiek of uitsluitlik met vermeerdering te doen het nie.

Die **Na-Apostoliese literatuur** gebruik εὐαγγελίζομαι in die betekenis van: die aankondiging van die goeie nuus van verlossing en bevryding in Jesus Christus aan ongelowiges sowel as aan bestaande gemeentes. Eusebius verwys byvoorbeeld na die vroeë sendelinge wat met εὐαγγέλιον sowel

mondelinge as skriftelike sendingwerk gedoen het (aangehaal deur Friedrich, 1964:735). Aan die ander kant het Ignatius die voorleser in die gemeente εὐαγγελίστων τόπον ἐργάζεται εὐαγγέλιον genoem (Friedrich, 1964:735).

'n Duidelike afleiding kan dus gemaak word: εὐαγγελίζομαι het in die **Na-Apostoliese literatuur** nie uitsluitelik te doen met die vermeerdering van die kerk nie.

GEVOLGTREKKINGS

4.1. 'n Diakroniese studie van εὐαγγελίζομαι toon duidelik aan dat hierdie woord nooit die uitsluitlike nuanse van die vermeerdering van die kerk gehad het nie.

4.2. Daar is ook geen aanduidings dat die woord op enige manier as 'n soort teenstelling vir οἰκοδομέω opgevat moet word nie.

5. εὐαγγελίζομαι EN STAMVERWANTE WOORDE IN ENKELE SLEUTELGEDEELTES VAN DIE NUWE TESTAMENT

5.1. MOTIVERING VIR KEUSE VAN SLEUTELGEDEELTES

Die werkwoord εὐαγγελίζομαι kom 55 keer in die Nuwe Testament voor (Wigram en Winter, 1972:320; Arndt en Gingrich, 1974:317; Moulton, 1974:396). Hierdie gedeelte van die studie wil op die sentrale tema van die hele studie toespits. Daarom is dit noodsaaklik om 'n keuse te maak van gedeeltes wat ondersoek sal word. Hierdie keuse berus op die volgende oorwegings:

a. Gedeeltes waar εὐαγγελίζομαι, en stamverwante woorde voorkom in 'n verband waar οἰκοδομέω eksplisiet ook in voorkom;

b. Gedeeltes waar εὐαγγελίζομαι, en stamverwante woorde voorkom in 'n

verband waar οἰκοδομέω implisiet ook in voorkom, omdat aspekte van gemeenteopbou uit die teksverband na vore kom.

5.2. ROMEINE 1:11-15

Hierdie gedeelte bevat wel nie die woord οἰκοδομέω nie, maar εὐαγγελιζομαι kom in vers 15 voor in 'n verband met στηρίζω in vers 11. Volgens Louw en Nida (1988 (1):677) kom οἰκοδομέω en στηρίζω in dieselfde semantiese veld voor naamlik: "Able, Capable". Dit gee genoeg motivering om die betekenis van εὐαγγελίζομαι in hierdie perikoop nader te ondersoek en te kyk watter lig val vanuit hierdie gedeelte op die sentrale vraagstelling van hierdie studie.

Hierdie vers (1:15) vorm deel van Romeine 1:8-15. Die perikoop se kerninhoud is Paulus se betuiging van sy persoonlike belangstelling en waardering vir die gemeente en sy motivering waarom hy hulle wil kom besoek (vgl. Coetzee, 1980:67; Ridderbos, 1959:28; Bruce, 1966:75; Kruger, 1983:68 e.v.; Jager, s.j.:10).

Paulus sê al in vers 11 dat sy doel is om hulle te versterk (vgl. ἵνα τι μεταδῶ, wat nader verklaar word deur εἰς τὸ στηριχθῆναι). Verder vat hy sy hele doel weer saam in vers 15 (vgl. οὕτως τὸ κατ' ἐμὲ πρόθυμον, wat m.i. nie net op vers 14 terugslaan nie, maar op die hele perikoop) en sê dat dit daarin bestaan dat hy aan hulle die evangelie bekend wil maak. Die versterking wat hy aan hulle wou meedeel, is dat hy hulle wil εὐαγγελίσασθαι.

Volgens die kolonindeling en sintaktiese ontleding van Kruger (1983:45-47 en 52) word die verband tussen kola 5 en 9 nie baie duidelik nie. Tog is hy ook van mening dat εὐαγγελίσασθαι hier beteken: om met die evangelie op te bou (Kruger 1983:76).

Ridderbos (1959:33) het gelyk dat die tekskritiese getuienis vir die weglating van τοῖς ἐν Ρώμῃ baie swak is. Daarom moet dit so verstaan word dat Paulus sê: "So dus, wat my betref, is ek bereid om ook aan julle wat in Rome is, die Evangelie te verkondig".

Nygren (1952:63) wys daarop dat Paulus, met hierdie motivering vir sy voorgenome besoek aan die Romeine, afwyk van sy hele bedieningspatroon. Hy het hom tot dusver daarop toegespits om nie in gemeentes te gaan werk wat deur die sendingwerk van iemand anders tot stand gekom het nie, omdat hy dit nie as sy arbeidsveld en opdrag beskou het nie (vgl ook bo hfst. 2:2.5.7 en 2:2.5.8.). Nou vermeld hy egter uitdruklik dat hy die *gemeente in Rome* wil gaan *versterk* deur ook daar die evangelie te verkondig.

GEVOLGTREKKINGS

5.2.1. Opbou en evangelisering staan nie vir Paulus teenoor mekaar nie, maar dit is wesentlik deel van geloofsversterking (geloofsopbou) om die evangelie aan 'n gevestigde gemeente te verkondig.

5.2.2. Paulus het εὐαγγελίζομαι nie gesien as iets wat slegs gedoen word by ongelowiges wat nog nie Christene is, nie.

5.3. ROMEINE 15:20

Hierdie gedeelte is reeds in diepte bekyk. Dit het geblyk dat Paulus ook in hierdie vers εὐαγγελίζομαι sien as 'n aspek van οἰκοδομέω (vgl. bo hfst. 2:2.5.8.).

Hier kan slegs, in die lig van die bestudering van Romeine 1:8-15 en die gevolgtrekking wat so pas gemaak is (vgl. bo pt. 5.2.), nog iets bygevoeg word. Dit is dat die konklusie dat Paulus nie in Romeine 15:20 εὐαγγελίζομαι en οἰκοδομέω teenoor mekaar gestel het nie, versterk word deur die feit dat Paulus in 1:15 duidelik gestel het dat hy ('n gevestigde gemeente) versterk deur (hulle) te εὐαγγελίζεσθαι nie.

5.3.1. Paulus sien εὐαγγελίζομαι as 'n onderdeel van geloofsopbou en -versterking.

5.4. 1 KORINTIËRS 9:16 en 18

Die agtergrond van die toestand van die gemeente in Korinte in 1 Korintiërs 9 is belangrik om te verstaan. Paulus verneem dat daar groepvorming en twis en verwarring oor allerhande vrae aan die orde van die dag is (vgl. 1 Kor 1:10-16, asook Coetzee,1980:46; Bruce, 1971;1-27; Jager, 1974:6-9; Wolff, 1982:18). Paulus wou graag hierdie gemeente konsolideer deur antwoorde op hulle vrae te voorsien.

Hy verdedig in hoofstuk 9 sy apostoliese gesag. (Daarom begin hy reeds in vs 2 om die bestaan van die gemeente as 'n bevestiging van sy apostoliese gesag aan hulle voor te hou; vgl. ook Wolff,1982:19.) Die feit dat Paulus nie in Korinte deur die gelowiges materieel onderhou is nie en daarom tente gemaak het om sy daaglikse brood te verkry (Hd 18:3 e.v.), was vir sommige Korintiërs 'n rede om Paulus se gesag as apostel in twyfel te trek. Daarom staan daar in vers 2: "εἰ ἄλλοις οὐκ εἰμὶ ἀπόστολος". Wolff (1982:19) stel dit onomwonde: "Man wird dies als Argument benutzt haben, um den Apostolat des Paulus in Frage zu stellen (vgl. auch 15,1-11)".

Paulus motiveer in 9:4-14 die bevoegdheid wat elke evangelieverkondiger het om deur die gemeente versorg te word baie sterk met argumente uit die Ou Testament en uit die daaglikse lewe. Hy het egter nie van hierdie reg gebruik gemaak nie, om nie 'n hindernis vir die evangelie te wees nie.

Dan stel hy duidelik in vers 16 en 17 dat hy nie uit eie keuse die evangelie verkondig om daarvoor betaling te ontvang nie. God het 'n las op hom gelê om die evangelie te verkondig. Sy loon of eer lê juis daarin dat hy die evangelie gratis bring.

Wat vir die vraagstuk van hierdie studie belangrik is, is hoe hy die werkwoord εὐαγγελίζομαι hier gebruik. Hy doen dit om enersyds sy werksaamheid by die gevestigde gemeente in Korinte te beskryf, en om andersyds tog baie sterk sy missionêre doel met sy hele optrede uit te spel. Laasgenoemde doen hy veral in die slot van die hoofstuk waar hy van vers 19 af verduidelik dat sy hele optrede gemotiveer word deur die een groot oorheersende doel om mense vir Christus te wen. Die woord (κερδαίνω) word die sleutelwoord wat van vers 19 af vyf keer voorkom en dan, wanneer hy die samevattende slotdoel van sy optrede voorhou, vervang hy dit met σώσω (konj. aor. van σῴζω). Die werkwoord κερδαίνω word as die sendingwoord by uitstek in die Nuwe Testament beskou. Schlier (1968:673) stel dit sterk: "In the main, however, κερδαίνειν is a missionary term. Thus in 1 C 9:19 ff. it means 'to make a Christian,' and is interchangeable with σῴζειν..." (Vgl. ook Van Swigchem 1955:123.)

In 1 Kor 9 kan Paulus dus met εὐαγγελίζομαι bedoel dat hy die evangelie verkondig, enersyds om 'n gevestigde gemeente op te bou en andersyds ook om ongelowige mense te red.

> Kruger (1983:76) is dus verkeerd om (kategories) te beweer dat εὐαγγελίζομαι in 1 Kor 9:16 uitsluitlik na die geloofsopbou van die gemeente verwys en nie inhou om tot geloof te bring nie. Hy hou duidelik nie rekening met die semantiese invloed wat die groter verband hier op die gebruik van die woord uitoefen nie.

GEVOLGTREKKING

5.4.1. Paulus se doel met εὐαγγελίζομαι in 1 Kor 9 is dat die gelowiges van

'n gevestigde gemeente in hulle geloof versterk sal word sowel as om ongelowiges buite die gemeente tot bekering te bring.

5.5. 2 KORINTIËRS 10:16

Die verhouding tusse εὐαγγελίζομαι en οἰκοδομέω in 2 Korintiërs 10 is reeds breedvoerig bespreek (vgl. bo hfst. 2:2.5.11.) Daar is aangetoon dat Paulus in hierdie gedeelte duidelik stel dat sy ἐξουσία om die gemeente op te bou (οἰκοδομὴν) beteken dat hy nie net hulle geloof wil opbou nie maar onder hulle met evangelieverkondiging besig was. Die doel van sy opbouwerk was om die stryd en verwarring binne die gemeente van Korinte geheers het uit die weg te ruim, sodat hy met hulle hulp juis die evangelie verder kon gaan verkondig op plekke waar mense Jesus Christus nog nie ken nie.

Dit is duidelik dat Paulus se doel met εὐαγγελίσασθαι (aor. inf.) is dat hy die blye boodskap aangaande Jesus Christus aan ongelowiges wil gaan verkondig waar daar nog nie gemeentes bestaan nie. (Bruce, 1971:233 meen - met 'n beroep op Rm 15:19, 24 en 28 - dat Paulus waarskynlik die gebiede anderkant Agaje in gedagte gehad het. Dit is dan ander dele van die Balkan skiereiland bv. Illirikum en selfs die Westelik Mediterreense gebied, in besonder Spanje... "Gentile territories thus far unevangelized". Hughes, 1962:370, vestig die aandag op 'n aanhaling van Klemens wat teen die einde van die eerste eeu geskryf is - dat Paulus tot by die verste grense van die Weste gereis het om die evangelie te verkondig.)

Daarom kan hy so sterk beklemtoon dat hy nie vir homself roem wil inoes oor die werk wat ander reeds gedoen het nie (ἐν ἀλλοτρίῳ κανόνι εἰς τὰ ἕτοιμα het die betekenis van "dit wat reeds in die werkkring van 'n ander tot stand gekom het"; vgl. ook Hughes, 1962:369).

Dit is vir die sentrale vraag van hierdie studie belangrik om tans raak te

sien dat Paulus die gemeente tot aanvaarding van sy apostoliese gesag wil konsolideer - deur hulle juis by sy missionêre visie in te trek. Hy bou hulle dus nou verder op deur die missionêre roeping van die kerk te beklemtoon. Hughes (id.) sê dit duidelik: "Their need was to capture his vision and to see that they too, though, it was true, a geographically localized community, were integrally bound up with the realization of that dynamic vision". Tegelykertyd word dit duidelik dat 'n gemeente wat langs die weg van opbou gekonsolideer word, juis tot 'n groter mate missionêr gerig raak. Dit is asof Paulus, met die inbring van die missionêre motief in die hele argumentasie oor die stryd en verwarring en betwyfeling van sy apostoliese gesag in 2 Korintiërs 10, by die Korintiërs wil tuisbring: "Ons verantwoordelikheid om die sendingopdrag uit te voer, is nog so groot dat ons nie nou tyd met twis en verdeeldheid moet verkwis nie".

Dit is belangrik om ook die plek en betekenis van verse 17 en 18 in hierdie gedagtegang te begryp. Dit kon so gelyk het asof Paulus homself op die voorgrond wil stel deur so sterk sy apostoliese gesag te verdedig. Juis daarom vestig hy die aandag op God self. Dit is per slot van rekening nie hy wat die gemeente tot stand gebring het nie. God self het Paulus se evangelieverkondiging gebruik en Hy het Paulus se Goddelike opdrag om die gemeente te bou, bevestig deur die geloof in hulle harte te laat ontwaak. Hughes (1962:371) meen dit is die grondtoon in Paulus se hele apostolaat wat hier weer benadruk word naamlik: "not I, but Christ"; en dit behoort ook die basiese gesindheid van elke ware Christen se lewe te wees.

Paulus trek die gedagtegang na hierdie punt toe - direk nadat hy die missionêre opdrag van die kerk as middel en doelwit van die opbou beklemtoon het - en bring so die teosentriese gerigtheid van alle gemeenteopbou en missionêre visie duidelik na vore. Deel van die probleem,

van groepvorming en gevolglike verwarring in Korinte, was juis die aanhang van bepaalde persoonlikhede (vgl. 1 Kor 1:10-16), terwyl die lewende Here en *sy* wil vir sy kerk self die oorheersende plek in elke gelowige se lewe moes beklee het. Sou die gemeente meer Godgerig raak en minder mensgerig wees, dan sal daar die regte waardering vir die amp van die apostel bestaan, en sal daar juis ook 'n brandende missionêre ywer voorkom en sal opbou in die volle sin van die woord plaasvind.

GEVOLGTREKKINGS

5.5.1. Die εὐαγγελίζομαι is in 2 Kor 10:16 'n aspek van οἰκοδομέω.

5.5.2. Die verkryging van missionêre visie, en die gevolglike missionêre betrokkenheid van die gemeente word in 2 Kor 10:16 beklemtoon as manier om die gemeente op te bou.

5.5.3. Teosentriese gerigtheid in gemeenteopbou lei tot die regte waardering van die amp *en* tot meer missionêre ywer.

5.5.4. 'n Gemeente wat langs die weg van opbou gekonsolideer raak en daarby twis en groepvorming uitskakel, sal tot 'n groter mate by die uitdra van die evangelie betrokke raak.

5.6. 2 KORINTIËRS 11:7

Waar Paulus in 2 Korintiërs 10 sy apostoliese gesag verdedig het, gaan hy in hoofstuk 11 verder om sy gesag teenoor die van die valse apostels te stel. Kyk maar na sy byna sarkastiese verwysing na ὑπερλίαν ἀποστόλων (vs. 5); sy verwysing na οἱ γὰρ τοιοῦτοι ψευδαπόστολοι, ἐργάται δόλιοι (vs. 13) en sy vergelyking tussen hulle en die Satan wat homself verander in 'n engel van die lig (vss. 14 en 15).

Nou kom die feit dat hy in Korinte gewerk het sonder om van die Korintiërs enige vergoeding te ontvang, weer 'n keer ter sprake. Maar dit word hier veel sterker as in hoofstuk 10 spesifiek vergelyk. Maar die kontras daarvan teenoor en afwysing van die valse apostels word hier sterker gestel as in hoofstuk 10.

Die argument van die valse apostels was dat Paulus minderwaardig was, en daarom nie gewaag het om van die Korintiërs versorging te ontvang nie. Dit was immers gebruiklik dat 'n geakkrediteerde retorikus of filosoof, as "professionele" persoon, se waarde erken word deur die grootte van sy versorging wat hy ontvang. (Die ἰδιώτης τῷ λόγῳ het die strekking van "'n amateurspreker" of 'n "kwasie-, nie professionele leraar". Bruce, 1971:237 vertaal met "unskilled in speaking" ; Hughes, 1962:383 gee 'n hele aantal parallelle uit die Griekse wêreld van destyds om hierdie punt te staaf. Vgl. ook Jager, s.j.:205)

Daarom vra Paulus in vers 7 of dit dan 'n sonde was (die argument van die valse apostels) dat hy vergoeding geweier het. Hy stel dit ook duidelik dat hy homself verneder het (met 'n optrede asof hy slegs die status van 'n amateurprediker het) deur nie van die Korintiërs versorging te ontvang nie. Hy wys dan daarop dat hy hulle verhoog het deur homself te verneder toe hy die evangelie van God kosteloos aan hulle gebring het.

Wat vir die aard van hierdie studie belangrik is, is dat Paulus binne hierdie hele gedagtegang verklaar dat hy die gemeente verhoog het deur hulle te εὐηγγελισάμην (aoristus). Daarmee verwys Paulus na die aanvanklike vestiging en ontstaan van die gemeente sowel as die periode van 18 maande wat hy daar gewerk het. Dit is belangrik om daarop te let dat ὑψωθῆτε bepalende invloed op die betekenisimplikasie van εὐηγγελισάμην het - ὑψωθῆτε gebeur deur εὐηγγελισάμην. (Schlatter, 1969:643 stel dit so:

"Das ὑψωθῆναι der Gemeinde geschieht dadurch, das er ihr die heilsame Botschaft Gottes verkündigt".) Die opboubegrip word hier met ὑψωθῆτε by implikasie ingevoer en daarmee verwys Paulus na hulle aanvanklike bekering (Jager, 19?:205 sê "trekken uit de duisternis tot de licht van Gods genade".) sowel as hulle verdere verdieping in Christus. Daaruit kan dus afgelei word dat εὐαγγελίζομαι volgens Paulus nie net gedoen is teenoor ongelowiges nie, maar dit was die middel waarmee 'n gemeente gevestig en (kwantitatief sowel as kwalitatief) opgebou word.

GEVOLGTREKKING

5.6.1. 'n Gemeente word volgens 2 Korintiërs 11:7 kwantitatief sowel as kwalitatief opgebou deur die evangelie te verkondig.

5.7. GALASIËRS 1 en 2

Die woord οἰκοδομέω handel in Galasiërs 2:18 blykens die hele verband nie eksplisiet oor gemeenteopbou nie, en daarom is dit nie in hoofstuk twee behandel nie. Waar hierdie onderafdeling nou handel oor die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering - besien vanuit die gebruik van die woord εὐαγγελίζομαι - word dit vanuit die gedagtegang van die hele konteks in Galasiers 1 en 2 tog nou relevant.

Paulus het in Gl 1:1-2:11 sterk beklemtoon dat die evangelie wat hy verkondig die enigste ware evangelie is (De Klerk, 1983:21-72; Ridderbos, 1953:46 ev. ; Bruce, 1982:135-137). Die waarheid van die evangelie is egter aangetas deur Judaistiese elemente en Petrus se terugkrabbel ter wille van aansien by die Jode (De Klerk, 1983:69-72). Daarom gee Paulus in 2:15-21 'n opsomming van sy evangelie wat in die res van die brief verder ontvou word.

Die kern van hierdie evangelie is dat ons nie deur die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in die volkome en voldoende soenoffer van Jesus Christus, voor God regverdig, en sy kinders, is (Bruce, 1982:135).

Dit is vir die sentrale vraag van hierdie studie belangrik, om raak te sien dat Paulus in hierdie verband in 2:18 so sterk beklemtoon dat daar *volledige kontïnuiteit moet wees tussen die **aanvanklike evangelie** - wat die gemeente gehoor het waardeur hulle tot geloof gekom het - en die **verdere opbouwerk**.* In hierdie verband word die opboumotief (weliswaar as negatiewe, verkeerde opbou) ingevoer. Op 'n taktvolle manier praat Paulus van die dwaalleraars deur na homself te verwys met ... κατέλυσα ταῦτα πάλιν οἰκοδομῶ. (Ridderbos, 1953:102 is van mening dat Paulus in die "supra-individual" eerste persoon praat omdat hy die saak, en nie die persoon nie, aan die orde wil stel.) Die dwaalleraars het juis hierin gesondig. Hulle wou die wetsgeregtigheid wat Paulus in sy prediking van die begin af afgebreek het, tans weer op 'n subtiele manier invoer onder die voorwendsel dat hulle nou iets wil aanbied wat as verdere voltooiing van die gemeente se geloofsgroei noodsaaklik is. Dit mag egter nie gebeur nie. Voortgesette opbouwerk wat in stryd is met die oorspronklike evangelieboodskap waardeur iemand tot bekering kom, is sonde (vgl. die παραβάτην ἐμαυτὸν συνιστάνω).

Dit is vir die sentrale vraag van hierdie studie van kardinale belang dat hieruit afgelei kan word: voortgesette opbouwerk mag nooit iets radikaal anders wees as aanvanklike εὐαγγελίζομαι nie; dit moet slegs 'n verdieping in en verdere toepassing van dieselfde basiese evangelie wees. In die opbouwerk van 'n gevestigde gemeente mag die kernmomente van die evangelie nie versmoor word nie, maar dit moet in alle opbouwerk steeds helder deurklink. In hierdie opsig moet elke gevestigde kerk in die volle sin van

die woord *evangeliese* kerk wees. Dit bevestig vanuit 'n ander hoek die feit (wat ook reeds in vorige gevolgtrekkings na vore gekom het): dat opbou en evangelisering ten diepste dieselfde saak is.

GEVOLGTREKKINGS

5.7.1. Voortgaande opbouwerk is nie iets anders as εὐαγγελίζομαι nie, maar dit is slegs 'n verdieping in en verdere toepassing van dieselfde kernwaarhede van die evangelie.

5.7.2. Voortgesette opbouwerk wat iets anders is as die oorspronklike evangelieboodskap waardeur iemand tot bekering kom, is sonde.

> Iets wat ook vanuit hierdie gevolgtrekking voortvloei, is dat Paulus in sy betoog in hierdie brief in feite besig is om afdwalende en afgedwaalde gelowiges terug te roep na die regte weg deur hulle weer te herinner aan die basiese kernaspekte van die evangelie wat hulle aanvanklik ontvang het. (Vgl. ook die gebruik van εὐηγγελισάμεν ὑμῖν τὸ πρότερον in 4:13.). Hy is besig om hierdie afdwalende en afgedwaalde gelowiges te (her)evangeliseer (Gereformeerdes sou sê hy doen evangelisasie). Let ook op die sterk taal in 4:19: τεκνία μου οὕς πάλιν ὠδίνω μέχρις οὗ μορφωθῇ Χριστος εν υμιν [my beklemtoning, P.J.B.] wat daarop dui dat Paulus iets van 'n radikale bekering van hulle verwag. "He hopes with all the ardor of his soul that, for the sake of their own salvation, the Galatians will renew their former attachment to him" (Hendriksen, 1969:175). Dit impliseer dus dat die terugkeer van afgedwaalde en afdwalende verbondskinders ten diepste op dieselfde manier gedoen moet word as wat hulle die eerste keer gekeer is: hulle moet die kern van die evangelie van genade alleen, deur die geloof in Christus, hoor!

5.8. EFESIERS 2:17-22

Die onmiddellike konteks van hierdie verse is (soos reeds beredeneer by hfst. 2:2.5.12.) Ef 2:14-22 wat handel oor die kerk uit al die nasies as *een gebou in Christus*. Vers 17 vorm 'n komponent binne die kleiner gedagte-eenheid wat van vers 14-18 strek. Vers 14 maak 'n stelling wat deur drie και sinne verder gemotiveer word. Christus is ons vrede deurdat hy albei groepe een gemaak het. Dit het Hy gedoen deur (i) die middelmuur van skeiding af te breek in die opheffing van die wet van Moses met sy gebooie en bepalings (vss. 14b en 15); en deur (ii) die twee groepe wat in

vyandskap geleef het, tot een liggaam te versoen deur sy sterwe aan die kruis (vs.15); en deur (iii) te kom en die evangelie van vrede aan te kondig vir die wat ver en die wat naby is (vs. 17). Vers 18 gee dan die konklusie waarop dit uitgeloop het: ons het nou almal saam deur Christus, deur sy Gees, toegang tot die Vader. Verse 19-22 is dan samevatting van die hele gedagtegang waarmee Paulus in terme van die boubeeld (vgl. ἐποικοδομηθέντες in 2:20; οἰκοδομή in 2:21; συνοικοδομεῖσθε in 2:22) 'n afronding (vgl. ἀρα οὖν wat dui op 'n bepaalde konklusie; Grosheide, 1960:47) gee van sy sentrale, ekklesiologiese gedagtegang, wat in hierdie perikoop na vore gekom het.

Dit is vir die sentrale vraag van hierdie studie belangrik om raak te sien dat die opbou van die gemeente gebeur deur die drie dinge wat volgens die drie καὶ sinne plaasvind. Die opbou vind dus (onder andere) plaas deur die verkondiging (εὐηγγλίσατο) van (die evangelie van) vrede. Paulus dui wel hier Christus self as die outeur van die verkondiging aan, maar hy maak dit later duidelik dat die gelowiges kragtens hulle gawes dit self doen (vgl. 4:7-16). In die lig daarvan dat die hele perikoop handel oor die hegte eenheid wat die opbouwerk tot stand bring, is dit duidelik dat die evangelieverkondiging tot vrede en eenheid tussen uiteenlopende groepe binne die kerk lei..

GEVOLGTREKKINGS

5.8.1. Opbou vind plaas deur die verkondiging van die evangelie.

5.8.2. Die verkondiging van die evangelie van vrede is die middel wat Christus gebruik om uiteenlopende groepe mense tot een hegte eenheid in sy kerk saam te voeg.

5.9. 1 TESSALONISENSE 3:6

Hier het εὐαγγελισαμένου nie die betekenis om die evangelie van Christus te verkondig nie. Die teksverband is dat Paulus, as gevolg van sy bekommernis oor die gemeente in Tessalonika, vir Timoteus na hulle toe stuur om na hulle geestelike welstand te verneem. Timoteus kom dan terug en *bring goeie nuus*: die gemeente staan vas in die geloof en is oorvloedig in hulle liefde. In hierdie verband word die woord εὐαγγελισαμένου gebruik.

Wat egter wel vir die sentrale vraag van hierdie studie belangrik is, is die betekenisverhouding tussen die woorde εὐαγγελισαμένου en παρεκλήθημεν. Paulus is innerlik versterk, vertroos of opgebou deur die goeie nuus wat hy ontvang het. Hierdie woorde word nie hier in hulle eksplisiete, teologiese konsepsuele betekenis gebruik word nie; tog is dit wel opvallend dat εὐαγγελισαμένου die middel is waarmee die innerlike versterking teweeggebring word.

Daarom is dit juis die rede waarom Paulus - wanneer hy wel εὐαγγελίζομαι in sy eksplisiete, teologies konsepsuele betekenis gebruik - spanningloos kan aandui dat εὐαγγελίζομαι nie slegs die middel is waarmee ongelowiges tot bekering geroep word nie, maar ook die middel is waarmee gelowiges innerlik versterk en opgebou word (vgl. gevolgtrekkings by hfst. 2:2.5.2 en 2:2.5.3).

GEVOLGTREKKINGS

5.9.1. Volgens 1 Tessalonisense 3:6 beteken εὐαγγελίζομαι by Paulus om 'n goeie boodskap te bring.

5.9.2. Volgens 1 Tessalonisense 3:6 is εὐαγγελίζομαι die middel waarmee ongelowiges tot bekering geroep word en ook die middel waarmee gelowiges

innerlik versterk en opgebou word.

HOOFSTUK 4

EKSEGETIESE ONDERSOEK NA DIE VERHOUDING TUSSEN GEMEENTEOPBOU EN EVANGELISERING SOOS WAT DIT BLYK UIT DIE BETEKENIS VAN αὐξάνω EN STAMVERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

1. Motivering vir die keuse van αὐξάνω 86

2. Semantiese velde van αὐξάνω in die Nuwe Testament. 86

3. Kontrastering met semanties verwante woorde in die Nuwe Testament. 87

4. Implikasies vir die betekenis van van αὐξανόμαι en αὐξάνω vanuit 'n diakroniese studie van die woord. 88

5. Die gebruik van αὐξάνω in enkele sleutelgedeeltes van die Nuwe Testament. 90

   5.1. Motivering vir keuse van sleutelgedeeltes. 90

   5.2. Johannes 3:30. 90

   5.3. Handelinge 6:7. 93

   5.4. Handelinge 12:24. 96

   5.5. Handelinge 19 20. 98

   5.6. 1 Korintiërs 3:6 en 7. 101

   5.7. 2 Korintiërs 10:15. 104

   5.8. Efesiërs 2:21. 106

5.9. Efesiërs 4:15 en 16. 107

5.10. Kolosense 1:6 en 10. 110

5.11. Kolosense 2:19. 113

5.12. 1 Petrus 2:2. 116

1. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN αὐξάνω

Die tema van hierdie studie fokus daarop om die *verhouding* tussen die bewaring en die vermeerdering van die kerk volgens die Nuwe Testament te ondersoek. Daarom is dit voor-die-hand-liggend dat 'n studie gemaak sal word van die gebruik van die woord "groei" in die Nuwe Testament.

Dit is ook bekend dat daar in die afgelope drie dekades 'n hele wetenskap rondom die woord "Kerkgroei" ontstaan het, wat vandag as een van die belangrikste bewegings in die sendingwetenskap in die wêreld beskou word (Buys, 1988; Conn, 1976; De Wet, 1986; Son, 1983).

> Die woorde "sending" en "evangelisasie" het mettertyd so baie bybetekenisse en verskillende nuanses ontvang dat McGavran die term "kerkgroei" (church growth) geskep het. Daarmee wil hy alle aspekte dek wat sowel die bewaring as die vermeerdering van die kerk direk raak (Mc Gavran, 1984:169). Peter C. Wagner, die opvolger van McGavran, definieer kerkgroei so: "...all that is involved in bringing men and women who do not have a personal relationship to Jesus Christ into fellowship with Him and into responsible church membership" (Wagner, 1984:14).
>
> Die probleem wat onmiddellik uit hierdie definisie voortvloei, is dat die betekenis van die woord groei daarmee klaarblyklik tot getallegroei beperk word. Daarom het Smith (1984:17 e.v.) ook begin om die betekenis van kwalitatiewe groei in die "Church Growth Movement" se denke te beklemtoon om sodoende hulle denke hieroor te verruim.

2. SEMANTIESE VELDE VAN αὐξάνομαι en αὐξάνω IN DIE NUWE TESTAMENT

Die semantiese velde van αὐξάνομαι en αὐξάνω in die Nuwe Testament word ook hoofsaaklik aan die nuwe woordeboek van Louw en Nida (1988) ontleen om algemene hipoteses te stel wat dan later met selfstandige eksegese (vgl. pt. 5.) getoets sal word.

Hiervolgens word αὐξάνομαι in slegs een semantiese veld gebruik: om te vermeerder (Louw en Nida 1988 (2):39).

Maar αὐξάνω word in vier semantiese velde gebruik:

(1) om te vermeerder;

(2) om te veroorsaak dat vermeerdering plaasvind;

(3) om te groei;

(4) om groter respek te ontvang (Louw en Nida 1988 (2):39).

Vine (1940:181) is van mening dat dit meestal om kwalitatiewe of kwantitatiewe vermeerdering gaan.

3. KONTRASTERING MET SEMANTIES VERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

'n Kontrastering van αὐξάνομαι en αὐξάνω (en stamverwante woorde) met verwante woorde in dieselfde semantiese veld maak dit duidelik dat αὐξάνομαι en αὐξάνω dui op vermeerdering in kwalitatiewe of in kwantitatiewe sin van die woord (Louw en Nida, 1988 (1):601). Daarom kan die woord gebruik word om biologiese groei aan te dui (Louw en Nida, 1988 (1):274) asook om toe te neem in status (Jh 3:20. Louw en Nida, 1988 (1):738).

'n Uiters belangrike afleiding vir die aard van die tema van hierdie studie is dat dit in die Nuwe Testament, by die gebruik van αὐξάνομαι en αὐξάνω vir die kerk, gaan om kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe groei. Verder dat telkens by die gebruik van die woord uit die konteks afgelei moet word watter aspek van groei die fokuspunt van die skrywer is. Dit moet ook onthou word 'n skrywer albei moontlikhede selfs in een Skrifverband in sy gedagte kon gehad het. Daarom kan Gunther (1971:1339) konkludeer: "Quantitatives und qualitatives Wachstum hängen eng zusammen". Louw en Nida (1988 (1):275) stel dit so: " Normally a term for 'growth' would imply not only size but also number, that is to say, the growth of the church would be in terms of the increase of members of the church, though it might refer to spiritual maturity. In some instances, however, it may

be necessary to specify 'growth in numbers' so as to avoid the implication which might be derived from the context, namely that the church is simply a building which gets bigger and bigger".

4. IMPLIKASIES VAN 'n DIAKRONIESE STUDIE VAN αὐξανόμαι EN αὐξάνω VIR DIE BETEKENIS VAN HIERDIE WOORD

Klassieke Grieks het αὐξανόμαι en αὐξάνω reeds baie vroeg gebruik, aanvanklik in die korter vorm αὔξω maar later het die langer vorm αὐξάνω in toenemende mate gebruiklik geword (Liddel en Scott, 1968:277; Arndt en Gingrich, 1957:121). Die woord het hoofsaaklik die betekenis gehad van: groei as 'n natuurlike proses (vgl. bv. Aristot. in Hist. An. viii, 42, p. 629a,21 soos aangehaal deur Delling, 1964:517). By Herodotus kon die woord, wanneer dit in die passief vir mense gebruik is, ook dui op groei in getalle (Delling, 1964:519).

Die **Septuaginta** gebruik αὐξάνομαι en αὐξάνω om die Hebreeuse woord "prh" te vertaal - wat meestal beteken: om vrugbaar te wees en in getalle te vermeerder. Daarom word dit dikwels in een asem met πληθύνομαι gebruik (Delling, 1964:519). Wanneer αὐξάνομαι en αὐξάνω in die passief voorkom, is dit 'n vertaling vir "gdl" wat dui op biologiese groei (bv. Gn 21:8, 20; 25:27). Verder is die woord ook gebruik om iemand se toename in gesag of outoriteit aan te dui (bv. Josua volgens Jos 4:14). Dan kon die woord ook in die medium en passiewe vorms 'n vertaling wees vir "ns'" wat ook beteken: om toe te neem in gesag of outoriteit (bv. 1 Kron 14:2). As 'n vertaling vir "rbh" beteken dit om talryk te word (bv. 1 Kr 23:17). Soms kon dit 'n vertaling wees vir "gdsh" en dan selfs die betekenis dra van: herstel (Jes 61:11; vgl. ook Delling, 1964: 517).

In die **Hellenisme**, soos by **Philo** en **Josefus**, word αὐξάνομαι en αὐξάνω ge-

bruik om getallegroei, groei in mag en gesag en biologiese groei aan te dui (Delling, 1964:519)

Die **Rabbynse geskrifte** gebruik "gdsh" gebruik om die proses van groter te word (bv. die maan, soos by Sir 43:8) te beskryf. Verder dui dit ook aan: biologiese groei; die herstel van die eer van Israel (bv. 4 Mak 13:20, 22; vgl. ook Delling, 1964:517).

In die **Na-Apostoliese literatuur** dui αὐξανόμαι en αὐξάνω op die vermeerdering van mense (bv. 1 Cl. 33,6). Daar word pertinent melding daarvan gemaak dat God ter wille van die kerk mense vermeerder het (Delling, 1964:519). Dan kon dit ook dui op die vermeerdering van kwaliteite soos goed of kwaad (bv. Did 14, 4; vgl. Delling 1964:519).

GEVOLGTREKKINGS:

4.1. 'n Diakroniese studie van αὐξανόμαι enαὐξάνω maak dit duidelik dat die woord oor baie eeue heen beteken het: om kwalitatief of kwantitatief te groei.

4.2. By die individu kon αὐξάνω en stamverwante woorde beteken: om groter te word, maar ook dikwels: om geestelik volwasse te word.

4.3. Die woorde se gebruik vir die volk van God kon beteken: òf om in getalle toe te neem òf om innerlik geestelik te groei in die kwaliteite van Jesus Christus. Hierdie twee aspekte van groei is so nou aan mekaar verbonde dat dit dikwels nie moontlik is om vas te stel of die skrywer kwalitatiewe of kwantitatiewe groei in gedagte gehad het nie. Derhalwe is dit dikwels moontlik om te aanvaar dat in 'n bepaalde konteks die skrywer sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe groei in gedagte gehad het met sy gebruik van die woord.

5. αὐξανόμαι en αὐξάνω EN STAMVERWANTE WOORDE IN ENKELE SLEUTELGEDEELTES VAN DIE NUWE TESTAMENT

5.1. MOTIVERING VIR KEUSE VAN SLEUTELGEDEELTES

Die werkwoorde ἀυξω, αὐξάνω en αὐξανόμαι kom 23 keer in die Nuwe Testament voor (vgl. Wigram en Winter, 1972:91 - wat Kol 1:6 oorgeslaan het omdat hulle konkordansie op die Textus Receptus gebaseer is en daarom slegs 22 plekke aandui - Arndt en Gingrich, 1974:121; Moulton, 1974:120) Die toespitsing op die sentrale tema van die hele studie maak dit noodsaaklik om hier net bepaalde gedeeltes vir nadere ondersoek uit te kies. Hierdie keuse berus op die volgende oorwegings:

a. Gedeeltes waar αὐξάνομαι en αὐξάνω en stamverwante woorde staan in 'n verband waar οἰκοδομέω eksplisiet ook in voorkom;

b. Gedeeltes waar αὐξανόμαι en αὐξάνω en stamverwante woorde staan in 'n verband waar οἰκοδομέω implisiet ook in voorkom, omdat aspekte van gemeenteopbou uit die teksverband na vore kom.

c. Gedeeltes waar αὐξάνομαι en αὐξάνω en stamverwante woorde staan in 'n verband waar εὐαγγελίζομαι eksplisiet ook in voorkom.

d. Gedeeltes waar αὐξανόμαι en αὐξάνω en stamverwante woorde staan in 'n verband waar εὐαγγελίζομαι en verwante woorde implisiet ook in voorkom.

e. Gedeeltes waar αὐξανόμαι en αὐξάνω en stamverwante woorde staan in 'n verband waar enige ander woorde voorkom wat dui op òf die bewaring òf die vermeerdering van die kerk.

5.2. JOHANNES 3:30

Hierdie gedeelte handel weliswaar nie eksplisiet oor die kwalitatiewe of

kwantitatiewe groei van die kerk nie, omdat Johannes die Doper hier van homself en van Jesus praat. Lees net hierdie vers en die perikoop in die lig van die doel van die hele boek (vgl. Jh 20:30,31; vgl. ook Coetzee, 1977:13 wat oortuigend aangetoon het dat Jh 3:30 die principium selectionis en die tendens van die hele boek daarstel), dan blyk duidelik dat dit tog indirek oor kwantitatiewe en kwalitatiewe groei handel.

Hierdie gedeelte is naamlik ook - soos die res van die boek - geskryf om die lesers te bring tot die geloofsaanvaarding van Jesus Christus as die Seun van God, sodat hulle daardeur die ewige lewe kan ontvang (vgl. die uitspraak in vs. 36, die slot van hierdie perikoop wat duidelik by die sentrale doel van die boek volgens 20:30,31 aansluit). By implikasie beteken dit dat die hele boek en ook hierdie gedeelte geskryf is om te dien as middel tot die kwalitatiewe en kwantitatiewe groei van die kerk. Johannes die Doper word dan juis aangetoon as 'n voorbeeld van iemand wat reeds tot geloof in Jesus as die Christus gekom het. God se groot doel met die geskiedenis, naamlik dat Jesus Christus erken sou word as die Verlosser en Here van die wêreld, kom hier in die visier. Met die oog daarop dat die heilshistoriese doel van die ganse geskiedenis tot vervulling kan kom, word Johannes minder sodat Christus meer kan word (Schnackenburg, 1967:454; vgl. ook die pertinente δει.)

Die uitwerking van sy aanvaarding van Jesus as die Christus is egter dat hy, Johannes, *nie groei nie maar juis* (ἐλαττοῦσθαι) *kleiner word* en dat *Jesus sal groei* (αὐξάνειν)! Dat Jesus sou groei, het kennelik nie hier die betekenis van biologiese groei en groter word nie, maar in die lig van die voorafgaande vergelyking met die vriend van die bruidegom dui dit op sy toename in belangrikheid, deurdat meer mense (kwantitatief) Hom begin volg het (Hendriksen, 1969:149 en 152; Haenchen, 1984:211; Nicholson, 1980:51;

Morris, 1969:223; Schnackenburg, 1967:454). Omdat die kerugmatiese proklamasie van die boek hier begin (Haenchen, 1984:211), is die woorde van hierdie vers egter nie net van toepassing op Johannes die Doper nie, maar op alle gelowiges.

So word dit duidelik dat ware groei daarin bestaan dat Jesus Christus in die lewe van die gelowige en die kerk as geheel sal groei, en dat dit juis by die individuele gelowige sowel as by die kerk as geheel tot selfverloëning sal lei. Egte kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe groei sal nie plaasvind as dit nie terselfdertyd gepaard gaan met selfverloëning nie. So gesien word tot 'n mate reeds vooruitgegryp op Johannes 13, waar Jesus met die gebeurtenis van die voetwassing aantoon tot watter totale selfverloëning gelowiges bereid moet wees. Dit sluit ook aan by ander uitsprake van Jesus dat ware dissipelskap bestaan in selfverloëning (Mt 16:24-26 en par.; 18:1-4 en par.; 20:20-28 en par.;)

GEVOLGTREKKING

5.2.1. Ware groei impliseer selfverloëning waardeur Christus self in die lewe van die gelowiges meer en meer gestalte kry en *sy groot doel* met die geskiedenis belangriker word as eie belange.

> Baie outeurs van sendingwetenskaplike publikasies en publikasies oor getallegroei van die kerk wys daarop dat een van die grootste struikelblokke vir getallegroei van die kerk juis geleë is in die sieklike selfgesentreerdheid en selfhandhawing van individuele gelowiges sowel as gemeentes. So maak Conn (1982:24) melding van "our ghetto parochialism"; Miller (1986:27) van "God's call to faith and repentance to the ingrown church"; Smith (1984:122) van "paternalisme" wat gemanifesteer word in neerbuigende geestelike hoogmoed en daarom 'n struikelblok is wat mense 'n weersin in die kerk gee en sodoende getallegroei verhinder en is Guder (1985:8-27) van mening dat getallegroei slegs sal plaasvind wanneer die kerk langs die weg van selfontlediging (Flp 2:4-8) 'n voortgesette inkarnasie is van die lewende Christus, wat gekom het nie om gedien te word nie, maar om te dien. Stott kan dit selfs so sterk stel: "The Church is the only organisation that exits totally for the benefit of its nonmembers". Die boodskap van 'n stortvloed van publikasies in hierdie verband is duidelik: kerke groei nie, omdat daar te min selfverloenende liefde geopenbaar word en die nederige dienskneggestalte by kerke ontbreek.
>
> Dikwels word kwalitatiewe (geestelike) groei en heiligmaking gestrem deur 'n onwilligheid om te kom tot selfverloëning en aanvaarding van menslike armoede voor God.

5.3. HANDELINGE 6:7

Hierdie vers vorm die slot van die perikoop (6:1-7) wat handel oor die spanning wat in die eerste gemeente in Jerusalem. Dit het ontstaan oor die Griekssprekende weduwees wat verwaarloos is, maar wat met stoflike versorging opgelos is sodat die vrede in die gemeente herstel is.

Hierdie perikoop begin die beskrywing van hoe die kerk in sy sendingwerk al meer grense oorskry het (Marshall, 1980:124).

Die apostels het self tot op daardie stadium die versorging van die weduwees behartig (4:34,35), maar toe het die getalle van die gemeente so geweldig toegeneem dat die apostels dit nie meer goed kon hanteer nie. Klagtes het ontstaan (vgl. die aor. part. πληθυνόντων wat ondergeskik is aan die aor. ἐγένετο γογγυσμὸς, wat duidelik na vore laat kom dat die klagtes ontstaan het terwyl die vermeerdering in getalle plaasgevind het). Die apostels het besef dat hulle hierdie versorging nie meer goed kon hanteer sonder om hulle primêre taak, die gebede en die diens van die Woord, te verwaarloos nie. Daarom word op hulle voorstel sewe manne (wat goeie getuienis het, vol van die Gees is en wysheid besit) uit die gemeente gekies om die tafels te bedien. Die bediening van die tafels was nie 'n minderwaardige diens nie, maar 'n andersoortige diens. Daarom word dit net soos die werk van die apostels ook διακονία genoem (De Boor, 1970:131 en 2), en is baie hoë geestelike kwalifikasies ook aan kandidate vir die tafeldiens gestel. Dit het ook nie net beteken om tafelbediendes te wees nie, maar om die onderlinge liefde oor die algemeen te stimuleer en te organiseer.

Die uitdrukking dat die *Woord van God gegroei het* (ὁ λόγος τοῦ Θεοῦ ηὔξανεν) is 'n geliefkoosde uitdrukking in Handelinge (vgl. 12:24; 19:20)

en dit beteken dat die Woord verder versprei en verkondig is (Van Swigchem, 1955:160), en dat meer mense daaraan gehoor gegee het (Marshall, 1980:127). Daarom word dit opgevolg deur die vermelding dat die getal van die dissipels vermeerder het en dat selfs 'n groot aantal priesters tot geloof gekom het. Groei het dus hier die betekenis van: *uitbreiding van invloedsfeer*; en daarom word sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe groei van die kerk geimpliseer (so ook Velema, 1966:7). Die kwalitatiewe groei kom tot uiting dat die sewe manne, wat vol van die Gees en wysheid is, verkies en aangestel is, en die onderlinge liefde nou beter in die gemeente funksioneer.

Die feit dat die Woord die subjek is, hou egter ook in dat die Woord self Goddelike krag het en sy loop neem - λογός τοῦ Θεοῦ moet as gen, subj. opgevat word, vgl. Noordegraaf, 1983:112. Op p. 117-120 toon hy ook oortuigend aan dat Lukas se weergawe van die Gelykenis van die Saaier sterker klem laat val op die krag van die Woord en dat Hd 6:7 daarby en ook saaklik by Jes 55:10,11 aansluit. Daar is verder saaklike aansluiting by Hb 4:12 wat ook wys op die dinamiek van die Woord. Juis daarom word bedienaars van kommer of spanning oor die groei van die kerk bevry (De Boor, 1970:133).

'n Aantal belangrike afleidings oor die sentrale vraag van hierdie studie kan gemaak word: Kwantitatiewe sowel as kwalitatatiewe groei word deur swak-georganiseerde gemeentestrukture gestrem, omdat die funksionering van die onderlinge liefde verhinder word. Dit bring onmin in die gemeente en die bediening van die Woord en die gebede word aan bande gelê. Daarom is 'n noodsaaklike vereiste vir groei dat die gawes van die Gees in die gemeente so gestruktureer word dat diegene wat die gawe het om die Woord te bedien en in die gebed voor te gaan, hulle maksimaal daarop kan toespits.

Soos reeds in 2:47b en 5:14 word hier in 6:1 en 7 weer aangedui dat die bediening van die Woord en die effektiewe funksionering van onderlinge liefde lei tot groei van die gemeente. Verder is 'n noodsaaklike vereiste vir groei ook die ongehinderde volharding in die gebed (De Boor, 1970:131 wys daarop dat die gebed ten op sigte van die bediening van die Woord vir die apostels selfs voorop staan en dat die wortel van gebrekkige groei ook daarin kan bestaan "dasz unzere Amtsträger vor lauter Überbelastung nicht mehr im Gebet verharren können"). Daarby is 'n noodsaaklike vereiste vir groei ook dat diegene wat gekies word om in die onderlinge liefdesdiens voorgangers te wees, manne sal wees wat vol van die Gees van God is en wysheid besit. Dit moet dus manne wees wat in die gemeente uitstaan met geestelike volwassenheid.

GEVOLGTREKKINGS

5.3.1. *Kwantitatiewe sowel as kwalitatatiewe groei word deur swak-georganiseerde gemeentestrukture gestrem..*

5.3.2. 'n Noodsaaklike vereiste vir groei is dat die gawes van die Gees in die gemeente so gestruktureer word dat die wat die gawe het om die Woord te bedien en in die gebed voor te gaan, hulle maksimaal daarop kan toespits.

5.3.3. Werklike groei vereis sowel die bediening van die Woord as die effektiewe funksionering van onderlinge liefde in die gemeente.

5.3.4. Werklike groei vereis ook dat die bediening van onderlinge liefde so gestruktureer word dat die Woord, wat dinamiese krag het en die primêre middel is waardeur groei bewerkstellig word, ongehinderd sy loop kan neem.

5.3.5. 'n Noodsaaklike vereiste vir groei is dat ook diegene wat gekies word om by die onderlinge liefdesdiens voorgangers te wees, manne sal wees

wat vol is van die Gees van God en wysheid besit.

5.3.6. 'n Noodsaaklike vereiste vir groei is om in gemeentelike organisasie pertinent ruimte te skep vir volharding in die diens van gebed.

5.3.7. Waar die bediening van onderlinge liefde gestrem word, stagneer die kwantitatiewe sowel as die kwalitatiewe groei van die gemeente.

5.4. HANDELINGE 12:24

Hierdie vers is 'n afronding van die hele hoofstuk 12 en moet daarom in die lig van die hele verhaal wat vertel word, verstaan word (De Boor, 1970:230; Noordegraaf, 1983:133). Die agtergrond van hierdie gedeelte is die vervolging wat deur die invloed van Herodes teen die kerk uitgebreek het. Jakobus is doodgemaak en Petrus in die gevangenis geplaas..

Die antwoord op die volhardende gebed van die gemeente ('n motief wat herhaaldelik in Handelinge voorkom, bv. 4:24-30; 16:25 - Noordegraaf, 1983:134), is egter dat Petrus uit die gevangenis bevry word; ook sterf Herodes op 'n opsienbarende manier terwyl hy voor die volk staan nadat hy hulle toegespreek het. Daar word pertinent vermeld dat God sy oordeel voltrek het oor Herodes omdat hy nie net die kerk vervolg het nie, maar ook Goddelike eer vir homself opgeeis het. (Bruce, 1970:250 toon aan dat die beskrywing van Herodes se dood 'n tipiese manier was waarop antieke skrywers iemand wat 'n ernstige oordeel verdien het, se dood beskrywe het. Kyk ook Strack en Billerbeck, 1974:709. Noordegraaf (1983:134) gee, met beroep op Conzelmann, 'n hele aantal parallelle - uit die Ou Testament en Rabbynse geskrifte - van hoe die bestraffing van God se vervolgers aangekondig is.)

Hierteenoor (vgl. die δὲ), ten spyte van alle teenkanting, het die Woord

van God gegroei en vermeerder. Soos by 6:7 het *groei* ook hier 'n omvattende betekenis. Die invloed en gesag van die Woord het toegeneem. Meer mense het gelowiges geword (vgl. die verband tussen 12:24-25 en 13:1-3; Noordegraaf, 1983:136 is ook van mening dat πληθύνεσθαι by Lukas oor die algemeen getallegroei aandui), ten spyte daarvan dat Jakobus dood en Petrus weg is. In die lig van die voorafgaande verband word die onweerstaanbare krag van die Woord beklemtoon. Die groei van die Woord sluit in: dat gelowiges (soos Jakobus) gewillig die hoogste prys van hulle lewens betaal, 'n gemeente op hulle knieë hulle diep afhanklikheid van God erken, ander uit die gevangenis bevry word, goddelose teenstanders hulle teen die onweerstaanbare krag van die Woord te pletter loop, en by alles kom steeds nuwe missionêre horisonne (13:1-12) in die oog. In die proses van die groei wissel lig en donker mekaar af. Die hoofsaak is dat te midde van teenstand en vervolging, te midde van lyding en dood en bevrydende oorwinning, die Woord onweerstaanbaar met seënryke gevolge voortgaan (De Boor, 1970:231). Noordegraaf (1983:136) wys voorts daarop dat die motief van seënryke groei - wat telkens uit die vervolging vloei - meermale in Handelinge voorkom (bv. 8:4; 11:19-26) en dat die lyding van die gelowiges die voortgang van die evangelie dien (bv. 5:41-42; 9:16; 13: 42-49; 14:5-6; 16:25 en 30-33; 17:5-11 en 22-28).

GEVOLGTREKKINGS:

5.4.1. Kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe groei van die gemeente is slegs resultaat van die onweerstaanbare krag van die Woord.

5.4.2. Die groei van die Woord behels nie aanhoudende triomfe nie, maar gaan ook gepaard met lyding en vervolging.

5.4.3. Die volhardende gebed van die gemeente is ingeskakel in die groot

groeiproses van die Woord.

5.4.4. Die lyding van gelowiges word dikwels gebruik om die voortgang van die evangelie te dien.

5.4.5. Goddelose teenstaanders probeer die groei van die Woord vir eie gewin teenstaan, maar loop hulle teen die oordeel van God te pletter.

5.5. HANDELINGE 19:20

Hierdie vers is ook 'n opmerking van Lukas, die skrywer, waarmee hy 'n tipering gee van die geskiedenis van die voortgang van die kerk in Efese (die οὕτως verwys duidelik terug na die voorafgaande verhaal). In 19:1-7 word vertel van die dissipels van Johannes die Doper. In 11-20 word vertel van die konfrontasie met die magiese denke van die heidene, terwyl 23-40 vertel van die impak van die evangelie op die maatskaplike lewe van die stad Efese. Binne hierdie hele konteks maak Lukas die opmerking dat die Woord met krag gegroei en sterk geword het.

Alreeds vers 11 en 12 begin om met die gebruik van kragterme God se werking te beskryf. Daar het naamlik buitengewone dinge (δυνάμεις) deur Paulus gebeur. Die kragtige dinge wat God deur Paulus gedoen het, is 'n bevestiging van die krag van die Woord.

Dan vertel verse 13-16, in teenstelling (vgl. die δε) met die magsdade in die vorige verse, van sewe seuns van 'n sekere Skeva. Hy word 'n αρχιερευς genoem word. (So 'n hoofpriester in daardie tyd is uit die literatuur geheel onbekend. Hy kon 'n familielid uit die hoofpriesterlike familie gewees het, of hy kon hom die titel toegeëien het om 'n bepaalde status af te dwing - Marshall, 1980:311 en Noordegraaf, 1983:137). Hierdie sewe het hulle besig gehou met eksorsisme (wat in die antieke wêreld onder Jode en

Grieke geredelik voorgekom het, soos wat Noordegraaf [1983:138] met verwysing na Josefus aantoon.)

Toe het hierdie sewe seuns van Skeva egter die Naam van Jesus as 'n soort magiese krag gebruik om duiwels mee uit te dryf, sonder dat hulle werklik in die geloof aan Hom verbind was. Daaruit is dit duidelik dat hulle vir eie voordeel aan die krag van die Here Jesus deel wou hê, sonder om Hom persoonlik in hulle lewens te aanbid. (Die feit dat hulle van Ἰησοῦν ὃν Παῦλος κηρύσσει praat, dui 'n afstand tussen hulle en Jesus aan. "Sie kennen selber Jesus nicht", sê De Boor, 1970:349). Die gevolge daarvan is vir hulle katastrofies. Die bose gees weet dat hulle nie aan Jesus self verbind is nie (vgl. vir die bonatuurlike kennis van demone ook Lk 4:34, 41; 8:28), en dat hy daarom niks van hulle te vrees het nie (die ὑμεῖς δὲ τίνες ἐστέ het iets van 'n spottend veragtelike klank; Marshall, 1980:311 sê: "challenged their right to use the name"). Hulle word almal (ἀμφοτέροι hoef nie net twee te beteken nie, maar kan ook "almal" beteken, vgl. Bruce, 1970:359) oorweldig en moet vernederd wegvlug (die γυμνοὺς καὶ τετραυματισμένους ἐκφυγεῖν ἐκ τοῦ οἴκου ἐκείνου gee 'n helder beeld van hulle vernedering).

Verse 17-19 beskryf die reaksies op hierdie gebeure en gee 'n evaluering daarvan. Eers word vermeld dat dit aan al die Jode en Grieke in Efese bekend geword het. Daarna word spesifiek twee reaksies genoem: vrees en doksologie. Die feit dat hulle met ontsag vervul is, (ἐπέπεσεν φόβος ἐπὶ πάντας αὐτούς), is 'n gesindheid wat meermale in Handelinge gebruik word om die reaksie op die Godsopenbaring te beskryf en ook meermale gepaard gaan met getallegroei van die gemeente (vgl. 2:43 en 47; 5:11 en 14; 9:31). Die ontsag vir die Here bestaan juis daarin (καὶ ἐμεγαλύνετο το ὄνομα τοῦ κυρίου Ἰησοῦ moet epeksegeties verstaan word) dat sy Naam grootgemaak

word, en dit lei dan tot nuwe getallegroei van die gemeente (vgl. die πολλοί τε τῶν πεπιστευκότων wat dit as 'n soort vanselfsprekendheid stel dat baie - ook as gevolg van hierdie gebeure - gelowiges geword het; die perfektum dra ook krag - Bruce, 1970:359) Die fokus van die reaksie is veral gerig op die lewensheiliging en oorwinning oor die Bose se duistere, magiese werkinge wat plaasvind: *openlik en spontaan* (ἀναγγέλλειν; teenoor De Boor, 1970:352, wat op grond van hierdie vers 'n pleidooi lewer vir die *private bieg* van sonde by die sielsorger) word sondige towerpraktyke (πράξεις - Noordegraaf, 1983:139) bely, en berou betoon en die magiese boeke van groot materiële waarde word verbrand (Bruce, 1970:360).

Die opmerking van Marshall (1980:312) dat Christene wat tot bekering kom, nie altyd dadelik vry is van heidense denkwyses en praktyke nie (wat De Boor, 1970:352, nog veel sterker beklemtoon: "Es ist falscher Rationalismus das sei durch Bekehrung zu Jesus einfach alles weggeblasen") is van belang. Immers, dit impliseer dat *groei* in individuele gelowiges se lewens juis ook inhou dat hulle groei in hulle vrees vir die Here en daarom hulle lewens heilig en reinig van alles wat sy Naam nie waardig is nie. Die feit dat die waarde van die boeke met magiese spreuke en toorkunste neerkom op die dagloon wat 50 000 mense per dag sou ontvang (Marshall,1980:312; De Boor, 1970:352), illustreer die totale oorgawe wat gewerk word deur die krag van Jesus Christus - sowel as die finansiële uitbuiting wat deur die magiese en towerpraktyke plaasvind.

Vers 20 is 'n samevattende tipering van alles wat daar gebeur het (Vgl. die Οὕτως wat terugwys na die hele perikoop. Omdat "krag" 'n sleutelbegrip in magiese geskrifte is (Noordegraaf, 1983:144), word daarteenoor die besondere krag van die Woord beklemtoon. Die vertaling van die 1983 A.V. gee die bedoeling van die vers goed weer: "So het die woord van die Here sy

krag getoon en al hoe verder versprei". Die groei bestaan daarin dat kragtige dinge deur die Woord van die Here plaasvind. Hulle is: valse eksorsiste word ontmasker; getallegroei vind plaas terwyl veral lewensheiliging deur berou en skuldbelydenis en radikale oorgawe gesien word. Groei het dus nie net met getalle te doen nie (dit is nie eers in die fokus van hierdie perikoop nie, maar word slegs in die verbygaan as vanselfsprekendheid genoem), maar veral met verdieping in die kwaliteit van die gelowige se verhouding met God.

GEVOLGTREKKINGS

5.5.1. Die klem val in Handelinge 19:20 wel op die kwalitatiewe aspek van groei, maar tog kan die kwantitatiewe aspek, wat by implikasie ook aanwesig is, nie misgekyk word nie.

5.5.2. Kwalitatiewe groei bestaan ten diepste in groei in die vrees van die Here.

5.5.3. Kwalitatiewe groei sluit lewensheiliging langs die weg van skuldbelydenis en berou in.

5.5.4. Groei sluit ook die openbaring van die oorwinnende krag van die Here Jesus deur sy Woord oor die bose in.

5.6. 1 KORINTIËRS 3:6 en 7

Die vraag waarop die aandag hier konsentreer is: Wat is die betekenisnuanses van αὐξάνω in hierdie verse en watter lig word vanuit die gebruik van αὐξάνω in hierdie verse gewerp op die sentrale vraag van hierdie studie, naamlik die *verhouding* tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk?

Die strekking van die hoofstuk waarin hierdie verse voorkom is reeds bestudeer (vgl. hfst 2, pt. 2.5.9.). Paulus wil naamlik die twis en groepvorming, wat as gevolg van die aanhang van sekere leiers in die gemeente ontstaan het, besleg. Die twisgierige groepvorming is juis 'n manifestasie van die geestelike onvolwassenheid wat nog in die gemeente heers (vgl. die ὡς νεπίοις: hulle is soos bakleiende kleuters; vgl ook Ridderbos, 1971:268), sodat hulle nog nie gereed is om vaste spyse te verteer nie en nog met melk gevoed moet word. Daarom wys hy op die feit dat die mens slegs instrument is en dat God self die Outeur is van die totstandkoming van geloof (vgl. διάκονοι δι' ὧν ἐπιστεύσατε in vs 5), sowel as van die voortgang (vgl. die ἄλλος δὲ ἐποικοδομεῖ, wat slaan op die voortgesette geestelike sowel as getallegroei van die gemeente soos aangetoon is in hfst. 2:2.5.9.).

> Die feit dat Paulus so maklik oorgaan van die groeibeeld in 3:6,7 na die boubeeld in 3:10, 12 en 14 is 'n voortsetting van dieselfde gebruik in die Ou Testament (vgl. hfst. 2:2.4.).

Die Here gee in sy wysheid vir die groei van sy kerk 'n verskeidenheid van gawes by mense wat elkeen met sy eie unieke bydrae (vgl. die κατὰ τὸν ἴδιον van vs. 8) mekaar aanvul, sodat sommige kan plant en ander kan natmaak (Jager, 1974:67, wys ook op die gelykwaardigheid van die arbeiders voor God). Maar die eenheid (vgl. die εν εισιν in vs. 8) in hulle werk lê daarin dat God alleen die groei gee. Die groei kan dus slegs plaasvind as daar ruimte in die gemeente is vir al die gawes wat God gee om te kan funksioneer.

Paulus praat hier van die totale groei van die kerk - naamlik getallegroei waardeur mense tot geloof kom en die kerk ontstaan (vgl. weer die ἐπιστεύσατε in vs 5) sowel as die voortgang en konsolidering van die gemeente. Juis daarom dra αὐξάνω die betekenis van kwantitatiewe sowel as

kwalitatiewe groei. (De Boor, 1968:70 laat die fokus sterker val op die kwantitatiewe groei as hy sê: "... wobei die Gemeinde sichtlich wuchs und grösser wurde durch die Hinzutritt neugewonnener Glieder". Hy verdiskonteer egter nie die beeld van klein kindertjies wat moet groei tot groter volwassenheid wat reeds in vs. 1-3 aan die orde gestel is nie.)

Hierdie groei vind plaas deur die fondament wat gelê is (vs. 9) en die verdere bouwerk op dieselfde fondament. Dit impliseer dat Jesus Christus verkondig moet word, want Hy is die fondament (ὅς ἐστιν Ἰησοῦς Χριστός). Die voortgaande opbouwerk bestaan ook daarin dat Christus verkondig word, want daar moet immers op die enigste fondament voortgebou word. Dit sal dus inhou dat voortgesette opbouwerk steeds die evangelie van God se reddende genade in Jesus Christus sentraal moet stel, al word dit verder ontvou en in meer besonderhede breër toegepas. Die doel van die opbouwerk (wat dan tegelyk die doel is van die groei wat deur die opbouwerk tot stand kom) is dat die kerk waarlik tempel van God die Heilige Gees sal wees, waarin Hy woon, en dat daar nie langer twis en tweedrag is omdat daar op bepaalde mense geroem word nie (vs. 21).

Opvallend is ook die trinitariese teosentriese gerigtheid: die gemeente as tempel van God die Heilige Gees, behoort aan Christus en Hy behoort aan God die Vader. Daaruit word duidelik dat groei die werk is van die drie-enige God. Die finale doel van die groei, wat sal lei tot oorwinning van die kleinlike partyskappe, is om waarlik teosentries gerig te wees. Hierdie teosentriese gerigtheid van die gemeente stel ook die hegte eenheid tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe groei daar. 'n Gemeente wat waarlik 'n teosentriese gerigtheid het, groei ekstensief en intensief, kwantitatief en kwalitatief.

Dit is opvallend dat Paulus in sy worsteling met die kleinmenslike partyskappe in Korinte

meermale moeite doen om hulle weer 'n teosentriese blik te gee ten einde hulle te konsolideer en die totale heilswerk van God in die wêreld te laat voortgaan (vgl. 1 Kor 1:31; 3:21; 6:20; 10:31; 2 Kor 10:17; vgl. ook hfst. 3:5.5.).

GEVOLGTREKKINGS

5.6.1. In 1 Korintiërs 3:6 en 7 omvat αὐξάνω die betekeniskomponente van ekstensiewe en intensiewe groei sowel as kwantitaiewe en kwalitatiewe groei.

5.6.2. God-drie-enig is die Outeur van alle groei in die gemeente.

5.6.3. Die Here bewerk die groei in sy gemeente deur 'n verskeidenheid mense, wat elkeen eie unieke gawes het en dienswerk verrig op afsonderlike maniere, te gebruik.

5.6.4. In 'n gemeente wat waarlik teosentries gerig is, is daar geen spanning tussen ekstensiewe en intensiewe groei nie, maar word albei in die allernouste verbondenheid aan mekaar beleef.

5.6.5. 'n Teosentriese gerigtheid sal tot sodanige intensiewe groei in die gemeente lei dat twisgierige groepvorming oorwin word.

5.7. 2 KORINTIËRS 10:15

Die verband van hierdie vers is reeds breedvoerig behandel (vgl. hfst. 2:2.5.11. en 3:5.5.). Daar is aangetoon dat Paulus besig is om sy ampsgesag te verdedig teenoor die valse apostels wie se optrede die gemeente verwar en verdeel het. Hy wil die gemeente konsolideer, sodat hy met hulle hulp verder kan gaan in die uitvoering van sy goddelike opdrag om die evangelie aan die heidene te verkondig. Die verwarring en verdeeldheid in die gemeente en die twyfel oor Paulus se ampsgesag ontneem hom die vrymoedigheid om verder te gaan met sy groot sendingopdrag terwyl hy hom

gedronge voel om eers die gemeente te konsolideer. Hy doen dit nie net deur sy ampsgesag te verdedig nie, maar juis deur die gemeente in te trek by sy groot missionêre visie.

In vers 15 sê hy dan dat hy die verwagting koester (ἐλπίδα ἔχοντες beteken 'n vaste hoop en 'n gegronde verwagting; Jager, s.j.:195) dat hulle geloof sal groei (die praes part. gen. αὐξανομένης gaan saam met die gen. τῆς πίστεως ὑμῶν). Die gevolg van hulle geloofsgroei is egter dat Paulus nog meer sal hê om op te roem, maar steeds binne sy eie werkkring. Hierdie groter roem kan op twee maniere verstaan word: daar sal meer mense kom wat gelowig word (Grosheide, 1959:296), maar hulle sal ook weer Paulus se gesag erken - en daarom meer steun aan hom verleen in die vervulling van sy Godgestelde kanon om die evangelie te verkondig waar dit nog nie gehoor is nie. Indirek hou die tweede moontlikheid in dat daar groter missionêre krag van die gemeente sal uitgaan. In die lig van vers 16 (wat pertinent Paulus se groot sendingdoelwitte uitspel) lyk laasgenoemde die mees logiese verklaring: die gemeente se geloofsgroei lei tot konsolidering, aanvaarding van Paulus se ampsgesag, en daarom ook tot groter missionêre visie en ywer vir die verbreiding van die evangelie. (Die uitleg van Hughes, 1962:368, 369 in hierdie verband is verhelderend. Hy meen dat die Paulus die atletiek-metafoor steeds in gedagte het met sy gebruik van μεγαλυνθῆναι, in hierdie sin dat hulle geloofsgroei die baan wat God aan hom toevertrou het, oopmaak, sodat hy dan juis met hulle steun verder kan gaan om die Evangelie elders te gaan verkondig.)

Die betekenis αὐξανομένης fokus dus op kwalitatiewe groei, (geloofsgroei) van individue (vgl. ook Velema, 1966:11), maar dit lei weer tot groter missionêre ywer.

5.7.1. In 2 Korintiërs 10:15 het αὐξάνω veral die betekenis van kwalitatiewe (geloofs-) groei.

5.7.2. Geloofsgroei lei enersyds tot konsolidasie van die gemeente, maar andersyds juis tot groter missionêre ywer.

5.7.3. Solank as wat daar verwarring en tweespalt in die gemeente heers, word die missionêre ywer en die getallegroei en so die finale koms van die koninkryk aan bande gelê.

5.8. EFESIËRS 2:21

Die verband waarin hierdie vers voorkom is ook reeds behandel (vgl. hfst 2, pt. 2.5.12. en hfst 3, pt. 5.8.). Daar is breedvoerig beredeneer dat verse 19-20 handel oor die eenheid in die daarstelling van die universele volk van God. Jode en nie-Jode word saam gekonsolideer tot 'n grootse eenheid om God te verheerlik.

Daar is reeds aangetoon dat groei (hier in die verkorte vorm αὔξει en die praes. dui op die voortdurende groei) in hierdie gedeelte fokus op die kwantitatiewe groei van die gemeente sonder dat die kwalitatiewe aspek misgekyk kan word. Laasgenoemde kom veral vanuit die verband van die hele perikoop na vore. Alhoewel die ekstensiewe betekenisnuanse van αυξει beslis voorop staan handel die perikoop oor 'n ekklesiologiese saak, naamlik die belewing van eenheid. Die gemeente moet word wat hy reeds kragtens sy wese is: Die een liggaam van Jesus Christus; die een gebou van God waarin die Heilige Gees woon. "De kerk, die de volheid van Christus is, moet vervuld worden tot al de volheid Gods" (Velema, 1966:27). Omdat hierdie motief die kerk dring tot die belewing van sy ware aard, blyk dit

uit hierdie resultaat van die groei dat die groei tog ook in hierdie konteks 'n kwalitatiewe dimensie het.

> Dit is opvallend dat die Ou-Testamentiese vermenging van die boubeeld en die groeibeeld ook weer hier sterk funksioneer (vgl. pt 2.1.4. Vgl. ook McKelvey, 1969:115 en 189 e.v. wat verskeie bewyse gee dat die Jode die hoeksteen gesien het as die embrio waaruit die wêreld gegroei het en die band wat die hele skepping tot 'n eenheid verbind het.

GEVOLGTREKKINGS

5.8.1. Die betekeniskomponent van kwantitatiewe groei staan wel by die gebruik van αὐξει in Efesiërs 2:20 op die voorgrond. Maar die betekeniskomponent van kwalitatiewe groei kan nie, veral kragtens die konteks, geheel en al uitgesluit word nie.

5.8.2. Die resultaat van kwantitatiewe en kwalitatiewe groei is 'n intensiewer geloofsbelewing van die universele eenheid van die kerk.

5.8.3. Die finale doel van die groei is om die drie-enige God te verheerlik.

5.9. EFESIËRS 4:15 en 16

Die verband van hierdie verse is ook reeds breedvoerig bespreek (vgl. hfst 2, pt. 2.5.13.). Die perikoop 4:1-16 handel oor die gemeente se roeping tot uitlewing van die eenheid van die geloof en die kleiner gedagte-eenheid 4:11-16 handel oor die gemeente wat homself opbou.

Die vraag in die kollig hier is: Wat is die betekenisnuanse van αὐξήσωμεν en watter lig word vanuit die betekenis van αὐξήσωμεν in hierdie konteks op die sentrale tema van hierdie studie gewerp?

Vir die antwoord op die vraag is dit belangrik om daarop te let daarop dat vers 15 in teenstelling tot vers 14 staan (vgl. die δὲ). Teenoor die winde

van dwaalleer wat die klein kindertjies verwar, groei die gemeente terwyl hulle die waarheid in liefde vashou, na Christus toe. So gesien is die fokus van αὐξήσωμεν hier op die kwalitatiewe groei. Die groei is ook gerig op die Hoof, Christus. Dit is 'n groei *na Christus toe!* Die groei sal dus daarin bestaan dat Christus al meer gestalte kry in die lewe van elke lid van die gemeente en elke gelowige hoe langer hoe meer gelykvormig word aan die Hoof, Jesus Christus (vgl. Ef 4:24; 1 Kor 3:18; Gl 4:19 en Flp 3:8-10; Velema (1966:15) stel dit helder: "De diepe kennis van Christus en zijn heilswerk is hèt afweermiddel tegen de verscheuring brengende dwaalleer en tevens middel voor de eenheid des geloofs"). Daarom beteken groei nooit om, in die plek van die heilsevangelie waardeur iemand tot geloof gekom het, nou iets anders te kry nie, maar juis dat meer dimensies van dieselfde heilsevangelie van Jesus Christus steeds meer aspekte van die gelowige se lewe sal beheers (vgl. die πάντα wat Velema, 1966:15 tereg weergee met "in elke opsig"). Let hierby op die paranetiese gedeeltes wat van vers 17 af tot aan die einde van die brief verder behandel word en waarin die heerskappy van Christus deur sy Gees op alle menslike verhoudinge (huwelik en huisgesin, baas en slaaf) toegepas word. In die lig hiervan kan met reg gesê word dat geestelike groei ten diepste beteken om Christus in 'n toenemende mate te ken, te volg, te dien en lief te hê in elke aspek van die gelowige se lewe; dit hou natuurlik selfverloëning in.

Ons uitleg van vers 13 (vgl. hfst.2:2.5.13.) het gestel dat dit handel oor die kwantitatiewe opbou van die gemeente (saam met Roberts, 1963:175; Schneider, 1964:942 en Roels 1962:248; teenoor Velema 1966:16 en Ridderbos 1971:486 voetnoot 17). In die lig daarvan moet besef word dat die betekeniskomponent van kwantitatiewe groei tog nie heeltemal uit die oog verloor moet word in die verstaan van αὐξήσωμεν hier in 4:15 nie. Die σωμα word enersyds al meer 'n sigbare werklikheid deur die groei in die aantal

gelowiges. Maar andersyds word die gemeente op grond van sy kwalitatiewe groei al meer 'n getuienis van God se magtige genade in Christus vir die wêreld. Daarom kan Berkhof (soos aangehaal deur Velema, 1966:29) selfs sê: "Onze eerste dienst aan de wereld heeft te zijn dat in haar midden het Christus-soma zichtbaar wordt. Daarin alleen ligt werfkracht. Dan gaan ook de wegen open tot een vruchtbaar optreden in getuigenis en dienst".

Dit is ook belangrik om raak te sien dat liefde die sfeer is waarbinne die groei plaasvind (vgl. die ἐν ἀγάπῃ in vs. 15 en weer in vs. 16). Die implikasie is: Waar geen liefde is nie, stagneer die groei. Juis in onbaatsugtige liefde moet die gemeente sy Hoof, Jesus Christus reflekteer (vgl. Jh 13:34,35).

Dan vind die groei ook plaas deur die betrokkenheid van elke ledemaat van die liggaam. Die beeld is duidelik. 'n Afgekapte ledemaat van 'n liggaam groei nie, maar sterf. 'n Ledemaat in die liggaam wat nie groei nie, maak die hele liggaam siek.

Verder is dit belangrik om raak te sien dat die groei plaasvind deur die die saambindende en ondersteunende werking van die ἁφῆς. Die verklaring van Versteeg (1985:27) en Roberts (1983:124) wat meen dat dit slaan op die diens van die voorgangers in die gemeente het goeie bewysgronde en kan aanvaar word. Hulle wys ook daarop dat in die antieke anatomie die ligamente beskou is as die verbindingsweefsels wat die ledemate van die liggaam in 'n eenheid saambind, en tegelyk ook as toevoerkanale wat die ledemate van voedingstowwe moes voorsien. Dit impliseer dat die groei slegs kan plaasvind as die voorgangers 'n koördinerende en 'n toerustende funksie (vgl. καταρτισμὸν in vs. 12) in die liggaam uitvoer.

GEVOLGTREKKINGS

5.9.1. Die fokus is in Efesiërs 4:15 en 16 op die kwalitatiewe betekenisnuanse van groei, maar die kwantitatiewe kan nie geheel en al uit die oog verloor word nie.

5.9.2. Groei kan alleen plaasvind indien daar by die gelowiges 'n klimaat van selfverloënende liefde heers.

5.9.3. Groei kan alleen plaasvind as elke gelowige sy funksie vervul en die voorgangers weer die gelowiges vir hulle opbouwerk toerus en ook die gelowiges se werk koördineer.

5.9.4. Waar die voorgangers hulle funksie vervul, waar die toegeruste gelowiges in harmonie met die opbou van die liggaam besig is, en waar 'n klimaat van liefde heers, sal kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe groei plaasvind.

5.9.5. Kwalitatiewe groei behels ten diepste dat Christus hoe langer hoe meer in die gelowiges se lewens gestalte kry en in 'n toenemende mate alle aspekte van hulle lewens beheers.

5.10. KOLOSSENSE 1:6 en 10

Hierdie verse kom respektiewelik voor in twee opeenvolgende perikope wat baie nou met mekaar saamhang. Vers 6 vorm deel van die perikoop 1:3-8, waarin Paulus sy dankbaarheid uitspreek oor die invloed wat die evangelie op die Kolossense gehad het. Soos dit ook in die hele wêreld aan die gebeur is (vgl. καθὼς καὶ ἐν παντὶ τῷ κόσμῳ), is die evangelie besig om vrug te dra en te groei (ἐστὶν καρποφορούμενον καὶ αὐξανόμενον) onder die Kolossense. Juis hierdie feit bring Paulus daartoe om in verse 9-12 voor-

bidding vir die Kolossense te doen (Van Rensburg, 1984:70) en deel van sy gebed is vir hulle groei.


Die fokuspunt van die eerste perikoop is vers 5 en 6 (so ook Van Rensburg, 1984:76; Ridderbos, 1960:121; Hendriksen, 1974:50), waarin Paulus op die triomf van die evangelie wys. Dit het die Kolossense kragdadiglik bereik (παρόντος is meer as net bereik; Hendriksen, 1974:50, vertaal "made its entrance felt..." en Ridderbos, 1960:120 : "zijn intrede doen... als van een gebeuren dat een beslissende wending teweegbrengt, ..."; vgl. ook Abbott, 1968:196). Verder word die triomf van die evangelie juis ook by die Kolossense sigbaar in die feit dat dit van die begin af by hulle vrugdra en groei. Vrugdra en groei is in hierdie verse ten nouste verbind (vgl. καρποφορούμενον καὶ αὐξανόμενον, die praes. part. by beide as bepalings by ἐστὶν.) Albei woorde herinner ook aan Jesus se gelykenisse van die koninkryk wat kom soos saad wat groei (Mk 4:26 e.v. en Mt 13:31 e.v.), en daarmee word die krag van die evangelie aangedui.

Die feit dat Paulus pertinent wys op die groei van die evangelie in die hele wêreld om aan sy lesers 'n universeel kosmiese visie te gee, laat val die fokus in vers 6 op die kwantitatiewe betekenisnuanse van groei (so ook Velema, 1966:8). Aan die ander kant het die invloed van die evangelie op die Kolossense juis ook sigbaar geword in hulle liefde vir al die gelowiges (vs. 4b), sodat Epafras daarvan teenoor Paulus getuig het (vs. 8). Die evangelie het dus ook in hierdie sin by hulle vruggedra en gegroei dat dit ingrypende en voortgaande verandering in hulle lewens tot stand gebring het (Ridderbos, 1960:121).

> Die begrippe καρποφορούμενον en αὐξανόμενον moet as parallelle opgevat word (Velema, 1966:8) en nie so verstaan word as sou die eerste slaan op die kwalitatiewe en die tweede op die kwantitatiewe werking van die evangelie nie (Abbott, 1968:198; Lightfoot, 1968:135) omdat lg. standpunte nie die καὶ verreken nie.

Juis hierdie getuienis van die invloed wat die evangelie op die Kolossense gehad het (διὰ τοῦτο), dring Paulus om vir hulle te bid dat hulle die wil van God steeds beter sal ken (vgl ἵνα πληρωθῆτε τὴν τοῦ ἐπίγνωσιν θελήματος αὐτοῦ). Die gevolg daarvan (die aor. inf. περιπατῆσαι het die betekenis van 'n gevolgsin) sal wees dat hulle lewe tot eer van die Here (ἀξίως τοῦ κυρίου). Hierdie lewenswyse word in vier opsigte duidelik: (1) om vrugte te dra deur goeie werke; (2) om te groei in hulle kennis van God; (3) om volharding en geduld te hê; (4) om met blydskap die Vader te dank (Van Rensburg, 1984:82).

Dit is opvallend dat vrugdra en groei weer saam gebruik word, maar nou met pertinente kwalifikasies wat in 'n chiastiese struktuur gegiet is, wat dui op die kwalitatiewe groei van die kerk. Hulle moet naamlik ἐν παντὶ ἔργῳ ἀγαθῷ vrugdra, en groei τῇ ἐπιγνώσει τοῦ Θεοῦ. Eers word die kwalifikasie genoem en dan die participium, om daarna omgedraai te word:



Met hierdie chiasme word die noue band tussen vrugdra en groei beklemtoon. Om te groei in die kennis van God beteken nie net om rasionele feitekennis aangaande God te verkry nie (dit kan ongelowiges en selfs die Satan hê - Hendriksen, 1974:56), maar om in die persoonlike verhouding met Hom te verdiep. Dit word veral duidelik as in gedagte gehou word dat hierdie groei 'n aspek daarvan is om waardig voor die Here te lewe en 'n uiting is van die begeerte om Hom in alles te behaag (εἰς πᾶσαν ἀρεσκείαν). Daarom is groei in hierdie ἐπιγνώσις hartsveranderend en lewensvernuwend. Hendriksen (1974:57) praat tereg van "experiential knowledge of God's will". Dit is 'n kennis wat gepaardgaan met 'n tere liefdesverhouding tot

God. Daaruit vloei voort 'n lewe wat met Goddelike krag begiftig is om geduld en lankmoedigheid en blye dankbaarheid teenoor die Vader te bewys (vs. 11).

GEVOLGTREKKINGS

5.10.1. Die woord αὐξάνω het in beide Kolossense 1:6 en 10 albei die betekeniskomponente van kwantitatiewe en kwalitatiewe groei, alhoewel die fokus sterker val op die kwantitatiewe in vers 6 en op die kwalitatiewe in vers 10.

5.10.2. Vrugdra en groei is parallelle begrippe in hierdie verse .

5.10.3. Groei gaan gepaard met verdieping in die gelowige se persoonlike verhouding met die Here.

5.10.4. Groei is 'n aspek van 'n lewe wat die Here waardig is.

5.10.5. Groei gaan ook gepaard daarmee om deur die krag van die Here 'n lewe van volharding en lankmoedigheid te leef.

5.11. KOLOSSENSE 2:19

Hierdie vers vorm deel van die perikoop 2:16-19 wat teenoor die dwaalleer in Kolosse die belangrikheid van die genoegsaamheid en allesoortreffende heerlikheid van Christus as die Hoof van die gemeente stel. Die grootste gedeelte van die perikoop is in die negatief gestel en wys op alles wat die gelowiges in Kolosse moet afwys.

> Ridderbos (1960:105) wys tereg teenoor Dibelius en Bornkamm daarop dat die presiese aard van die dwaalleer te Kolosse nie met sekerheid getipeer kan word nie. Hoogstens kan uit die teks van Kolossense hooftrekke van hierdie dwaalleer afgelei word. Die dwaalleer het aan die een kant skynbaar invloede van die heidens-hellenistiese wêreld gehad, waarin begrippe soos γνῶσις, σοφία, φιλοσοφία 'n groot rol gespeel het. Aan die ander kant was daar in hierdie dwaalleer ook duidelike Judaistiese elemente wat groot klem gelê het op bepaalde feesdae, bepaalde soorte voedsel, nuwemaanfeeste en sabbatsgebruike (vgl. 2:16) Juis daarom word dit σκιὰ τῶν μελλόντων

genoem (vgl. vs. 17), wat sekerlik nie van heidense gebruike sou gesê kon word nie.

Die groot beswaar teen die dwaalleer is dat Christus se allesoorheersende betekenis vir die gemeente gerelativeer word deur die Ou-Testamentiese wette weer op die voorgrond te skuif. Daarom word pertinent in vers 17 gesê dat dit net 'n skaduwee is van Christus wat nou gekom het. Die eerste gedeelte van vers 19 gee iets van 'n samevatting van hierdie negatiewe en tegelyk 'n tipering van die kern van die dwaalleer (vgl. ook Ridderbos, 1960:194; Hendriksen, 1974:128 en Velema, 1966:13). Die dwaalleraars is naamlik mense wat nie vashou (κρατέω het die betekenisnuanse van vasklem; Ridderbos, 1960:195; Hendriksen, 1974:128 vertaal met "... *cling* to Christ") aan die Hoof (Christus) nie. Dit impliseer dat hulle niks is nie want die kerk as die liggaam groei juis (ἐξ οὗ) uit Hom.

Ridderbos (1960:194) en Hendriksen (1974:128) wys tereg die verklaring van Dibelius, Wagenführer en Bornkamm af wat σῶμα τοῦ Χριστοῦ hier as die kosmos wil verstaan. Die dwaalleer gaan immers nie om die kosmos nie, maar om wat vir die gemeente die beste sou wees.

Die sterk polemiese gedagte teenoor die dwaalleraars is: in Christus het die gemeente en elke individuele lid alles. Enige toevoeging, selfs al het dit met engele en visioene te doen (vs 18), doen afbreuk aan die groei van die liggaam, omdat die band met Christus, wat die Bron van die groei is, aangetas word. Dit herinner aan die woorde van Jesus in Johannes 15:1-5 wat ook beklemtoon dat sonder die innige gemeenskap met Christus alles tevergeefs is.

Om te groei met Goddelike groei (αὔξει τὴν αὔξησιν τοῦ Θεοῦ) kan hier opgevat word as kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe groei, omdat hier sprake is van die omvattende sin van groei, wat God alleen kan gee. Die werklike saak in hierdie vers is egter dat enige ware groei alleen kan voortvloei uit 'n innige gemeenskapsverhouding met Jesus Christus self.

Die groei hang egter ook saam met die ondersteuning en saambinding wat die ligamente (ἁφῶν) en die spiere (συνδέσμων) verskaf. Waarskynlik wil Paulus met hierdie beeld uit die destydse anatomie dieselfde gedagte as in Ef 4:16 (vgl. bo pt. 5.9.) na vore bring. Dit is dat die voorgangers in die gemeente vergelyk kan word met die funksie van die gewrigte en spiere in die menslike liggaam. Hulle funksie is tweërlei: 'n koördinerende en 'n voedende (ondersteunende) funksie. Die fokus van Kol 2:19 is egter op die allesoortreffende heerlike genoegsaamheid van Christus. Daarom sou hieruit afgelei kan word dat die voorgangers se funksie moet wees om nie self op die voorgrond te tree, met wêreldse gesag, populariteit en hiërargie nie (soos wat juis by die dwaalleraars gebeur, vgl. die φυσιούμενος ὑπὸ τοῦ νοὸς τῆς σαρκὸς αὐτοῦ in vs. 18). Die voorgangers moet immers die liggaam so dien dat Christus self hoe langer hoe meer in die lewens van gelowiges gestalte kry. Dit sluit aan by die bevinding in punt 5.2. dat groei ten diepste daarin bestaan dat Christus meer word en ons minder. Daarom het Velema (1966:13) gelyk wanneer hy in verband met Kol 2:19 konkludeer: "De groei van het liggaam betekent bevestigd en opgebouwd te worden in Hem, meer zien van het heil in Christus, ook meer vastheid in Hem vinden en toenemen in levensheiliging". Die funksie van die voorgangers is om te dien tot groei van so 'n aard.

GEVOLGTREKKINGS:

5.11.1. Christus self is die bron van alle groei in sy liggaam.

5.11.2. Ware groei kan alleen plaasvind waar daar in 'n innige persoonlike geloofsgemeenskap met Jesus Christus geleef word.

5.11.3. Ware groei kan alleen plaasvind waar die voorgangers in die vervulling van hulle funksie die liggaam so dien dat die allesoorteffende

heerlikheid en genoegsaamheid van Christus vir die gelowiges 'n groeiende realiteit in hulle lewens word.

5.11.4. Dwaalleer benadeel die groei van die kerk omdat dit ten diepste die gelowiges vervreem van Jesus Christus self wat die Bron van alle groei is.

2.3.5.12. 1 PETRUS 2:2

Die gedagtegang van hierdie perikoop is reeds behandel (vgl. hfst. 2:2.5.14.). Dit is egter nodig om die betekenisnuanse van groei hier reg te verstaan en daaruit gevolgtrekkings vir die sentrale tema van hierdie studie te maak. Daarvoor moet die aandag gevestig word op die gedagtegang van die vorige perikoop (1 Pt 1:17-25). Daar het Petrus gewys op die krag van die Woord waardeur mense wedergebore word (vgl. ἀνγεγεννημένοι ... διὰ λόγου ζῶντος in vs. 23). Nou word hierby aangehaak en met dieselfde beeld van die geboorte van 'n baba beklemtoon dat gelowiges alleen deur verdere verdieping in hierdie Woord sal groei tot groter volwassenheid. Nuwe gelowiges is tog soos babas: hulle is swak en kan moeilik weerstand bied teen die boosheid wat op hulle aanstorm (vgl. die hele katalogus wat in 2:1 opgenoem word).

Vers 1 en 2 vorm 'n hegte eenheid deurdat vers 2 die positiewe teenpool stel van die negatiewe in vers 1, en die hoofwerkwoord (ἐπιποθήσατε) ook eers in vers 2 aan die orde kom. Die strekking is dus: "Terwyl julle die slegte dinge van die verlede laat staan, moet julle smag na die onvervalste melk van die woord sodat julle deur dit alles (ἵνα verwys ook terug na die aksie in vers 1) kan groei. Vers 1 noem dit wat afgelê moet word en ἀποθέμενοι (die aor. part. van ἀποτίθημι het hier die drakrag van 'n bevel) het die betekenis van 'n radikale breuk met die lewenstyl van die heidense

verlede ('n woord wat meermale gebruik word om die veranderingsproses in die lewe van iemand wat tot bekering gekom het te beskryf, bv. ἀπόθεσθαι in Ef 4:22 en word ook gebruik om die uittrek van kledingstukke te beskryf).

Maar die weg van die nuwe gelowige is werklik nie net negatief in hierdie sin dat hy allerhande dinge moet laat staan nie. Die weg is bo alles positief: hy moet smag (ἐπιποθήσατε druk 'n sterk begeerte uit) na die onvervalste melk van die Woord. Die implikasie is dat hy sal toeneem in kennis en insig, maar juis ook in lewende gemeenskap met God, wat die Outeur van die Woord is (juis daarom kom die πρὸς ὃν προσερχόμενοι in vs. 4 wat die gedagte van persoonlike gemeenskap opneem).

Die doel (ἵνα) is om te groei. In die lig van die noue band met vers 1 moet αὐξηθῆτε hier as kwalitatiewe groei verstaan word. Kwalitatiewe groei gaan dus gepaard met 'n lewe van heiligmaking. Maar hierdie kwalitatiewe groei het juis weer die verdere doel (ὅπως ... ἐξαγγείλητε in vs.9) dat die gelowiges die deugde van God in die wêreld sal proklameer. Hierdie perikoop bring dus na vore dat kwalitatiewe groei en lewensheiliging daarop gerig is om die gelowiges toe te rus om getuies van God se reddende genade te wees. So gesien is kwalitatiewe groei gerig op kwantitatiewe groei.

> Dit is merkwaardig dat Petrus in die volgende perikoop die belang van 'n heilige lewenswandel onder die heidene beklemtoon, sodat laasgenoemde daardeur gedring kan word om God te verheerlik (vgl. vs 12).

Die feit dat die groei genoem word 'n groei εἰς σωτερίαν het ook bepaalde implikasies vir die betekenisnuanse van groei. Dit moet hier in eskatologiese sin verstaan word, soos wat Petrus reeds in 1:5 en 9 duidelik gemaak het: dit lê gereed en wag vir die gelowiges wat dit reeds in die geloof met 'n lewende verwagting (1:13) besit, maar dit eers aan die einde werklik sigbaar in ontvangs sal neem.

Hierdie eskatologiese konnotasie van σωτέρια het die implikasie dat ook die groei, wat daarop gerig is, in 'n eskatologiese spanningsveld te staan kom. "De stuwing naar het eind zit er in" (Velema, 1960:17). Die finale verkryging van die saligheid is dus ook nie denkbaar sonder hierdie groei nie. Die groei is noodsaaklik met die oog op die eskatologiese in-ontvangs-neem van die saligheid en dit is moontlik deur die Woord. Die Woord waardeur mense wedergebore word om erfgename van die saligheid te wees, is ook die middel waardeur hulle verder groei in hierdie interim-tydperk om met vrymoedigheid teenoor die wêreld te kan getuig van hoe hulle erfgename van die saligheid geword het (vs. 9 en ook 3:12) en om aan die einde waardige ontvangers van die saligheid te kan wees.

GEVOLGTREKKINGS

5.12.1. Groei vind deur die Woord plaas.

5.12.2. Groei bestaan daarin dat die gelowige hoe langer hoe meer die ou sondige lewenstyl van sy vorige lewe sonder Christus aflê en toeneem in sy kennis van die Woord en sy innige persoonlike gemeenskap met God.

5.12.3. Die doel van groei in hierdie lewe is om al meer, met woorde en dade, in die wêreld 'n vrymoedige getuie van God se reddende genade te kan wees.

5.12.4. Die finale doel van intensiewe groei is om met die wederkoms van Christus waardige erfgename van die saligheid te kan wees.

HOOFSTUK 5

EKSEGETIESE ONDERSOEK NA DIE VERHOUDING TUSSEN GEMEENTEOPBOU EN EVANGELISERING SOOS WAT DIT BLYK UIT DIE BETEKENIS VAN οἰ ἔξω EN STAMVERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

1. Motivering vir die keuse van οἱ ἔξω 120

2. Semantiese velde van οἱ ἔξω in die Nuwe Testament. 120

3. Kontrastering met semanties verwante woorde in die Nuwe Testament. 121

4. Implikasies vir die betekenis van οἱ ἔξω vanuit 'n diakroniese studie van die woord. 122

5. Die gebruik οἱ ἔξω in enkele sleutelgedeeltes van die Nuwe Testament. 124

   5.1. Motivering vir keuse van sleutelgedeeltes. 124

   5.2. Markus 4:11. 124

   5.3. 1 Korintiërs 5:11-13. 125

   5.4. Kolossense 4:2-6. 128

   5.5. 1 Tessalonisense 4:12. 131

   5.6. 1 Timoteus 3:7. 133

6. Samevattende gevolgtrekkings in die lig van hoofstukke 2 tot 5. 136

1. MOTIVERING VIR NAVORSING OOR οἱ ἔξω

Die tema van hierdie studie hou hom besig met die *verhouding* tussen die bewaring en die vermeerdering van die kerk volgens die Nuwe Testament. Dit bring telkens twee vrae na vore: *Hoe word die kerk se gerigtheid na binne beïnvloed deur sy gerigtheid na buite?* En andersom: *Hoe behoort die kerk se innerlike kwaliteit te wees met die oog op sy gerigtheid na buite?* Die antwoord op hierdie vrae lê stellig in 'n studie en weergawe van woorde wat die verhouding van gelowiges tot diegene buite die gemeente beskryf.

Verskeie sendingwetenskaplikes en Nuwe-Testamentici (Kritzinger, 1974:286; Van Swigchem, 1955:59; Behm, 1964:575) wys daarop dat οἱ ἔξω 'n kardinale tegniese term in die Nuwe Testament geword het ter aanduiding van diegene wat buite die kring van die Christelike gemeente staan. Daarom is dit 'n begrip wat 'n belangrike plek beklee wanneer die totale gerigtheid van die kerk na buite (sending in die mees omvattende sin van die woord) ter sprake kom. Dit is dus ook voor die-hand-liggend dat die betekenis van hierdie woord in die Nuwe Testament binne die bestek van hierdie studie aandag sal ontvang.

2. SEMANTIESE VELDE VAN οἱ ἔξω IN DIE NUWE TESTAMENT

Die studie van die semantiese velde van οἱ ἔξω in die Nuwe Testament volg hoofsaaklik die nuwe woordeboek van Louw en Nida (1988 (2):93, en (1): 715, 723,) om algemene hipoteses te stel, wat dan later met selfstandige eksegese (vgl. hfst. 2:2.) getoets sal word.

Hiervolgens word ἔξω en verwante woorde in vier semantiese velde gebruik:

(1) Dit dui ruimtelike posisie aan, en in hierdie semantiese veld kom ἔξω in die subveld voor wat "buite" aandui (Louw en Nida, 1988 (1): 715).

(2) Dit dui afstand aan in die sin van "weg" of "verwyder", en in hierdie semantiese veld kom ἔρχω in die subveld voor wat verwydering na 'n doel aandui (Louw en Nida, 1988 (1): 723).

(3) Dit dui "'n liggaam", "liggaamsdele", en "liggaamsprodukte" aan, en in hierdie semantiese veld kom ἔρχω as 'n deel van die uitdrukking ὁ ἔρχω ἄνθρωπος in die subveld "liggaam" voor (Louw en Nida, 1988 (1):94).

(4) Dit dui (saam met die lidwoord) 'n kategorie of groep van mense aan, en in hierdie semantiese veld word ὁ ἔρχω - en die wisselvorm ὁ ἐρχόμενος wat 'n sinoniem is - in die subveld "algemeen" ingedeel;(Louw en Nida 1988, (1):122).

> Dit is opvallend dat Louw en Nida die enkelvoud ὁ ἔρχω gebruik, terwyl slegs die meervoud οἱ ἔρχω in die Nuwe Testament voorkom.

Die aard van hierdie studie hou in dat slegs semantiese veld (4) relevant is. Die ondersoek bly dus beperk tot teksgedeeltes waar ἔρχω in hierdie betekenis gebruik word, om daaruit vas te stel watter lig dit werp op die verhouding tussen die kerk se gerigtheid na binne en sy gerigtheid na buite.

3. KONTRASTERING MET SEMANTIES VERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

'n Kontrastering van οἱ ἔρχω met verwante woorde in dieselfde semantiese veld - veral met οἱ ἔσω wat die antoniem van οἱ ἔρχω is - bring duidelik aan die lig dat οἱ ἔρχω dui op 'n kategorie van mense wat nie lede van daardie kategorie van mense is vanwaaruit na hulle gekyk word nie. Die οἱ ἔρχω het dus die betekenis van "buitestaanders" (Louw en Nida, 1988 (1):123). Saaklik is die uitdrukking ὁ ἔχων ὦτα ἀκουέτω - wat in Mt 13:9 die gelowiges aandui en wat in al sewe die briewe in Openbaring 2 en 3 geëggo word ook 'n belangrike semanties verwante kontrastering van οι ερω.

So is ook die ἀδελφοί van 1 Tessalonisense 4:1 en 10 die kontrasterend semanties verwant met ὅι ἔξω.

4. IMPLIKASIES VIR DIE BETEKENIS VAN ὅι ἔξω VANUIT 'n DIAKRONIESE STUDIE VAN DIE WOORD

Klassieke Grieks gebruik ὅι ἔξω in die betekenis van posisie en afstand, maar ook om 'n bepaalde kategorie van mense aan te dui in die sin van "bannelinge" (Liddell en Scott, 1968:600) of "vreemdelinge" (Behm, 1964:575, wat hiervoor verwys na Thuc., V, 14, 3;). Die woord ἔξω word egter nooit in Klassieke Grieks gebruik om 'n godsdienstige of kultiese kategorie aan te dui nie, en dit was hoegenaamd nie in Klassieke Grieks deel van kultiese of religieuse woordeskat nie.

In die **Septuaginta** word ὅι ἔξω en die werkwoord ἐξῶσαι (die aoristusvorm van ἐξωθεῖν) gebruik om die Hebreeuse woorde "bar", "guz", "palzot" en "mibaladee" te vertaal. Dit word dikwels gebruik om plekke of kategorieë van besondere kultiese en religieuse betekenis aan te dui. So meld Lev 4:12 van 'n spesifieke plek *buitekant* die laer (ἔξω τῆς παρεμβόλης) waar die sondofferbul se liggaam en mis verbrand moet word. Iemand wat onrein was, moes *buitekant* die laer (εξω της παρεμβολης) bly (Deut 23:10); vreemde gode en afgodsbeelde wat uit die tempel verwyder is, moes *buitekant* die stad uitgewerp (ἐξωθεν τῆς πολέως) word (2 Kron 33:15); en 2 Sm 14:14 meld van die buitestaanders as 'n kategorie van mense wat "*verstotenes*" genoem word - wat God van Hom af sal wegstoot (ἐξωσαι ἀπ αὐτου ἐξεωσμένον)

Die **Rabbynse geskrifte** praat van die boeke wat nie kanoniek is nie, as die "soferim hagizunim" en sê dat iemand wat daarin lees, geen deel in die toekomstige wêreld het nie (Sanh 10, 1: R. & Aqiba soos aangehaal deur Strack en Billerbeck, 1974:7). Diegene wat kultiese praktyke skend, en nie

die *halaka* van die skrifgeleerdes wil aanvaar nie, word gereken tot die kategorie van "hagizunim" (die Hebreeus vir ὁι ἔξω; vgl. Strack en Billerbeck, 1974:7 en ook Meg., 4,8, soos aangehaal deur Behm, 1964:576) en ook van hulle geld dat hulle geen deel in die toekomstige wêreld het nie.

Die **Na-Apostoliese literatuur**, soos in 2 Clemens 13,1 (vgl. Van Unnik, 1964:221 en Behm, 1964:576), gebruik ὁι ἔξω vir die kategorie van mense wat nie tot die gemeente behoort nie maar wat moontlik deur die getuienis van die gemeente bereik kan word. In hierdie literatuur is ὁι ἔξω ook 'n ander manier om die heidene wat nog buite die invloedsfeer van die evangelie staan, aan te dui. Van Unnik (1964:223) toon duidelik aan dat die verwysing na die ὁι ἔξω se waarneming van, oordeel oor, en moontlike reaksie op die lewenstyl en optrede van die gelowiges 'n duidelik motief in die paranetiese gedeeltes van verskeie Na-Apostoliese geskrifte is. Christene moes veral daarop bedag wees dat die Naam van die Here nie deur hulle optrede onder die heidene (of buitestaanders) gelaster word nie (Van Unnik, 1964:224).

GEVOLGTREKKINGS

4.1. 'n Diakroniese studie van ὁι ἔξω toon duidelik aan dat die woord ὁι ἔξω sy religieuse betekenis aan die Hebreeuse Ou Testament, die Septuaginta en die Rabbynse geskrifte ontleen het.

4.2. Dit is ook duidelik dat, veral by die vroeë kerk, die gelowiges se missionêre gerigtheid op die buitestaanders beduidende invloed gehad het op hulle lewe in die gemeente en hulle totale lewenswyse as kerk in die wêreld.

5. DIE GEBRUIK VAN ὁι ἔξω EN STAMVERWANTE WOORDE IN ENKELE SLEUTELGEDEELTES VAN DIE NUWE TESTAMENT

5.1. MOTIVERING VIR KEUSE VAN SLEUTELGEDEELTES

Die byvoeglike naamwoord ἔξω word 65 keer in die Nuwe Testament gebruik (vgl. Wigram en Winter, 1972:1849, wat gebaseer is op die Textus Receptus en daarom Mt 10:14; Jh 18:29; en Hd 28:16 weglaat maar Lk 24:50; Hd 5:23; Op 11:2; 14:20 byvoeg; vgl. ook Arndt en Gingrich, 1974:279; Moulton, 1974:349, wat Mt 10:14; Jh 18:29; en Hd 28:16 byvoeg maar Lk 24:50; Hd 5:23 Op 11:2 en 14:20 weglaat). Dit gebeur slegs vier keer dat ἔξω die betekenis van 'n selfstandige naamwoord in ὁι ἔξω kry; slegs een maal kry ἔξωθεν die betekenis van 'n selfstandige naamwoord in ὁι ἔξωθεν. Al vyf hierdie teksgedeeltes sal vervolgens nou ondersoek word.

5.2. MARKUS 4:11

Hierdie vers kom voor in die perikoopgedeelte 4:10-13, waar Jesus aan sy dissipels sy doel met die vertel van gelykenisse verduidelik. Daar was die pertinente vraag van die dissipels na die gelykenisse (vs. 10; vgl. ook die par. in Mt 13:10 waar dit pertinent as 'n vraag gestel word oor die motief agter die vertel van gelykenisse). Jesus antwoord toe dat dit aan die dissipels gegee is om die geheimenis van die koninkryk van God te verstaan, maar aan die wat buite is (ἐκεῖνος δὲ τοῖς ἔξω) word alles in die vorm van gelykenisse gegee.

Die aanhaling uit Jesaja 6:9-10 wat direk hierna volg, toon aan dat die τοῖς ἔξω duidelik gelykgestel word aan die ongelowige en ongehoorsame volk oor wie die oordeel van verharding uitgespreek word (Ridderbos, 1972:123): sodat hulle nie die geheimenis van die koninkryk van God verstaan nie. Die geheimenis van die koninkryk is die vervulling van die heilsbeloftes wat in

die persoon van Jesus Christus 'n werklikheid geword het (Ridderbos, 1972:121), al het dit nog nie ten volle in vervulling gegaan nie (vgl. Ladd, 1975:93 - wat verhelderend praat van "fulfillment without consumation"). In die lig van hierdie hele konteks kan οἱ ἔξω verstaan word as die teenpool van οἱ μαθηταὶ (Van Swigchem, 1955:59 en Behm, 1964:576). Dit is ook opvallend dat Lukas in sy weergawe van hierdie woorde οἱ λοιποὶ in die plek van Markus se οἱ ἔξω gebruik, en eersgenoemde is in die briewe 'n begrip ter aanduiding van diegene wat buite die heil in Christus staan (Rm 11:7; Ef 2:3; 1 Ts 4:13 en 5:6). Die wat buite is, is dus: die wat buite die verlossingswerk van Jesus Christus staan omdat hulle ongelowig is. Die gebruik van τοῖς ἔξω om die ongelowiges buite die koninkryk van God aan te dui, maak die moontlikheid oop om οἱ ἔξω in die briewe ook as ongelowiges te verstaan.

GEVOLGTREKKING

5.2.1. In Markus 4:11 het οἱ ἔξω die betekenis van die ongelowiges wat buite die heil in Christus staan en nie deel aan die koninkryk van God nie het nie.

5.3. 1 KORINTIËRS 5:12 en 13

Die verband van hierdie teksgedeelte (1 Kor 5:9-13) is die oproep aan die gemeente om tug toe te pas deur die verbreking van gemeenskap met gemeentelede wat hulle soos ongelowiges en goddelose mense gedra (vgl. die μὴ συναναμίγνυσθαι ἐάν τις ἀδελφὸς ὀνομαζομενος in vs 11.). Diegene wat nie tot die gemeente behoort nie, waaroor Paulus geen oordeel kan uitspreek nie maar aan God oorlaat, word dan in vers 12 en 13 τούς ἔξω genoem; hulle staan juis teenoor τοὺς ἔσω (die wat tot die sigbare gemeente behoort) wat deur die gemeente beoordeel moet word, sodat die skyngelowiges uit die

gemeenskap van die gemeente verwyder (ἐξάρατε ἐξ ὑμῶν) kan word.

Die sterk vermaning tot heiligmaking en die morele suiwering in lewenswandel waartoe die gemeente gemaan word, maak dit duidelik dat daar - wat heilige lewenswandel betref - 'n duidelike skeiding en onderskeid tussen die gemeente en die buitestaanders behoort te wees. Die skyngelowiges wat hulleself broers noem, maar dit nie met 'n rein lewenswandel bevestig nie, moet juis deur die toepassing van die tug ook beskou word as behorende tot dieselfde kategorie van ongelowiges buite die gemeente. Skyngelowiges wat tot die kring van οἱ ἔσω behoort, moet deur die tugtoepassing daartoe kom om tot οἱ ἔξω te behoort. Wanneer Paulus uitdruklik beveel dat tafelgemeenskap met hulle verbreek moet word (τῷ τοιούτῳ μηδὲ συνεσθίειν), sluit dit die viering van die nagmaal in, wat in die vroeë kerk by uitnemendheid die teken van eenheid was (Bruce, 1971:58).

> Jager (1974:119) meen dat die nagmaal nie hierby ingereken word nie, maar gee geen bewysvoering vir sy standpunt nie. In die lig van die sterk uitspraak aan die slot van vers 13 (dat die slegte mens verwyder moet word) is dit voor-die-hand liggend dat die nagmaal wel ingesluit moet word.
>
> Die standpunt van Van Swigchem (1955:85) - dat die gelowiges nie verbied word om met die buitestaanders kontak te maak of om saam met hulle te eet nie, en dat μηδὲ συνεσθίειν op 'n intensiewer vorm van gemeenskap as 'n gewone saameet dui - maak logies sin in die lig daarvan dat Paulus pertinent in vers 10 verduidelik dat dit onmoontlik is om alle kontak met die ongelowige wêreld te verbreek. Die woorde μὴ συναναμίγνύσθαι sien op intieme vertoulike omgang (Jager, 1974:116). Slegs sodanige koinonia word verbied wat die gelowiges dwing om hulle lewensheiliging te versaak (vgl. ook 2 Kor 6:14 e.v.; en 2 Ts 3:14).

Diegene wie se gemeenskap met die gemeente deur een of ander aanstootlike optrede verbreek is, is nou in dieselfde kategorie as die ongelowige heidene: buite die gemeente. Die bevel om die slegte mens uit hulle midde te verwyder (ἐξάρατε τὸν πονηρὸν ἐξ ὑμῶν αὐτῶν) is 'n direkte aanhaling van Deut 17:7; 19:19 en 22:21,24 uit die Septuaginta behalwe dat laasgenoemde die enkelvoud imperatief ἐξάρεις gebruik. Dit is 'n bevel om ongeloof en

onsedelikheid op die mees drastiese manier uit die gemeenskap van die Here se volk te weer.

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat Paulus so bedag was op die morele suiwerheid onder die gelowiges omdat hulle andersins 'n blaam op die evangelie en die kerk en ten diepste op die Here self kon bring (vgl. ook 1 Kor 10:32,33; 1 Ts 4:12; Ef 5:11; Kol 4:5; Tit 3:8; vgl. Jager, 1974:121 en ook Van Swigchem, 1955:59, 84, 86, waar sy konklusie is: "De gemeente moet zich bij al haar doen en laten ervan bewust zijn dat de buitenwereld op haar let"). Dit lê ook hier op die agtergrond wanneer Paulus in vers 1 die gemeente met die heidene vergelyk (Bruce, 1971:54) en ook pertinent daarop wys dat die buitestaanders nie veroordeel mag word nie (τί γάρ μοι τοὺς ἔξω κρίνειν; beteken nie maar net dat die buitestaanders nie voorwerp van kerklike tug kan wees nie, maar ook dat die gelowiges nie die reg het om hoogmoedige oordele te vel nie en steeds ootmoedig moet bly in die lig daarvan dat alles wat hulle het, in elk geval genade is; vgl. 1 Kor 4:5 en 7).

Die grondliggend missionêre motief in hierdie perikoop maak dit duidelik dat die liefdevolle dog nougesette handhawing van die kerklike tug die gemeente in sy missionêre werfkrag versterk. (Vir 'n parallel kan gelet word op Hd 5:1-14, waar die ingrypende tug van God self - deur die skokkende dood van Ananias en Saffira - tog juis daarop uitloop dat "baie mense wat in die Here geglo het, mans sowel as vroue, algaande by hulle getal gevoeg" is.)

GEVOLGTREKKINGS

5.3.1. Die gemeente word sterk vermaan om, wat heilige lewenswandel betref, 'n duidelike skeiding en onderskeid tussen hulleself en die buite-

staanders sigbaar te laat word.

5.3.2. Daarom is nougesette toepassing van die kerklike tug in die gemeente belis noodsaaklik, want dit openbaar nie net die andersheid tussen die gemeente en die buitestaanders duidelik nie, maar versterk ook die gemeente se missionêre krag.

5.3.3. Diegene wie se gemeenskap met die gemeente deur een of ander aanstootlike optrede verbreek is, is nou in dieselfde kategorie as die ongelowige heidene en daarom voorwerpe vir sending.

5.4. KOLOSSENSE 4:2-6

Hierdie teksgedeelte vorm die slot van die huistafels, waar Paulus besig is om sy brief met algemene vermaninge af te sluit (Carson, 1968:95; Hendriksen, 1974:1878; De Boor, 1969:275; Ridderbos, 1960:233). Dit is merkwaardig hoe die bewaring en die vermeerdering van die kerk in hierdie vermaninge 'n onskeibare eenheid vorm.

Aan die een kant skemer die grondliggende missionêre motief telkens deur. Dit lê alreeds daarin dat Paulus voorbidding vra dat God vir hom 'n deur vir die Woord sal oopmaak om die geheimenis aangaande Christus te kan verkondig. Die genitief θύραν τοῦ λόγου moet as 'n aanduiding van die doel van die deur verstaan word, omdat Paulus meermale hierdie uitdrukking gebruik om van *geleenthede vir evangelieverkondiging* in sendingsituasies gewag te maak (vgl. 1 Kor 16:9; 2 Kor 2:12; vgl. ook Hd 14:27 en Op 3:8). Daar is ook aanduidings dat hy meermale juis in gevangenskappe (δι' ὃ καὶ δέδεμαι) besondere oop deure vir die verkondiging van die geheimenis van Christus ontvang het (vgl. Hd 16:24-31; 28:30, 31). Ook die uitdrukking λαλῆσαι τὸ μυστήριον τοῦ Χριστοῦ het 'n sterk missionêre ondertoon, soos

wat Van Swigchem (1955:206) met 'n veelheid van argumente aantoon.

Die missionêre visie in hierdie gedeelte staan veral sterk voorop wanneer Paulus verder die gelowiges vermaan om met wysheid op te tree teenoor die οἱ ἔξω - wat hier duidelik dui op diegene wat nie tot die kring van die gemeente behoort nie (Hendriksen, 1974:182; Van Swigchem, 1955:59; De Boor, 1969:278 en Ridderbos, 1960:235, wat τοὺς ἔξω tipeer as "degenen die nog voor Christus gewonnen moeten worden"). Daar moet naamlik met wysheid teenoor hulle opgetree word, (περιπατεῖτε het die strekking van algemene gedrag en optrede) en die beste gebruik gemaak word van elke geleentheid om hulle te wen. Die missionêre gerigtheid op die buitestaanders kom ook aan die lig in die gebruik van die woord καιρὸς wat 'n eskatologiese geladenheid dra - "nóg bestaat de gelegenheid, de aards levenstijd, wij weten niet hoe lang nog, vgl. Rom. 13:11; 1 Kor. 7:29; Gal. 6:10; Eph. 5:16. Deze gelegenheid zal nu moeten worden 'te baat genomen'..." (Ridderbos, 1960:235).

Jesus het in sy uitsendingsrede sy dissipels vermaan om taktvol en diplomaties te wees (Mt 10:16, 17); dit doen Paulus eweneens hier. Die regte woord moet op die regte tyd gespreek word. So loop die gedagtegang spontaan uit op die gelowiges se manier van praat. Hulle woorde moet van vriendelikheid (ἐν χάριτι) en goeie smaak (ἁλατι ἠρτυμένος) getuig, sodat hulle kan weet hoe hulle elkeen moet antwoord.

> Ervare sendelinge, evangelisasiewerkers en sendingwetenskaplikes onderstreep vanuit hulle eie ervaring die groot belang daarvan om nie met liefdelose, onbedagte woordkeuse en op ongeleë tye, mense eerder 'n renons in die evangelie te gee as om hulle vir Christus te wen nie. Guder (1985:157) praat tereg van "... earning the right to be heard... " en lê klem op die feit dat die gelowiges in hulle optrede 'n voortgesette inkarnasie van Christus moet wees. Miller (1980:79) wys daarop dat gelowiges moet bid vir die vermoë "to present the gospel with humble gracious authority of an ambassador of Christ". (Vgl. ook Aldrich, 1981:18 e.v. en McPhee, 1978:74 e.v.)

Aan die ander kant is al hierdie vermaninge steeds deel van die praktiese

uitspel van hoe 'n totale lewe tot eer van God moet lyk 3:17). Die primêre motief is nie die missionêre motief nie, maar die eer van God in Jesus Christus. Daarom kan dieselfde vermaninge in 'n meer algemeen paranetiese raamwerk in Efesiërs 4:17-5:21 uitgespel word.

> Van Unnik, (1964:228) meen - welbewus anders as verskeie kommentare - dat Kol 4:5 nie 'n missionêre motief nie, maar 'n algemeen Christelik etiese lewenskode ten grondslag het. Hy grond sy interpretasie op 'n onbewese uitgangspunt dat die brief aan die Efesiërs die eerste kommentaar op *Kolossense* was en dat *Efesiërs* die missionêre motief weggelaat het. Hierdie argument dat *Efesiërs* 'n kommentaar op *Kolossense* sou wees, kan egter nie opgaan nie, omdat geen bewyse daarvoor bestaan nie. Vleugels en Coetzee (1988:42 e.v.) het aangetoon dat die sinoptiese verhouding tussen Efesiërs en Kolossense veel ingewikkelder is. Verder is dit selfs ook moontlik om 'n dieperliggende missionêre motief in Ef 4:17-5:21 aan te toon (vgl. hiervoor Ef. 4:17 wat die paranetiese gedeelte in *Efesiërs* inlui en juis dadelik vermaan om nie langer te περιπατεῖν καθὼς καὶ τὰ ἔθνη περιπατεῖ nie. Dit is duidelik dat die apostel baie bewus was van die oordeel van diegene wat buite die kring van die gemeente staan en telkens die gelowiges vermaan om met hulle goeie werke hulle naaste vir Christus te wen. (Vgl. ook die proefskrif van Roels, 1962, veral. p. 228-295.)

In die lig daarvan dat die vermaninge in Kol 2:2-6 so 'n duidelike missionêre motief as ondertoon het, word die hele paranese in die konteks van die koms van die koninkryk geplaas. Dit veroorsaak dat daar die duidelike implikasie is dat 'n kerk wat hierdie missionêre visie mis, juis ook in sy waardige lewenswandel 'n hele stuk motivering mis. 'n Kerk wat die missionêre gerigtheid op die wêreld mis, sal ook skade lei aan innerlike groei en opbou en die nodige motivering om werklik aan God toegewy te lewe.

GEVOLGTREKKINGS

5.4.1. Kolossense 4:2-5 bevat 'n grondliggend missionêre motief wat die hele paranese in die konteks van die koms van die koninkryk plaas.

5.4.2. Deur die aandag te vra vir ὁι ἐξω en te beveel dat met die oog op hulle in wysheid opgetree moet word, word die missionêre roeping van die kerk onderstreep, maar juis ook die vermaning tot 'n algemene lewenswandel tot eer van God verskerp.

5.4.3. Kerke wat 'n missionêre visie en dryfkrag mis, lei groot skade aan motivering tot 'n heilige lewenswandel voor God.

5.5. 1 TESSALONISENSE 4:12

Paulus is in 1 Tessalonisense 4:1-12 besig om die Tessalonisense te herinner daaraan om volkome aan God toegewy te lewe. Kyk maar na die περιπατεῖν καὶ ἀρέσκειν Θεῷ (vs. 1); die τοῦτο γάρ ἐστιν θέλημα τοῦ Θεοῦ, ὁ ἁγιασμὸς ὑμῶν (vs 3); die ὑμεῖς Θεοδίδακτοί ἐστε εἰς τὸ ἀγαπᾶν ἀλλήλους (vs. 9); en die vermaning om rustig te lewe, hulle met hulle eie sake besig te hou en in hulle eie lewensonderhoud te voorsien (vs. 11). Let ook op Hendriksen (1955:106), wat hierdie perikoop aldus opsom: "Exhortation. Paul writes to the Thessalonians exhorting them how they should conduct themselves".

Die samevatting en doel van die vermaninge staan in vers 12. (Die vermaning loop veral van vs. 9 af, maar dit is saaklik ook moontlik om die ινα in vs. 12 selfs te laat terugslaan op die hele hoofstuk van vs. 1 af; vgl. ook Hendriksen, 1955:107; Hiebert, 1971:184, meen dat ἵνα slegs na καὶ ἐργάζεσθαι terugverwys). Hulle moet naamlik περιπατητε ευσχημονος προς τους εξω.

> Die καὶ μηδενὸς χρείαν ἔχητε kan grammaties epeksegeties verstaan word en dan die betekenis hê van: "deur van niemand afhanklik te wees nie". Maar dan word die welvoeglike lewenswandel vereng tot harde werk met die oog op materiële onafhanklikheid. In die lig daarvan dat verse 10-12 een deurlopende sin is, is dit meer aanvaarbaar om die καὶ as neweskikkend op te neem. Dan word 'n gevolg aangedui: "... en julle sal van niemand afhanklik wees nie". Harde werk met die oog op materiële onafhanklikheid is dan wel een aspek van die eerbare leefwyse, maar ook die broederliefde waarin hulle volgens vers 9 en 10 nog meer oorvloedig moet word. Voorts is dit ook belangrik om in gedagte te hou dat Paulus elders aan περιπατῆτε εὐσχημόνος 'n ruimer en meer algemene betekenis gee, bv. in Rm 13:13 waar dit teenoor 'n lewe van drinkery, uitspattigheid, ontug, onsedelikheid, rusie en jaloesie gestel word en in 1 Kor 14:40 waar dit saam met κατὰ τάξιν gebruik word.

Die οἱ ἔξω is hier ook duidelik diegene wat nie deel van die kring van die gemeente vorm nie. Die gelowiges moet so lewe dat hulle nie met hulle lewe

(veral hulle beroepslewe en materiële onafhanklikheid) die buitestaanders aanstoot gee en op die manier 'n vlek bring op die Here wat hulle aanbid en vir wie hulle die buitestaanders wil wen nie. Van Unnik, (1964:228) vat die betekenis van hierdie vers korrek saam wanneer hy in verband daarmee skryf: "Die Mitglieder der Gemeinde sollen in ihrem Verhältnis zu drauszen, mit Rücksicht auf die Ausenstehenden, die Nicht-Christen, ein Leben in guter Ordnung führen". Terwyl welvoeglikheid saam met orde (τάξις) in 1 Korintiërs 14:40 gebruik word, is die motivering van 1 Kor 14:33 ook hier van toepassing: "God is tog nie 'n God van wanorde (ἀκαστάσιας) nie maar van vrede!" Die gemeente moet dus met hulle lewe πρὸς τοὺς ἔξω die karakter van die lewende God wat hulle aanbid, verkondig. Hiebert (1971:184) stel dit so: "Believers can never be indifferent to the impact produced by their example. For them to spend their time in idleness would bring discredit upon the cause of their Lord". Die missionêre motief kom sodoende weer by om besondere krag aan die vermaning tot 'n heilige lewenswandel te verleen. Aan die ander kant is dit ook duidelik dat die oorheersend teosentriese gerigtheid die hegte eenheid tussen die kerk se gerigtheid na binne en na buite waarborg.

Die missionêre ondertoon, wat in alle optrede en in alle situasies in ag geneem moet word, kom ook na vore in die volgende perikoop, waar die apostel pastorale troos in situasies van rousmart bied. Weliswaar word οἱ ἔξω met οἱ λοιποὶ vervang, maar saaklik beteken dit dieselfde. Wanneer Paulus die Tessalonisense maan om in omstandighede van rousmart nie te treur soos οἱ λοιποὶ οἱ μὴ ἔχοντες ἐλπίδα nie, is die implikasie baie duidelik: "Onthou, in alle omstandighede, te midde van alle situasies is die oë van die ongelowiges op julle gerig en moet julle steeds missionêre kerk wees, wat die lig en hoop en troos van die evangelie met optrede, woorde en dade moet verkondig". Daarom het Van Swigchem (1955:59) goeie

grond om so samevattend daarop te wys dat die buitestaanders die gemeente voortdurend omring en die gelowiges se gedrag beoordeel, en dat die gemeente dus te alle tye met hulle rekening moet hou: "Men kan, in aansluiting aan de locale betekenis (bv. in οἱ ἔξω τοπὸι) denken aan het beeld van een huis: Die buiten zijn, kunnen door de vensters hen, die binnen zijn, gadeslaan, en doen dit ook telkens onwillekeurig".

GEVOLGTREKKINGS

5.5.1. 1 Tessalonisense 4:1-12 bevat, met verwysing na πρὸς τοὺς ἔξω, die missionêre motief om die erns van die vermaning tot 'n heilige lewenswandel te onderstreep.

5.5.2. Gelowiges moet in hulle hele optrede, in alle situaies, gedurigdeur met die oordeel van die ongelowiges oor hulle gedrag rekening hou, en die lig en hoop en troos van die evangelie met hulle optrede, woorde en dade verkondig.

5.5.3. Die invoer van die missionêre motief in die paranese versterk die teosentriese gerigtheid van die ywer vir 'n heilige lewenswandel.

5.5.4. Juis die teosentriese gerigtheid van die kerk bind die bewaring en die vermeerdering van die kerk - wat deur middel van die gelowiges se lewenswandel moet plaasvind - in 'n hegte eenheid saam.

5.6. 1 TIMOTEUS 3:7

Die wisselvorm van οἱ ἔξω, naamlik οἱ ἔξωθεν (vgl. bo pt. 2.) word hier gebruik. 1 Timoteus 3:1-7 vorm 'n onderdeel van die hoofdeel van die brief (2:1-3:16) wat handel oor wat in 3:15 beskryf word as "hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God". Dit handel oor die ouderlinge of opsieners, meer bepaald oor die kwalifikasies waaraan hulle moet voldoen

(vgl. die εἴ τις ἐπισκοπῆς ὀρέγεται en die δεῖ οὖν wat die res van die gedeelte tot aan die einde van vs. 6 omvat en dan weer voortgesit word met δεῖ in vs. 7; vgl. ook Ridderbos, 1967:86; Groenewald, 1977:40; en Kelly, 1963:122).

Dit is opvallend dat die aangeduide kwalifikasies taamlik algemeen van aard is. Behalwe die bekwaamheid om te onderrig (διδακτικόν), in staat wees om eie huis goed te regeer (vs. 4 en 5), en nie 'n pasbekeerde nie (νεόφυτον), is al die ander veral sedelike kwalifikasies, waaraan elke gelowige behoort te voldoen. Die eis is egter dat diegene wat leiding in die gemeente gee, voorbeelde van godsvrug en 'n heilige lewenswandel vir die gelowiges en die buitestaanders moet wees (die προϊστάμενον in vss. 4 en 5 is waarskynlik dieselfde as die voorganger προϊστάμενος in Rm 12:8; vgl. ook 1 Tm 5:17; 1 Ts 5:12; 1 Pt 5:3 en Ridderbos, 1967:87). Die voorgangers in die gemeente is verteenwoordigers van die gemeente en moet daarom veral in die ongelowige wêreld te midde van die buitestaanders 'n voorbeeld van die geloofwaardigheid van die evangelie wees.

> Vir die aard van hierdie studie is dit nie wenslik om toe te tree tot die debat oor die afkoms, presiese aard en betekenis van ἐπισκοπή, ἐπίσκοπος en die verhouding van ἐπίσκοπος tot πρεσβύτερος nie. Ek aanvaar dat dat dit wel 'n amp in die kerk geword het en dat ἐπίσκοπος en πρεσβύτερος albei op die amp van ouderling dui. Ridderbos (1967:88) Groenewald (1977:40) en Kelly (1963:71) gee saam 'n baie volledige oorsig van die diskussie oor hierdie aangeleenthede.

Die representatiewe karakter van die voorgangers se posisie hou in dat Paulus met reg oor die voorgangers sê dat hulle 'n goeie getuienis τῶν ἔξωθεν moet hê. Die rede daarvoor (ἵνα) is ook belangrik: Hulle gedrag (voor hulle tot geloof gekom het of daarna) moet vir die buitestaanders geen rede wees om hulle te smaad of te verag (ὀνειδισμὸς) en hulle so in 'n strik van die duiwel laat val nie. Die uitdrukking "om in 'n strik van die duiwel te val" kan so opgeneem word: òf die voorganger self in een òf ander sonde geval het, òf dat hy in die strik beland het deurdat sy goeie naam in

gedrang gekom het. Hierdie vers benadruk veral die reputasie van die ouderling in die oë van die buitestaanders. Daarom kies ek saam met Ridderbos (1967:96) en Groenewald (1977:45) vir die verklaring wat παγιδα του διαβολου sien as 'n strik wat die duiwel vir die ouderling (en ook vir die gemeente) span deur die ouderling se goeie naam in oneer te bring. Dus: om nie aan die duiwel geleentheid te gee vir sy bose strikke nie, moet iemand met 'n slegte reputasie nie as ouderling oorweeg word nie. Die duiwel weet immers dat die wêreld die kerk oordeel aan sy voorgangers.

Die missionêre visie spreek hier mee in hierdie sin: onwaardige voorgangers met 'n slegte reputasie sal nie die buitestaanders aanmoedig om hulle aan die Here oor te gee en lede van sy gemeente te word nie, maar sal hulle eerder wegdryf (vgl. 1 Kor 10:32, 33; Flp 2:15; 1 Tm 6:1; Tit 2:5; vgl. ook Groenewald, 1977:45). Op hierdie manier sal die ryk van die Satan bevorder word. Van Swigchem (1955:90) het dus goeie grond om ten opsigte van 1 Tm 3: 7 te konkludeer: "Deze laatste plaats laat zien, hoe sterk in al deze uitdrukkingen het missionaire meespreekt: Het gaat om de kijk, die de *buitenstaanden* hebben op hen, die als exponent van de gemeente optreden". Dit is dus ook waar dat die die missionêre visie 'n sterk woord meegespreek het by die oorweging van die geskiktheid van manne om as ouderlinge in die gemeente te kan optree. Daarom is dit ondenkbaar dat Paulus sou toelaat dat iemand as ouderling gekies kan word wat koud staan teenoor die missionêre roeping van die kerk.

GEVOLGTREKKINGS

5.6.1. Die missionêre visie behoort in die gemeente ook 'n oorweging te wees wanneer ouderlinge gekies word.

5.6.2. Ouderlinge wat met 'n slegte reputasie by buitestaanders die missionêre werfkrag van die kerk skade aandoen, gee aan die duiwel geleentheid om die uitbreiding van die koninkryk van God teen te staan en sy eie ryk te bevorder.

5.6.3. Dit is ondenkbaar dat daar in die kerk van Christus voorgangers mag wees wat geen ywer vir die missionêre roeping van die kerk openbaar nie, en nog meer ondenkbaar dat daar van hulle sou wees wat dit teenstaan.

6. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Die lig wat bostaande eksegetiese ondersoek na die betekenis en voortvloeiende implikasies van primêr ter saaklike woorde met betrekking tot *die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering* en *die verhouding tussen die bewaring en die vermeerdering van die kerk* bied, lei nou tot die volgende samevattende gevolgtrekkings. Dit word gedoen by wyse van stellings waarby telkens ter saaklike verwysings na voorafgaande punte van bespreking aangedui sal word:

> Om ruimte te bespaar, sal die ter saaklike verwysings soos volg gedoen word: Die eerste syfer dui die hoofstuk aan, waarna 'n dubbelpunt volg. Die volgende syfer sal die betrokke onderafdeling in die betrokke hoofstuk aandui; daarna volg 'n punt. Die syfers wat na elke punt volg, dui verdere subafdelings van die betrokke onderafdeling aan. Byvoorbeeld: Hoofstuk 2, punt 3 word aangedui met 2:3. Hoofstuk 2, punt 3, punt 3, punt 1, word aangedui met 2:3.3.1.

6.1. Die woord "opbou" (οἰκοδομέω) omvat in die Nuwe Testament die betekenisnuanses van sowel "bewaring" as "vermeerdering" van die kerk (vgl. 2:2; 2:3; 2:4.1; 2:2.5.3.1; 2:2.5.4.1.; 2:2.5.5.1; 2:2.5.8.2.; 2:2.5.9.2.; 2:2.5.10.1.; 2:2.5.11.1.; 2:2.5.12.1.; 2:2.5.13.1.; 2:2.5.14.1.).

6.2. Gemeenteopbou het 'n teosentriese oorsprong en gerigtheid (vgl. 2:2.5.5.3.; 2:2.5.7.3.; 4:5.6.2.; 4:5.8.3.; 4:5.11.1; 5:5.5.3.).

6.3. Die vernaamste middel waarmee God sy gemeente opbou is die verkondiging van die evangelie (vgl 2:2.5.6.1; 2:2.5.12.1.; 2:2.5.8.1.; 4:5.3.4.; 4:5.4.1.; 4:5.5.4.; 4:5.12.1.).

6.4. Saam met die verkondiging van die evangelie is volhardende gebed vir die opbou en groei van die gemeente onmisbaar (vgl. 4:5.3.2.; 4:5.3.6.; 4:5.4.3.).

6.5. In die verkiesing van die voorgangers van die gemeente en hulle funksionering in die gemeente moet sowel die intensiewe as die ekstensiewe opbou en groei van die gemeente ernstige oorweging geniet (vgl. 4:5.3.4; 5:5.6.1.).

6.6. Die gemeente is verantwoordelik om met dienswerk, volgens indiwiduele gawes, onder leiding en met toerusting van die voorgangers, instrument te wees van sy eie opbou en groei (vgl. 2:2.5.13.3.; 2:2.5.14.2.; 4:5.3.1. 4:5.3.3; 4:5.3.6.; 4:5.6.3.;
4:5.9.3.).

6.7. Die intensiewe opbou van die gemeente het 'n missionêre doelwit as een van die onmisbare doelwitte wat moet meewerk aan die bereiking van die oorhoofse teosentriese doel van alle opbou en groei in die kerk (vgl. 2:2.5.7.1.; 2:2.5.10.2.; 2:2.5.11.2.; 2:2.5.14.3.; 2:2.5.14.4.; 3:5.5.4.; 4:5.7.2; 5:5.5.2.).

6.8. Samekomste van die gemeente - ook die aanbidding in die erediens - moet intensiewe sowel as ekstensiewe opbou, kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe groei, ten doel hê (vgl. 2:2.5.10.3.).

6.9. Intensiewe sowel as ekstensiewe opbou verg van die gelowiges selfverloënde liefde teenoor mekaar sowel as teenoor diegene wat nog buitestaanders is (vgl. 2:2.5.7.2.; 2:2.5.11.2.; 4:5.2.1.; 4:5.3.3.; 4:5.3.7.; 4:5.7.3.; 4:5.9.2.; 4:5.9.4.).

6.10. Intensiewe sowel as ekstensiewe opbou en groei van die gemeente gaan nie gepaard met voortdurende triomfe nie, maar dikwels ook met lyding en vervolging en lankmoedige volharding ten spyte van teenstand (vgl. 4:5.4.2.; 4:5.4.4.; 4:5.10.5.).

6.11. In die intensiewe sowel as die ekstensiewe groei en opbou van die gemeente beklee die kerklike tug, en selfs die openbaring van die oordeel van God, in die geskiedenis 'n belangrike plek (vgl. 4:5.4.5.; 5:5.3.2.).

6.12. Intensiewe sowel as ekstensiewe opbou en groei van die gemeente verg lewensheiliging wat skuldbelydenis en berou insluit (vgl. 4:5.5.3.; 4:5.12.2.; 5:5.3.1; 5:5.4.2.; 5:5.5.1.; 5:5.6.2.).

6.13. Kerke wat nie 'n missionêre ywer en gerigtheid het nie, mis 'n belangrike stuk motivering vir 'n lewe van heiligmaking (vgl. 5:5.4.2; 5:5.5.3.)

6.14. Dwaalleer het 'n stremmende uitwerking op sowel die ekstensiewe as die intensiewe groei van die kerk (vgl. 4:5.11.4.).

6.15. Insig in God se missionêre doelwit met sy kerk het 'n samebindinde en konsoliderende uitwerking op die gemeente (vgl. 2:2.5.9.3.; 3:5.5.2.; 3:5.5.3.; 4:5.6.5.; 4:5.7.2.).

6.16. Die werkwoord "om te evangeliseer" (εὐαγγελίζομαι) beteken in die Nuwe Testament "om 'n goeie boodskap te bring", ongeag aan wie en waar en deur wie dit gebring word (vgl. 3:2.; 3:3.; 3:5.9.1.)

Dit is wel so dat die werkwoord "om te evangeliseer" en "evangelisasie" in Afrikaans en ander tale ook ander betekenisnuanses gekry het. Die probleem van groot spraakverwarring wat as gevolg van semantiese veranderinge ontstaan het, sal in die laaste hoofstuk van hierdie studie behandel word by wyse van 'n kort ekskurs.

6.17. Evangelisering, soos wat die woord in die Nuwe testament gebruik word, is 'n aspek van opbou (vgl. 2:2.5.11.4.; 3:5.2.1.; 3:5.3.1; 3:5.5.1.; 3:5.7.1.).

6.18. Evangelisering, soos wat die werkwoord in die Nuwe Testament gebruik word, word nie net teenoor buitekerklikes gedoen nie, maar ook binne in die gemeente as middel om te dien tot die intensiewe sowel as die ekstensiewe groei en opbou van die gemeente (vgl. 3:5.2.2.; 3:5.3.1.; 3:5.7.1. 3:5.8.1.; 3:5.8.2.).

6.19. Die woord "groei" (αὐξάνω) het in die Nuwe Testament die betekenisnuanses van sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe groei (vgl. 4:2.; 4:3.; 4:4.1.; 4:5.5.1.; 4:5.6.1; 4:5.7.1.; 4:5.8.1.; 4:5.9.1.; 4:5.10.1.).

6.20. Intensiewe of kwalitatiewe groei bestaan ten diepste in groei in die vrees van die Here wat tot gevolg het om steeds meer en meer Christusgelykvormig te word, om met sy wederkoms waardige erfgename van die ewige saligheid te kan wees (vgl. 4:5.5.2.; 4:5.9.5.; 4:5.10.3.; 4:5.10.4.; 4:5.11.2.; 4:5.11.3.; 4:5.12.2.; 4:5.12.4.).

6.21. Die woord "buitestaanders" (οἱ ἔξω) is in die Nuwe Testament 'n aanduiding van diegene wat nie deel aan Christus het nie en buite die gemeenskap van die gemeente staan, maar wel deur die getuienis van die hele gemeente se woorde en dade ingebring kan (en behoort) te word (5:3.; 5:4.2.; 5:5.2.1.; 5:5.3.3.).

HOOFSTUK 6

EKSEGETIESE ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN SEKONDÊR TER SAAKLIKE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE VERHOUDING TUSSEN GEMEENTEOPBOU EN EVANGELISERING - DEEL 1

ENKELE WOORDE WAT MET TOERUSTING TE DOEN HET

1. Inleidende opmerkings. 142

2. Ter saaklike woorde. 142

2.1. Die woord μαθητεύω in die Nuwe Testament 142

2.1.1. Motivering vir bestudering van μαθητεύω 142

2.1.2. Semantiese velde van μαθητεύω. 143

2.1.3. Konsepsuele betekenis van μαθητεύω. 143

2.2. Die woord διδάσκω in die Nuwe Testament 150

2.2.1. Motivering vir die bestudering van διδάσκω 150

2.2.2. Semantiese velde van διδάσκω. 150

2.2.3. Konsepsuele betekenis van διδάσκω in die Nuwe Testament. 151

2.3. Die woord καταχέω in die Nuwe Testament. 155

2.3.1. Motivering vir die bestudering van καταχέω. 155

2.3.2. Semantiese velde van καταχέω. 160

2.3.3. Konsepsuele betekenis van καταχέω. 160

2.4. Die woord καταρίζω in die Nuwe Testament. 165

2.4.1. Motivering vir die bestudering van καταρίζω. 165

2.4.2. Semantiese velde van καταρίζω. 165

2.4.3. Konsepsuele betekenis van καταρίζω 166.

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

'n Oorsigstudie soos hierdie maak dit onmoontlik om die resultaat van indringende woordstudie van al die relevante woorde in die Nuwe Testament weer te gee. In hoofstukke 2-5 is indringende woordstudie van die mees primêre ter saaklike woorde in die Nuwe Testament gedoen. Daaruit kon belangrike perspektiewe afgelei word oor die *verhouding* tussen gemeenteopbou en evangelisering en die bewaring en vermeerdering van die kerk.

Hierdie volgende deel van die studie (hoofstukke 6 en 7) trag om op 'n meer oorsigtelike wyse die resultaat van woordstudie van sekondêr ter saaklike woorde in die Nuwe Testament wat lig kan werp op die sentrale vraagstuk van hierdie studie weer te gee.

Daar sal weer eens gefokus word op die konsepsuele sonder om die linguistiese implikasies te ignoreer.

Verder is die fokus ook nie so seer daarop gerig om 'n volledige konsepsuele studie van die onderhawige woorde aan te bied nie, maar wel om die lig, wat vanuit die ondersoek na die betekenis van hierdie woorde op die sentrale vraagstuk van hierdie studie gewerp kan word na vore te bring.

2. TER SAAKLIKE WOORDE

2.1. DIE WOORD μαθητεύω IN DIE NUWE TESTAMENT

2.1.1. MOTIVERING VIR BESTUDERING VAN μαθητεύω

Dit is in praktiese gemeenteopbou en sendingwerk baie belangrik om die Bybelse betekenis van μαθητεύω goed te verstaan - veral omdat daar in die sendingwetenskaplike literatuur en allerlei publikasies oor gemeenteopbou

'n taamlike diskussie aan die gang is oor die presiese betekenis van μαθητεύω *discipling* en *discipleship* (vgl. McGavran, 1957:15; 1966:93; 1979:265-70; 1980:170; Son, 1983:306 e.v; Bosch, 1983:230-44; Hull, 1984:9-12; Cosgrove, 1980:13-25).

2.1.2. SEMANTIESE VELDE VAN μαθητεύω

Volgens Louw en Nida (1988 (1):470) word μαθητεύω slegs in een semantiese veld gebruik: *om te volg*. In hierdie veld is daar egter vir μαθητεύω twee betekenismoontlikhede wat nou met mekaar verband hou:

(1) 'n Navolger of dissipel van iemand te wees, in die sin van hom te volg, sy leerstellings te aanvaar en dit te propageer soos in Matteus 27:57; Markus 1:18.

(2) Mense te motiveer om navolgers of dissipels van iemand te word, waarvan Matteus 28:19 die klassieke voorbeeld is.

Albei hierdie betekenismoontlikhede is relevant vir hierdie studie.

2.1.3. KONSEPSUELE BETEKENIS VAN μαθητεύω

Die werkwoord μαθητεύω kom slegs vier keer in die Nuwe Testament voor; daarvan is drie keer in Matteus (13:52; 27:57; 28:20) en een keer in Handelinge (14:21). Maar nou is μαθητεύω die werkwoordvorm van die selfstandige naamwoord μαθητής, wat veelvuldig in al vier die evangelies en Handelinge voorkom, (en nêrens elders in die hele N.T. nie). Daarom is dit voor-die-hand-liggend om 'n ondersoek na die konsepsuele betekenis van μαθητεύω te begin met 'n ondersoek na die betekenis van μαθητής. Verder sal slegs een teksgedeelte, naamlik Matteus 28:16-20, indringend ontleed word.

Die woord μαθητής het reeds baie vroeg in die **klassieke Grieks** en in die

misterie-godsdienste voorgekom. Daarin het dit die betekenis van *leerling*, met nadruk op die informele, persoonlike verwantskap tussen die *leerling* en die *leermeester* (διδάσκαλος). Dit hou in dat die leerproses nie net plaasgevind het deur die verwerwing van intellektuele kennis nie, maar veral ook deur die lewensvoorbeeld van die leermeester na te volg (Rengstorf, 1967:416-26; Son, 1983:95-107).

Die **Septuaginta** gebruik μαθητης glad nie (Rengstorf, 1967:426; Son, 1983:107; Bosch, 1983:230).

> Die werkwoord μαθεῖν kom wel voor in Jes 8:16 as die LXX se (verkeerde) weergawe van die selfstandige naamwoord *limud* (*leerlinge*) in die Masoretiese teks. In Jes 50:4 het die LXX die *limud* gewoon weggelaat en in 1 Kron 28:8 word leerlinge met die part. μανθανόντων weergegee.

Die latere Judaisme span die woord *talmidim* veelvuldig in as 'n aanduiding vir iemand wat die Tora en die Joodse tradisies bestudeer (Rengstorf 1967:432). Iemand is egter slegs as 'n *talmid* beskou wanneer hy hom by 'n rabbi gevoeg het - en dan het die klem in so 'n verhouding nie soseer geval op die persoonlike verwantskap nie, maar op stiptelike gehoorsaamheid aan die onderrig van die rabbi (Rengstorf, 1967:434).

Hierdie ondersoek na die konsepsuele betekenis van μαθητεύω in die Nuwe Testament, vereis indringende ontleding van Matteus 28:16-20 as van kardinale betekenis. Dit is veral so vir die sintaktiese struktuurontleding en gedagteopbou daarvan, wat nou eerstens aandag sal geniet. Ek sluit hiervoor aan by 'n sintaktiese struktuurontleding van Mt 28:19-20 wat ek reeds tevore gedoen het (Buys, 1984:40) en wat later op dieselfde manier meer uitgebreid deur Botha, 1986:351) gedoen is. Met enkele wysigings en aangevul met 'n visuele uiteensetting van die gedagteopbou gee ek dit tans weer (blaai asb. na uitvou bladsy 156, 157, en 158.):

Die uiteensetting van die gedagteopbou vul ek aan deur 'n weergawe van Coetzee (1985) se gedagtestruktuur-ontleding, wat ek ter wille van maklike verwysing onveranderd hier gee (blaai asb. na uitvoubladsy 159).

> In die lig daarvan dat daar in die opset van hierdie studie nou slegs ruimte is vir 'n meer oorsigtelike weergawe van die ondersoek na die konsepsuele betekenis van μαθητεύω, sal hier slegs van hierdie een teksgedeelte se betekenis binne sy konteks so volledig rekenskap gegee word. Wanneer later eksegetiese ondersoek na die betekenis van διδάσκω gedoen word, sal weer na hierdie teksgedeelte en die strukturele ontleding daarvan terugverwys word.

Uit hierdie ontledings is dit duidelik dat verse 18d-20 'n A-B-A patroon vorm:

A stel die universele mag wat aan die opgestane Here gegee is

B stel die universele missionêre opdrag aan die kerk wat daaruit voortvloei

C stel die universele teenwoordigheid van die opgestane Here by sy kerk.

Coetzee (1985) se kommentaar - dat daar volgens die tipiese vertelmateriaal van Matteus ook nog 'n tweede B-element verwag kan word, maar dat dit hier weggelaat word omdat die kerk se konkrete handeling in die uitvoering van die sendingopdrag die patroon voltooi - bring duidelik na vore dat die missionêre motief tot en met die wederkoms van Christus altyd soos 'n goue draad deur die hart van kerkwees moet loop.

Dit is uit die gedagteopbou opvallend dat die opdrag *om dissipels te maak* juis voortvloei (vgl. die pertinente ουν by μαθητεύσατε) uit die proklamasie van die opgestane Here se allesomvattende volmag (πᾶσα ἐξουσία ἐν οὐρανῷ και ἐπί τῆς γῆς). Hy het reeds tevore ἐξουσία openbaar om te leer, om siekes gesond te maak, om duiwels uit te dryf en om sondes te vergewe. Wat hier dus nuut is, is dat Hy nou πᾶσα εξουσία besit (Meier, 1977:413; Zumstein, 1972:24; Strecker, 1962:211-12; Matthey, 1980:166-67;

Bosch, 1983:228). Hy wil sy magtige heerskappy *juis laat sigbaar word in die dissipels wat gemaak word.* Kuiper (1978:67) het dus goeie grond om te beweer dat die hart van hierdie opdrag ten diepste 'n roep is na die erkenning van die soewereine Christus: "Its theme is the *Sovereign Christ.* It is a sovereign command to proclaim Him to all nations. It is an unqualified demand for universal recognition of His sovereignty. It is a sure prophecy of the consummation of his sovereignty".

Dit is verder opmerklik dat μαθητεύσατε die sentrale werkwoord is wat volgens hierdie teksgedeelte bestaan uit drie aspekte wat met drie participia aangedui word, naamlik (1) πορευθέντες, (2) βαπτίζοντες, (3) διδάσκοντες, en dus kardinale aspekte van μαθητεύσατε na vore bring.

Schlatter (1948:23) meen dat dit tipies van Matteus se styl is om die aoristus participium voorop te plaas wanneer twee aksies eintlik bedoel om een gebeurtenis aan te dui. Die feit dat Matteus ook dikwels die werkwoord πορεύομαι gebruik as 'n pleonasme saam met ander werkwoorde wat imperatiewe is (Mt 2:8; 9:13; 11:4; 17:27; 28:7), impliseer dat sy fokus met πορεύομαι nie altyd op 'n daadwerklike reis van een geografiese punt na 'n ander is nie. Die woord πορεύθεντες dien meestal om die hoofwerkwoord te versterk (O'Brien, 1976:72) en 'n nuanse van dringendheid (Rogers, 1973:261; De Ridder, 1971:185) daaraan te koppel. In hierdie teks dien die πορεύθεντες ook daartoe om die dringendheid en sentraliteit van μαθητεύσατε te beklemtoon. Dit neem nie weg nie dat Jesus se dissipels ook wel soms ontsaglike reise in die uitvoering van hulle opdrag sal onderneem, maar die reis op sigself is 'n bysaak, slegs die middel om by die werklike doel, naamlik μαθητεύσατε uit te kom.

> Bosch (1983:229) toon duidelik aan hoe die verkeerde, eensydig geografiese verstaan van en primêre klem op πορευθέντες in die Westerse sendingbeleid daartoe gelei het dat missionêre arbeid meestal gesien is as iets wat (los van die plaaslik gevestigde kerk en gemeenskap) in die verre vertes gedoen moet word en op die manier losgemaak is van sy plek as behorende tot

die wese en kern van die roeping van elke plaaslike kerk binne in die plaaslike gemeenskap: "... one qualified (om sendeling te wees, P.J.B.) if one was commissioned by an agency in one locality to go and work in another. The greater the distance between these two places, the clearer it was that the individual was a missionary... On the home front the chief concern was to check the spread of the weeds". (Met ander woorde: eensydige klem op die bewaring ten koste van vermeerdering! P.J.B.) Wanneer πορευθέντες egter reg verstaan word as 'n uitdrukking wat die dringendheid en erns van μαθητεύσατε beklemtoon, dan begin elke plaaslike kerk om van die buitestaanders in sy eie omgewing ook navolgers van die opgestane Here te maak en word die gemeente sowel kwantitatief as kwalitatief opgebou.

Matteus se gebruik van μαθητεύσατε in hierdie perikoop is nie net in die lig van die perikoop self belangrik nie, maar ook omdat die parallelle gedeelte in die Markus-evangelie (Mk 16:15) hier κηρύξατε het. Vir Matteus self was die sleutelwoord waarmee Jesus se bediening sowel as die van die dissipels beskryf is, tot nou toe ook κηρύξατε (Mt 4:17,23; 9:35; 10:7; 24:14 26:13). Nou word κηρύξατε egter met μαθητεύσατε vervang. Die taak van Jesus se dissipels (hier reeds - soos in Hd 6:1; 9:1,25; 11:29; 21:16; - te verstaan as nie net die twaalf nie, maar die Nuwe-Testamentiese kerk; vgl. ook Bosch, 1983:243; Trilling, 1964:31; Strecker, 1962:191-226), is nou nie meer net om te verkondig nie, maar om mense by die gemeenskap van Jesus se volgelinge in te lyf (Trilling 1964:47,50). Die nuwe volgelinge wat op hierdie manier gewen word, staan dan ook dadelik onder die bevel van die opgestane Here om self ook dissipels te maak. De Ridder (1971:187) som hierdie punt so op: "When one responds to his personal call, 'Follow Me' he will have to say to men, 'Follow Him with me!!"

Dit is nodig om ook die selfstandige naamwoord μαθήτης onder die loep te neem om die betekenis van μαθητεύω enigsins beter te verstaan. Dan word dit gou duidelik dat dit in die eerste plek 'n baie nou persoonlike verwantskap met Jesus behels (Rengstorf, 1967:441; Hawthorne, 1976:130 Bernoulli, 1958:91). Du Toit (1988:222) meen selfs dit is die kern van dissipelskap. Hierdie persoonlike band is so nou, dat dit ten diepste die opgestane Here is wat in en deur sy dissipels ander mense roep om ook sy dissipels te word.

Verder behels dissipelskap 'n totale lewe van oorgawe aan Hom en daarom ook aan mekaar (vgl. Mt 10:37-38; 16: 24-26; Lk 14:33; Jh 13:34,35). Om 'n dissipel van Jesus te wees beteken nie iets eenmaligs wat iemand doen nie, maar dit is die tipering van 'n totale lewenstyl (Lk 6:40; Jh 15:7,8). Daarom kan Schweitzer (1973:351) selfs sê dat om 'n dissipel van Jesus te wees beteken om met Hom op 'n reis te gaan wat nooit in hierdie lewe ophou nie. (Vgl. in hierdie verband die πάσας τὰς ἡμέρας ἕως τῆς συντελείας τοῦ αἰῶνος.) Hierdie standpunt word versterk word deur die feit dat die sintaktiese struktuurontleding en die gedagteopbou van Matteus 28:16-20 aan die lig bring dat dit wesentlik deel is van μαθητεύσατε ('n aspek daarvan) om die mense wat ingelyf word by Jesus se navolgers, *te leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het.* (Die woord διδάσκω word later apart ondersoek, vgl. pt. 2.2., net hierna.)

Die feit dat *doop* en *onderrrig* (as verdere participia) wat voortvloei uit μαθητεύσατε, hier as aspekte van die maak van dissipels aangedui word, beteken dat μαθητεύσατε 'n proses van inlywing by die sigbare liggaam van Christus behels (doop in sy Naam) en verdere begeleiding op 'n pad van groeiende gehoorsaamheid.

Saaklik omvat die betekenis van die woord μαθητεύσατε hier dus sowel die vermeerdering as die bewaring van die kerk, want om iemand 'n dissipel te maak, beteken om hom nie net op die pad te plaas agter Jesus aan nie, maar om Hom te begelei op 'n pad van groeiende selfverloëning en oorgawe aan die opgestane Here.

Om hierdie rede het Bosch (1983:233) gelyk om die gevaar van oppervlakkigheid in die sendingmetodologie van McGavran en vele eksponente van die "Church Growth Movement" bloot te lê

en aan te toon dat dit voortvloei uit hulle verkeerde verstaan van die Bybelse betekenis van μαθητευσατε. Die kern van die saak is dat hulle "discipling" sien as blote "first level decision only, followed at a later stage by second level decision".

GEVOLGTREKKINGS

2.1.3.1. Die woord μαθητεύω beteken om in die gang van die alledaagse lewe mense by die kerk van Christus in te lyf en hulle op 'n lewenslange pad van oorgawe en gehoorsaamheid aan Jesus Christus te begelei. Daarom omvat die woord sowel die bewaring as die vermeerdering van die kerk.

2.1.3.2. Die opdrag om dissipels te maak vloei uit die soewereine allesomvattende heerskappy van die opgestane Here voort. Derhalwe is sowel die kwalitatiewe as die kwantitatiewe opbou van die gemeente 'n erkenning van die soewereine koningskap van Christus, en juis ook gerig op verdere erkenning van hierdie soewereine allesomvattende heerskappy deur alle mense uit alle nasies van alle tye in alle omstandighede.

2.1.3.3. In 'n kerk wat waarlik die soewereine koningsheerskappy van die opgestane Here erken, behoort die missionêre motief tot en met die wederkoms van Christus altyd soos 'n goue draad deur die hart van kerkwees te loop, omdat dissipelskap sonder missionêre ywer ondenkbaar is.

2.1.3.4. Gehoorsaamheid aan die bevele van die opgestane Here behels beide om die evangelie te verkondig en om mense by die gemeenskap van Jesus se volgelinge - sy kerk - in te lyf. Daarom word ruimte en geleentheid gebied vir gelowiges se lewenslange begeleiding op 'n pad van groeiende gehoorsaamheid aan die bevele van die opgestane Here.

2.2. διδάσκω IN DIE NUWE TESTAMENT

2.2.1. MOTIVERING VIR DIE BESTUDERING VAN διδάσκω

Matteus 28:19 dui διδάσκω aan as een van die aspekte van die totale proses van dissipels maak. Daarom is dit voor die-hand-liggend om dit in die ondersoek na Nuwe-Testamentiese antwoorde op die sentrale vraag van hierdie studie as 'n sekondêr ter saaklike woord te beskou.

Verder word die woord διδάσκω deur sommige navorsers beskou as 'n woord wat nie primêr met die kerk se gerigtheid na buite te doen het nie. Van Swigchem (1955:156) is byvoorbeeld van mening dat dit "... *veeleer een uitdrukking voor een bepaalde missionaire 'nazorg' dan voor het eigenlijke verbreiding van het evangelie...*" (kursief by die outeur, P.J.B.) is. Coetzee (s.j.:9) stel dit versigtiger. Hy is van mening dat διδάσκω en stamverwante woorde normaalweg volg op die aanvangskerugma "... maar mag nie as die uitsluitlike aard van die prediking in die gevestigde kerk gesien word nie". Ander navorsers (Goetchius 1979:91) behandel διδασκω en die stamverwante woord διδάσκαλος egter as 'n "key term" van "The Concept of Evangelism in the New Testament..."

Die woord hang tog ten nouste saam met die omvattende opbou van die gemeente (vgl. Kol 2:6; 3:16). Dit word ook in die nouste verband met ευαγγελίζω (vgl. Hd 15:35) en καταγγέλλω (vgl. Hd 4:2; 5:42) gebruik. Daarom is dit gerade om eksegetiese ondersoek te doen na die betekenis van die woord - veral na die implikasies van die betekenis van die woord vir die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering.

2.2.2. SEMANTIESE VELDE VAN διδάσκω

Louw en Nida (1988 (2):63 en 1988 (1) 388) sê dat διδασκω slegs in een

semantiese veld saam met 'n groot aantal ander woorde voorkom wat almal 'n vorm van kommunikasie aandui. Binne hierdie semantiese veld kom διδάσκω voor in die subveld wat beteken om "opleiding" te voorsien - dit wil sê: *om te leer,* soos byvoorbeeld in Lk 11:1. Louw en Nida (1988 (1):414) vestig die aandag daarop dat dit by die bepaling van 'n vertaalekwivalent van διδάσκω belangrik is om uitdrukkings te vermy wat 'n blote klaskamersituasie sal aandui. In die lig daarvan is dit die beste om met "leer" te vertaal. Vine (1940:111) wys daarop dat die objek van die onderrig sowel mense as dinge kan wees.

2.2.3. KONSEPSUELE BETEKENIS VAN διδάσκω

Dit lê buite die grense van die veld van hierdie studie om die resultaat van 'n volledige ondersoek na die konsepsuele betekenis van die woord διδάσκω weer te gee. Slegs daardie aspekte wat ter sake is om lig te werp op die sentrale vraagstuk van hierdie studie, sal uitgelig word.

Die woord διδάσκω het in klassieke Grieks reeds by Homeros voorgekom met die betekenis van "leer" in die wydste sin van die woord (Arndt en Gingrich, 1974:191; Rengstorf, 1964:135). Die doel van die onderrig wat met διδάσκω aangedui word, is - in klassieke Grieks sowel as in die Septuaginta (as vertaling van die Hebreeuse "lmd"), by die Rabbyne (ook "lmd"), en by Josefus - om die leerling se talente met teoretiese onderrig en praktiese demonstrasie te ontwikkel. Sodoende moet hy tot selfverwesenliking kom, soos om iemand te onderrig in die kuns om wapens te hanteer (LXX 2 Βασ 22:35;), 'n ambag aan te leer of 'n lied in te oefen (Rengstorf, 1964:137). Die vernaamste leerinhoud met die gebruik van διδάσκω in die Septuaginta is egter om die geopenbaarde wil van God te ken en dit prakties te kan toepas (Ps 93:10; 50:13; Job 22:2; Dt 4:1,10; 11:9; 1 Esr 9:48).

Die woord διδάσκω kom 97 maal in die Nuwe Testament voor (Moulton, 1974:211; Arndt en Gingrich, 1974:191; Wigram & Winter, 1972:150); daarvan word ongeveer twee derdes in die Evangelies en Handelinge gevind.

Vir die veld van ondersoek van hierdie studie is dit veral belangrik om te let op die betekenis en gebruik van hierdie woord wanneer die dissipels of die kerk die subjek daarvan is.

Die onderrig van die vroeë kerk het aan die een kant uitgeloop op die oproep tot berou en bekering en het dus deel uitgemaak van missionêre arbeid. So word διδάσκω in Hd 5:28 in die mond van die hoofpriester gebruik as aanduiding van die dissipels se missionêre arbeid. Daarom loop dit spontaan uit op die verkondiging van Jesus se opstanding en die verkondiging van μετάνοιαν en αφέσιν en volgens Hd 20:20,21 het Paulus se διδάσκω saam met ἀναγγεῖλαι deel uitgemaak van die kragtige oproep [διαμαρτυρόμενος] tot μετάνοιαν καὶ πίστιν εἰς τὸν κύριον Ἰησοῦν. Van Swigchem (1955:156) vat hierdie betekenisnuanse en doel van διδάσκω (myns insiens tereg) saam deur te beweer: "Dit (διδάσκω) kan ook een soort missionaire arbeid omvatten, het onderrichten van belangstellenden of aanvankljik gewonnen heidenen..."

Aan die ander kant het διδάσκω (veral as navolging van uiterlike vorm van die Joodse onderrig - vgl. Rengstorf, 1964:145) ingehou én om mense te onderrig om in God te begin glo nie, én dat mense wat Hom reeds ken, verder in die wet en die weë van die Here onderrig word (Rm 2:21; Hd 15:1; Heb 5:12).

Die woord διδάσκω kon beteken het om mense περί τοῦ κυριοῦ Ἰησου Χριστοῦ te leer en daarmee inhou om mense, wat geen of weinig kennis van die evangelie van Christus gehad het, te onderrig met die oog op bekering. Maar dit kon

ðôk beteken om gelowiges te bring tot verdieping in hulle kennis van die Seun van God en die implikasies van die evangelie (Hd 18:25; 28:31). By Paulus kon dit ook dui ðf op aanvanklike onderrig met die oog op bekering ðf om gelowiges tot geloofsverdieping te lei. Coetzee (s.j.:9) is dus reg om te waarsku dat διδάσκω nie uitsluitlik beskou moet word as sou dit chronologies op die aanvangskerugma volg nie. Daar kan met reg gesê word dat διδάσκω inhou om totale en omvattende onderrig te gee met die doel om die mens in sy geheel in ooreenstemming met God se doel vir die mens in die skepping te bring. Daarom kan Paulus vir Timoteus in 2 Tm 3:17 daaraan herinner dat die doel van die διδασκαλία, wat deur die Skrif kom, is om (ινα) die mens van God volkome toe te rus (πρὸς πᾶν ἔργον ἀγαθὸν). De Ridder (1971:194) vat dit so saam: "The total dominion over the whole of creation must come to expression in a total dedication and submission to what Jesus commanded... it refers to the total scope of one's obedience and commitment to the Lord of the covenant".

Die ondersoek van die betekenisnuanses van διδάσκω binne die geheel van die gedagtestruktuurontleding van Mt 28:16-20 (vgl. uitvoubl. 159) toon duidelik aan dat daarmee omvattende onderrig bedoel word. Die viermaal herhaalde wisselvorme van παντα laat klem val op die omvattendheid (Coetzee 1985) van die onderrig.

Verder blyk dit uit die eksegese van Mt 28:16-20 duidelik dat διδάσκω inhou om gelowiges te leer om gehoorsaam te wees aan die opdrag om dissipels te maak. So sluit διδάσκω dan juis ook onderrig (teorie en praktyk) oor die maak van dissipels in. De Ridder (1971:193) stel dit treffend: "In being obedient to what He has commanded them, they become the agents to pass on that will and commandment to still others."

Versteeg (1975:28, 31) pas hierdie punt prakties toe deur daarop te wys dat die gemeente

volgens die Nuwe Testament gekarakteriseer word deur sy missionêre instelling: "... een gemeente die gered was om te redden, om het te zeggen met woorden die gangbaar zijn in de kringen van het Leger des Heils". Verder illustreer hy hierdie punt deur te wys op die gebruik wat in bepaalde kerke in die sendingveld in Indië ontstaan het dat iemand, wanneer hy belydenis van geloof aflê, sy regterhand op sy voorhoof sit en voor die hele gemeente uitroep: "Wee my, indien ek nie die evangelie verkondig nie". In 'n baie onlangse publikasie in 'n huldigingsbundel wat opgedra is aan prof dr L. Floor verklaar Du Toit (1988:224) dat dit inherent deel van dissipelskap is om te deel in Jesus se sending. Dissipels word deur onderrig juis toegerus om aan hierdie wesentlike aspek van dissipelskap te voldoen.

Onderrig in die kerk van Christus is dus 'n kernelement van sowel die kwantitatiewe as kwalitatiewe opbou van die gemeente. Nou moet onderrig juis ook inhou die nakoming van die opgestane Here se bevel om dissipels te maak; daarom behoort alle onderrig in die kerk ook 'n missionêre dimensie en gerigtheid te hê.

Die omvattendheid van hierdie onderrig en die eskatologiese spits van πάσας τὰς ἡμέρας ἕως τῆς συντελείας τοῦ αἰῶνος beteken beslis dus ook dat die onderrig in die kerk van Christus altyd voortgaande (ook volwasse) onderrig moet wees (Du Toit, 1988:222, 3). Daar kan nooit 'n stadium in die lewe van 'n gelowige op aarde kom dat hy nie meer διδάσκω nodig het nie!

GEVOLGTREKKINGS

2.2.3.1. Die woord διδάσκω hou in om totale en omvattende onderrig te gee, met die doel om die mens in sy geheel in ooreenstemming met God se doel vir die mens in die skepping te bring.

2.2.3.2. Die onderrig van die vroeë kerk het aan die een kant tot sy hoogtepunt gekom in die oproep tot berou en bekering, en het dus deel van missionêre arbeid uitgemaak.

2.2.3.3. Aan die ander kant moet onderrig daartoe dien om gelowiges verder in die wet en die weë van die Here te onderrig.

2.2.3.4. Die woord διδάσκω dui in die Nuwe Testament op omvattende

onderrig in die kerk van Christus. Daarom is dit 'n middel waardeur sowel die kwantitatiewe as kwalitatiewe opbou van die gemeente geskied.

2.2.3.5. Onderrig in die kerk van Christus moet ook inhou om gelowiges te leer om gehoorsaam te wees aan die opdrag om dissipels te maak. Daarom moet alle onderrig in die kerk van die Here ook 'n missionêre dimensie en gerigtheid hê.

2.2.3.6. Onderrig in die kerk van Christus moet altyd ook voortgaande (volwasse) onderrig wees. Daar kan nooit 'n stadium in die lewe van 'n gelowige op aarde kom dat hy nie meer διδάσκω nodig het nie.


2.3. κατηχέω IN DIE NUWE TESTAMENT


2.3.1. MOTIVERING VIR DIE BESTUDERING VAN κατηχέω

Die woord κατηχέω kom in dieselfde semantiese veld as διδάσκω voor (Louw en Nida, 1988 (2):139 en 1988 (1): 410 en 414), is baie nou verwant aan διδάσκω, maar bring tog ander nuanses van gemeenteopbou na vore. Daarom kan 'n eksegetiese ondersoek na die betekenis van κατηχέω moontlik verdere lig werp op die sentrale vraag van hierdie studie.


Die feit dat kategetiese arbeid in die kerk taamlik algemeen gesien word as 'n kardinale aspek van bewaring en kwalitatiewe opbou en verskeie outeurs die wese van die kerk se kategetiese arbeid fundeer op die betekenis (en vermeende betekenis; vgl. Van Rooy 1986:205) van κατηχέω (Jooste 1965:20; De Villiers 1957:20 ev.), is dit ook van belang om te kyk of 'n eksegetiese ondersoek na die betekenis van κατηχέω moontlik verdere lig werp op die sentrale vraag van hierdie studie.


SINTAKTIESE STRUKTUURONTLEDING VAN MATTEUS 28:16-20




τοῦ πατρὸς
καὶ τοῦ υἱοῦ
καὶ τοῦ ἁγίου
πνεύματος,
διδάσκοντες
αὐτοὺς
τηρεῖν
πάντα
ὅσα
ἐνετειλάμην
ὑμῖν
καὶ ἰδοὺ
ἐγὼ
μεθ' ὑμῶν
εἰμι
πασας
τὰς ἡμέρας
ἕως τῆς συντελείας
τοῦ αἰῶνος

VISUELE VOORSTELLING VAN DIE GEDAGTEOPBOU




i) Die situasie en plek
16. οἱ δὲ ἕνδεκα μαθηταὶ ἐπορεύθησαν εἰς τὴν Γαλιλαίαν εἰς τὸ ὄρος οὗ ἐτάξατο αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς
ii) Die handeling van die dissipels
17. καὶ ἰδόντες αὐτὸν
προσεκύνησαν
οἱ δὲ ἐδίστασαν
iii) Die handeling van Jesus
18. καὶ προσελθὼν
ὁ Ἰησοῦς ἐλάλησεν
αὐτοῖς λέγων
iv) Die inhoud van die boodskap van Jesus
Ἐδόθη μοι πᾶσα ἐξουσία ἐν οὐρανῷ καὶ ἐπὶ τῆς γῆς
(A)
Indikatief: m.b.t. die gesag van die Opgestane Here
πορευθέντες οὖν
μαθητεύσατε πάντα τὰ ἔθνη,
βαπτίζοντες αὐτοὺς εἰς τὸ ὄνομα τοῦ πατρὸς καὶ τοῦ υἱοῦ καὶ τοῦ ἁγίου πνεύματος,
διδάσκοντες αὐτοὺς τηρεῖν πάντα ὅσα ἐνετειλάμην ὑμῖν
Imperatief m.b.t. die sending van die dissipels (die kerk) (B)
καὶ ἰδοὺ
ἐγὼ μεθ' ὑμῶν εἰμι πάσας τὰς ἡμέρας ἕως τῆς συντελείας τοῦ αἰῶνος.
(A')
Verbondsbelofte deur die Opgestane Here

2.3.2. SEMANTIESE VELDE VAN κατηχέω

Louw en Nida (1988 (2):139 en 1988 (1): 410 en 414) sê κατηχέω kom slegs in een semantiese veld voor, saam met 'n groot aantal ander woorde wat almal 'n vorm van kommunikasie aandui. Binne hierdie semantiese veld kom κατηχέω in twee subvelde voor:

(1) In die subveld om *aan te kondig* of *bekend te maak* het κατηχέω die betekenis van (gedetailleerde) *rapport lewer* of *bekendmaking* of *bekendstelling* of selfs *vertelling* - soos in Hd 21::21,24 en Lk 1:4 (alhoewel die woord in lg. teks ook verstaan sou kon word as sistematiese onderrig - Louw en Nida 1988 (1):410).

(2) In die subveld *leer* of *onderrig* het κατηχέω die betekenismoontlikheid van *leer of onderrig op 'n sistematiese manier*, soos in Hd 18:25 en Lk 1:4 (Louw en Nida 1988 (1):414; wys daarop dat die keuse tussen die twee moontlikhede waarop κατηχέω in Lk 1:4 verstaan kan word, daarvan afhang of Teofilus as 'n Christen of 'n ongelowige beskou word).

Kontrastering tussen die betekenisse van κατηχέω en διδάσκω wat in dieselfde semantiese veld voorkom, maak dit duidelik dat κατηχέω ietwat meer as διδάσκω die betekenisnuanse van *formele en noukeurige of gedetailleerde onderrig* het. Dit word veral duidelik uit 'n noukeurige eksegetiese ondersoek van Hd 18:24-28. Apollos het naamlik onderrig ontvang (κατηχημένος) met die gevolg dat hy aan ander die dinge van die Here noukeurig geleer het (ἐδίδασκεν ἀκριβῶς).

2.3.3. KONSEPSUELE BETEKENIS VAN κατηχέω

Dit lê buite die grense van hierdie studie om die resultaat van 'n volledige eksegetiese ondersoek na die konsepsuele betekenis van die woord

κατηχέω hier weer te gee. Slegs daardie aspekte wat ter sake is om lig te werp op die sentrale vraagstuk van hierdie studie, sal uitgelig word.

Die woord κατηχέω het in klassieke Grieks eers heel laat en ook heel selde voorgekom (Beyer, 1965:638; Arndt en Gingrich, 1974:424) By Josefus het dit die betekenis van *gedetailleerde vertelling* gehad of om iemand die wortelbeginsels van 'n bepaalde taak te leer, terwyl dit glad nie in die Septuaginta voorgekom het nie (Beyer, 1965:638).

In die Nuwe Testament kom κατηχέω slegs 7 keer voor (Moulton, 1974:541; Arndt en Gingrich, 1974:424; Wigram & Winter, 1972:418) en ook slegs in die geskrifte van Lukas en Paulus.

In die geskrifte van die Apostoliese vaders in die vroeë kerk, soos by Clemens (2 Cl 17:1) en Tertullianus het κατηχέω algaande die vernaamste woord vir *die onderrig in die kerk* geword, sodat Beyer (1965:639) in sy studie van die woord κατηχέω selfs kan beweer: "... in early Christianity teaching was a decisive part of the missionary task and of congregational life".

> Hierdie studie spits hom toe op die lig wat die betekenis van ter saaklike woorde in die *Nuwe Testament* werp op die verstaan van die verhouding tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk en tussen gemeenteopbou en evangelisering. Daar moet dus daarteen gewaak word om nie die gebruik en betekenis wat die woord κατηχέω by die kerkvaders gehad het, terug te projekteer op die Nuwe Testament en dan te veel af te lei oor die implikasies daarvan vir die antwoorde op die sentrale vraagstuk van hierdie studie nie. Tog kan geredeneer word dat die bepaalde betekenis en gebruik van 'n woord nie sommer eensklaps uit die lug val nie; daarom moes daar tog reeds in die Nuwe Testament sekere betekenisnuanses inherent aan die woord verbonde gewees het, waarby die vroeë kerk hom kon aansluit.

By Paulus het κατηχέω veral geslaan op onderrig aangaande die *geloofsinhoud* van die kerk (Beyer, 1965:638).

Oor die belangrikheid, die doel, en aard van κατηχέω in die gemeente en die implikasies daarvan vir die sentrale vraag van hierdie studie kan

belangrike afleidings gemaak word uit 'n eksegetiese ondersoek na die betekenis van καταχέω in 1 Kor 14:19 in die lig van die konteks van die hele redevoering in 1 Kor 14, veral verse 23-25.

Dit lê buite die perke van hierdie proefskrif om 'n volledige redevoeringsanalise van 1 Kor 14 weer te gee. Ek sluit my egter nou aan by Bezuidenhout (1980).

Let goed op dat Paulus in vers 19 sê dat hy liewer vyf woorde τῷ νοι μου spreek, sodat ander daardeur onderrig sal word (κατηχήσω), en die feit dat hy in vers 20 so sterk daarop aandring dat hulle daarna moet streef om volwassenes ταῖς δὲ φρεσὶν te word. Dit dui dadelik daarop dat dit by κατηχήσω gaan om *sistematiese, logiese en verstaanbare onderrig. Die klem val dus op die leerinhoud,* terwyl daar by διδάσκω, naas die klem op die leerinhoud, ook betekenisnuanses is wat sterk op die metodiek en die persoonlike verhouding tussen leerling en leermeester fokus.

Bezuidenhout (1980:105-126 en 261-336) het oortuigend aangetoon dat die sentrale gedagtelyn in 1 Kor 14 so geformuleer kan word: die opboumotief is die fundamentele kriterium vir die Godwelgevallige funksionering van charismata in die gemeente. Paulus se standpunt dat καταχέω belangriker geag moet word as λαλεῖν εν γλώσσῃ moet teen die agtergrond van hierdie sentrale gedagtelyn van die redevoering verstaan word. In die hele hoofstuk is die teenstelling egter tussen προφετεύω en λαλεῖν εν γλώσσῃ. Die implikasie is dat daar dus ook 'n noue verwantskap tussen καταχεω en προφητεύω is, want albei dien tot opbou van die gemeente.

Hierdie opbou bestaan egter volgens vers 24 daarin dat twee dinge gebeur: die gelowiges in die gemeente profeteer en juis daardeur kom die ongelowiges tot bekering. Opbou in die omvattende sin - van kwalitatiewe (al die gemeentelede wat beskik oor die gawe, profeteer) en (juis as resultaat daarvan) ook kwantitatiewe opbou (ongelowiges kom tot bekering) -

vind plaas. Daarom het κατηχεω net soos διδάσκω ook 'n missionêre dimensie en gerigtheid en vrug. Daar is die buitestaanders wat tot bekering kom, èn die gemeente raak toegerus om so te kan optree dat ongelowiges tot bekering kom wanneer hulle in samekomste met die lede van die gemeente in kontak kom. In die lig van die feit dat κατηχεω meer as διδάσκω die betekenis het van noukeurige, gedetailleerde onderrig het, kan ook afgelei word dat daar in die gemeente voortdurende en voortgesette, noukeurige, gedetailleerde onderrig moet wees ten einde op 'n gebalanseerde manier sowel kwalitatief en kwantitatief opgebou te kan word. Om die gemeente so toe te rus dat hulle so kan profeteer dat ongelowiges daardeur tot bekering kan kom, moet hulle langs die weg van kategetiese onderrig 'n steeds beter greep op die kerninhoud van die evangelie kry, sodat hulle dit ook op sistematiese, logiese en verstaanbare wyse in hulle profesie kan weergee. Deur sodanige κατηχέω word die gemeente bewaar sowel as vermeerder.

Die hele gedagtegang van 1 Korintiërs 14 is dat die charismata moet funksioneer tot opbou en lering van die hele gemeente. So is dit ook duidelik dat κατηχέω nie net gerig is op kategetiese onderrig met die oog daarop om ingelyf te word as ledemate van die liggaam nie, maar dat dit inherent deel is van die blywende, voortgesette, totale opbou van die liggaam.

Die gebruik bestaan by baie hedendaagse kerke om kategetiese onderrig in die gemeente te beperk tot onderrig as voorbereiding vir die doop (wanneer volwasse buitestaanders tot die gemeente toegevoeg word) of tot verbondskinders met die oog op openbare aflegging van geloofsbelydenis. Voortdurende kategetiese onderrig vir die belydende lidmate in die gemeente is hoogstens wenslik, maar nie noodsaaklik is nie. Hierdie laasgenoemde standpunt het geen Nuwe-Testamentiese gronde nie. In die lig van 1 Kor 14:19-25 is dit duidelik dat die hele gemeente ontvangers van die κατηχήσω was en dat die voortgesette onderrig wat volwasse belydende lidmate van die kerk ontvang, 'n integrale aspek van die totale opbou van die gemeente is.

Spoelstra (1988:9) stel homself - met baie vae Skrifgronde - kategories teenoor zdie standpunt dat voortgesette kategese vir belydende lidmate van die kerk as deel van die totale opbou van die gemeente gesien moet word. Dit gebeur wanneer hy verklaar: "Die idee van 'gemeentebou' as voortdurende kategese vir 'lidmate' moet verwerp word. Die Skrif ken 'n moment waarop kategese

geloofsbelydenis, mondigheid, volwassenheid, selfstandigheid, verantwoordelikheid, hoewel nie onafhanklikheid of selfgenoegsaamheid nie, tot gevolg het (Heb 5:14). Selfs wie ten dele ken, het 'n man geword (1 Kor 13:11). Mondigheid impliseer nie gearriveerdheid nie. Die gelowiges moet self 'gemeenteopbou' elkeen op sy eie terrein voortsit om God te dien en verheerlik".

Die vraag waarop egter geantwoord moet word, is: Maak die feit dat mondigheid nie gearriveerdheid impliseer nie, en dat hy wat 'n man geword het, in hierdie bedeling steeds ten dele ken (1 Kor 13:11), en dat die volwassenes van Heb 5:14 - waarop Spoelstra hom beroep - verdere vaste spyse ontvang, nie juis voortgesette kategese noodsaaklik nie? Immers, hoe anders moet gelowiges blywend vir geestelike groei en meer effektiewe betrokkenheid in die opbou van die gemeente dan toegerus word? Dit skyn asof die grondfout van Spoelstra se beredenering is dat hy die doel van die kategetiese arbeid in die kerk beperk tot die bereiking van sodanige geloofsmondigheid dat geloofsbelydenis kan plaasvind. Die onvermydelike konsekwensie van so 'n standpunt is dat geloofsbelydenis 'n doel op sigself word. Omdat mondigheid egter nie gearriveerdheid inhou nie (soos wat Spoelstra tereg self verklaar), word by implikasie erken dat daar altyd 'n vorm van voortgesette kategetiese arbeid nodig sal wees.

GEVOLGTREKKINGS

2.3.3.1. Net soos διδάσκω het κατηχέω ook 'n missionêre dimensie, gerigtheid en vrug. Dit gebeur nie net deur buitestaanders wat tot bekering kom nie, maar ook deur die gemeente sodanig toe te rus dat hulle optrede daartoe kan lei dat ongelowiges tot bekering kom wanneer hulle in samekomste met die lede van die gemeente in kontak kom.

2.3.3.2. Onderrig in die kerk van Christus moet altyd *ook* voortgaande (volwasse) onderrig (aan reeds mondige gelowiges) inhou. Daar kan nooit 'n stadium in die lewe van 'n gelowige op aarde kom dat hy nie meer διδάσκω of κατηχέω nodig het nie.

2.3.3.3. Kategetiese onderrig in die kerk van Christus moet daartoe lei dat gelowiges hulle profetiese gawes kan aanwend - nie net om mekaar kwalitatief op te bou nie - maar ook om die gemeente kwantitatief op te bou, deurdat so geprofeteer sal word dat hierdie arbeid van gelowiges deel van die instrumente van die Heilige Gees sal wees waardeur die ongelowiges tot bekering gebring word.

2.4. καταρτίζω IN DIE NUWE TESTAMENT

2.4.1. MOTIVERING VIR DIE BESTUDERING VAN καταρτίζω

Verskeie navorsers (Venter, 1986:8; Adams, 1981:2; Richards en Hoeldtke, 1980:47) meen die begrip *toerusting* (wat as een van die belangrikste vertaalekwivalente van καταρτίζω beskou word) is een van die sleutelwoorde in die Nuwe testament waarmee aspekte van gemeenteopbou aangedui word. Nel (1987:50) kan selfs verklaar: "Die opbou van die gemeente bestaan dan ook primêr daarin dat die gelowiges (met hulle gawes wat hulle ontvang het) *toegerus* word vir hulle dienswerk" (kursivering deur Nel, P.J.B.)

Hierdie mening van navorsers oor 'n noue verbintenis tussen die begrippe *toerusting* en *gemeenteopbou* maak dit voor-die-hand-liggend om ook 'n eksegetiese ondersoek te doen na die lig wat die betekenis van καταρτίζω werp op die sentrale vraagstuk van hierdie studie.

2.4.2. SEMANTIESE VELDE VAN καταρτίζω

Louw en Nida (1988 (2):135 en 1988 (1): 163, 514, 680) sê dat καταρτίζω in drie semantiese velde voorkom:

1. Om *te wees, te word, te bestaan* of *te gebeur.* In die subveld *gebeur*, het καταρτίζω die betekenis van *veroorsaak om te gebeur* soos byvoorbeeld in Mt 21:16 "U sal veroorsaak dat daar vir u lof uit die mond van kinders en suigelinge [kom]". (Die 1933 A.V. vertaal *berei* en die 1983 A.V. vertaal met *sorg dat... [sing].*)

2. Om *te funksioneer* (Engels: *perform*) of *te doen.* In die subveld om *te skep* of *te maak* het καταρτίζω die betekenis van *te skep*, soos in Heb 11:3, waar gesê word dat God die aarde *geskep* het.

3. In die semantiese veld om *adekwaat te wees* of *te kwalifiseer* het καταρτίζω die betekenis van: om iemand of iets ten volle *geskik vir iets te maak* of *toe te rus*, soos 2 Tm 3:17, wat stel dat die man van God (deur die Skrif) volkome toegerus (of *geskik gemaak*) is vir elke goeie werk. Louw en Nida vermeld dit nie, maar καταρτίζω kan tog in hierdie subsemantiese veld ook die betekenis hê van *herstel*, soos in Mt 4:21 – waar καταρτίζοντας slaan op die heelmaak van nette en en Gl 6:1 – waar καταρτίζετε die betekenis het van: iemand wat in sonde geval het, *reg te help*. In hierdie subsemantiese veld kan καταρτίζω ook die betekenis hê van *voltooi* of *aanvul* soos in 1 Ts 3:10.

Die aard van hierdie studie vereis dit om op semantiese veld (3) toe te spits.

2.4.3. KONSEPSUELE BETEKENIS VAN καταρτίζω

Dit lê buite die grense van die veld van hierdie studie om die resultaat van 'n volledige eksegetiese ondersoek na die konsepsuele betekenis van die woord καταρτίζω hier weer te gee. Slegs daardie aspekte wat ter sake is om lig te werp op die sentrale vraagstuk van hierdie studie, sal uitgelig word.

Die woord καταρτίζω het in **klassieke Grieks** eers heel laat en ook heel selde voorgekom. In die sin van *toerus*, *toerusting* het die stamverwante woorde καταρτίσμος en καταρτίσις egter saam met παιδεία wel voorgekom (Delling, 1964:476; Arndt en Gingrich 1974:418). Die implikasie is dat toerusting 'n bepaalde gerigte soort opleiding is.

In die **Nuwe Testament** kom καταρτίζω dertien keer voor en die stamverwante woorde καταρτισμος en καταρτισις elk slegs een keer (Moulton 1974:536; Arndt en Gingrich, 1974:418,19; Wigram en Winter, 1972:415).

Kom die woord in die derde semantiese veld (wat Louw en Nida onderskei het – (vgl. (3) hierbo) voor, in 'n konteks wat oor gemeenteopbou handel, dan beteken καταρτίζω meestal: om gelowiges bekwaam te maak om hulle eie funksie te vervul in die opbou van die gemeente.

> Daar moet dus goed onderskei word tussen *toerusting* en *gemeenteopbou*. Dit is nie presies dieselfde saak nie. Daarom is Nel (1987:50) te ongenuanseerd wanneer hy verklaar: "Die opbou van die gemeente bestaan dan ook primêr daarin dat die gelowiges (met hulle gawes wat hulle ontvang het) *toegerus* word vir hulle dienswerk" (kursivering deur Nel, P.J.B.). Hierdie verklaring impliseer dat καταρτίζω en οἰκοδομέω sinonieme is. *Opbou* is egter meer as *toerusting*. Dit sluit wel toerusting in, maar hou verder in geloofsverdieping asook betrokkenheid by onderlinge diens aan mekaar en missionêre arbeid en gerigtheid van die kerk op die wat nog buite is.

Goeie lig kan vanuit Ef 4:12, binne die konteks van Ef 4:7–16, gewerp word op bepaalde betekeniskomponente van καταρτίζω en veral op die implikasies daarvan vir die sentrale vraag van hierdie studie.

Die gedagtegang in breë trekke, is dat elke gelowige gawes van die Heilige Gees ontvang (vs. 7). Behalwe die gawes wat elke gelowige kry, ontvang die gemeente ook nog die besondere gawes van die "ampsdraers" of "voorgangers" (vgl. die τοὺς μὲν ἀποστόλους, τοὺς δὲ προφήτας, τοὺς δὲ εὐαγγελιστας, τοὺς δὲ ποιμένας καὶ διδασκάλους – wat juis in vs 16 αφης genoem word; kyk ook die uitleg hieroor wat reeds in hfst. 2:2.5.13 en hfst. 4:5.9. gegee is). God se doel met die voorgangers in die gemeente is dat gelowiges toegerus word (πρὸς τὸν καταρτισμὸν) om betrokke te wees by die opbou (εἰς οἰκοδομὴν τοῦ σώματος) van die gemeente.

> Oor die sintaktiese verbinding tussen die πρὸς τὸν en die twee εἰς sinsnedes is daar nogal verskil van opvatting by verskillende eksegete, soos wat ook uit verskillende vertalings blyk. Die interpretasie van Foulkes (1968:120) maak die meeste sin: "NEB is probably correct in making the second depend closely on the first, and the third on the two that precede: 'to equip God's people for work in his service, to the building up of the body of Christ'". (Vgl. ook Roberts, 1983:116; Hendriksen, 1967:198; Rienecker, 1971:148; Stott, 1979:168,9; Versteeg, 1985:24-27.)

Die toerusting of bekwaammaking (of *opleiding*; vgl. Roberts, 1983:116)

bestaan daarin dat die gelowiges enersyds in hulle dienswerk gekoördineer word en andersyds gevoed word om dienswerk tot opbou van die liggaam te kan doen. Die daarstelling van sinvolle gemeentelike strukture, waarbinne die gelowiges se gawes en dienswerk kan funksioneer, is wesentlik ook deel van die inhoud van die toerustende arbeid wat gedoen word. Die beeld van die gelowiges as individuele lede van die liggaam wat deur die voorgangers ondersteun en saamgebind word vir die liggaam se eie opbou in die liefde (vgl. bo hfst. 2:2.5.13. en 4:5.9. en nogmaals Versteeg, 1985:24 ev.) bepaal die hele verband van hierdie teksgedeelte. Binne hierdie verband is 'n paslike betekenisnuanse van καταρτίζω: *die spalk van 'n ledemaat wat uit lid geraak het, sodat dit weer reg kan funksioneer*, (Venter 1986:8). Die *voorgangers* se toerustingstaak *bestaan in voeding sowel as sinvolle koördinering* van al die gelowiges wat volgens hulle individuele gawes werksaam is, sodat die liggaam homself kan opbou tot 'n liefdevolle eenheid in Christus.

Daar is reeds aangetoon dat opbou hier sowel die bewaring as die vermeerdering van die gemeente omvat (vgl. hfst. 2:2.5.13) Die implikasie daarvan is dat toerusting 'n tweërlei oogmerk het. Dit is: om die gelowiges bekwaam te maak (of op te lei, Roberts, 1983:116) en te koördineer (in te skakel) om volgens hulle gawes *by die missionêre opbou van die liggaam betrokke te wees* (Ef 4:13) asook om *na mekaar om te sien* (Ef 4:14,15), met as finale doel om waarlik die liggaam van Christus daar te stel. Daarom groei die gemeente kwantitatief en kwalitatief uit Hom en tot Hom.

Dit is 'n feit dat die woord καταρτίζω gebruik word om die herstel van nette te beskryf (Mt 4:21; Mk 1:19). Die missionêre roeping van die kerk kom in dieselfde konteks in die visier kom wanneer Jesus aan sy eerste

dissipels sê dat Hy hulle vissers van mense sal maak (Mt 4:19; Mk 1:17). Dit hou in dat die woord καταρτίζω heel van pas is om ook die toerusting (*opleiding vir* en *inskakeling by*) missionêre arbeid van Jesus se dissipels daarmee te beskryf. Soos wat die nette heelgemaak (καταρτίζω) is om visse te kan vergader, so moet dissipels ook "*heelgemaak*" word om mense vir die koninkryk te kan vergader.

Pas nou hierdie betekenisnuanse van *heelmaak* of *herstel* op die toerusting van gelowiges toe, dan het dit die implikasie dat *toerusting* nie net die verkryging van rasionele kennis impliseer nie, maar saaklik ook *totale lewensvernuwing* inhou. Verder: om by missionêre opbou betrokke te kan wees, moet gelowiges self eers die vernuwende werking van Christus ervaar het en steeds bly ervaar. Iemand kan alleen 'n *visser van mense* wees as hy self eers 'n nuwe skepsel word (2 Kor 5:17) en steeds meer en meer na die beeld van Christus vernuwe word (2 Kor 3:18). Op hierdie manier kan iets van die betekenisnuanse van *om te skep* ook meespreek in die toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk. Hulle word in die proses van toerusting *herskep* om bekwaam te kan wees, om ook betrokke te kan wees in die missionêre opbou sowel as in die kwalitatiewe opbou van die gemeente.

In Gl 6:1 het καταρτίζω juis die betekenisnuanse van: iemand wat deur een of ander sonde oorval is, moet *reggehelp* of *herstel* of *herskep* word. In Heb 13:21 blyk die wye skopus van καταρτίζω as daar vermeld word dat die gemeente toegerus moet word *om God se wil te doen.* Daaruit kan afgelei word dat die wye verskeidenheid van opdragte en verantwoordelikhede wat gelowiges het, baie nou aan mekaar verbonde is. Dit word onder die een noemer, *om die wil van God te doen*, saamgevat; en in die praktyk van verskillende gestaltes van gemeentetoerusting moet hierdie een oorkoepelende doel steeds in gedagte gehou word. Hierdie een oorkoepelende

doel sal inhou dat spesifiek gerigte toerusting op newedoelwitte (bv. toerusting vir missionêre arbeid) juis nie tot sy reg kom as dit nie ook die oorkoepelende doel voor oë hou en daarom juis die raakpunte met ander gestaltes van gemeentetoerusting en kerkwees verreken nie.

> **Konkreet uitgespel: 'n Georganiseerde toerustingsprogram om gelowiges spesifiek vir missionêre arbeid bekwaam te maak, sal misluk as dieselfde gelowiges nie terselfdertyd toegerus word om ook in ander aspekte van hulle geloofslewe te groei nie. Oormatige spesialisering in gemeentetoerusting kan die gevaar inhou dat newedoelwitte die oorkoepelende doelwit: *om die wil van God te doen* verdring. Hierdie gevare kan slegs vermy word as die teosentriese, doksologiese motief in gemeentetoerusting die fokuspunt bly.**

Effektiewe missionêre arbeid kan net gedoen word as gemeente deur die toerustende werksaamheid ook tot *groter belewing van hulle eenheid in Christus* kom. Dit word duidelik uit Ef 4:12–16, waar die toerusting van die gelowiges beslis ook bestaan in die koördinerende funksie van die voorgangers soos hierbo beredeneer is. Die liggaam moet naamlik *saamgevoeg* (συναρμολογούμενον) en *saamverbind* (συμβιβαζόμενον) wees om opgebou te kan word (εἰς οἰκοδομὴν ἑαυτοῦ). Die gedagte dat toerusting tot *groter eenheidsbelewing* moet lei word versterk as in ag geneem word dat hierdie hoofstuk afgeskop het met *die opdrag om die eenheid te bewaar* (Ef 4:3). Delling (1964:476) het dus goeie grond om te verklaar: "The *establishment of the community* in work for the kingdom of God in the widest sense thus constitutes for Paul a material precondition of the upbuilding and consequently the *actualisation of the community*" (my kursivering, P.J.B.).

Dat καταρτίζω ook die betekenisnuanse inhou van *saamsnoer tot 'n eenheid*, word ook bevestig deur die gebruik van die woord in die konteks van 1 Kor 1:10: die gemeente word vermaan om almal eenstemmig te wees (αὐτὸ λέγητε πάντες), om sonder skeuringe te wees (μὴ ᾖ ἐν ὑμῖν σχίσματα), maar (vgl. die δὲ) *tot eenheid toegerus* (κατηρτισμένοι ἐν τῷ αὐτῷ νοΐ). Daar is reeds aangetoon dat Paulus se doel met die Korintiërs hulle missionêre sowel as

konsoliderende opbou was (vgl. veral p. 47-50; vgl. ook hoe nou καταρτίζω juis ook in 2 Kor 13:9-11 met οἰκοδομέω in verband gebring word). Daarvoor moet hulle tot 'n hegte eenheid toegerus word.

So gesien kan dan afgelei word dat die woord καταρτίζω juis die baie hegte eenheid tussen die bewarende (konsoliderende) en vermeerderende (missionêre) werksaamheid van die gemeente onderstreep: dit is werklik soos die twee kante van dieselfde muntstuk. Die een aspek kan nie, sonder om ook skade aan die ander te berokken, genegeer word nie. Toerusting het juis albei ten doel.

In 2 Kor 13:9, 11, 1 Pt 5:10 en 1 Ts 3:10 het καταρτιζω die betekenisnuanse van *voltooi* wat nog ontbreek. Die konteks van 1 Ts 3:10 is kortliks dat Paulus baie gou nadat hy die gemeente in Tessalonika gestig het, uit die stad moes vlug (Hd 17:1-10; Coetzee 1980a:31). Hy het gevoel dat sy werk nie afgehandel is nie en dat daar nog essensiële aspekte aan daardie gelowiges se toerusting ontbreek. Daarom het hy volgens 1 Ts 3:10 'n baie ernstige begeerte om *aan te vul* (καταρτίσαι) wat nog aan hulle geloof ontbreek. Sy doel is (vgl. 1 Ts 3:12-13) dat hulle liefde vir mekaar, maar ook vir alle mense sal groei, dat hulle innerlik sterk gemaak sal word en uiteindelik dat hulle onberispelik en heilig voor God sal staan met die dag van sy wederkoms.

Dit is duidelik dat hy hulle verder bekwaam wil maak om as gemeente sowel innerlik te verdiep en ook toe te neem in missionêre werfkrag. Laasgenoemde kom weliswaar slegs implisiet aan die orde, in die verwysing na hulle groei in liefde εἰς πάντας. Neem ons egter die missionêre ondertoon wat so sterk in die volgende hoofstuk deurskemer (vgl. hfst. 5:5.5) in ag, dan is dit tog legitiem om hieruit af te lei dat die oogmerk van καταρτίζω ook is om die gelowiges bekwaam te maak om mederwerkers te

kan wees in sowel die kwantitatiewe as die kwalitatiewe opbou van die gemeente.

Die finale doel van die toerustende werk in die gemeente word so beskryf: dat die gelowiges met die wederkoms van Christus saam met al sy heilige engele onberispelik voor God sal staan. Daarmee word die teosentriese, doksologiese motief van die gemeente se toerusting in die sentrum geplaas. Die toerusting van gelowiges om betrokke te kan wees in die kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou van die gemeente is nie maar 'n bysaak nie Dit is nie maar 'n *nuwe modegier* wat deur "Amerikaanse pragmatisme" aan die orde gestel is nie (Spoelstra 1988:1) Dit is beslis kardinaal om die gemeente op sy teosentriese einddoel te rig.

Dieselfde afleidings kan vanuit die gebruik van καταρτίζω in 1 Pt 5:10 gemaak word. Die gelowiges se toerusting loop uit op hulle bestendigheid en verdieping en lei uiteindelik tot 'n doksologie oor God se krag (vgl. die αὐτῷ τὸ κράτος εἰς τοὺς αἰῶνας ἀμήν.).

GEVOLGTREKKINGS

2.4.3.1. Die betekenis van die woord καταρτιζω in die Nuwe Testament omvat die totale toerusting van gelowiges om hulle bekwaam te maak om in hierdie bedeling die wil van God te kan doen en om uiteindelik met die dag van die wederkoms van Christus onbesrispelik voor God te kan staan.

2.4.3.2. Die toerusting maak gelowiges bekwaam om self mee te werk aan die kwalitatiewe sowel as die kwantitatiewe opbou van die gemeente.

2.4.3.3. Toerusting van gelowiges behels meer as blote verryking van hulle rasionele kennis van die evangelie. Dit behels om hulle op 'n pad van voortdurende lewensvernuwing en geestelike verdieping te begelei.

2.4.3.4. Toerusting van gelowiges hou ook in die daarstel van sinvolle strukture waarbinne gelowiges se wye verskeidenheid van gawes gekoördineer word om in 'n hegte eenheid te kan funksioneer.

2.4.3.5. Gemeentetoerusting en gemeenteopbou is nie sinonieme nie. Daar is wel oorvleueling in hierdie sin dat gelowiges wel kwalitatief in hulle eie geloofslewe opgebou word wanneer hulle toegerus word. Maar opbou omvat veel meer as hierdie toerusting, omdat dit die totale bewaring sowel as vermeerdering van die kerk omvat.

2.4.3.6. Die een oorkoepelende doel by die toerusting van gelowiges is: om hulle bekwaam te maak om die wil van God te doen. Word hierdie doel steeds in gedagte gehou, sal daar 'n baie noue verbintenis tussen die bewaring en die vermeerdering van die kerk in alle toerusting in ag geneem word.

HOOFSTUK 7

EKSEGETIESE ONDERSOEK NA DIE BETEKENIS VAN SEKONDÊR TER SAAKLIKE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE VERHOUDING TUSSEN GEMEENTEOPBOU EN EVANGELISERING - DEEL 2

ENKELE WOORDE WAT KLAARBLYKLIK MET MISSIONÊRE AKTIWITEIT TE DOEN HET

1. Die gebruik van κερδαίνω en stamverwante woorde in die Nuwe Testament. 176

   1.1. Motivering vir die bestudering van κερδαίνω 176

   1.2. Semantiese velde van κερδαίνω. 176

   1.3. Konsepsuele betekenis van κερδαίνω. 177

2. Die woord μαρτυρέω en stamverwante woorde in die Nuwe Testament. 180

   2.1. Motivering vir die bestudering van μαρτυρέω. 180

   2.2. Semantiese velde van μαρτυρέω. 180

   2.3. Konsepsuele betekenis van μαρτυρέω. 182

3. Die woord κηρύσσω en stamverwante woorde in die Nuwe Testament. 189

   3.1. Motivering vir die bestudering van κηρύσσω. 189

   3.2. Semantiese velde van κηρύσσω. 190

   3.3. Konsepsuele betekenis van κηρύσσω. 191

4. Die woord πληθύνω in die Nuwe Testament. 196

4.1. Motivering vir die bestudering van πληθύνω. 196

4.2. Semantiese velde van πληθύνω. 197

4.3. Konsepsuele betekenis van πληθύνω. 197

1. DIE GEBRUIK VAN κερδαίνω EN STAMVERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

1.1. MOTIVERING VIR DIE BESTUDERING VAN κερδαίνω

Verskeie navorsers (Van Swigchem, 1955:123; Schlier, 1968:673; Kritzinger, 1974:286; Arndt en Gingrich 1974:430) is van mening dat die woord κερδαίνω die sendingwoord by uitstek in die Nuwe Testament is. Die woord kom egter in die Nuwe Testament ook in kontekste voor wat (saaklik) ook handel oor die innerlike of kwalitatiewe opbou van die gelowiges (bv. 1 Pt 3:1 en Mt 18:15). In die lig hiervan kan 'n eksegetiese ondersoek na die betekenis van κερδαίνω moontlik belangrike lig op die sentrale vraag van hierdie studie werp.

1.2. SEMANTIESE VELDE VAN κερδαίνω

Louw en Nida (1988 (2):141; 1988 (1): 164, 579) sê κερδαίνω kom in twee semantiese velde voor:

(1) Om *te wees, te word, te bestaan of te gebeur.* In die subveld *gebeur,* het κερδαίνω die betekenis van *om te veroorsaak dat 'n verlies nie plaasvind nie* soos in Hd 27:21 "... dan sou hierdie ramp en skade *vermy* kon gewees het". (Die 1933 A.V. vertaal *bespaar het* en die 1983 A.V. vertaal met *vrygespring het*).

(2) Om *te besit oor te dra* (Engels: *transfer*) of *te ruil.* In die subveld om *te verdien* of *te wen* of *handel te drywe* het κερδαίνω die betekenis van *te wen* of "wins te maak (bv. Jk 4:13, waar melding gemaak word van mense wat vir 'n jaar in hierdie of daardie stad wil gaan woon om *wins te maak*; Mt 25:16 waar van die man met die vyf talente gesê word dat hy daarmee gaan werk het en vyf ander *gewen het* of *wins gemaak het*; vgl. ook Lk 9:25 ... *as wins te verkry* ... en Lk 19:18 *verdien*

of *opgelewer* wat ook met *wins opgelewer* vertaal sou kon word.

Louw en Nida wys slegs op hierdie betekenis van *materiële wins* wat in die woord κερδαίνω opgesluit lê. Die betekenis van mense wat as wins vir die koninkryk van God verkry is, lê egter ook in hierdie subsemantiese veld opgesluit (Schlier, 1968:673; Arndt en Gingrich, 1974:430).

1.3. KONSEPSUELE BETEKENIS VAN κερδαίνω

Dit lê buite die grense van die veld van hierdie studie om die resultaat van 'n volledige eksegetiese ondersoek na die konsepsuele betekenis van die woord κερδαίνω weer te gee. Slegs die aspekte wat ter sake is om lig te werp op die sentrale vraagstuk van hierdie studie, sal uitgelig word.

Die woord κερδαίνω het in **klassieke Grieks** die betekenis van *wins maak* of om *(voordeel) te wen* (Schlier, 1968:672; Arndt en Gingrich, 1974:430).

In die **Nuwe Testament** kom κερδαίνω sestien keer en die stamverwante woord κέρδος slegs drie keer voor (Moulton, 1974:545; Arndt en Gingrich, 1974:430; Wigram en Winter, 1972:421).

Kom die woord voor in die tweede semantiese veld wat Louw en Nida onderskei het (vgl. (2) hierbo) - in 'n konteks wat saaklik oor gemeenteopbou handel - beteken κερδαίνω meestal om ongelowiges (veral buitestaanders) te wen (of terug te wen).

Daar is reeds beredeneer dat κερδαίνω in 1 Kor 9:19 e.v. die betekenis het van *mense vir die koninkryk te wen deur die sendingwerk van die kerk* (vgl. hfst. 3:5.4.). Paulus se doel met die verdediging van sy ampsgesag in die konsoliderende opbou van die gemeente te Korinte was juis om mense vir die koninkryk van God te kan wen. Die stimulering van missionêre visie en betrokkenheid van die kant van die gemeente was juis deel van Paulus se

konsoliderende opbou van die gemeente. In die proses was hy bereid om groot offers te bring, met die één groot doel voor oë om mense te wen en te red. Hieruit kan afgelei word dat *opbou* die gemeente se bekwaammaking om ingeskakel te kan wees by die groot missionêre heilsplan wat God in die wêreld het, insluit. Die implikasie hiervan is dat die konsoliderende opbou van die gemeente die missionêre blikpunt nooit uit die oog mag verloor nie.

Selfs in sy pastorale advies aan gelowige vroue, wat met huweliksprobleme worstel omdat hulle ongelowige mans het wat aan die Woord ongehoorsaam is, is Petrus se missionêre blikpunt in 1 Pt 3:1 inherent deel van die advies. Sy missionêre gerigtheid bepaal sy pastorale metodiek.

> Hierdie vers vorm deel van 'n groter onderdeel van die brief (1 Pt 2:11-3:22). Greijdanus (1972:53) meen dat 3:12 aansluit by 2:11,12 en 3:13 dan met 'n nuwe gedagtegang begin. Petrus beklemtoon in hierdie hele gedeelte op verskillende maniere dat die gelowiges met hulle heilige lewenswandel - selfs te midde van lyding - steeds 'n missionêre motief moet behou (Van Swigchem, 1955:86). Teen hierdie agtergrond (vgl. die ὁμοίως waarmee die perikoop begin) moet sy pastorale advies aan vrouens om met hulle onderdanige lewenswandel (ὑποτασσόμεναι... ἀναστροφῆς) hulle mans vir Christus te wen, verstaan word (κερδηθήσονται is ind. fut. pas. en druk die besliste verwagting van hulle bekering tot Christus uit.)

Die gebruik van κερδαίνω in Mt 18:15 maak dit duidelik dat egte liefde en bewoënheid die motief moet wees wat grondliggend is aan die ywer om iemand vir Christus te wen. "Eine achte auf den andern *in Liebe*"; "... diese Absicht des Zurechthelfens in Liebe ist der Einzige Grund zum gewinnen des Bruders (Rienecker, 1975:255).

Dit gaan wel in Mt 18:15 om 'n medegelowige (ἀδελφός σου) wat sondig, maar in beginsel is hy reeds besig is om van God te vervreem "... Sünde ist immer Verlust, ist Trennung von Gott;...". (Rienecker, 1975:255). Daarom moet die dwalende en afgedwaalde broeder met dieselfde liefde en takt as iemand wat reeds 'n buitestaander geword het, bestraf word (ἔλεγξον) met die doel om hom terug te wen.

Versteeg (1975:29) het in 'n ander verband met goeie gronde geredeneer dat ware naasteliefde een van die vernaamste motiewe vir die gemeente se sendingywer is: "Het gebod, dat we de naaste zullen liefhebben als onszelf, geldt ook met betrekking tot de missionaire taak van de gemeente".

Die feit dat Matteus hier κερδαίνω gebruik om die doel van die bestraffing van 'n dwalende broeder aan te dui, bring na vore dat ên die arbeid wat gerig is op die wen van heidene ên die arbeid wat gerig is op die terugwen van dwalende broeders, nie prinsipieel verskil nie, maar ten diepste dieselfde is.

Die feit dat mense juis gewen word (κερδαίνω) deur *bestraffing* (ἐλέγχω), versterk hierdie argument. Die woord ἐλέγχω word soms gebruik om die bestraffing van die sonde van afgedwaalde gemeentelede te beskryf (bv. Mt 18:15; 1 Tm 5:20); ander kere word dieselfde woord gebruik vir bestraffing van die sonde van ongelowiges (buitestaanders) met wie die gemeente in kontak kom (bv. 1 Kor 14:24).

Die prinsipiële verskil wat Gereformeerdes tradisioneel tussen evangelieverkondiging aan heidene en evangelieverkondiging aan afgedwaalde gelowiges maak, moet nie te ver deurgetrek word nie. In die Nuwe Testament is dit ten diepste dieselfde saak. Daar kan hoogstens sprake wees van aksentverskille in die toepassing van die evangelie (1 Kor 9:20). Afgedwaalde broeders word wel (op grond van die sanksies van die verbond) met groter klem en krag bestraf as ongelowiges wat nog nooit deel van die kring van gelowiges gevorm het nie. Hierdie hele aangeleentheid is reeds elders (Buys 1984:107-118) histories en eksegeties ondersoek en verantwoord.

GEVOLGTREKKINGS

1.3.1. Die woord κερδαίνω beteken in die verband van gemeenteopbou *om mense vir die koninkryk te wen.* Dit kan ongelowiges of afdwalende wankelende gelowiges wees wat *gewen* word. Daarom fokus die woord wel op die vermeerderingsaspek van gemeenteopbou, maar die bewaringsaspek van gemeenteopbou kan nie uit die oog verloor word nie.

1.3.2. Een van die doelwitte van die konsoliderende opbou van die gemeente is om die gelowiges te aktiveer om hulle betrokkenheid by die missionêre opbou van die kerk en die uitbreidinig van Christus se koningsheerskappy te verdiep.

1.3.3. Die konsoliderende opbou van die gemeente mag die missionêre blikpunt nooit uit die oog verloor nie.

1.3.4. Die missionêre gerigtheid van die kerk kan pastorale advies en

metodiek bepaal.

1.3.5. Egte liefde en bewoënheid moet die motief wees wat grondliggend is aan die ywer om iemand vir Christus te wen.

1.3.6. Om ongelowiges wat nog nooit aan die gemeenskap van die gelowiges deel gehad het nie, vir Christus te wen, is ten diepste dieselfde saak as om diegene wat wel deel gehad het aan die gemeenskap van die gelowiges, maar afgedwaal het, vir Christus (terug) te wen.

2. μαρτυρέω EN STAMVERWANTE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

2.1. MOTIVERING VIR DIE BESTUDERING VAN μαρτυρέω

Verskeie navorsers (Van Swigchem, 1955:144; Schippers, 1938:111; Guder, 1985:35-48) is van mening dat die woord μαρτυρέω die treffendste karakteristiek van die oudste prediking is, veral vir prediking aan hulle wat tot dusver nog nie Jesus Christus as hulle Verlosser en Here aanvaar het nie. Coetzee (s.j.:6) is van mening dat μαρτυρέω een van die vorms van εὐαγγελίζομαι (as die bring van die goeie boodskap) is, wat nader onderskei kan word. Op die oog af lyk dit dus of μαρτυρέω 'n sleutelwoord is in die vermeerderingstaak van die kerk. Daarom kan 'n eksegetiese ondersoek na die betekenis van μαρτυρεω moontlik belangrike lig werp op die sentrale vraag van hierdie studie.

2.2. SEMANTIESE VELDE VAN μαρτυρέω

Louw en Nida (1988 (2):157; 1988 (1): 418) sê μαρτυρέω kom voor in die semantiese veld *kommunikasie*. In hierdie semantiese veld kom μαρτυρέω voor in een subsemantiese veld met die betekenis van *om te getuig*. In hierdie *sub*semantiese veld kom μαρτυρέω in twee sub-subsemantiese velde voor:

(1) Om *te getuig* (in die sin van getuig aangaande 'n persoon of 'n gebeurtenis waarvan die spreker direkte kennis het) soos in Jh 3:28 "Julle *getuig* saam met my..." (Die 1983 A.V. vertaal met "Julle is self my *getuies...*). Die selfstandige naamwoord μαρτυρία kom ook in hierdie sub-subsemantiese veld voor met die betekenis van *getuienis* soos in Jh 1:7 "Hy het gekom om *getuienis* af te lê..

(2) *Om instemming te betuig*, soos in Lk 4:22. "Almal het hulle *instemming* met Hom *betuig*..."

Louw en Nida (1988 (2):157; 1988 (1): 413, 425) sê μαρτύρομαι kom ook voor in die semantiese veld *kommunikasie*. In hierdie semantiese veld kom μαρτυρομαι voor in twee subsemantiese velde:

(1) Om *uit te druk* of *te verklaar*. In hierdie subveld het μαρτυρομαι die betekenis van *om 'n ernstige verklaring te maak op die basis van veronderstelde persoonlike kennis* soos in Hd 20:26 ("Daarom *verklaar* ek vandag ...") Met die voorsetsel διὰ soos in διαμαρτύρομαι is die betekenis *om te oortuig* soos in Hd 18:5. ("... om die Jode daarvan te *oortuig* dat Jesus die Christus is.")

(2) Om ('n standpunt) *te beklemtoon* of *te benadruk* (Engels: *insist*). In hierdie subveld het μαρτύρομαι die betekenis van *op die hart druk* soos in 1 Ts 2:12.

Die selfstandige naamwoord μαρτυρία kom ook voor in sub-subsemantiese velde met die betekenis van *getuienis* (-inhoud) soos in Mk 14:55 ("... en die hele Joodse raad het probeer om 'n *aanklag* teen Hom te kry...") en 1 Kor 1:6 ("Die *boodskap* van Christus is onder julle so goed gevestig...").

2.3. KONSEPSUELE BETEKENIS VAN μαρτυρέω EN STAMVERWANTE WOORDE

Dit lê buite die grense van die veld van hierdie studie om die resultaat van 'n volledige eksegetiese ondersoek na die konsepsuele betekenis van die woord μαρτυρέω en stamverwante woorde weer te gee. Slegs die aspekte wat ter sake is om lig te werp op die sentrale vraagstuk van hierdie studie, word uitgelig.

Die woord μαρτυρέω is in **klassieke Grieks** 'n woord uit die juridiese sfeer - soos by Homeros, Aristofanus, Demostenes, Isokrates, Aristoteles en andere (Trites, 1977:4-15; Strathmann, 1967:476). Wanneer die woord nie in 'n juridiese konteks gebruik word nie, het dit veral in die historiografie gefunksioneer om die korrekte feitelikheid van gebeure te beskryf - soos by Herodotos. Verder is die woord en stamverwante woorde ook in klassieke Grieks gebruik om idees of opinies of standpunte te beskryf, soos by Plato in sy "Gorgias" en Epiktetus in sy "Diskoerse" (Trites, 1977:4-15; Strathmann, 1967:477). Strathmann (1967:475) meen hierby dat μαρτύς iemand was *wat onthou* ... en daarom vir ander die feite agterna korrek kon weergee.

Die **Septuaginta** gebruik μαρτυρέω en stamverwante woorde ook met sterk juridiese konnotasies, maar ook met die betekenis om die feitelikheid van gebeurtenisse korrek weer te gee. Daarby kom egter die betekenis dat μαρτυρίον kan verwys na die openbaring van God, veral in die uitdrukkings σκηνὴ τοῦ μαρτυριοῦ (in Num 1:50,53; 10:11; 2 Kron 24:6) en κυβωτὸς τοῦ μαρτυρίου (in Eks 26:33,34; 40:21; Lev 16:2; Num 7:89 - Trites, 1977:4-16-18; Strathmann, 1967:486).

Vir die verstaan van die gebruik en betekenis van μαρτυρέω en stamverwante woorde in die Nuwe Testament is dit belangrik om die juridiese karakter van

Jesaja 40-55 raak te sien. Trites (1977:35-47; vgl. ook Diêtrich, 1958:457) het met deeglike motivering aangetoon hoe daar in hierdie uitsprake 'n hofsaak geteken word tussen Jahweh die God van Israel aan die een kant en die afgode wat deur die nasies aanbid word, aan die ander kant. Israel is God se getuies en die heidennasies is die getuies van die afgode. Die getuies moes die feite ten gunste van hulle God voorsien en ook die ander party oortuig van die waarheid wat hulle verkondig. In hierdie hofsaak word die ἐγω εἰμι formule ten minste 16 keer met betrekking tot Jahweh gebruik om Hom te verklaar as Verlosser en Saligmaker en as Here van die geskiedenis teenoor die ongeloof van die heidene en die niksbeduidendheid van hulle afgode. Diêtrich (1957:457) vat aldus saam: "The people of God are the witnesses to God among the heathen; they proclaim and confess the living and true God (Isa. 43:10-12)".

Die Nuwe Testament gebruik μαρτυρέω volgens Wigram en Winter (1972:471) 79 keer, maar volgens Moulton (1974:616) slegs 76 keer. Die stamverwante woord μαρτυρία kom volgens Wigram en Winter (1972:472) sowel as Moulton (1974:617) 37 keer voor (vgl. ook Trites, 1977:67). Die stamverwante woord μαρτυρίον kom volgens Wigram en Winter (1972:472) sowel as Moulton (1974:617) en Trites (1977:68) 20 keer voor. Verder kom μαρτυρόμαι volgens Wigram en Winter (1972:472) 3 keer voor maar volgens Moulton (1974:618) 5 keer. En μαρτυς kom 35 keer voor (Wigram en Winter, 1972:472; Moulton, 1974:617).

Coetzee (s.j.:7) verklaar by wyse van samevatting oor μαρτυεω en stamverwante woorde: "Ons het hier 'n begripsgroep uit die regterlike lewensfeer, wat streng gebonde aan die histories-sigbare en histories-hoorbare is. Marturein is om te getuig voor die Goddelike en/of wêreldlike regbank, voor vriend en vyand, as 'n oog- en oorgetuie van die

openbaring van God in Christus".

Die getuies was in die eerste plek diegene wat die historiese Jesus geken het en ooggetuies van sy kruisiging en opstanding was. Hulle getuienis het daarom te doen gehad met *feite*. Aan die ander kant kon ook diegene getuie wees wat gelowig aanvaar het dat Jesus die Messias is wat deur God gestuur is - soos wat deur die Skrifte vooruit vermeld is - en wat Hom as Here en Saligmaker bely (Lk 24:48; Hd 1:8, 21-22; 3:15; 5:32; 10:37-43; 13:30-31; 26:16).

So is die betekenis van *getuig*, *getuienis* en *getuie* verruim om ook hulle in te sluit wat nie werklik ooggetuies van Jesus se koms, lyding, sterwe en opstanding was nie. So een was Paulus (Hd 22:15; 26:16; 1 Kor 15:1-11) en verder almal daarna wat openlik hulle geloof in Jesus Christus as Here en Saligmaker bely het, waaronder Stefanus (Hd 22:20), die wolk van getuies (Heb 12:1), Antipas (Op 2:13) en die kerk (Op 6:11; 11:3; vgl. ook Coetzee s.j.:8).

Daar word soms nogal beweer dat Jesus slegs die apostels werklik as sy getuies aangewys het, met die implikasie dat diegene wat nie apostels is nie, nie werklik getuies kan wees nie. Michael Green (1970:72) beweer byvoorbeeld dat Lukas "... has a strong tendency to restrict the word 'witnesses' to those who had known the incarnate Jesus. This is true of all the references apart from the last three in Acts".

Lees 'n mens egter Lk 24:48 (ὑμεῖς μάρτύρες τουτων) in die lig van die konteks, dan is dit duidelik dat by daardie geleentheid nie net die elf apostels teenwoordig was nie, maar ook andere. Die woorde is immers uitgespreek tydens die samekoms van die dissipels in Jerusalem op die aand van die opstandingsdag (vgl. Lk 24:13, 29, 33, 36, 47-49.). Volgens vers 29, (en Jh 20:24 wat vermeld dat Tomas nie teenwoordig was nie) was daar tien van die apostels *en die wat saam met hulle bymekaar was*, en ook *Kleopas en die ander Emmaüsganger* en waarskynlik ook van die vrouens (Lk 24:10) teenwoordig. Vir hierdie hele groep - nie net die tien apostels nie - word gesê: "ὑμεῖς μάρτυρες τούτων." Verder word hulle aangesê om in Jerusalem te bly totdat hulle toegerus is met krag uit die hoogte. Wanneer hierdie laaste bevel volgens Hd 1:8 net voor Jesus se hemelvaart herhaal word en ten nouste verbind word aan die toerusting wat die Heilige Gees gee om getuies te kan wees, dan is dit weer eens (volgens Mt 28:7 en Hd 1:14,15) nie net die apostels wat teenwoordig is nie, maar ook andere.

Die feit dat daar in Lk 24:46-49 en Hd 1:8 iets van 'n eggo gehoor word van die boodskap van Jesaja aan die hele volk in Jes 43 en 44 - soos wat dit saamtrek in die uitspraak: "...julle is my getuies (verantwoordelikheid), spreek die Here, en Ek is God" (gesag) (Jes 43:12) - beklemtoon ook dat nie slegs ampsdraers of voorgangers nie, maar ook die hele kerk as nuwe volk

van God die mandaat het om getuies te wees.

Só moet Jh 4:39 verstaan word, as daar vermeld word dat baie mense in Jesus begin glo het op grond van dit wat die Samaritaanse vrou *getuig* het (διὰ τὸν λόγον τῆς γυναικὸς μαρτυρούσης). So ook as daar in Jh 12:17 staan dat *die skare getuig* het van Lasarus se opwekking uit die dood, en in 1 Jh 5:10 dat elkeen *wat in die Seun glo, die getuienis in homself het* (ἔχει τὴν μαρτυρίαν ἐν αὐτῷ; 1983 A.V. "... in sy hart").

Om te kan getuig moet gelowiges met die Heilige Gees vervul wees. Dit is immers ten diepste die Heilige Gees wat van Christus getuig (Jh 14:17, 27; 15:26,27; vgl. ook die "... καὶ τὸ πνεῦμα ἐστιν τὸ μαρτυροῦν van 1 Jh 5:6). Daarom kan gelowiges alleen wanneer hulle met die krag van die Heilige Gees toegerus is, waarlik getuies wees (Lk 24:49; Hd 1:8). Hierdie vervulling met die Heilige Gees, wat lei tot die vrymoedigheid om kragtig te getuig, word as genadegawe in antwoord op volhardende gebed ontvang (Hd 1:14; 4:24, 31, 33). Verder word pertinent vermeld dat die gelowiges eendragtig saam was, toe hulle met die Gees vervul is (Hd 2:1,4: 4:24,31). Daaruit kan afgelei word dat die onderlinge gemeenskap (κοινωνία) en die ontvangs van die Woord middele is waarvan die Heilige Gees Homself bedien om gelowiges toe te rus vir hulle taak as getuies in die wêreld.

Daar word weliswaar in Ef 5:18 'n ander woord (πληρόω) gebruik wanneer daar sprake is van vervulling deur die Heilige Gees, maar saaklik is dit ook duidelik dat hierdie vervulling met die Heilige Gees plaasvind in die konteks van κοινωνία tydens samekomste van die gemeente. In Kol 3:16 is net soos in Ef 5:18-19 ook sprake van hoe die gelowiges in die konteks van onderlinge gemeenskap mekaar moet moet vermaan met psalms en lofsange en geestelike liedere, maar dan word die πληροῦσθε εν πνευματι vervang met ὁ λόγος τοῦ Χριστοῦ ἐνοικείτω ἐν ὑμῖν πλουσίως. Dit bevestig die feit dat die ontvangs van die Woord 'n uiters belangrike middel is waarvan die Heilige Gees Homself bedien om gelowiges te vervul en hulle sodoende vir hulle taak as getuies in die wêreld toe te rus.

Getuienis het 'n universele skopus gehad. Die kerk moet naamlik getuies van Jesus Christus wees in Jerusalem, Judea, Samaria en tot by die uiterste van die aarde (Hd 1:8). Hierdie universele skopus word weer in Hd 2:9-11 onderstreep as daar vermeld word dat daar met die uitstorting van die Heilige Gees mense vanuit die hele destydse wêreld teenwoordig was.

Blaauw (1962:83-87) het reeds in 1962 aangetoon dat die kerk van Christus in die Nuwe Testament in teenstelling met die volk Israel in die Ou Testament se sentripetale sendingroeping nou 'n sentrifugale sendingroeping het.

Getuienis hou verder verband met evangelieverkondiging, omdat die kern van die *getuig*-aksie bestaan in mondelinge belydenis en verkondiging van die evangelie soos wat dit in die Skrif gegee is. Daarom word die aanwysing van die gelowiges as getuies volgens Lk 24:48 (ὑμεῖς μάρτυρες τούτων) juis voorafgegaan deur die inhoud van die getuienis: Christus het gely en op die derde dag uit die dood opgestaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam moet verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En dit word alles gekwalifiseer deur: οὕτως γέγραπται. Getuienis is dus niks anders nie as die verkondiging van die kernelemente van die evangelie wat in die Skrif gegee is (Lk 24:46,47).

Om egter as getuie outentiek te kan wees, word van die getuie self 'n totale oorgawe aan Jesus Christus vereis, sodat die persoon se hele lewe en totale lewenswandel 'n getuienis van God se reddende genade in Jesus Christus kan wees. Daarom kon dit later gebeur dat 'n gelowige wat sy getuienis met die prysgawe van sy lewe in martelaarskap verseël het, ook μαρτυς genoem word (Op 2:13;6:9; 17:6; vgl. ook Trites, 1977:154-174).

Dit is saaklik duidelik dat die gemeente as geheel deur sy leefwyse en onderlinge liefde geroep is om 'n getuienis van Jesus Christus in die wêreld te gee. Juis deur mekaar lief te hê, sal die wêreld weet dat hulle dissipels van Jesus is (Jh 13:34,35); en deur werklike eenheid uit te leef, sal hulle getuienis gee dat Jesus deur die Vader in die wêreld gestuur is (Jh 17:20-23). Hierdie kollektiewe getuienis van die gemeente word dan ook 'n werklikheid in die eerste gemeente. Daar word pertinent in Hd 2:47 van hulle gesê: "... καὶ ἔχοντες χάριν πρὸς ὅλον τὸν λαόν". Noordegraaf

(1983:47) sê tereg hiervan: "Niet alleen het loflied wekt de welwillende houding op, het is zoals het verband laat zien, het geheel van het leven van de gemeente, zoals dat in de vss 42-47 beschreven wordt, waardoor de gemeente aantrekkingskracht op haar omgeving uitoefent en bij het volk van Jeruzalem in gunst en aanzien staat" (vgl. verder ook Hd 5:13).

> P. Lippert (1968) het in sy *Leben als Zeugnis; Die werbende Kraft christlicher Lebensführung nach dem Kirchenverständnis neutestamentlicher Briefe* hierdie hele saak van die gemeente se kollektiewe getuienis breedvoerig uitgewerk. Hy beklemtoon die feit dat die kerk nie net mondelings moet verkondig nie, maar ook solidêr en dienend in die wêreld aanwesig moet wees om ook so mense vir die koninkryk te wen. (Vgl. verder ook Combrinck, 1974:278,9.)

In Openbaring word dit duidelik dat Johannes in sy pastorale aanpak juis die doel het om die gelowiges te vertroos om so hulle bekwaam te maak om *getroue getuies* te kan wees.

> Vanuit die *Sitz im Leben* word hierdie doel in Johannes se pastorale benadering in Openbaring duidelik. Christene staar die werklikheid van lyding en vervolging ter wille van hulle getuienis aangaande Jesus Christus in die oog en Johannes wil hulle daarin herderlik begelei. Daarom roep hy die gemeentes enersyds op tot bekering (2:5, 16, 21, 22; 3: 3, 19). Andersyds verseker hy hulle opnuut van God se sorg in die allermoeilikste omstandighede (2:10). Hulle moet daaraan herinner word dat Christus steeds op die troon is en Hy is nie net ἰσχυρὸς nie (18:8), maar ook παντοκράτωρ (wat een van Johannes se geliefde uitdrukkings is waarmee hy Christus se almag en alomvattende heerskappy uitdruk). Die demoniese magte sal teen die Lam oorlog maak, maar Hy sal oorwin omdat sy triomf as Here van die here en Koning van die konings vasstaan en die kerk wat in die nouste verbintenis met hom leef, sal saam triomfeer (17:14).

Om getroue getuie te kan wees moet die gelowiges juis vashou aan die getuienis van Jesus (wat met goeie gronde volgens Trites, 1977:156, 7, as gen. subj. opgevat moet word).

Jesus was veral in sy dood die getroue getuie en is daarom die bron en inhoud van alle getuienis wat gelowiges gee (Op 1:5; 3:14). Juis daarom is elkeen wat in Hom glo, geroepe om sy getuienis voort te sit (Op 2:13; 6:9; 11:7; 12:11,17; 17:6; 20:4). Dit "explains why it (getuienisbegrippe, P.J.B.) occupies such a prominent place, allied as it is to the person of Jesus on the one hand and the faith of the hearer on the other. It is the

most profound understanding of the place of testimony in faith to be found anywhere in the New Testament; it answers the questions of those who were not there, 'How can I be sure?'" (Green, 1970:76).

"In fact, 'the true one' serves as a model witness, leaving his disciples an example that they should follow (1:5; 3:7,14; cf Jn 18:20,37; 1 Pt 2:21)" - (Trites 1977:159).

Die gelowiges as getuies is ook σύνδουλοι en het veral die taak om Christus te verkondig (Op 6:11; 19:10; 22:9). Dit is ook 'n taak wat aan die προφῆται eie is (Op 10:7; 11:10,18; 16:6; 18:20, 24; 22:6,9). Hierdie προφῆται saam met die δοῦλοι (7:3; 10:7; 11:18; 19:2,5; 22:6) is saaklik dieselfde as (sinoniem vir) die getroue getuies wat gewillig is om alles prys te gee, selfs hulle lewens, ter wille van hulle getuienis: "Looking to Jesus, who witnessed a good confession before Pontius Pilate, they are motivated to a fearless proclamation of the gospel (11:3; cf Heb 12:1; 1 Tm 6:13; Acts 1:8)" - Trites 1977:167).

GEVOLGTREKKINGS

2.3.1. Elke gelowige staan onder die mandaat om met woorde en dade en totale lewenswyse getuie van Christus te wees

2.3.2. Die Heilige Gees rus gelowiges, in antwoord op gebed, deur middel van gemeenskap met medegelowiges en deur die bediening van die Woord, toe met krag, sodat hulle vrymoedige getuies van die evangelie kan wees.

2.3.3. Ten einde outentieke getuies van Christus te kan wees, moet gelowiges in 'n deurleefde persoonlike liefdesverhouding met die Here leef.

2.3.4. Die gemeente as geheel moet met sy onderlinge liefdeseenheid 'n (kollektiewe) getuienis gee van Jesus Christus in die wêreld.

2.3.5. Pastorale versorging van gelowiges moet die doelwit hê om hulle toe te rus om te midde van alle omstandighede (selfs lyding en vervolging) getroue getuies te kan wees van die versoenende lyding en sterwe van Christus.

2.3.6. Om te midde van lyding en vervolging met hulle getuienis te kan volhard, moet gelowiges leef met die verwagting van Christus se finale triomf oor Satan en die magte van die Bose.

3. κηρύσσω IN DIE NUWE TESTAMENT

3.1. MOTIVERING VIR DIE BESTUDERING VAN κηρύσσω

Dit het sedert die publikasie van C.H. Dodd (1936; 4e dr. 1970) *The apostolic preaching and its developments* taamlik algemeen geword om 'n skerp onderskeid te tref tussen κήρυγμα - as synde sendingprediking aan ongelowiges, en διδαχή - as synde lerende prediking wat bedoel is as verdere (veral etiese) onderrig aan diegene wat reeds gelowig is. Dodd (1974:7) het κήρυγμα gedefinieer as "... the public proclamation of Christianity to the non-Christian world", en Alan Richardson (soos aangehaal deur Watson, 1978:230) het hierdie onderskeid nog skerper deurgetrek deur κήρυγμα te omskryf as "... the telling of news to people who had not heard it before".

Hierdie skerp onderskeiding het die gedagte laat ontstaan dat dit in die kerklike praktyk nodig is om skerp te onderskei tussen *opbouende* prediking en *evangeliserende* prediking. So noem W.J. Snyman (1967:4) κήρυγμα *stigtings- of grondleggende prediking* en διδασκαλία *stigtelike of opbouende prediking*. Die standpunt kom taamlik algemeen voor: prediking in 'n gevestigde gemeente hoef slegs *opbouend* van aard te wees, maar *evangeliserende prediking* hoort alleen tuis op die sendingveld of moet

tydens spesifieke evangelisasieveldtogte in gemeentes moet plaasvind. Adams (1982:70) se standpunt is hiervan 'n goeie voorbeeld: "Earlier I noted that preaching is of two sorts: evangelistic and edificational. Evangelism in the Scriptures is done "out there," where the unbelieving are, not primarily in the services of the church".

Die standpunte van Dodd en die praktiese implikasies wat daaruit afgelei is, is egter skerp gekritiseer deur R.H. Mounce (1960:60-87) in sy *The essential nature of New Testament preaching.* Die vraag kan inderdaad gevra word: Het hierdie skerp onderskeid tussen *evangeliserende prediking* en *opbouende prediking* wel 'n Nuwe-Testamentiese basis het en kan dit wel uit die betekenis van κηρύσσω en stamverwante woorde afgelei word?

> Firet (1968:66) toon aan dat die standpunt - dat κήρυγμα tot die missionêre taak van die kerk beperk is - ook voorgekom het by Kuyper en Sillevis Smit, maar dat Bakker, Wingren, Van Ruler en Miskotte met oortuigende argumentasie aangetoon het dat prediking as κηρυγμα nie slegs vir buitekerklikes of ongelowiges bedoel is nie.

In hierdie hele debat het veral twee vrae 'n belangrike plek beklee: Wat is die betekenis van κηρύσσω en stamverwante woorde? En was daar 'n bepaalde vaste kerugma-inhoud in die vroegste kerk? Dit is voor-die-hand-liggend dat albei hierdie vrae ook vir die sentrale vraag van hierdie studie van kardinale betekenis is. Daarom is dit belangrik om ook 'n eksegetiese ondersoek te doen na die betekenis van κηρυσσω en stamverwante woorde.

3.2. SEMANTIESE VELDE VAN κηρύσσω

Louw en Nida (1988 (2):142; 1988 (1) 388) sê κηρύσσω kom slegs voor in een semantiese veld, saam met 'n groot aantal ander woorde, wat almal 'n vorm van kommunikasie aandui. Binne hierdie semantiese veld kom κηρύσσω in twee subvelde voor:

(1) In die subveld om *aan te kondig* of *bekend te maak* het κηρυσσω twee betekenismoontlikhede: naamlik *amptelike bekendmaking* (Op 5:2) en *in die openbaar bekendmaak (of vertel)* (Mk 5:20; Lk 9:60 - Louw en Nida, 1988 (1):412).

(2) In die subveld *verkondig* of *preek* het κηρυσσω die betekenismoontlikheid van *publieke aankondiging van religieuse waarhede en beginsels met 'n aandrang tot aanvaarding daarvan* wat ook as *preek* opgeneem kan word (Rm 10:14; 1 Pt 3:19 - Louw en Nida, 1988 (1):417).

3.3. KONSEPSUELE BETEKENIS VAN κηρύσσω

Dit lê buite die grense van hierdie studie om die resultaat van 'n volledige ondersoek na die konsepsuele betekenis van die woord κηρύσσω te doen. Slegs aspekte wat ter sake is om lig te werp op die sentrale vraagstuk van hierdie studie, sal uitgelig word.

Die woord κηρύσσω het in **klassieke Grieks** heelwat minder voorgekom as die selfstandige naamwoord κηρύξ, wat in die Griekse wêreld 'n baie belangrike plek beklee het (Friedrich, 1965:684-694; Mounce, 1960:11-14). Waar die werkwoord κηρύσσω wel voorgekom het, is dit - saam met 'n hele reeks ander woorde - gebruik om die werk van 'n amptelike boodskapper of herout daarmee te beskryf. Die woord is ook gebruik vir die aankondiging van godsdienstige feeste of die verkondiging van die groot dade van die gode (Friedrich, 1965:696,7).

Die **Septuaginta** gebruik die selfstandige naamwoord κηρυξ slegs 4 keer (waarvan slegs 2 keer in die Kanonieke boeke [Gn 41:43; Dan 3:4] en 2 keer in die Apokriewe boeke [Sir 20:15; 4 Mak 6:4]). Die werkwoord κηρυσσω kom 33 keer voor as die vertaalekwivalent vir 'n hele aantal Hebreeuse woorde

om luide uitroepe of aankondigings deur iemand wat gesag het aan te dui. Dit word egter selde (Jn 1:2; 3:2; Jer 20:8; Jes 61:1) gebruik om die prediking van die profete daarmee aan te dui. Wanneer dit wel gebruik word om die prediking van die profete daarmee te beskryf, het dit 'n sterk eskatologiese klank soos by Jes 61:1 wat in die lig van Jl 2:1 verstaan moet word as die aankondiging van die nabyheid van die dag van die Here. Wanneer κηρύσσω in Sef 3:14 en Sag 9:9 die vertaalekwivalent is vir *ruah* word dit duidelik dat die dag van die Here wat aangekondig word nie net veroordeling nie, maar ook verlossing en vreugde inhou.

Reeds in die Ou-Testamentiese gebruik deur die Septuaginta gaan κηρυσσω gepaard met 'n oproep tot bekering in die lig van die aankondiging van die dag van die Here en die koms van die Messias.

Die Nuwe Testament bevat κηρύσσω 61 keer voor (Wigram & Winter, 1978:422; Moulton, 1974:546). Die stamverwante woord κήρυς kom 3 keer voor (Wigram & Winter, 1978:422 Moulton, 1974:546) . Die stamverwante woord κήρυγμα kom 8 keer voor (Wigram & Winter, 1978:422; Moulton 1974:546).

Van Swigchem (1955:152) huldig die standpunt dat κηρυσσω slegs gebruik word wanneer besondere geroepe persone se prediking ter sprake kom. Die enkele kere waar κηρυσσω ook gebruik word van siekes wat genees is (Mk 1:45; 5:20; 7:36; Lk 8:39), geskied dit teen Jesus se uitdruklike bevel in of sonder dat Hy dit pertinent beveel het. In Hd 12:21 gaan dit om mense wat Moses verkondig. Daarom het κηρυσσω in hierdie enkele gevalle nie die gewone betekenis van *met gesag kragtens volmag proklameer* nie. Sy konklusie is: "Zonder opdracht, bevel, uitzending, is geen wettig κηρυσσειν in eigenlijke zin mogeliijk" (Van Swigchem, 1955:154). Die vraag kom wel na vore of daar genoeg gronde is om κηρυσσω so sterk as 'n tegniese term te beskou soos wat Van Swigchem dit doen? Geld dieselfde wat Van Swigchem van κηρυς sê nie

ook van κηρύσσω nie? "Dit woord was te zeer belast om t.t. te kunnen worden in de gemeente." Lees Van Swigchem nie te veel van 'n "ampsteologie" terug in die betekenis van κήρυσσω wat nie eksplisiet daarin lê nie? Ons moet onthou dat κηρύσσω en εὐαγγελίζομαι feitlik sinonieme is; daar is ook veelvuldige voorbeelde van "gewone" gelowiges wie se verkondiging van die evangelie met εὐαγγελίζομαι aangedui is. In Hd 8:4 word van die διασπαρέντες gesê dat hulle al verkondigende (εὐαγγελίζομενοι τὸν λόγον) die land deurgegaan het. In dieselfde asem word dan in die volgende vers vertel van Filippus wat Christus aan die Samaritane verkondig (ἐκηρύσσεν) het.

Dit is baie belangrik om raak te sien dat die koninkryk van God juis in die prediking besig is om te kom (Van Swigchem, 1955:152). Friedrich (1965:706) formuleer hierdie punt in verband met Lk 4:18 e.v. soos volg: "What He declares, takes place in the moment of its declaration. At Lk. 4:18 ff. He proclaims, like a herald, the year of the Lord, the Messianic age. When heralds proclaimed the year of jubilee throughout the land with a sound of the trumpet, the year began, the prison doors were opened and debts were remitted. The preaching of Jesus is such a blast of the trumpet. Its result is that the Word proclaimed becomes a reality. For the divine Word is a creative force. It gives what it declares". Dieselfde geld van die prediking van dissipels. Deur die prediking word die oordeel van God oor ongelowiges en vergifnis van sonde vir gelowiges aangekondig (Hd 10:42); God red mense deur die prediking (1 Kor 1:21) en gebruik die prediking as die bediening van die versoening (2 Kor 5:19).

> Packer (1986:2) formuleer wel nie vanuit die betekenis van die woord κηρυσσω nie, maar stel tog hierdie selfde saak so: "... Christianity, on earth as in heaven, is (I echo 1 John 1:4) fellowship with the Father and with His Son Jesus Christ, and the preaching of God's Word in the power of God's Spirit is the activity that (I echo Isa 64:1 and John 14:21-23) brings the Father and the Son down from heaven to dwell with men".

Die verkondiging is ten diepste 'n verkondiging van die heerskappy of koningskap van Christus (2 Kor 4:5). Daarom gaan dit gepaard met die oproep tot bekering en 'n aandrang tot aanvaarding daarvan (Mt 3:1; 4:17; Mk 6:12; vgl. ook 2 Kor 5:20). Daarom bring die verkondiging ook skeiding: vir sommige is die verkondigde Christus 'n σκάνδαλον en μωρία, maar vir andere is Hy δύναμις Θεοῦ en σοφία Θεοῦ (1 Kor 1:23).

Nogtans dui κηρυσσω nie slegs op evangelieverkondiging aan ongelowiges nie. In Rm 16:25 is dit duidelik dat κηρύγμα vir Paulus ook iets is wat moet plaasvind in 'n gevestigde gemeente. Hy sê pertinent vir die gevestigde gemeente in Rome dat die κηρύγμα Ιησοῦ Χριστοῦ kragtig is om hulle te *versterk*. Uit die konteks van 2 Kor 11:4 is dit duidelik dat gewone prediking in die gevestigde gemeente ook met κηρύσσω tipeer word. Paulus praat daar van ander predikers wat na sy vertrek kom en 'n ander Jesus verkondig. Sy veroordeling van die ander predikers is nie omdat hulle ook κηρύσσει nie, maar omdat hulle ἄλλον Ἰησοῦν κηρύσσει. Wanneer Paulus Timoteus volgens 2 Tim 4:2 vermaan om sy gewone gemeenteopbouwerk te doen deur te weerlê, te bestraf en te bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, dan word κηρύσσω ook in hierdie kader van gewone voortgaande gemeenteopbouwerk gebruik. Friedrich (1965:711) kan daarom verklaar: "The message does not loose its significance. Yet it must be proclaimed again and again, *not just to the world, but to the community,* 2 Tm 4:2" (kursief deur P.J.B.).

Green (1970:69,70) meen nou dat κηρυσσω baie op dieselfde manier as εὐαγγελίζομαι gebruik word, behalwe dat dit by κηρύσσω nie altyd om *goeie nuus* gaan wat verkondig word nie. "Nevertheless it remains true that for a great many of its occurrences in the New Testament, κηρύσσω means precisely the same as εὐαγγελίζομαι". (Vgl. in dieselfde trant ook Friedrich -

1965:711 - se verklaring: "In the NT κηρύσσειν and εὐαγγελίζεσθαι are often synon".). Daar kan dus afgelei word: daar bestaan nie goeie gronde om κηρύσσω en κηρύγμα te beperk tot sendingprediking, en διδαχη daarteenoor te sien as die prediking in die gevestigde gemeente nie.

Die vraag of daar 'n sekere vaste κηρύγμα in die evangelieverkondiging van die vroeë kerk was, is vir die aard van hierdie studie ook van belang. Daar is egter nie ruimte om tot die hele debat hieroor toe te tree nie. Green (1970:83) se konklusie hieroor geniet wye steun onder Nuwe-Testamentiese navorsers: "Christians had a common approach to evangelism, however much they might differ in details and transpose some of the thought forms into other keys: and they did plenty of that as we shall see. There was some sort of 'pattern of sound words' and this proved a useful springboard for the memories of the evangelists: it did not serve as a strait-jacket, inhibiting all imagination and initiative on their part".

> Dit sou ons te ver buite die perke van hierdie studie voer om 'n opsomming te gee van die lewendige diskussie wat internasionaal in die Nuwe-Testamentiese wetenskap deur die werk van Dodd gestimuleer is. Green (1970:71-82) gee hiervan 'n taamlik volledige oorsig. Ook die proefskrif van R.W. Graham (1966) oor Dodd se kerkbegrip gee goeie insig in die geweldige invloed wat Dodd op die ontwikkeling van die Nuwe-Testamentiese wetenskap gehad het. (Vgl. ook die artikels in die bundel onder redaksie van Davies en Daube (1964) en Mounce (1960:60-88) vir indringende bespreking van Dodd se standpunte.)

Klaarblyklik was daar 'n skema of kern van die evangelie wat die inhoudelike ruggraat gevorm het van die verkondiging van die evangelie en wat volgens die eis van omstandighede aangevul kon word om toepaslik vir die hoorders te wees. Die ὑποτύπτωσιν υγιαινόντων λόγων ὧν παρ' ἐμοῦ ἤκουσας in 2 Tm 1:13 slaan op "... an outline or sketch such as an architect might make before getting down to the detailed plans of a building", (Guthrie, 1957:132) wat Timoteus by Paulus gehoor het. Hy moes dit weer aan ander leer wat dit op hulle beurt ook weer aan ander moes leer

(2 Tm 2:2), sodat die kernevangelie altyd dieselfde momente sou hê.

Nogtans het hierdie "kernevangelie" so gefunksioneer dat daar genoeg ruimte vir elke verkondiger was om die implikasies van bepaalde elemente daarvan aan te toon, en op die unieke omstandighede van die hoorders toe te pas. Daarom het die "skema" hulle nie beperk tot "evangeliserende" prediking soos wat hierdie term oor die algemeen vandag verstaan word nie.

GEVOLGTREKKINGS

3.3.1. Die verkondiging van die evangelie, met gepaardgaande aandrang tot aanvaarding en oproep tot bekering, word nie slegs aan ongelowiges op die sendingveld gerig nie, maar ook aan die gemeente met die oog op geloofsverdieping en -versterking.

3.3.2. Deur die verkondiging van die evangelie breek die koningsheerskappy van Jesus Christus nou al aan.

3.3.3. 'n Aandrang tot aanvaarding en 'n oproep tot bekering is inherent deel van die verkondiging van die evangelie.

3.3.4. In die verkondiging van die evangelie moet vasgehou word aan die kernelemente daarvan; dit kan dan weer as 'n skema gebruik word om ander te leer om ook die evangelie te kan verkondig.

4. πληθύνω IN DIE NUWE TESTAMENT

4.1. MOTIVERING VIR DIE BESTUDERING VAN πληθύνω

Die subtitel van hierdie studie lui: 'n Eksegetiese ondersoek na die betekenis van enkele ter saaklike woorde in die Nuwe Testament en die implikasies daarvan vir die verhouding tussen die bewaring en die vermeerdering van die kerk. Omdat *vermeerdering* die mees algemene vertaal-

ekwivalent van πληθύνω is, is dit noodsaaklik om ook hierdie woord onder die loep te neem. Ondersoek is dus nodig na die kontekste waarin hierdie woord in die Nuwe Testament voorkom om te kan dien as antwoord op die vraag: Watter aspekte van die bewaring en kwalitatiewe opbou van die gemeente het tot die getalle-uitbreiding van die gemeente gelei?

4.2. SEMANTIESE VELDE VAN πληθύνω

Louw en Nida (1988 (2):199; 1988 (1) 595) sê πληθύνω kom slegs voor in een semantiese veld, saam met 'n groot aantal ander woorde wat almal met getalle te doen het. Binne hierdie semantiese veld staan πληθύνω in die subveld wat dui op getallevermeerdering of -vermindering met twee betekenisse:

(1) Om *te vermenigvuldig* wat telkens dui op geweldige getallevermeerdering soos in Hd 6:7 waar vermeld word dat die "*getal* gelowiges in Jerusalem *geweldig toegeneem*" het. Hierdie betekenis van πληθύνω kan soms met *toeneem* vertaal word, soos in Mt 24:12 waar daar sprake is van die *minagting van die wet van God* wat sal *toeneem*. Soms is dit *invloed uitbrei* of (soos die 1983 A.V. goed vertaal met *veld wen*), soos in Hd 12:24 waar daar staan dat die "... woord van God verder versprei het en *veld gewen*" het (Louw en Nida 1988 (1):602).

(2) Om te *veroorsaak dat vermeerdering plaasvind*, soos in Heb 6:14 waar daar staan dat God Abraham *grootliks* sal *vermeerder* (1933 A.V.) en omskrywend vertaal kan word met ".... *'n baie groot nageslag gee*" (1983 A.V.; vgl. Louw en Nida, 1988 (1):602).

4.3. KONSEPSUELE BETEKENIS VAN πληθύνω

Dit lê buite die perke van hierdie studie om die resultaat van 'n volledige

ondersoek na die konsepsuele betekenis van die woord πληθύνω hier weer te gee. Slegs daardie aspekte wat ter sake is om lig te werp op die sentrale vraagstuk van hierdie studie, sal uitgelig word.

Die werkwoord πληθύνω het in **klassieke Grieks** aanvanklik voorgekom as die die intransitief van πληθύνω (wat as die transitiewe werkwoord beteken het om *te vul* of *vol te maak* of *vol te wees* - Delling, 1968:279, 280). So het πληθύνω al meer die betekenis gekry van *vermeerder* of *talryk word*.

Die **Septuaginta** gebruik πληθύνω 78 keer as die vertaalekwivalent vir *rbh*. Dit het ook die betekenis van *vermenigvuldig* (van mense, maar ook van ander objekte, bv. klippilare), soos in Eks 7:3; Lv 26:9; Jos 24:3; Hos 8:11; 10:1. Verder kom die woord ook voor as vertaalekwivalent vir *rbb* (*om meer te word*); *ysz* (*om talryk te wees* - Jer 37:14,16) *prh* (*om te vermeerder* - Sir 16:2) ; *prz* (om baie meer te word - 1Kron 4:38); *shrz* (*baie vermeerder* - Eks 1:7); *dgh* (om (soos visse) *te vermeerder* - Gn 48:16); *nwb* (*vrugbaar te wees* - Ps 91:15); *shgh* (*groei* - Ps 91:13); en ook nog enkele ander woorde. In die Septaginta is πληθύνω byna 'n sinoniem vir αὐξάνω, en Delling (1968:282) is van mening dat Lukas in Handelinge beide hierdie woorde direk uit die Septuaginta oorgeneem het en albei daarom in so 'n noue verbintenis met mekaar gebruik.

Die vermeerdering van die volk is 'n pertinente seëning van God se verbond met sy volk (Gn 17,6,7; 28:3; 48:4; Lv 26:9; Dt 28:4,11).

Die **Nuwe Testament** gebruik πληθύνω 11 keer (Wigram en Winter, 1972:628; Moulton, 1974:815). Die stamverwante woord πλῆθος, wat *skare* of *menigte* beteken, kom 32 keer voor (Wigram en Winter, 1972:629; Moulton, 1974:814). Veral in Handelinge is πληθύνω 'n tegniese term in die missionêre groei van die kerk (Delling, 1968:282; Noordegraaf, 1983:136).

Vir die sentrale vraag van hierdie studie is dit belangrik om raak te sien hoe die *vermeerdering* van die kerk in Hd 6:1 juis lei tot probleme binne die gemeente. Dit gebeur as daar nie die nodige, sinvolle strukture bestaan om hierdie groot getallevermeerdering so te akkomodeer dat die bediening van onderlinge diakonaat as vrug van liefde reg kan plaasvind nie. (Kyk ook bo hfst 4:5.3. waar hierdie perikoop reeds indringend bestudeer is.) Wanneer die sewe dan gekies is en die onderlinge liefdesdiens kan plaasvind, kan die apostels hulle des te meer toelê op die diens van gebede en die prediking van die Woord. Daarna gaan die geweldige vermeerdering juis weer voort (Hd 6:7). Die werk binne die gemeente, wat die skepping van strukture (goeie gemeentelike organisasie) insluit, is dus juis voorwaarde vir die vinnige vermeerdering van die kerk.

Dit is egter ook duidelik dat hierdie perikoop begin en afsluit met die vermelding van die gemeente se geweldige getallegroei. Die woord πληθύνω omraam die hele vertelling en word so die fokus van die hele perikoop. Daaruit kan ook afgelei word dat alles wat binne die gemeente gebeur (kwalitatiewe opbou of bewaring) gedoen word met die oog op vermeerdering. Die vermeerdering (en missionêre blikpunt) is nie iets ekstra, daarbuite, ver en los van die sentrale werksaamheid van die gemeente nie, maar dit vorm juis deel van die hartklop van die gemeenteaktiwiteite en oefen 'n bepalende invloed uit op dit wat binne die gemeente gebeur.

Handelinge 7:17 beklemtoon die feit dat die getallevermeerdering van God se volk juis 'n verwerkliking is van die beloftes van die verbond.

Verder bring Hd 9:31 (wat reeds in hfst 2:2.5.4. breedvoerig bespreek is) na vore hoe die vermeerdering van die kerk 'n vrug is van sy wandel in die vrees van die Here en vertroosting van die Heilige Gees.

Die opmerking van Schmitz (1967:795) dat παρακλήσει τοῦ ἁγίου πνεύματος hier as missionêre werk verstaan moet word, naamlik dat die Heilige Gees mense tot geloof en bekering bring en die kerk so vermeerder, sluit goed aan by die (tweede moontlike) sintaktiese struktuurontleding wat reeds (vgl. p.36) van hierdie gedeelte gegee is.

Die vermeerdering is netsoos die kwalitatiewe opbou inherent deel van die totale opbou van 'n lewende gemeente. Om te kan vermeerder moet die gemeente wandel in die vrees van die Here en met die Heilige Gees vervul wees, sodat Hy deur die gemeente self die vermeerderingswerk kan doen.

Handelinge 12:24 (wat in hfst 4:5.4 uitvoerig bespreek is) bring na vore hoe vermeerdering in die nouste verbintenis met die groei van die Woord plaasvind. Vermeerdering is ten slotte niks anders nie as resultaat van die groeikrag van die Woord, al gebeur dit te midde van lyding en vervolging van die gelowiges. Soos by Hd 6:1-7 is dit ook uit Hd 12:24 (in die konteks van 12:5) duidelik dat vermeerdering alleen plaasvind waar daar *aanhoudende* gebede gedoen word (vgl. die προσευχὴ δὲ ἦν ἐκτενῶς γινομένη ὑπο τῆς ἐκκλησίας...).

GEVOLGTREKKINGS

4.3.1. Die *vermeerdering* van die kerk lei tot probleme binne die gemeente as daar nie die nodige sinvolle strukture (organisasie) bestaan om hierdie groot getallevermeerdering so te akkomodeer dat die bediening van onderlinge diakonaat as vrug van liefde reg kan plaasvind nie.

4.3.2. Die werk binne die gemeente, wat die skepping van strukture (goeie gemeentelike organisasie) insluit, is dus voorwaarde vir die vinnige vermeerdering van die kerk.

4.3.3. Die vermeerdering of missionêre blikpunt van die gemeente is nie iets ekstra, daar buite, ver en los van die sentrale werksaamheid van die gemeente nie, maar vorm deel van die hartklop van die gemeenteaktiwiteite

en oefen 'n bepalende invloed uit op dit wat binne die gemeente gebeur.

4.3.4. Alles wat binne die gemeente gebeur (kwalitatiewe opbou of bewaring) moet juis ook gedoen word met die oog op vermeerdering.

4.3.5. Die vermeerdering is net soos die kwalitatiewe opbou inherent deel van die totale opbou van 'n lewende gemeente.

4.3.6. Om te kan vermeerder moet die gemeente wandel in die vrees van die Here en vervul wees met die Heilige Gees, sodat Hy self, deur die gemeente, met die Woord as instrument, die vermeerderingswerk kan doen.

4.3.7. Vermeerdering sal alleen plaasvind waar daar *aanhoudende* gebede opgaan.

HOOFSTUK 8

DIE VERHOUDING TUSSEN GEMEENTEOPBOU EN EVANGELISERING IN VERSKILLENDE BEDIENINGSGESTALTES VAN DIE WOORD IN DIE GEMEENTE

1. Algemeen inleidende opmerkings. 204

2. Die *prediking.* 205

2.1. Prediking aan die gemeente moet kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou ten doel hê. 205

2.2. Melk en vaste spyse. 210

2.2.1. 1 Korintiërs 3:1-3. 210
2.2.2. Hebreërs 5:12-6:3. 212

3. Die *onderrig en toerusting* in die gemeente. 215

3.1. Onderrrig aan die gemeente moet kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou tendoel hê. 216

4. Die *pastoraat* in die gemeente. 221

4.1. Pastoraat wat toerus vir missionêre arbeid. 222

4.2. Pastoraat as missionêre nasorg wat die vrug van missionêre arbeid bestendig. 224

4.3. 'n Pastorale benadering in missionêre arbeid. 226

5. Die *aanbidding* in die gesamentlike erediens van die gemeente. 227

5.1. Liturgie wat die gemeente kwalitatief opbou en ook 'n invloed op ongelowiges het. 228

5.2. Die eenheid tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou van die gemeente deur die erediens. 232

6. Die *diakonia en koinonia* van die gemeente. 235

6.1. Kernaspekte van κοινωνία met die oog op kwalitatiewe en kwantitatiewe groei. 235

6.2. κοινωνία met die oog op διακονία ter wille van kwalititaiewe en kwantitatiewe groei. 238

6.3. Strukture waarbinne κοινωνία εν διακονία met die oog op kwalitatiewe en kwantitatiewe groei plaasvind. 239

7. Die χαρίσματα wat aan elke gelowige gegee is en die χαρίσματα van die besondere dienste in die kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou van die gemeente. 243

7.1. Elke gelowige ontvang gawes vir dienswerk in die kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou van die gemeente. 244

7.2. Toerusting tot dienswerk met die oog op omvattende opbou en groei. 246

7.3. Toerusting tot dienswerk deur voorbeelde te volg. 247

1. ALGEMEEN INLEIDENDE OPMERKINGS

Bepaalde gevolgtrekkings is gemaak uit die eksegetiese ondersoek na die betekenis van die ter saaklike woorde wat bestudeer is. So het dit geblyk dat *gemeenteopbou volgens die Nuwe Testament die* ***bewaring*** *en* die ***vermeerdering*** van die kerk omvat. Die gevolgtrekking is ook gemaak dat die kwalitatiewe en die kwantitatiewe opbou en groei van die kerk onskeibaar aan mekaar gebonde is, en dat geen aspek van opbou los van sy verweefdheid met die ander tot sy reg kan kom nie. Die bedoeling van hierdie deel van die studie is om nou die praktiese implikasies van hierdie gevolgtrekkings vir die lewe van die gemeente volgens die Nuwe Testament te ondersoek. Verder om antwoorde te soek op die vraag: Hoe funksioneer 'n gemeente wat kwalitatief en kwantitatief groei? Die vraag word behandel deur 'n profiel te teken van die Nuwe-Testamentiese gemeente wat homself kwantitatief en kwalitatief opbou.

Die ruimtebeperkinge van hierdie studie laat uiteraard slegs toe dat so 'n profiel net met stippellyne geteken word. Verder sal so 'n profiel geteken word deur die gevolgtrekkings uit die eksegetiese ondersoek in 'n wyer verband te plaas. Daarom sal (waar nodig) ander relevante teksgedeeltes, wat nog nie tot dusver behandel is nie, ook aan die orde kom.

Hierdie profiel word geteken deur ondersoek in te stel na die vraag: Hoe word die gemeente kwalitatief en kwantitatief opgebou in verskillende gestaltes van Woordbediening en aspekte van praktiese gemeentelike lewe?

2. DIE PREDIKING

2.1. PREDIKING AAN DIE GEMEENTE MOET KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE OPBOU TEN DOEL HÊ

Die werkwoorde om te *preek* of te *verkondig* is vertaalekwivalente vir verskillende woorde in die Griekse Nuwe Testament. Van hulle is κηρύσσειν (Hd 10:37; Rm 10:14; 2 Tm 4:2); εὐαγγελίζομαι (Rm 10:15; Hd 13:32); προευαγγελίζομαι (Gl 3:8); λαλέω (Mk 2:2; Hd 8:25); προκηρύσσω (Hd 13:24); παρρησίαζομαι (Hd 9:27; 14:3); διαλέγομαι (Hd 20:7); καταγγέλλω (Hd 4:2; Hd 13:5, 38); διαγγέλλω (Lk 9:60); διδάσκω (Mt 9:35; Hd 4:2; 5:25).

Gaan 'n mens die gebruik van hierdie woorde na, dan word dit gou duidelik dat dit nie net bepaalde geroepe en bevestigde ampsdraers was wat "gepreek" het nie, maar dat elke gelowige die roeping gehad het om 'n verkondiger van die evangelie te wees.

Hierdie gedeelte van die studie handel *nie oor die subjek* van die prediking nie, maar oor *die inhoud* van die prediking: Wat moet die inhoud van die prediking in die gemeente wees sodat hulle deur die prediking sowel kwalitatief as kwantitatief opgebou word? Die vraag oor: *wie moet en mag preek*, word by punt 7 behandel.

Daar is reeds aangetoon (hfst. 7:3.1 en 3.3) dat die standpunt soms gehuldig word dat die gewone prediking aan die gemeente slegs kwalitatief opbouend moet wees - en dat "evangeliserende" prediking, as synde gerig op die kwantitatiewe opbou van die gemeente, slegs tuishoort op die sendingveld of in "spesiale evangelisasiedienste". In die Homiletiek is Dijk (1955:95) 'n duidelike eksponent van hierdie standpunt met opmerkings soos die volgende: "Immers draagt vanaf het optreden der apostelen de prediking, welke in en vanwege de kerk geschiedt, een tweevoudig karakter;

zij is een kerugma tot degenen, die buiten zijn, dus naar de wereld gekeerd, welk kerugma in de zending en de evangelizatie zijn arbeidsveld vindt, èn een bediening van het Woord Gods *naar binnen*, in de gemeente van Jezus Christus, die als de kudde van de goede Herder door dit Woord geweid wordt" (kursief deur Dijk). Dijk (1955:96) gaan selfs so ver om te beweer dat die werk na buite wel nie verwaarloos mag word nie, maar dat die herderlike sorg en bewaring van die kudde *voorop* staan. Bewaring staan dus vir hom los van vermeerdering en is ook belangriker as vermeerdering? Dit is jammer dat Dijk geen Skrifberoep ter motivering van hierdie argumentasie gee nie. Hy maak ook die bewaring en die vermeerdering van die kerk los van mekaar met sy standpunt dat "... het weiden van de kudde is *essentieel anders* dan het roepen en noden van hen, die buiten staan tot de Heiland; dezen zijn immers 'buiten-kerkelijk'... en aan hen wordt de boodschap der genade gebracht, opdat zij zich bekeren en leven;..." (Dijk, 1955:101; kursief deur my P.J.B.). Daarteenoor is die doel van die prediking in die gemeente: "... de opbouw der gemeente (Ef 2:22; 4:11 ev; vgl 1 Kor 14:3, 5, 12, 26)..." (Dijk, 1955:102).

Die kernfout van Dijk se beredenering is sy verstaan van die woord *opbou*. Hierdie studie het aangetoon dat die woord *opbou* sowel die bewaring as die vermeerdering van die kerk omvat (vgl. bo hfst. 2). Die eksegese van Ef 2:22 - wat Dijk as bewysplek vir sy redenasie aanvoer - het ook vasgestel dat die missionêre opbou van die kerk in hierdie teksgedeelte juis in die sentrum staan (vgl. hfst. 2:2.5.12.). Daar is ook aangetoon dat *opbou* in Ef 4:11-16 bewaring *en* vermeerdering omvat (vgl. hfst. 2:2.5.13). Dit het ookgeblyk dat 1 Kor 14:1-25 - wat Dijk ook aanvoer as bewys dat die prediking in die erediens slegs fokus op die kwalitatiewe opbou van die gemeente - juis na vore bring: die resultaat van die opbou van die gemeente in die erediens is dat die gemeente enersyds kwalitatief deur

konsolidasie opgebou word, maar ook kwantitatief deur ongelowiges wat tot bekering kom.

> In sommige Gereformeerde kringe is ook vanuit 'n bepaalde verbondsbeskouing geredeneer dat "bekeringsprediking" nie tuishoort in die gemeente nie. Die veronderstelling daaragter is dat alle gedooptes wedergebore is totdat die teendeel blyk (Kuyper, 1905:544 en 561). Daarom is dit 'n belediging vir die gemeente as daar in die prediking die kern van die evangelie verkondig word en 'n bevel tot geloof en bekering gerig word. Hattingh (1988:32) gee 'n kort uiteensetting van hierdie beskouing en noem dit tereg *verbondsoutomatisme* (vgl. ook Van Genderen 1983:8-66, 82 e.v.; Strauss 1982:272). Dit is nie moontlik om hier 'n hele uiteensetting te gee van die Nuwe-Testamentiese Godsopenbaring aangaande die aard van die verbond nie. Ek verwys vir verdere oorweging van my standpunte oor hierdie saak na my Th.M. -verhandeling oor die aard van die verbond. Veral die bevinding: *die kollektiewe regskarakter van die verbond roep juis na die persoonlike gemeenskapskarakter van die verbond wat langs die weg van wedergeboorte, geloof en bekering 'n werklikheid word en deur die verkondiging van die evangelie van Christus bewerk word,* is hier van belang (Buys 1984:118-128).

Die implikasie van standpunte soos dié van Dijk is dat daar nie ongelowiges en onbekeerdes in die erediens onder die geklank van die Woord kom nie. Die Nuwe Testament hou rekening daarmee dat selfs tussen die gelowiges skyngelowiges of hipokriete is (1 Kor 10:6-12; Heb 3:12, 13; 4:1, 10:26-29; 1 Jh 2:19; Hd 20:30) en dat nie almal uit Israel werklik Israel is nie (Rm 9:6). Verder is dit mos vanselfsprekend dat die eredienste nie net deur die gelowiges bygewoon word nie, maar ook deur ongelowiges (1 Kor 14:25). Trouens, 'n gemeente met 'n missionêre hart wat warm klop, sal moeite doen om buitestaanders na die erediens saam te neem. Dan behoort die geestelik volwasse gelowige juis te bid en die begeerte te hê dat mense onder die prediking vir die eerste keer tot geloof en bekering sal kom. Hart (1986:72) formuleer hierdie punt so: Die mense wat in die openbare erediens onder die prediking saamkom, is "altyd 'n mengsel van geestelik volwasse mense, onvolwassenes en onbekeerdes".

'n Ander standpunt wat met hierdie selfde problematiek verband hou, is die van Schwarz & Schwarz (1985). Hulle maak 'n onderskeid tussen "Kirche als Institution" en "Ekklesia" - en daarvolgens moet alleen die ware gelowiges binne die kerk as instituut as "Ekklesia" gesien moet word (Schwarz &

Schwarz 1985:27-47). Die implikasie van hulle onderskeid is dat "Evangelization" dan moet uitgaan vanuit die "Ekklesia" met die oog daarop dat meer mense van die kerk as instituut langs die weg van geloof en bekering deel van die "Ekklesia" sal word. "Evangelistischer Rede" is egter iets radikaal anders as "Gemeindepredigt". Eersgenoemde is daarop gerig om mense tot geloof en bekering te bring en laasgenoemde is om die konsekwensies van geloof te verduidelik. Eersgenoemde hoort dan skynbaar volgens hulle nie in die gewone eredienste op Sondae tuis nie, want "Wer nicht zwischen Gemeindepredigt und evangelistischer Rede zu unterscheiden weiss, kann nicht seelsorgerlich predigen, weil er die Menschen in ihrem Glauben und Unglauben nicht ernst nimmt" (Schwarz & Schwarz, 1985:90).

Op dieselfde wortel as die standpunte van Dijk asook Schwarz & Schwarz kom ook die standpunte voor dat 'n gemeente naas sy gewone eredienste van tyd tot tyd "spesiale evangelie-dienste" moet hou; daarby moet predikante met spesifiek evangeliserende gawes in "spesiale evangeliepredikings" voorgaan, sodat gemeentelede wat nog nie bekeer is nie, tot bekering kan kom. 'n Tipiese eksponent van hierdie standpunt is G.D. du Toit (s.j.). In 'n publikasie met die titel "Spesiale Evangeliepredikings" bepleit hy vurig dat die praktyk wat in 1876 deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaap ingevoer is, weer moet herleef. Met 'n beroep op Andrew Murray verdedig hy die standpunt: wanneer daar nie bekerings in die gewone eredienste van 'n gemeente plaasvind nie, daar sulke "spesiale evangeliepredikings" tydens reekse spesiale eredienste gehou moet word. Tydens sulke dienste word "aan die sondaar 'n *spesiale boodskap* by 'n *spesiale geleentheid* en op 'n *spesiale, eenvoudige, praktiese wyse* gebring. Die aandag van die sondaar word *spesiaal* getrek, sy verwagting en belangstelling word *spesiaal gaande gemaak* en byna sonder uitsondering word die dienste deur God geseën" (Du Toit, s.j.:9 - Kursivering deur my,

P.J.B.).

Die implikasie van hierdie standpunt is onder meer dat evangeliserende prediking iets anders as opbouende prediking moet wees (let op die vyf maal herhaalde *spesiale*). Die vraag kan gevra word: Is daar werklik in die Nuwe Testament enige gronde vir so 'n standpunt: dat mense *spesiale dienste en spesiale evangelieprediking* nodig het om tot bekering te kan kom?

Daar is tog net een evangelie (Gl 1:6-8; vgl. ook gevolgtrekking 5.7.1. in hfst. 3 en die voorafgaande eksegese wat aangetoon het dat voortgesette opbouwerk nooit iets anders mag wees as aanvanklike evangelieverkondiging nie, maar slegs 'n verdieping in en verdere toepassing van dieselfde basiese evangelie moet wees). Daar is nie een evangelie vir die wêreld en 'n ander evangelie vir die kerk nie.

Ook geestelik volwasse gelowiges is nooit sô volwasse dat hulle nie meer 'n behoefte het aan die kern van die evangelie nie. Die ware gelowige word nooit moeg om te hoor van Christus die Gekruisigde, die Opgestane, wat sondaars met God versoen, wat regeer en weer sal kom om lewendes en dooies te oordeel, nie. Die bevel tot geloof en bekering is ook nie iets waaraan 'n mens maar net een maal in sy lewe gehoor moet gee nie, maar juis deel van die voortdurende groei in heiligmaking. Daarom kan Jesus die gevestigde gemeentes telkens kragtig tot bekering oproep (Op 2:5, 16, 22; 3:3, 19). Die opmerking van Bakker, soos aangehaal deur Firet (1968:67), verdien in hierdie verband ernstige aandag: "Er kan in ons leven geen Zondag aanbreken, waarop wij de gelijkenis van de verloren zoon, of liever de wachtende vergevende Vader niet meer nodig zouden hebben als het laatste en beslissende Woord Gods, ook over ons Christelijke leven". Wingren, (1955:24) verklaar: "Es ist ein falscher Intellektualismus, der da meint, die als Glieder in die Gemeinde eingefügten Menschen könten von dem

Missionskerygma abgetrennt werden. Dahinter steht die Vorstellung, man brauche das Evangelium nur einmal gehört zu haben, dann 'köne man es..." Lloyd-Jones (1971:152,153) waarsku: "I am urging that all the people who attend a church need to be brought under the power of the Gospel. The Gospel is not only and merely for the intellect; and if preaching is always expository and for edification and teaching it will produce church members who are hard and cold and often harsh and self-satisfied. I do not know of anything that is more likely to produce a congregation of Pharisees than just that".

2.2. MELK EN VASTE SPYSE

Daar word soms 'n beroep gedoen op die onderskeid wat die Nuwe Testament maak tussen "melk" en "vaste spyse", en dan geredeneer dat "melk" bedoel is as "sendingprediking" wat gerig is op die kwantitatiewe opbou van die gemeente en slegs "vaste spyse" bedoel is vir die kwalitatiewe opbou van die gemeente (so bv. Morris, 1969:62,63). Vir die verantwoording oor hierdie standpunt en die afronding van hierdie gedeelte van die studie is dit nodig om 1 Korintiërs 3:1-3 en Hebreërs 5:11-6:3 eksegeties te ondersoek.

2.2.1. 1 KORINTIËRS 3:1-3

Wanneer die onderskeid tussen γάλα en βρῶμα in 1 Kor 3:2 bepaal word, is dit egter belangrik om op die volgende te let:

1. Paulus begin in hierdie teksgedeelte om die Korintiërs as ἀδελφοὶ en νηπίοις ἐν Χριστῷ aan te spreek. Hulle is dus reeds gelowiges wanneer hulle met melk gevoed word. Daarom het Barrett (1968:79) gelyk as hy - met versterkende argumente vanuit die gnostiese denke uit daardie tyd - die standpunt inneem dat geestelik en vleeslik in hierdie teksgedeelte

"... mark older and younger, mature and immature brothers within the same family, not those who are within and those who are without..."

2. Toe Paulus hulle met melk moes voed, was dit nie aan die begin van sy werk in Korinte nie. Grosheide (1957:95,96) wys daarop dat ἐλθὼν, soos by 2:1, hier ontbreek. Daarom was dit nie aan die begin van sy werk daar dat hy hulle met melk moes voed nie, maar die hele agtien maande (Hd 18:11) van sy verblyf aldaar.

3. Paulus sê nie hulle is ongelowiges en daarom moes hulle melk ontvang nie. Hy sê hy "kon nie met hulle praat ὡς πνευματικοῖς nie. Uit die konteks is dit duidelik dat hy hulle wel as gelowiges beskou het en nie as sendingvoorwerpe nie. Hulle sondige twis en tweedrag het dit egter onmoontlik gemaak om hulle soos volwassenes te hanteer. Dit gaan dus om hulle *toestand* en nie om hulle *staat* nie.

4. Die verskil tussen γάλα en βρῶμα is ten diepste nie 'n verskil in *inhoud* nie, maar in *aanbieding en omvattendheid*, van dieselfde basiese inhoud (Van Stempvoort, 1950:172). Calvyn (1848:123) formuleer die verskil tussen melk en vaste spyse soos volg: "... this refers to the manner and form of his instructions, rather than to the substance of the doctrine. For Christ is at once milk to babes and strong meat to those that are full of age (Heb V. 13,14), the same truth of the gospel is administered to both, but as to suit their capacity".

Volgens 1 Kor 3:2 kan dus nie geredeneer word dat missionêre prediking basies iets anders as geloofsversterkende prediking is nie. Die laasgenoemde is slegs 'n verdere ontvouing en toepassing van dieselfde kernevangelie.

2.2.2. HEBREËRS 5:12-6:3

'n Eksegetiese ondersoek na die verskil tussen τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ en γαλακτος aan die een kant en στερεᾶς τροφῆς aan die ander kant - in Heb 5:12-6:3 bevestig die bevindings waartoe uit 1 Kor 3:1-3 gekom is.

Indien die Hebreërboek gesien word as 'n geïnspireerde preek (Coetzee, 1986(a):1-9; Venter, 1986:8; Kemp, 1979:36), kan daar des te meer na hierdie gedeelte gekyk word om die onderskeid tussen melk en vaste spyse so te verstaan dat dit op 'n Skrifgetroue wyse op die prediking in die kerk van vandag toegepas kan word.

'n Gedagtestruktuur analise toon duidelik aan dat hierdie teksgedeelte in twee blokke kola uiteenval. In kola 1-7 staan νήπιοι op die voorgrond, en in kola 8-10 is die fokus op τελείοι:

	1	...λόγος
	2	...ἀκοαῖς
	3	...διδάσκαλοι ... διδᾶσκειν... τῶν λογίων ...
νήπιοι (kinders)	4	...γάλακτος
	5	...στερεᾶς τροφῆς
	6	...λόγου δικαιοσύνης
	7	...νήπιος
	8	...τελείων... αἰσθητήρια ... διάκρισιν
τελείοι (volwassenes)	9	...Διὸ ἀφέντες ... φερώμεθα
		...τελειότητα
	10	...καὶ τοῦτο ... ὁ Θεός

Vir die doel van hierdie studie is dit van kardinale betekenis om te bepaal wat bedoel word met τελείων teenoor νηπιος en wat word bedoel as hy sê "laat ons voortgaan" (φερώμεθα).

Dit is in elk geval duidelik dat dit gelowiges is wat as νήπιος gekwalifiseer word en nie buitestaanders nie. Die eerste beginsels (τὰ στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ) is dus nie sendingprediking vir ongelowiges nie, maar melk vir gelowiges wat - al is hulle gelowiges - nog onvolwasse is in hulle kennis van die Woord van God.

Die inhoud van die eerste beginsels of melkkos word ook uitgespel: dit is die begin van die prediking aangaande Christus. Dit word verder gekwalifiseer as: prediking oor bekering, geloof, doop, opname in die gemeenskap (handoplegging; vgl Klijn, 1975:76) opstanding uit die dood en finale oordeel. Die prediker hou rekening daarmee dat dit nie verbygegaan mag word nie, want die gemeente het kennis van hierdie dinge nodig. Grosheide (1955:140) wys tereg daarop dat hierdie eerste beginsels nie in die onderrrig van die gemeente verwaarloos mag word nie, maar dat dit verkeerd is om daarby stil te staan. Venter (1986:16) het daarom gelyk dat 'n beginsel in praktiese gemeenteopbou moet wees: "gemeente-opbou geskied nie eensklaps nie, maar prosesmatig met volle inagneming van die behoeftes, vermoëns en gawes van die lidmate".

Die volwassenheid waartoe hulle moet kom, is nie 'n ander leer wat aanvaar moet word nie, maar 'n verdere ontvouing of uitbouing en toepassing van dieselfde leer. In 6:3 (kolon 10) sê die prediker dat hy dit nou gaan doen as God wil. Hy bedoel daarmee dat hy dit gaan doen indien God die genade van insig en uitdrukkingsvermoë gee. Die τελείων waarmee hy dan voortgaan, is die volgende: 6:4-10 handel oor die gevaar van afvalligheid; 6:13-20 trek 'n lyn na Abraham en Melgisedek, wat die oorgang gee na 7:1-28, waar

die die volkomenheid van Christus se priesterskap uitgespel word; 8:1-13 handel oor Christus as die Middelaar van die nuwe verbond; in 9:1-10:18 handel hy oor die volkomenheid van Christus se offer en dan gee hy in 10:19-13:19 die groot paraklese.

Hieruit is dit duidelik dat daar in die prediking aan die gemeente in dieselfde preek melkkos en vaste spyse aangebied word. Die kern van die evangelie sowel as verdere verdieping in en ontvouing van hierdie kern word in een preek aangebied.

Kyk ons na die paranetiese slotgedeelte van hierdie preek, dan word oproepe tot bekering gemaak - wat in die lig van die vorige gedeeltes ook op ongelowiges en buitestaanders toegepas kan word (Heb 10:19-22, 26-31, 37-39; 12:1,2; 13:12-15), maar terselfdertyd word gelowiges aangespoor tot 'n lewe van heiligmaking, groei en geloofsvolharding (Heb 10:23-39; 11:1-40; 12:1-29; 13:1-25). Op hierdie manier is die boek Hebreërs 'n goeie voorbeeld van prediking wat tegelykertyd kwalitatief en kwantitatief opbou. "Sending-" en "evangelisasieprediking" is saam met prediking met die oog op geloofsgroei en verdieping in een boodskap vervleg.

2.3. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

2.3.1. Skrifgetroue prediking behoort tegelyk gerig te wees op kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou van die gemeente.

2.3.2. In die praktiese toepassing van die gewone prediking in die gemeente moet daarmee rekening gehou word dat die gehoor kan bestaan uit 'n mengsel van ongelowiges, skynheiliges, minder volwasse en meer volwasse gelowiges. Daarom moet die prediking "onderskeidelik" wees.

Kievit (1983:172) omskryf hierdie term, wat uit die ouer Gereformeerde literatuur afkomstig, is soos volg: "De preek is dan vanzelf onderscheidenlijk (er wordt gesepareerd, zegt het oude

volk. Onderscheid wordt gepreekt tussen bekeerd en onbekeerd. Want ook in de kerk, waar de tucht in leer en leven wordt gehandhaafd naar de Schrift (zouden die er noch zijn? Is het volk daar niet veel te bandeloos voor geworden in alle kerken?) worden wij gesteld voor twee reeksen kinderen des verbonds".

Prakties werk dit dan soos volg uit (a.w.:173): "Verachteren in de genade en opwassen in de kennis en genade. De bijna-christen moet worden ontdekt uit het Woord, de naamchristen moet worden ontmaskerd; de werking der algemene genade en der particuliere ontferming getekend. Schrift met Schrift vergelijkend en het Woord met het Woord verklarend. De prediker moet zijn een Schriftgeleerde, onderwezen in het Koninkrijk der hemelen, om ieder zijn bescheiden deel te geven".

2.3.3. Wanneer die woord "opbou" in sy omvattende Nuwe-Testamentiese sin verstaan en reg in die prediking in die erediens funksioneer, is "spesiale evangelieprediking" waar gemeentelede tot bekering kan kom, nie nodig nie. Verder sal missionêre prediking ook nie beperk word tot spesiale prediking buite die gewone gang van die prediking in die gemeente nie.

2.3.4. Indien daar in die gewone prediking van die gemeente 'n balans is tussen gerigtheid op die kwalitatiewe opbou en groei en die kwantitatiewe opbou en groei van die gemeente, sal die gelowiges bewaar word van hoogmoed en Fariseïsme en van oppervlakkigheid wat by "melk" bly staan het.

3. DIE ONDERRIG EN TOERUSTING IN DIE GEMEENTE

Die bedoeling van hierdie onderdeel van die studie is hoegenaamd nie om alle Nuwe-Testamentiese gegewens oor onderrig van die kerk (aan gelowiges of ongelowiges) te behandel nie. Die fokus is op die *verhouding* tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk. Verder is die bedoeling om slegs enkele perspektiewe te gee om die implikasies van die betekenis van die woorde wat reeds eksegeties ondersoek is, vir die verhouding tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe groei van die kerk aan te toon.

Hoofstuk 6 het reeds aangetoon dat die werkwoorde om te *leer* of te *onderrig* of *toe te rus* vertaalekwivalente vir verskillende woorde in die Griekse Nuwe Testament is - waaronder μαθητεύω, διδάσκω, κατηχέω, καταρτίζω.

3.1. ONDERRIG AAN DIE GEMEENTE MOET KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE OPBOU TEN DOEL HÊ

Kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe groei bring mee dat onderrig en toerusting in die kerk absoluut onmisbaar is. Theodore Williams, (1975:576) se opmerkings oor die kerke wat uit sendingwerk in Indië gebore is, geld van enige kerk in die wêreld: "Even after many years of their existence, there are still many churches in Asia which are not self-supporting. The reason is that they have not been taught to give according to the biblical pattern. In the same way missionary vision and concern is very much lacking in many of the churches. The biblical understanding of missions has not been given to believers and they are not aware of their responsibility for world evangelization. This *vital failure in the nurture of early converts* has led to years and years of stagnant, nominal Christianity in many parts of Asia" (kursivering deur my, P.J.B.) In 'n artikel oor gemeentebediening in evanglisasieperspektief waarsku Nel (1987:54) tereg teen 'n bediening waarin voortgaande onderrig ontbreek en bekeerdes nie "dissipels" word nie, maar "telkens weer tot twyfel gepreek word ten einde hulle weer op 'n later stadium tot 'n bekeringsbeslissing te lei. Die Bybelse lyn van groei in dissipelskap word losgelaat en 'n nie-Bybelse (byna bose) sirkelagtige bedieningspatroon van besigwees met die gemeente ter wille van die gemeente, word die patroon".

'n Dissipel van Jesus in die Nuwe Testament was iemand wat in die nouste persoonlike gemeenskap met Hom leef. Verder leer Mt 28:19 dat dissipels gemaak word deur *mense te doop en alles te leer* wat Jesus ons beveel het. Dit hou dus in dat onderrig aan die een kant ten doel het om gelowiges te produseer (doop), en aan die ander kant om gelowiges verder te onderrig om hoe langer hoe meer aan die eise van dissipelskap te beantwoord. Onderrig

is in 'n sekere sin missionêre arbeid (vgl. hfst. 7:2.2.3.2.). In 'n ander sin is dit toerusting van gelowiges vir missionêre arbeid (hfst. 7:2.2.3.5.). Schippers (1977:14) kan selfs verklaar: "De echte leerling is "zichzelf" uiterst bewust en daarom per definitie missionair, want hij zegt: 'Ik heb iets geleerd'. Misschien mogen we zeggen dat de toets van een gemeente als 'leergemeenschap' haar missionaire spankracht is". In 'n derde sin is onderrig in die gemeente gerig op geloofsverdieping en heiligmaking en toenemende oorgawe aan God (hfst. 7:2.1.3.4.; 2.2.3.3.). Sonder totale geloofsverdieping en heiligmaking sal daar op die lang duur nie getallegroei wees nie.

Juis met die oog op verdieping in die gelowige se oorgawe aan God moet onderrig ook daarop gerig wees om gelowiges toe te rus dat hulle die vermoe kan hê om tussen waarheid en dwaalleer, en ware en valse leraars, te kan onderskei (Heb 5:12-6:3; Ef 4:14-16). Hulle moet ook leer om tussen hoofsake en bysake te onderskei. Vir 'n gesond groeiende kerk is dit van wesentlike belang om gelowiges in basiese waarhede te begrond. Baie missionêre werkers het al met groot droefheid ervaar hoe nuwe bekeerlinge as gevolg van 'n gebrek aan deeglike begronding in die leer, deur die duiwel en duiwelse leringe op syspore gelei word wat tot afvalligheid lei.

So kan Williams (1975:575) na baie jare ervaring op die sendingveld in Indië verklaar: "Nurturing is very essential in order *to make strong, balanced witnessing Christians* out of new believers. A promising new convert is sometimes tragically led into some by-path by the devil, and he becomes lopsided in his Christian life and witness. He emphasizes that which should be peripheral and neglects that which should be central. The reason is a lack of balanced Bible training. Or he may go on living a fruitless, self-complacent life which lacks warmth and involvement. This

is because as a Christian he is not taught what his privileges, responsibilities, and resources are. What a tragedy to see numbers of Christians who meet week after week in some wonderful fellowship, sing choruses, listen to sermons, and go about totally indifferent to the needs of their fellowmen around them, and never making any impact on them!"

Dit is ook reeds aangetoon dat die onderrig enersyds bestaan in sistematiese, logiese en verstaanbare onderrig van 'n bepaalde leerinhoud (hfst. 6:2.3.3.), maar andersyds bestaan in onderrig deur die voorbeeld van die leermeester na te volg (hfst. 6:2.2.3.). Die implikasie hiervan is dat onderrig in die missionêre arbeid van die kerk ook deur voorbeelde moet geskied, soos wat Jesus self dit inderdaad gedoen het. Hy het slegs 12 uitgekies en met hulle saam geleef - en met sy voorbeeld hulle nie net geleer *wat* om te doen nie, maar ook *hoe* om dit te doen.

> In hierdie verband het Coleman (1971:77 ev.) aangetoon dat dit, in navolging van Jesus se strategie, deel van 'n meesterplan vir missionêre arbeid van die kerk behoort te wees om aan gelowiges - in klein groepies - ook in-diens-opleiding deur demonstrasie te gee om hulle toe te rus om bekwaam te wees om self ook die evangelie aan ongelowiges te kan verkondig: "All the disciples needed to teach them was a Teacher who practised with them what He expected them to learn. Evangelism was lived before them in spirit and technique. Watching Him they learned what it was all about. He led them to recognize the need inherent in all classes of people, and the best methods of approaching them" (Coleman, 1963:78). Coleman se toepassing verdien beslis aandag in die kerk van ons dag se toerusting van gelowiges met die oog op betrokkenheid in missionêre arbeid: "How else will His Way ever be learned? It is well enough to tell people what we mean, but it is infinitely better to show them how to do it. People are looking for a demonstration, not an explanation" (Coleman, 1963:80).

Die gedagte dat onderrig in die kerk ook deur voorbeelde moet geskied, kom inderdaad ook later prominent voor (vgl. 1 Kor 11:1; Flp 3:17 e.v.; 1 Ts 2:7,8; 1 Tm 4:12,13; 2 Tm 1:13; Flp 4:9; 1 Pt 5:3).

Dirk Hart (1986:75) is daarom reg in sy standpunt dat predikante as *leraars* van die gemeente dit juis ook met hulle *voorbeeld* behoort te wees. Vir die kerk se missionêre roeping in die wêreld behoort predikante nie net gelowi-

ges onder hulle sorg aan te spoor om getuies van Christus in die wêreld te wees nie, maar self ook daarvan 'n model te wees en bereid te wees om "... lidmate met hom op sy evangelisasiebesoeke saam te neem". Onderrig deur intense meelewing en voorbeeld is beslis 'n belangrike Nuwe-Testamentiese beginsel. Daarom het Paulus homself bereid verklaar om nie net die evangelie nie, maar sy hele lewe met die gemeente te deel (1 Ts 2:8; vgl. ook 2 Kor 12:15).

Hierdie element van in-diepte-onderrig deur voorbeelde wat as gevolg van intense meelewing plaasvind, maak egte uitlewing van geloofsgemeenskap onmisbaar. Slegs binne die raamwerk van ware belewing van κοινωνία kan nuwe gelowiges, wat deur die sendingwerk van 'n gemeente gewen is, só onderrig word dat hulle werklik toeneem in die kennis en genade van hulle Here en Saligmaker (2 Pt 3:18). Ook relatief volwasse gelowiges moet juis binne die raamwerk van gemeenskapsbeoefening self verder groei en ook jonger gelowiges help om te groei tot groter volwassenheid. Juis daarom word van die eerste gemeente in Jerusalem pertinent vermeld dat hulle eendragtig volhard het in die leer van die apostels, en in die gemeenskaplike maaltye, en gebede (Hd 2:42, 46; 4:32; 5:42).

> In die vroeg-Christelike kerk het die beeld van die gemeente as *huisgesin van God* bepaalde implikasies vir die missionêre arbeid en veral die onderrig van nuwe gelowiges ingehou. Nuwe gelowiges is beskryf as kinders wat vir die huisgesin gebore (wedergebore) is, omdat hulle deur die gemeente se evangelieverkondiging "verwek" is (vgl. 1 Kor 4:15; 1 Ts 2:11; Flm 1:10).
>
> In die hele gemeente was daar dan ook in die missionêre arbeid dieselfde gespanne verwagting as wat daar in 'n huisgesin by die geboorte van 'n nuwe kindjie is en ook dieselfde blydskap oor en liefde vir die nuwe bekeerlinge as wat daar in 'n huisgesin by die geboorte van 'n baba is (Green, 1970:81-90). Hierdie hele gedagte van die gemeente as huisgesin van God is 'n uitdrukking van die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond (vgl. hiervoor verder Buys, 1984:152-157).

Onderrig in die gemeente moet meer wees as blote uitbreiding van rasionele kennis van gelowiges. Insig in die leer moet gelowiges juis 'n nuwe lewen-

styl aanleer (2 Tm 3:15-17; Ef 4:19-22), sodat hulle in staat sal wees om ook met hulle lewenstyl getuies van God se reddende vernuwende genade te kan wees. Daarom is daar dikwels juis in die paranetiese onderrig oor die gelowige se lewenstyl in die huwelik, huisgesin en arbeidsverhoudinge missionêre motiewe vervleg (soos wat in hfst. 5, veral pte. 5.4.1.; 5.4.3.; 5.5.1.; 5.5.2. aangetoon is).

> Verskeie sendingwetenskaplikes toon aan hoe hierdie (pastorale) onderrig aan gelowiges hulle moet toerus om in hulle alledaagse lewe op spontane maniere getuies van Christus te wees, en om veral ook as huisgesinne ander huisgesinne vir Christus te wen (Isidro, 1975:588-598; Kromminga, 1977:128 e.v.; Peters, 1970:147-167). Die klem op 'n gesinsbenadering word ook as 'n spesifiek Gereformeerde aksent in sendingwerk beskou omdat dit voortvloei uit die beskouing van die kollektiewe gemeenskapskarakter van die verbond (Monsma, 1948:38). Vir my eie standpunte hieroor vgl. verder Buys, 1983:320 e.v. en Buys 1984:137-152).

Deur die onderrig aan gelowiges moet hulle self ook medearbeiders en medebouers en leermeesters in die kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou van die gemeente word (1 Kor 3:9 e.v. en Ef 4:11-16; Heb 5:12-6:3). Onderrig gaan dan nie net uit van die voorgangers nie, want daar is gelowiges wat ook gawes van onderrig het wat hulle tot opbou van die gemeente moet gebruik (Rm 12:7; 1 Kor 12:8; 1 Pt 4:10,11). Onderrig moet juis daarop gerig wees om van gelowiges ook leermeesters te maak (Heb 5:12-6:3). Hierdie onderrig geskied egter onder kontrole van die voorgangers wat die bediening van hierdie gawes van onderrig in die gemeente moet koördineer en ondersteun (Hd 20:28,29; Ef 4:16; 1 Tm 4:13-16). Daarom moet die ouderlinge manne wees wat die gawe van onderrig besit (1 Tm 3:2).

3.2. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

3.2.1. Onderrig deur die gemeente aan gelowiges sowel as aan ongelowiges moet in die eerste plek daarop gerig wees om mense te help om God self en sy wil vir die mens se lewe te leer ken.

3.2.2. Sulke onderrig het 'n onskeibare gerigtheid op sowel die kwantita-

as die kwalitatiewe groei en opbou van die kerk en die kerk word tegelyk bewaar en vermeerder.

3.2.3. Sulke onderrig moet gelowiges toerus om in die wêreld met hulle totale lewenswyse getuies van Christus te wees.

3.2.4. Sulke onderrig moet geskied deur gelowiges nie net toe te rus met rasionele feitekennis nie, maar ook met voorbeelde wat binne die raamwerk van intieme gemeenskapsbelewing plaasvind. Sodoende word gelowiges nie net onderrig in die *dat* en die *wat* van missionêre arbeid nie, maar ook in die *hoe*, dit wil sê die *metodiek* van missionêre arbeid.

4. DIE PASTORAAT IN DIE GEMEENTE

Die studie van die woord κερδαίνω het aangetoon dat hierdie woord - wat sterk missionêre ondertone het - soms voorkom in 'n verband wat handel oor pastorale sorg en raad aan gelowiges. Die pastorale werk in die gemeente kry dan op hierdie manier 'n missionêre gerigtheid en hierdie missionêre gerigtheid kan die pastorale metodiek bepaal (vgl. hfst. 7:1.3.).

Die eksegetiese ondersoek na die betekenis van καταρίζω - wat kan dui op toerusting vir dienswerk (ook missionêre dienswerk) van gelowiges in die opbou van die gemeente - het getoon dat die woord ook die betekenisnuanse van *herstel* of *heelmaak* of *lewensvernuwing* inhou (vgl. hfst. 6:2.3.3.).

Die bedoeling van hierdie onderdeel van die studie is om hierdie bevindings teen 'n wyer agtergrond te plaas en die implikasies daarvan vir die verhouding tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou van die gemeente aan te toon.

4.1. PASTORAAT WAT TOERUS VIR MISSIONÊRE ARBEID

Daar is reeds aangetoon dat Petrus - volgens 1 Pt 3:1 - in sy pastorale advies aan vrouens wat met huweliksprobleme worstel omdat hulle ongelowige mans het wat aan die woord ongehoorsaam is, 'n missionêre blikpunt behou (vgl. hfst. 7:1.3.). Petrus se advies wil nie maar net aan die vrouens medelye betoon en advies gee wat aan hulle tydelike verligting van die probleem gee nie. Hy rig verder hulle oë op die groot koms van die koninkryk en wys daarop dat die Here hulle - in die moeilike situasie - as sy instrumente wil gebruik om hulle mans vir Hom te wen, sodat die koninkryk kan kom.

Paulus se huwelikspastoraat bevat dieselde motiewe. In 1 Kor 7:12-17 hou hy hom ook besig met die probleem van huwelikspare waarvan die een party 'n ongelowige en die ander 'n gelowige is. Die grondtoon van sy advies is dat sulke huwelike, indien enigsins moontlik, nie verbreek moet word nie - omdat die gelowige party die instrument kan wees waardeur die ongelowige party gered kan word. Paulus gebruik hierby in 1 Kor 7:16 die werkwoord σωζω - wat by hom 'n sterk missionêre ondertoon het en dikwels saam met κερδαινω gebruik word. Hy doen dit om die moontlikheid, dat gelowige huweliksmaats die instrument kan wees waardeur die Here hulle ongelowige huweliksmaats kan red, na vore te bring. Die feit dat Paulus alreeds in vers 14 daarop wys dat die ongelowige party deur die gelowige party geheilig is, onderstreep die missionêre motief in sy pastoraat. Met ηγιασται word nie bedoel dat die gelowige party op 'n manier vir die ongelowige versoening doen nie, maar dat die gelowige eggenoot of eggenote in die huislike lewe 'n atmosfeer skep waar die evangelie voortwerk en die liefde van Christus die huisgenote omsluit (Groenewald, 1971:90).

Van Bruggen (1979:68) is van mening dat ἡγίασται hier dui op die *huweliksverhouding* wat

geheilig word en nie die persoon van die ongelowige eggenoot of eggenote deur die gelowige party nie. "Het wereldse huwelijk van twee ongelovigen krijgt een gezuiverd karakter door de geloofsvernieuwing van de één en de bewilliging en meegaandheid van de ander". Dit is 'n ietwat gedronge verklaring wat nie die pertinente verwysing na ἡγίασται ὁ ἀνὴρ ὁ ἄπιστος en ἡγίασται ὁ γυνὴ ὁ ἄπιστος verdiskonteer nie. Die standpunt van Barrett (1968:165) dat iets van die Ou-Testamentiese kollektiewe karakter van die verbond in hierdie segswyse na vore kom, is meer aanvaarbaar, omdat daar juis in die volgende sinsnede verwys word daarna dat die kinders in so 'n huwelik deur die gelowige ouer geheilig is.

Die feit dat daar 'n missionêre motief ten grondslag lê aan Paulus se huwelikspastoraat, kom ook na vore in Tt 2:3-5 waar hy die ouer vroue vermaan om die jonger vroue te leer om hulle mans en kinders lief te hê, ingetoë, kuis, huislik en goed, aan hulle eie mans onderdanig te wees *sodat die woord van God nie belaster word nie.* Dit gaan dus in gelowiges se huwelikslewe nie maar net om hulleself nie, maar om die getuienis wat hulle ook met hulle huweliks- en gesinslewe aan die wêreld moet gee om die trefkrag van die Woord te kan ondersteun. Daarom het Jeremias (1954:298) goeie gronde om te beweer dat daar 'n missionêre grondmotief in Paulus se huwelikspastoraat na vore kom en daar inderdaad 'n "missionärische Aufgabe in der Mischehe" is.

Daar is ook reeds vroeër aangetoon dat die woord καταρτίζω in Gl 6:1 in 'n pastorale verband gebruik word, om daarmee te beklemtoon dat gelowiges langs die weg van pastorale arbeid heelgemaak of herstel moet word om weer dienswerk te kan doen (vgl hfst. 6:2.4.3).

Die eksegetiese ondersoek na die betekenis van οἱ ἐξω het ook bevind dat daar in die meeste paranetiese vermaninge tot 'n heilige lewenswandel 'n missionêre doel voor oë gehou word. Gelowiges moet in elke aspek van hulle lewe in gedagte hou dat die oë van die buitestaanders op hulle gerig is. Daarom moet hulle só lewe dat hulle met hulle totale lewenswandel die woordgetuienis wat hulle bring, nie ontkrag nie maar versterk (vgl. hfst. 5:5.4.2; 5.4.3.; 5,5,1; 5.5.2.; 5.5.4.). Hierdie bevindings impliseer ook

dat die gelowiges dus deur die pastoraat juis bekwaam gemaak moet word om missionêr effektief te kan wees. Daarom het Bolkestein (1964:122) gelyk as hy (nadat hy 'n volledige ondersoek na die pastoraat volgens die Nuwe Testament gedoen het) beweer: "Dat zielzorg geen introvert karakter draagt, maar mee opgenomen is in de dienst van de gemeente in de wereld spreekt vanzelf. De 'toerusting' van de gemeente, die in zielzorg word beoogd, betreft mede deze dienst".

Dit moet egter onthou word dat die missionêre doelwitte in die pastoraat steeds sekondêr bly. Die primêre doelwit is die eer van God. Gelowiges word pastoraal toegerus en opgebou dat hulle lig so kan skyn in die wêreld dat die mense hulle goeie werke kan sien en hulle Vader in die hemel kan verheerlik. Die teosentriese doksologiese motief bly in die pastoraat die primêre en oorhoofse doel, waaraan alle ander doelwitte ondergeskik is.

4.2. PASTORAAT AS MISSIONÊRE NASORG WAT DIE VRUG VAN MISSIONÊRE ARBEID BESTENDIG

Die behandeling van καταρτιζω het aangetoon dat die woord in 2 Kor 13:9,11; 1 Pt 5:10 en 1 Ts 3:10 die betekenisnuanse het van *om aan te vul wat nog ontbreek* (vgl. bo hfst. 6:2.4.3.). Die implikasie hiervan is dat die pastoraat aan nuwe gelowiges dringend noodsaaklik is - om hulle te bestendig in die nuwe lewe in Christus waarby hulle langs die weg van geloof en bekering ingelyf is. Dit word veral duidelik uit 1 Tessalonisense. Paulus kon maar weinig meer as drie weke daar werk en toe moes hy vlug (Hd 17:1-10). Hy was egter baie bekommerd dat sommige, as gevolg van die beproewing van vervolging, beweeg mag word om Christus prys te gee en weer die Joodse geloof aan te neem (vgl. 1 Ts 3:3,5), sodat sy arbeid dan tevergeefs sou wees.

Morris (1956:63) meen dat σαινέσθαι by Homeros gebruik word van 'n hond wat sy stert swaai en dus iets van 'n aanvaardende reaksie op vleiery openbaar. Daarom beteken die woord in hierdie verband dat Paulus bang was dat die Jode in die vervolging die jong Christene met vleitaal sou oorreed om Christus prys te gee en weer die Joodse geloof te aanvaar. Alhoewel dit 'n verklaring is wat goeie sin maak, bly dit riskant om die betekenisnuanse wat 'n woord eeue gelede in klassieke Grieks gehad het, net so in die Nuwe Testament terug te lees.

Paulus se pastorale advies bestaan dan daarin om aan die gelowiges perspektief op die sin van lyding te gee. Hy herinner hulle daaraan dat gelowiges bestem is (κειμεθα) om verdrukking te ly. Dit was immers al deel van sy aanvanklike onderrig toe hy aan hulle die evangelie verkondig het met hulle bekering tot Christus (vgl. vs. 4).

Hy hou dus rekening daarmee dat veral nuwe bekeerlinge swak en weerloos is en baie maklik weer die pad kan byster raak. "Er sieht den Menschen nüchtern und weiss wie nahe das Versagen jedem liegt... Er rechnet ernshaft mit der erschreckenden Möglichkeit, dass '*unsere Arbeit vergeblich werde*'" (De Boor, 1969:58). Daarom ontsien hy geen moeite nie om hulle pastoraal te versorg tydens die vervolging en lyding en beproewinge wat hulle ten deel geval het so gou nadat hulle Christene geword het. Dit alles doen hy om die gemeente bekwaam te maak om ook verder God se missionêre instrument in die wêreld te kan wees. Daarom bid hy dat hulle liefde nie net vir mekaar nie maar ook vir almal sal groei, en gaan hy in die volgende hoofstuk voort om hulle aan te spoor om sô te lewe dat hulle met hulle hele bestaan welvoeglik kan lewe teenoor diegene wat buite is (1 Ts 4:12; vgl ook hfst. 5:5.5). So wil Paulus verseker dat daar te midde van die lyding en vervolging sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe groei sal plaasvind, soos wat dit trouens meestal in die geskiedenis van die kerk gaan (vgl. hfst. 4:5:4:2).

4.3. 'n PASTORALE BENADERING IN MISSIONÊRE ARBEID

Die hoofstuk waarin eksegetiese ondersoek na die betekenis van οἱ ἔξω gedoen is (hfst. 5), het aangetoon dat die optrede van gelowiges in missionêre arbeid moet geskied met (pastorale) wysheid en bewoënheid teenoor die wat buite is. Daar is ook getoon dat die afstand - of duidelike grens - wat (volgens 1 Kor 5:9-13) tussen die gelowiges en die buitestaanders moet wees, nie beteken dat die gelowiges met die buitestaanders in 'n hooghartige gesindheid moet omgaan nie. Die gelowiges moet immers besef dat alles wat hulle het, het hulle uit loutere genade ontvang en gevolglik niks uit hulle self het waarmee hulle teenoor die buitestaanders kan spog nie (1 Kor 4:5,7; vgl. hfst. 5:5.3.).

Die implikasie hiervan is dat daar altyd 'n bewoë pastorale grondhouding teenwoordig moet wees wanneer gelowiges in missionêre arbeid na die buitestaanders uitreik. Om dit te kan doen, moet gelowiges natuurlik self eers as 't ware deur die oorweldigende genade van God verpletter word. Paulus se vermaning moet belydenis word: "Wat het *ons* wat *ons* nie ontvang het nie?" (1 Kor 4:7). Dan sal hulle missionêre arbeid inderdaad die karakter dra van "... one beggar telling another beggar where to find bread" soos D.T. Niles dit gestel het (aangehaal by Peters, 1975:581). Dán kan die gemeente werklik die groot reddingsdade van God verkondig (1 Pt 2:9,10). Juis daarom kan Paulus sê dat die ἀγαπή τοῦ Χριστοῦ hom in sy sendingwerk gedring het (2 Kor 5:14). "Dit is de liefde, die Christus in zijn zelfofferande aan het kruis voor zondaars heeft betoond, vs 15; in de eerste plaats dus gen. subj. Die liefde 'omvangt' Paulus (συνέχει): Een even dwingende als heerlijke macht, die hem zozeer beheerst en vervult, dat hij zijn leven wel ten dienste van anderen *moet* stellen (vs 13)" (Van Swigchem, 1955:223; kursivering van Van Swigchem).

Daar is ook verder bevind dat die gelowiges met takt en weldeurdagte keuse van hulle woorde (pastorale wysheid) na die buitestaanders moet uitreik (Kol 4:2-6; vgl. hfst. 5:5.4.).

> 'n Ander dimensie van die pastorale bewoënheid wat by missionêre arbeid tuishoort, is om te fokus op buitestaanders se reële nood. Deur met liefde hulp te verleen in hulle maatskaplike en sosiale nood, kan hulle ook ontvanklik word vir die evangelie wat op hulle diepste nood, naamlik die vervreemding van God, gerig is. Dit is egter 'n aspek wat in 'n volgende onderafdeling behandel sal word wanneer die verhouding tussen die bewaring en die vermeerdering van die kerk in die diakonia en koinonia van die gemeente behandel sal word.

4.4. GEVOLGTREKKINGS

4.4.1. Die pastorale werk ten behoewe van die gemeente mag nooit die missionêre blikpunt uit die oog verloor word nie.

4.4.2. Pastorale werk ten behoewe van gelowiges moet onder andere daarop gerig wees om hulle bekwaam te maak vir missionêre arbeid.

4.4.3. Pastorale arbeid as missionêre nasorg aan gelowiges is noodsaalik om toe te sien dat die vrug van die missionêre arbeid nie weer verlore raak nie, sodat die kerk blywend kwalitatief en kwantitatief kan groei en God so verheerlik word.

4.4.4. In die gelowiges se missionêre uitreik na buite is 'n bewoë pastorale grondhouding teenoor die buitestaanders van kardinale belang.

4.4.5. Om hierdie bewoë pastorale grondhouding in missionêre arbeid te kan openbaar, is dit nodig dat die gelowiges self blywende verbasing en verwondering sal koester vir die oorbluffende groot genade wat hulle deel geword het toe hulle Christene geword het.

5. DIE AANBIDDING IN DIE GEMEENTELIKE EREDIENS

Die behandeling van die woord κατάχεω in die verband van 1 Kor 14 het vas-

gestel dat die gemeente deur onderrig so toegerus moet word dat diegene wat die gawe van profesie het, dit so in die erediens kan gebruik dat hulle nie net mekaar kwalitatief opbou nie, maar dat daar ook ongelowiges tot bekering kom (vgl. hfst. 6:2.3.3.).

Dit is nou nodig om hierdie bevinding teen 'n wyer agtergrond te plaas, om die implikasie daarvan vir die verhouding tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou in die gesamentlike erediens van die vergaderde gemeente aan te toon.

> Daar sal dus nie in hierdie verband op die persoonlike (private) aanbidding of erediens van gelowiges ingegaan word nie. Dit is wel so dat gelowiges se persoonlike, individuele aanbidding absoluut onmisbaar as voorbereiding vir gesamentlike aanbidding is. In 'n toerustingskursus van die Christian Reformed Church of North America oor gesamentlike aanbidding en die praktyk van die gemeente se uitoefening van sy missionêre roeping, word die onmisbaarheid van gelowiges se persoonlike aanbidding tereg beklemtoon: "It is tragic that so little worship takes place outside the sanctuary. With so little private or individual worship, Christians become parasites. They do not feed directly on the Word. Few of us have ever tried to eat one dinner on Sunday only and starve ourselves the rest of the week (Christian Reformed Home Missions, 1984:8). Hierdie onderafdeling wil egter veral vanuit 1 Kor 14 enkele perspektiewe oor die verhouding tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk gee, en terwyl dit daar juis om die vergaderde gemeente gaan, is dit nie moontlik om hier ook die hele saak van individuele gelowiges se persoonlike erediens met betrekking tot die tema van hierdie studie te behandel nie.

5.1. LITURGIE WAT DIE GEMEENTE KWALITATIEF OPBOU EN OOK 'N INVLOED OP ONGELOWIGES HET

In 1 Kor 14:21-25 is dit duidelik dat die samekoms van die gemeente in die erediens nie net gedien het tot kwalitatiewe opbou van die gelowiges nie, maar ook tot die kwantitatiewe opbou van die gemeente - deur ongelowiges wat tot bekering kom en deel van die gemeente word.

Dit gaan in die eerste plek duidelik om 'n samekoms *in die erediens*. In-

dien die ἐν ἐκκλησία in vers 19, 29, en 35 en die συνέρχεσθηε in vers 26 in gedagte gehou word, kan die συνέλθῃ ἡ ἐκκλησία ὅλη in vers 23 moeilik anders verstaan word as die samekoms van die gemeente in 'n erediens (De Klerk, 1988:68; Jager 1974:330). Dit word nog versterk met ἐπὶ τὸ αὐτο, wat die strekking het van "op dieselfde plek". In die tweede plek word pertinente melding gemaak van die teenwoordigheid van ongelowiges. Die ἰδιῶται en ἄπιστοι moet nie as twee groepe mense verstaan word nie - soos wat De Boor (1968:240) dit sien (die ἰδιῶται is volgens hom onbekeerde leke en die απιστοι mense wat doelbewus die evangelie verwerp het) - maar as buitestaanders wat nie deel van die gemeente vorm nie (Jager 1974:330; Bruce 1971:133). Hulle is wel nie deel van die gemeente nie, maar hulle stel tog belang. Daarom kom hulle immers binne (εἰσέλθωσιν). Die manier waarop Paulus dit stel, impliseer dat die gemeente as 'n reële moontlikheid daarmee rekening moes hou dat ongelowiges ook die samekomste kan bywoon.

Indien almal in die gemeente (πάντες slaan in die lig van hoofstuk 12:4, 5, 6, 8-10, 14, 29 en 30 op almal wat die gawe het) dan profeteer, sal 'n ongelowige oortuig word van sy eie sonde (ἐλέγχεται) en op sy gesig val en God aanbid, en verkondig dat God werklik onder die gelowiges is. *Profesie* beteken hier in die lig van vers 3 "woorde van opbou (οἰκοδομὴ) en vermaning (πάράκλησις) en bemoediging (παραμυθία)" wat deur gelowiges met die gawe van profesie in die gemeente geuiter word. De Boor (1968:241) gee 'n goeie samevatting van wat gebeur: "Darum tun sie es so (om te profeteer, P.J.B.), dass es den Besucher ins Gewissen trifft und er sein Innerstes erkannt und aufgedeckt sieht und for den unentrinnbaren Gegenwart Gottes steht".

Jager (1974:330) se standpunt is dat die woorde Ὄντως ὁ Θεὸς ἐν ὑμῖν in vers 25 herinner aan die belydenis van die volk op die berg Karmel volgens

die LXX se weergawe van 1 Kon 18:39: λαλήθως κυριὸς ἔστιν ὁ Θεὸς. Dit kan saaklik wel meriete hê, maar deeglike bewysvoering ontbreek. Bruce (1971:132) het meer grond vir sy standpunt dat Paulus in vers 21 die profesie van Jesaja 28:10,11 in gedagte het - waar vermeld word dat God se oordeel oor sy ongehoorsame volk daarin openbaar word dat hulle in die onverstaanbare taal van die Assiriërs geleer sal word. Paulus se argument is dan dat die spreek in vreemde tale die ongelowiges in hulle ongeloof sal bevestig, omdat hulle nie sal verstaan waarom dit gaan nie (vgl. ook De Klerk, 1988:72). Myns insiens is dit goedskiks moontlik dat Paulus - met verwysing na die ongelowiges wat deur die gelowiges se profesie tot 'n belydenis van God se teenwoordigheid kom - die woorde van Jes 45:14 en Sag 8:23 in gedagte gehad het. Die vermelde Skrifdele praat tog van die ongelowiges (uit die heidennasies) wat God se teenwoordigheid by sy volk erken, en die versugting uitspreek om saam met hulle te gaan omdat hulle die enigste ware God beter wil leer ken. Dit sluit ook aan by die bevel in die liturgiese psalms dat God se heerskappy oor al die nasies en die hele wêreld in die lofsange van die volk geproklameer moet word (vgl. bv. Ps 96:3-5, 9-13; 97:1, 7; 98:2-4; 99:9; 100:1). Trouens, in die Psalms in die Ou Testament word die aanbidding nooit na binne gerig as 'n doel op sigself nie; dit wys telkens heen na die finale oes wat sal plaasvind wanneer al die eindes van die aarde God sal vrees en Hom sal loof vir die verlossing wat Hy bewerk het (Ps 67:3, 6-8).

Dit is in 1 Kor 14:21-25 ook duidelik dat die profesie as *woorde van opbou* (οἰκοδομὴ) en vermaning (παρακλήσις en bemoediging (παραμυθία)" nie noodwendig net na die "prediking" hoef te verwys nie, maar na die totale liturgiese uitinge van die gemeente in die erediens.

Verkondiging kom immers in meer handelinge as in die *prediking* in die

erediens. Die gebruik van die nagmaal *verkondig* (καταγγελλέτε) ook die dood van die Here (1 Kor 11:26).

> In 'n indringende studie neem Bieder (1964) die standpunt in dat doop en nagmaal nie die sakramentsviering van die kerk volledig uitput nie, maar slegs as "... Exponenten eines viel weiteren sakramentalen Lebens der Kirche..." verstaan moet word. Die kerk moet in sy totale lewenswyse iets van 'n sakrament vir die wêreld wees. Soos wat die sakramente vir die gelowiges "... Schauplatz der Götlichen Treue..." is, so moet die kerk juis ook dit vir die wêreld wees.

Wanneer gelowiges psalms, lofsange en geestelike liedere sing, *leer* (διδασκόντες) en vermaan (νουθετοῦντες) hulle mekaar. De Klerk (1988:68) wys daarop dat dit ook om meer as die profesie gaan, aangesien Paulus in vers 25 raak aan die *Schema* (belydenis) wat 'n aspek van die sinagogale erediens was. Onmiddellik daarna – in vers 26 – is ook sprake van die ψαλμὸν of διδαχὴν of ἀποκάλυψιν of γλῶσσαν of ἑρμηνείαν waaroor verskillende gelowiges beskik en wat alles tot opbou aangewend moet word.

Dit is goed om hierby na die opmerking van Von Allmen (1965:79) te luister – as hy sê dat egte aanbidding in die erediens: "... by the mere fact of its celebration and because it is a power radiating joy, peace, freedom, order and love, becomes an evangelizing force, and hence something which impinges on the surrounding world... Worship provides a sign which is for the world a challenge and promise. Thus it has a power of evangelization which is often hardly guessed at. That is why it is so important that the Christian cult should be celebrated with a maximum of theological urgency and of spiritual fervor".

Dit beteken egter nie dat die doel van die aanbidding in die eerste plek op die bekering van ongelowiges gerig is nie. Ware aanbidding is in die eerste plek op God self gerig. Maar, juis waar Hy in sy heerlikheid en majesteit opreg geloof en geprys en aanbid word, het dit tegelyk 'n invloed op ongelowiges wat teenwoordig is. Die ongelowiges kan nie ten volle saam

aanbid nie. Hulle bly in 'n sekere sin altyd buitestaanders wat toekyk, want ware aanbidding is 'n handeling slegs van hulle in wie se harte Christus deur sy Gees kom woon het (1 Jh 4:23,24; 1 Kor 12:3; Rm 8:9). Vir die ongelowiges bly Jesus Christus 'n struikelblok en dwaasheid (1 Kor 1:23). Hy is slegs in die besondere sin in 'n erediens teenwoordig waar daar *in sy Naam* vergader word (Mt 18:20). Die integriteit van die erediens mag nie vernietig word deur daarvan 'n blote evangelisasieveldtog te maak nie (Hart, 1986:76). Dit gaan in die eerste plek om 'n ontmoeting met God wat in Christus deur sy Gees onder sy volk teenwoordig is.

5.2. DIE EENHEID TUSSEN KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE OPBOU VAN DIE GEMEENTE DEUR DIE EREDIENS

Die eenheid tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou van die gemeente deur die gesamentlike ontmoeting met God in die erediens lê in die *Christosentriese*, teosentriese karakter van die erediens. So beveel Jesus dat die nagmaal in die erediens tot sy *gedagtenis* gevier moet word (1 Kor 11:24). Neem hierby in ag dat die formule ποιεῖτε εἰς τὴν ἐμὴν ἀνάμνησιν meer beteken as 'n verstandelike terugdink aan die gebeurtenis. Dit hou immers 'n *nuwe realisering of belewing* van die historiese gebeure in – soos wat die volk tydens die paasfeesvieringe met hulle voorvaders in die Eksodus *een geword het.* Dan word dit duidelik dat die gemeente die werklike teenwoordigheid van God deur die geloof in Christus in die erediens beleef het. Von Almenn (1965:27) formuleer hierdie punt korrek as hy verklaar: "... Christian worship comprises the fact of salvation... we see in the cult a recapitulation of the history of salvation".

Terwyl die teenwoordigheid van Christus egter gevier word, word sy versoeningsdood terselfdertyd verkondig. Die ἀνάμνησιν in die erediens is tegelyk καταγγέλλετε. Dit is ook voor-die-hand-liggend dat dit nie die

blote eet en drink van die nagmaal is wat verkondig nie, maar die publieke vertelling van die verhaal van sy versoeningsdood as die *haggadah* of *hieros logos*, wat die daad van eet en drink verklaar het (Bruce 1971:114). Die aanbidding in die erediens, sowel as die evangelieverkondiging in missionêre arbeid, het dus 'n Christologiese basis. "We declare in evangelism that one day everything will stand under his feet (Ephesians 1:22; 1 Corinthians 15:25-28; Hebrews 2:7-8), and we fall at these same feet in worship (1 Corinthians 14:24-25). The vision of Jesus lifted up is the same in both" (Christian Reformed Home Missions, 1984:11).

Die Here Jesus Christus word, volgens Openbaring, in die hemelse erediens aanbid as die Lam wat geslag is en waardig is om krag en rykdom en wysheid en mag en eer en heerlikheid en lof te ontvang (Op 5:12). Dit is egter doksologieë wat reeds op aarde - aan die begin tydens sy geboorte en aan die einde tydens sy hemelvaart - ook sy bediening omraam het (Mt 2:11; Lk 24:52). In dieselfde hemelse erediens word egter bely dat die Lam wat geslag is, juis daardeur van gelowiges konings en priesters vir sy God en Vader gemaak het (Op 5:10). Dit is 'n goeie voorbeeld van wat Von Allmen (1965:42) noem "by its worship the church... becomes conscious of itself, and confesses itself as a distinctive entity". Die implikasies is dat die kerk in sy aanbidding in die erediens ook daaraan herinner word dat hy priesterlik missionêr in die wêreld teenwoordig is. Die gelowiges se priesterdiens bestaan daarin dat hulle in die nuwe lied bely dat hulle offers sal bring van totale oorgawe aan Hom, van woordgetuienis aangaande sy Koningskap, van lyding ter wille van Hom, van gebed en van lofliedere tot sy eer (Du Preez, 1967:349). So bely en vier die gelowiges ook in die erediens hulle opdrag om in die wêreld missionêre getuies van God se heerskappy in Christus te wees. Die kerk wat besig is om te aanbid, mag nooit vergeet dat hy ook die kerk is wat in die wêreld gestuur is nie. En

in sy getuienis aan die ongelowiges in die wêreld moet die gelowiges juis onthou dat hulle missionêre taak daarop gerig is om die evangelie so te verkondig dat mense van oral af ook sal kom om God in Christus saam te aanbid en die erediens inderdaad 'n huis van gebed vir al die nasies sal word.

5.3. GEVOLGTREKKINGS

5.3.1. Die samekoms van die gemeente vir aanbidding in die erediens is in die eerste plek op God gerig. Dit is 'n gesamentlike ontmoeting met God deur die geloof in Jesus Christus.

5.3.2. In die Christosentries teosentriese karakter van die erediens word die kwalitatiewe en die kwantitatiewe opbou van die gemeente tot 'n hegte eenheid saamgebind.

5.3.3. Waar die gemeente op die regte manier saam aanbid, het dit die uitwerking dat kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe opbou van die gemeente plaasvind.

5.3.4. Kwalitatiewe opbou in die erediens vind plaas deurdat gelowiges onderling mekaar se geloof versterk en verdiep.

5.3.5. Kwantitatiewe opbou vind plaas deurdat gelowiges se verheerliking van God in Christus deur die krag van die Heilige Gees 'n invloed het op ongelowiges wat teenwoordig is sodat hulle tot bekering kom.

5.3.6. Selfs in die viering van die nagmaal waaraan uitsluitlik gelowiges deelneem, word tegelykertyd die versoeningsdood van Christus verkondig.

5.3.7. In die erediens vier gelowiges juis ook die feit dat Christus hulle priesterlike getuies vir sy God en Vader gemaak het en hulle daarom as

missionêre getuies in die wêreld uitstuur.

6. DIE DIAKONIA EN KOINONIA VAN DIE GEMEENTE

Die ondersoek na die betekenis van οἰκοδομέω en αὐξάνω het aangetoon dat sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe opbou en groei alleen kan plaasvind waar daar in die gemeente hegte liefdesgemeenskap tussen gelowiges bestaan (vgl hfst. 2:2.5.7.; 2.5.11.; hfst. 4:5.3.; 5.7. 5.9).

Die ondersoek na die betekenis van καταρτίζω het aangetoon dat effektiewe missionêre arbeid slegs gedoen kan word as die gelowiges toegerus word om tot groter belewing van hulle eenheid in Christus te kom en dat καταρτίζω selfs die betekeniskomponent dra van *saamsnoer tot 'n eenheid* (vgl. hfst. 6:2.4.3.)

Om die implikasies van hierdie bevindinge vir die *verhouding tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk* in die *koinonia* en *diakonia* van die kerk aan te toon is dit nou nodig om dit teen 'n wyer agtergrond te plaas.

6.1. KERNASPEKTE VAN κοινωνία MET DIE OOG OP KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE GROEI

Dit is nie moontlik om hier die resultate van 'n volledige woordstudie oor κοινωνια voor te hou nie, aangesien dit te ver buite die opset van hierdie onderafdeling sou val.'n Studie net van die woord κοινωνία in die Nuwe Testament is vir die doel van hierdie onderafdeling ook nie voldoende nie, aangesien uiters belangrike aspekte van die onderlinge gemeenskap van gelowiges (met die oog op kwalitatiewe en kwantitatiewe groei van die kerk) na vore kom waar die woord κοινωνία nie gebruik word nie. Daar kan byvoorbeeld vir hierdie onderafdeling uiters relevante gegewens aan die lig kom deur teksgedeeltes te bestudeer waar die woord ἀλλήλων voorkom.

(Die publikasie van Versteeg [1980] en die reeks publikasies van Getz [1976; 1978; 1982; 1982b; 1984] het veral die geweldige belang van die "*mekaar*" -tekste vir die verstaan van die belewing van gemeenskap volgens die Nuwe Testament in die sentrum geplaas.) Ook die woorde ἐν en ἓν σῶμά ἐν Χριστῷ is in hierdie verband van kardinale belang.

> Sedert 1933 is een van die omvattendste publikasies oor die betekenis en implikasies van κοινωνία volgens die Nuwe Testament, steeds die van Heinrich Seesemann (1933; Der Begriff κοινωνία im Neuen Testament). Seesemann se studie is egter baie sterk beïnvloed deur die godsdienshistoriese teorieë van Reitzenstein oor Paulus se sogenaamde mistieke sakramentsleer wat in daardie tyd 'n baie belangrike invloed op die Nuwe-Testamentiese wetenskap in Europa uitgeoefen het.(Vgl. hieroor meer by Ridderbos, 1971:15-23) . Selfs Hauck (1965:789-810) se artikel in Kittel se Theological Dictionary of the New Testament volg die hooflyne van Seesemann se gedagtegang. Sedertdien is heelwat van Reitzenstein se teorieë egter ongeldig bewys deurdat aangetoon is dat die misteriegodsdienste beslis nie so 'n oorheersende invloed op Paulus se denke gehad het nie. Daarmee saam het belangrike bevindinge van Seesemann in verband met die betekenis en implikasies van κοινωνία ook aanvegbaar geword (McDermott, 1974:64-77 en 118-233; Banks, 1980:10-13).

In die Nuwe Testament het κοινωνία veral drie betekenismoontlikhede: *gemeenskap* of *eenwording* (bv. 1 Jh 1:3; 1 Kor 1:9); *om te deel of te laat deel* in andere se gawes of diens (bv. Gl 6:6; 2 Kor 8:4); "*om by te dra* vir die verligting van ander se nood" (bv. Rm 15:26; Louw en Nida 1988 (1):446, 569 en 1988 (2):145; McDermott, 1975:64).

Dit is God wat mense roep om in gemeenskap met sy Seun te leef (1 Kor 1:9). Hy self is die inisieerder van κοινωνία met Hom, in en deur Christus, deur die werking van die Heilige Gees (1 Kor 6:7), wat dit deur die verkondiging van die Woord bewerk (1 Jh 1:3).

Dit impliseer vir die gelowiges om gemeenskap te hê aan sy lyding (1 Kor 10:16; 1 Pt 4:13) en sy heerlikheid (1 Pt 5:1). Hierdie eenheid met Hom lê 'n dure plig op gelowiges om ook in eenheid en gemeenskap met mekaar te lewe (1 Kor 1:10-17). Omdat gelowiges hulleself aan Hom gegee het, en in sy lig wandel, het hulle gemeenskap met mekaar (1 Jh 1:7) en gee hulle hulleself ook onvoorwaardelik aan mekaar juis met die oog op die verdere

uitdra van die evangelie (2 Kor 8:4,5). Wanneer mense gelowiges word, is daar niks wat hulle verhinder om hegte gemeenskap soos ware broers en susters met mekaar te beoefen nie - selfs al sou hierdie gemeenskap inhou om te deel in die smaad wat medegelowiges ter wille van die evangelie moet verduur (Heb 10:33). "To embrace the gospel, then is to enter into community" (Banks 1980:33). So word Onesimus die slaaf na sy bekering in die tronk vir Filemon sy baas 'n ἀδελφὸσ ἀγαπητός en deel hy in die κοινωνια wat reeds tevore tussen Paulus en sy baas Filemon bestaan het (Flm 16,17). God self het 'n behae in die hegte gemeenskap tussen gelowiges (Heb 13:16). Aan die ander kant moet alle gemeenskap verbreek word (μὴ συγκοινωνεῖτε) met diegene of sake wat deur die duisternis beheers word (Ef 5:11; 1 Kor 10:20,21).

Paulus praat van sy selfopofferende missionêre arbeid waarmee hy mense wou wen en red as 'n συγκοινωνὸς in die evangelie (1 Kor 9:23). Teen die agtergrond van die hele hoofstuk - waaruit geblyk het dat hy die gemeente wil konsolideer en die twis en tweedrag tot 'n einde wil bring met die oog op verdere missionêre arbeid (vgl. hfst. 3:5.4.) - kan hieruit afgelei word dat hy besef dat die onderlinge eenheid en gemeenskap van die gemeente 'n voorvereiste vir die missionêre krag van 'n gemeente is.

Juis met die doel voor oë om effektief missionêre instrument van God te kan wees, moet gelowiges mekaar met selfverloënende liefde liefhê (vgl. hfst 2:2.5.6.; Jh 13:34,35; 17:21,23; Flp 1:27), want so dan word God verheerlik! Daarom word skeuring en verdeeldheid in die gemeente so ernstig bestraf (Rm 16:17; 1 Kor 11:18; 12:25; Gl 5:20; Flp 2:3; Tt 3:10).

Die eerste gemeente in Jerusalem se onderlinge liefde, eenheid en gemeenskap het juis 'n missionêre trekkrag op die buitestaanders gehad en 'n belangrike bydrae gelewer tot die getallegroei van die kerk (Hd 2:46,47;

5:13,14; 6:1,7; vgl. ook hfst. 4:5.3.). Green (1979:24), wat 'n baie omvangryke studie na die aard en metodiek van die missionêere arbeid vroeg-Christelike kerk gedoen het, het na die voltooiing van sy proefskrif 'n meer populêre werk geskryf. Daarin kontrasteer hy die missionêre arbeid van die vroeë kerk met missionêre arbeid van hedendaagse kerke. Hy is van mening dat die eerste Christene se deursigtige liefde een van die belangrikste faktore was wat stukrag aan hulle arbeid verleen het. "But something else marked those early Christians. If it does not mark us, nobody is going to be very interested in what we say. It was their transparent love... This love for the brethren is crucial. Without it there can be no effective evangelism. The world has to see in Christian circles a warmer, more accepting and caring fellowship than they can find anywhere else - and until they see that they are not going to be all that interested or impressed with God talk".

6.2. Κοινωνία MET DIE OOG OP διακονία TER WILLE VAN KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE GROEI

Die gelowiges in Filippi se ondersteuning van Paulus, in die voortgang van die evangelie, word ook κοινωνία genoem (Flp 1:5). Dit het om meer as finansiële steun gegaan. Hy en die Filippense het mekaar se belange op die hart gedra, sodat hulle finansiële steun ne bewys het dat hulle sy συγκοινωνοὺς in die genade is (Flp 1:7; vgl. ook 4:14,15). Dit dui reeds daarop dat gemeenskap lei tot diens aan mekaar met die oog op die uitdra van die evangelie.

Daarom kan die arm gemeente van Masedonië - wat ondanks hulle verdrukking tog met blydskap daarop aandring dat Paulus ook van hulle 'n bydrae vir die gelowiges in Jerusalem ontvang - se bydrae κοινωνία τῆς διακονίας genoem word (2 Kor 8:4).

Die woord διακονεω word gebruik om Jesus se omvattende verlossingstaak aan te dui (Mt 20:28; Mk 10:45). Dit is egter opvallend dat hierdie woord elders in die evangelies die betekenis het van *met voedsel bedien* of *by die tafel bedien* (Mt 4:11; Mk 1:31; Lk 10:40; 12:37; 17:8). Daarom dui die woord op: *werklike konkrete dade van naasteliefde*. Dit is liefde wat aan mekaar betoon moet word (Jh 13:34,35), en wanneer gelowiges liefde betoon aan die wat ly, doen hulle dit ten diepste aan Jesus Christus self (Mt 25:35-40). Egte Christelike liefde word egter juis daardeur gekarakteriseer dat dit, soos Christus se eie liefde, ook betoon sal word aan diegene van wie nie ook liefde ontvang word nie (Mt 5:46,47; Lk 6:32,33).

Die beeld van die kerk as liggaam van Christus dien as 'n oproep tot die kerk om sy roeping te volvoer en prakties en sigbaar as die liggaam van Christus te funksioneer. Die kerk as liggaam van Christus moet Hom in die wêreld verteenwoordig en sy diens in omvattende sin voortsit (Combrinck, 1974:278).

Deur konkrete dade van liefdesdiens is die gelowiges besig met daadverkondiging van die evangelie (Mt 5:16; 1 Pt 2:12). Juis waar die kerk dienend in die wêreld teenwoordig is, word die koms van die koninkryk sigbaar.

Tog word die mondelingse verkondiging van die evangelie ook 'n διακονια van die versoening genoem (2 Kor 5:18,19). Daarom is die deurgee en bemiddeling van hierdie boodskap van versoening *diens*.

6.3. STRUKTURE WAARBINNE κοινωνία EN διακονία MET DIE OOG OP KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE GROEI PLAASVIND

Die Nuwe Testament gee weinig voorskrifte oor organisatoriese strukture

waarbinne κοινωνία en διακονία moet plaasvind. Vir die bestaan en funksionering van die kerk is dit primêr die lewende verhouding met die Hoof Jesus Christus wat die voortbestaan van die gemeente waarborg. Op grond van die organiese verhouding met Hom, deur die leiding van sy Gees, word gelowiges deur sy liefde gedring om gemeenskap met mekaar te beoefen en hulle dienswerk vir mekaar en vir die getuienis van hulle Here in die wêreld te volvoer. Organisatoriese strukture in die vroeë kerk is wel deur sekere beginsels bepaal, maar die praktiese vormgewing daarvan is meer pragmaties as prinsipieel bepaal. Met ander woorde: gelowiges word beveel om mekaar lief te hê, en om met mekaar gemeenskap te beoefen en mekaar te ondersteun in hulle getuienistaak in die wêreld, en dit alles te doen onder leiding van en met toerusting deur die voorgangers. Maar die konkrete vormgewing van strukture waarbinne dit geskied, is aan hulle oorgelaat om in die lig van omstandighede onder leiding van die Heilige Gees uit te werk. Eckert (1979:22) formuleer dit so: "The mentality of the earliest Christians did not spring from their desire to found a new religion which would make its presence felt in this world for a long time as an institution endowed with a growing bureaucracy and building a lot of churches. They rather saw themselves as an eschatological movement which expected final salvation to come, not from the traditional Jewish faith nor from the secular reforms in this world, but from the Christ who would come again in power and glory (see 1 Thess. 1:9f.; 1 Cor. 7:29-31, 16:22; Mark 13)".

Dit is nogtans goed om 'n idee te probeer kry van die strukturele vorms waarbinne die eerste Christene se onderlinge gemeenskap plaasgevind het. Daar bestaan oorvloedige getuienis dat die hegte κοινωνία veral in klein huisgemeentes gedy het. Vogler (1982:786-794) kan - met deeglike bewysvoering - oor die eerste gemeentes in Judea en Galilea beweer: "...

dürfte unbestritten sein, dass diese Gemeinden Hausgemeinden waren. Denn zu dieser Zeit gab es noch keine kirchlichen Räume oder Gebäude". Dit is inderdaad so dat daar nie getuienis bestaan van enige kerkgeboue voor die derde eeu na Christus nie (Banks, 1980:41). Hy is met 'n beroep op Schlatter en Stuhlmacher van mening dat die gebruik van godsdienstige samekomste in woonhuise al uit die tyd van die ballingskap gekom het en dat daar in die tyd van die Nuwe Testament veskeie "huissinagoges" was.

Die Nuwe Testament praat slegs vier keer pertinent van huisgemeentes (Rm 16:5; 1 Kor 16:19; Kol 4:15; Flm 2). Die gemeente word egter meermale die *huis* of *huisgenote* van God genoem (1 Tm 3:15; Ef 2:19,22; Gl 6:10; Heb 3:6), en agter hierdie benamings het die kollektiewe karakter van die verbond geskuil (Buys, 1984:82).

Hierdie huisgemeentes het ruimte gebied vir intieme κοινωνία maar het ook "... eine intensive Ausbreiting des Evangeliums betrieben ... und diese Ausbreitung hat sich nicht nur auf Juden, sondern auch auf Heiden erstreckt" (Vogler, 1982:787). Merkwaardig is die vertelling oor die eerste Christelike gemeente in Jerusalem: dat hulle in die tempel in die Pilaargang van Salomo vergader het (Hd 3:11; 5:12), maar ook κατ' οἶκον (Hd2:46), - wat ook *huisgewyse* vertaal kan word - vergader het. In die samekomste in die huise het gebed blykbaar veral 'n baie belangrike plek beklee (Hd 12:12), maar ook die leer van die apostels, die onderlinge gemeenskap en gesamentlike maaltye (Hd 2:42-47). Banks (1980:39) is van mening dat daar in Rome verskeie huisgroepe was wat slegs afsonderlik vegader het en blykbaar nooit gesamentlik nie. Dit was klein selfstandige gemeentes. Daarom sou Paulus in sy brief aan die Romeine nooit van die gemeente in Rome praat nie, maar spreek hy hulle aan as "almal in Rome vir wie God liefhet en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort". Hierdie

standpunt hou egter nie daarmee rekening dat hierdie aanspreekvorm tog maar 'n definiëring van die woord ἐκκλησία inhou nie. Dit skyn asof Banks te veel vanuit 'n kontemporêre institusionele kerkbegrip redeneer.

Filson (1939:110) reken weer dat die huisgemeentes ook die ideale struktuur gebied het vir die ontwikkeling van leierskapsgawes en dat die gasheer van so 'n huisgemeente dikwels 'n voorganger in die gemeente geword het. Dit pas ook goed in by die voorskrif dat 'n ouderling juis iemand moes wees wat gasvry is en oor die gawe van onderrig beskik het (1 Tm 3:2; moontlik om goed as voorganger in 'n huisgemeente te kon funksioneer). Vogler (1982:794) stel as konklusie aan die einde van sy indringende ondersoek na die aard van die huisgemeentes: "Während die Hausgemeinden der 1. Generation Keimzellen für die Ausbreitung des Evangeliums bildeten, waren die Hausgemeinden der 2. und 3. Generation Rückgrat der in ihrer Zeit betriebenen Ausbreitung des Evangeliums."

6.4. GEVOLGTREKKINGS

6.4.1. God self stig gemeenskap tussen Homself en geredde sondaarmense, in Christus, deur die Heilige Gees, deur die Woord.

6.4.2. Gemeenskap met God lyf mense by die kerk as sy liggaam in en verplig gelowiges om ook met mekaar gemeenskap te beoefen.

6.4.3. Intieme gemeenskapsbelewing tussen gelowiges is onmisbaar vir kwalitatiewe sowel kwantitatiewe groei van die kerk.

6.4.4. In die uitlewing van liefdesgemeenskap met mekaar word gelowiges toegerus, in hulle nood bygestaan en stem hulle die buitestaanders goedgesind teenoor die gemeente.

6.4.5. Gemeenskap met mekaar kom ook tot uiting in selfopofferende diens

aan mekaar.

6.4.6. Die gemeente is nie net geroep tot liefdesdiens aan mekaar nie, maar ook aan die wêreld in nood.

6.4.7. In die vroeë kerk het die samekomste in klein groepe in gelowiges se huise 'n baie belangrike plek beklee in die kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe opbou en groei van die gemeente.

> Sendingwetenskaplikes en navorsers oor die praktyk van gemeenteopbou meen taamlik algemeen vandag dat die gebruik van gemeenskapsbelewing in klein Bybelstudiegroepe in groot gemeentes onmisbaar in 'n ware missionêre gemeente (Engelbrecht en De Wet, s.j:79:127; Buys, 1983:320-328; 1984:17-31; Veenhuizen, s.j.:3-50; Richards, 1973; Stevenson, 1986:77-89). Van der Walt (1985:223) verklaar: Gesonde kerklike werk by wyse van relevante kleingroepe is dringend noodsaaklik en effektief. Dit is 'n werkwyse wat bepaald verder geëksploiteer moet word.

7. DIE χάρισματα WAT AAN ELKE GELOWIGE GEGEE IS EN DIE χαρίσματα VAN BESONDERE DIENSTE IN DIE KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE OPBOU VAN DIE GEMEENTE

Die behandeling van die betekenis van die woorde οἰκοδομεω en καταρτιζω in Ef 4:11-16 het aangetoon dat die voorgangers in die gemeente die gelowiges vir hulle dienswerk moet toerus. Hulle moet ook hierdie dienswerk van die gelowiges koördineer, sodat die liggaam homself sowel kwalitatief as kwantitatief kan opbou (vgl. hfst. 2:2.5.13.; 4:5.9.; 6:2.4.3.). Dit het bepaalde implikasies vir die *verhouding tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk*. Dit is nou nodig om die bevindings wat reeds hieroor gemaak is, in 'n wyer verband van die Nuwe Testament te plaas.

> Dit is nie noodsaaklik en moontlik om hier toe te tree tot die hele internasionale teologiese debat rondom die vraagstuk van die amp volgens die Nuwe Testament nie. Lombard (1976:31-42) gee 'n bondige oorsig van die historiese verloop van hierdie debat. (Vergelyk verder Louw, 1984:32-99; Anciaux, 1963; Bohren, 1969; Brockhaus, 1972; Dekker, 1979; Du Preez 1972; Ernst, 1980; Gensichen, 1971; Hahn, 1979; Hasenhüttl, 1969; Heinz, 1976; Jonker, 1970; Käsemann, 1970; Roberts, 1976; Runia, 1978; Schweizer, 1972; Sevenster, 1966; Trimp, 1982; Van Ruler, 1962; Van Ruler, 1952; Van Ruler, 1971; Von Campenhausen, 1963; en nog vele meer wat met aspekte van *amp*

en gemeente volgens die Nuwe Testament worstel).

Daar is ook 'n stortvloed van publikasies wat meen dat 'n verkeerde teologie en praktyk rondom die funksionering van die amp van die gelowige juis die groei van die kerk verhinder (Hoekendijk, 1964; Kennedy, 1977; Kotze, 1951; Kraemer, 1960; Kritzinger, 1988; Miller, 1986; en vele ander). Een aanhaling hier is tiperend van die probleemstelling dat die gebrek aan die funksionering van die amp van die gelowige een van die belangrikste faktore is wat die groei van die kerk strem. By die internasionale Kongres oor wêreldevangelisasie te Lausanne in 1974 het Peters (1975:197 dit so geformuleer: "To an overwhelming degree evangelism has become an effort of "teams of specialists" and less the initiative and activity of the churches and the membership. This has made much of evangelism a grandstand experience with a few mighty giants of God facing the world and Satan in the arena and the multitude of Christians as the spectators in the comfortable and walled-off grandstand".

Gillespie (1979:319) toon aan dat wanneer die gelowiges hulle verantwoordelikheid, om God se koninkryk van priesters in die wêreld te wees, aan die ampsdraers oordra en self min of meer *onaktief raak* - behalwe miskien deur die ampsdraers stoflik te onderhou - gebeur dit onafwendbaar dat die kerk na binne gerig raak, omdat die ampsdraers dan al hulle aandag aan die pastorale versorging van die gelowiges wy en die kerk geen getuienis na buite lewer nie.

Aan die ander kant word beweer dat die herontdekking van die amp van die gelowige in die afgelope twee dekades ook geweldig negatiewe byklanke vir die liggaam van Christus wêreldwyd tot gevolg gehad het, omdat daar teen die gesag van voorgangers in die kerk oorgereageer is. "The liberation of the laity, with all of the resources and energy that were set loose, has degenerated into anarchy" (Adams, 1987:38).

7.1. ELKE GELOWIGE ONTVANG GAWES VIR DIENSWERK IN DIE KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE OPBOU VAN DIE GEMEENTE

Dit is hierby eerstens belangrik om te let op die feit dat elke gelowige gawes ontvang. Dit word beklemtoon in al die teksgedeeltes wat die gawes handel, naamlik Rm 12:3-8; 1 Kor 12:1-11, 28-31; Ef 4:7-16; 1 Pt 4:7-11. Juis omdat hierdie gawes die resultaat is van Jesus Christus se triomf oor Satan, ontvang almal wat by Hom ingelyf is, gawes.

Die aanhaling van Ps 68:19 in die konteks van Ef 4:7-16 maak dit duidelik hoe nou die gawes (wat elke gelowige ontvang) verbonde is aan die sentrale aspekte van die evangelie: Christus het mens geword op die aarde (vs. 9). Daarna het Hy getriomfeer en opgevaar na die hemel en volkome verlossing gebring (vs 10). Daardeur het Hy gawes vewerf wat Hy - soos die konings van ouds met oorlogsbuit gedoen het tydens triomtogte na 'n veldslag - as geskenke (δόματα is hier feitlik sinoniem vir χαρίσματα) aan elke gelowige (ἑκάστῳ ἡμῶν) uitgedeel (vs. 7, 8).

Verder beklemtoon 1 Kor 12:7 dat elke gelowige (ἑκάστῳ) gawes ontvang - al word dit daar δίδοται ἡ φανέρωσις του πνεύματος genoem. Ook in 1 Pt 4:10 staan pertinent dat elke gelowige 'n gawe ontvang (ἕκαστος καθὼς ἔλαβεν χάρισμα).

Die gawes wat elke gelowige ontvang, is bedoel om gelowiges daarmee bekwaam te maak vir diens in die opbou van die kerk. Daarom staan duidelik in Rm 12:7,8 by elkeen van die gawes wat opgenoem word, dat dit gebruik moet word om daarmee tot opbou van die gemeente te funksioneer. In 1 Kor 12:7 staan selfs voorop, voordat die gawes genoem word, dat dit nie vir persoonkike voordeel bedoel is nie, maar met die oog op die gesamentlike nut (συμφέρον) van die liggaam van gelowiges. In Ef 4:12 en 16 word dit duidelik dat die gelowiges toegerus moet word om hulle gawes te kan gebruik in *dienswerk* (εἰς ἔργον διακονίας met die doel om die gemeente op te bou (εἰς οἰκοδομὴν τοῦ σώματος τοῦ Χριστοῦ).

Dit is reeds vroeër aangetoon dat opbou missionêre arbeid insluit (vgl. hfst. 2:2.5.13.; 4:5.9; 6:2.4.3.). Gelowiges *ontvang dus gawes om self mee te werk aan die kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou van die gemeente.* Daarom word van die hele gemeente in 1 Kor 3:9 gesê: "Θεοῦ γάρ ἐσμεν συνεργοί"

> Roberts (1976:11) pas dit slegs op die samewerking van Paulus en Apollos toe. So 'n verklaring hou egter nie genoeg rekening met die meer algemene segswyse wat verder in die perikoop gegee word en wat duidelik melding maak van *ander* en *elkeen* en *iemand* se bouwerk nie (vgl. 3:10, 11, 12, 13, 14, 15,).

Dit staan dus vas dat *'n wyse van bediening waar voorgangers in die gemeente al die werk doen en daarmee die skare van gelowiges op nonaktiwiteit stel, lynreg in stryd met die Nuwe Testament is.*

7.2. TOERUSTING TOT DIENSWERK MET DIE OOG OP OMVATTENDE OPBOU EN GROEI

God gee egter benewens die gawes wat elke gelowige ontvang, ook nog bepaalde begaafde persone as gawes aan die gemeente om die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk volgens hulle eie gawes. Dit is die betekenis van Ef 4:11, 12, 16 waar dit gestel word dat die gewrigte (ἁφὴν) begaafde persone is wat die opgestane Here aan sy gemeente gee om hulle te voed en saam te bind (vgl. hfst. 2:2.5.13.; 4:5.9.; 6:2.4.3.; en ook Roberts, 1976:8, 9, 16).

Die gesag wat ampsdraers ontvang, is gesag van Christus self wat *bedien* word langs die weg van toerusting en sorg en opsig en tug. Die gesag is nie gesetel in die persoon van die ampsdraer nie, maar in die Woord wat Hy bedien. So verklaar Paulus dat God hom ἐξουσία gegee het om die gemeente van Korinte op te bou, maar hy oefen die gesag uit deur sy bediening aan hulle (2 Kor 10:1-8). Dit sluit saaklik aan by die oproep in 2 Kor 5:20 waar Paulus dit duidelik maak dat hy as *gesant van Christus, deur wie God self spreek*, hulle oproep om hulle met God te laat versoen. In 2 Kor 13:1-10 maak Paulus nog eens duidelik dat die bewys dat Christus self deur hom spreek en sy gesag, *in sy bediening van die Woord* aan hulle - al is dit dan ook met strengheid - na vore sal kom. Juis daarom is en bly Christus self die Hoof van die gemeente en is die ampsdraers saam met die gemeente ook deel van die liggaam (Ef 1:22,23; 4:15,16; Kol 1:18,19).

Dit is Hy wat deur sy Gees elke gelowige bekwaam maak om diensbaar te wees en dit is ook Hy wat besondere persone met hulle gawes aan die gemeente gee om die gelowiges toe te rus en in hulle dienswerk te koördineer. Dit hou dus in dat gemeenteorganisasie wat deur die voorgangers gedoen word, 'n bediening van die Heilige Gees is. Trouens "organisasie" of "regering" (κυβέρνεσεις) is een van die gawes van die Gees wat pertinent opgenoem word

(1 Kor 12:28).

7.3. TOERUSTING TOT DIENSWERK DEUR VOORBEELDE TE VOLG

Daar is reeds aangetoon dat onderrig in die kerk onder andere geskied deur die gee van praktiese voorbeelde (vgl. bo pt. 3.1.). Hierdie toerusting deur voorbeeld moet veral deur die voorgangers gegee word. Daarom word hulle pertinent aangesê om *voorbeelde vir die kudde* te wees (1 Pt 5:3) en kan Paulus ook dikwels die gelowiges vermaan om sy voorbeeld na te volg soos hy die voorbeeld van Christus self navolg (1 Kor 4:16; 11:1; Flp 3:17).

Die voorbeelde wat nagevolg word, lei tot kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe opbou. Let op hoe Paulus in 1 Ts 1:6-10 vermeld dat hy op so 'n manier in die midde van die Tessalonisense geleef het dat sy voorbeeld hulle tot seën gestrek het. Hulle het hom egter nagevolg en dit was tot seën vir al die gelowiges in die omgewing. Hulle voorbeeld - waarmee hulle Paulus se voorbeeld nagevolg het - word dan met twee yap sinsnedes verder omskryf: die Woord het van hulle af verder weerklink (vs. 8; waarmee missionêre arbeid bedoel word) en hulle bekering en verwagting van die wederkoms wat wyd bekend geword het (vs. 9,10).

Dieselfde gedagte kom ook in Rm 15:1-13 na vore. Vers 1-6 handel oor die verpligting van die sterkes in die geloof om nie net hulle eie plesier in ag te neem in hulle optrede nie, maar om rekening te hou met die swakkes en so op te tree dat die swakkes in die geloof se geloof versterk word. Hierin moet hulle Christus navolg (vs. 7). In vers 8 word die beroep op Christus se voorbeeld herhaal en in die volgende verse verder toegepas op die missionêre roeping van die kerk. Die voorbeeld van Christus dien dus daartoe dat hulle mekaar moet aanvaar (kwalitatiewe of innerlike opbou),

maar ook dat heidene sal begin om God te verheerlik (kwantitatiewe opbou deur missionêre arbeid). Roberts (1976:7) vat dit so saam: "Building up the community and the resulting glorification of God, is not only a matter of inner relationships, but also one of mission to the outside world".

Dieselfde strekking is 1 Kor 10:23-11:1 te vind. Dit het gegaan oor die eet van vleis wat tevore aan afgode geoffer is. (vgl 8:1 e.v.). Paulus se samevattende aantwoord op hierdie vraag is dat 'n mens se optrede in elk geval beheers moet word deur dit wat God verheerlik (10:31). Hulle lewens moet daarom nie 'n struikelblok vir Jode of Grieke of die gemeente wees nie (10:32). Hierin is Paulus weer vir hulle 'n voorbeeld. Hy verloën homself en sy eie begeertes sodat hy tot hulle redding kan dien (10:33). En daarin volg Paulus Christus na en maan hy hulle om hom na te volg.

Die klem val in hierdie laaste drie verse op ινα σωθωσιν in 10:33. Christus het Homself gegee tot redding van ander. Paulus het Hom daarin nagevolg en hy verwag van die gemeente om weer sy voorbeeld na te volg. Met sy voorbeeld rus hy hulle toe dat hulle hele lewe gerig sal wees op die redding van alle mense. So sit die gemeente as liggaam van Christus sy werk voort wanneer hulle missionêr in die wêreld teenwoordig is. Dit kan hulle egter alleen doen as hulle daarvan die voorbeeld by hulle voorgangers kry.

Die implikasie hiervan is dat die voorgangers en die ander gelowiges in die gemeente basies dieselfde funksies vervul in die opbou van die gemeente. Voorgangers se arbeid is slegs 'n toespitsing van dit wat alle gelowiges doen (Roberts, 1976:15).

7.4. GEVOLGTREKKINGS

7.4.1. Die verhoogde Christus gee aan elke gelowige gawes van sy Gees om

hulle daarmee bekwaam te maak vir dienswerk in die kwantitatiewe sowel as die kwalitatiewe opbou van die gemeente.

7.4.2. Benewens die gawes aan elke gelowige, gee Hy ook nog bepaalde begaafde persone as gawes aan die gemeente om as voorgangers in die gemeente te dien.

7.4.3. Die taak van die voorgangers is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en hulle in die uitoefening van hulle dienswerk met die oog op omvattende opbou van die gemeente te koördineer.

7.4.4. Die voorgangers moet self die voorbeeld van Christus navolg en juis so aan die gelowiges, in wie se midde hulle arbei, voorbeelde gee van hoe om op te tree ten einde die gemeente kwalitatief en kwalitatief op te bou.

7.4.5. Die funksies wat die voorgangers vervul, is nie iets anders as dit wat die ander gelowiges doen nie; dit is slegs 'n verbesondering van en toespitsing op die werk wat almal in die gemeente doen.

7.4.6. Omdat Christus die Hoof van die gemeente is, wat sy liggaam is, bestaan die gesag van die voorgangers nie in hulle persoon as sodanig nie, maar in die Woord wat hulle bedien.

HOOFSTUK 9

Finale konklusies 251

1. Betekenis van ter saaklike woorde in die Nuwe Testament 251

2. Implikasies vir die verhouding tussen bewaring en vermeerdering van die kerk 256

3. Terreine vir verdere navorsing 258

4. Abstract 261

FINALE KONKLUSIES

Die sentrale vraag van hierdie studie is in hoofstuk 1 soos volg geformuleer: ***Wat is volgens die Nuwe Testament die verhouding tussen die bewaringstaak en die vermeerderingstaak van die kerk?***

Die studie is begrens deur die vraag primêr te beantwoord in die lig van 'n eksegetiese ondersoek na die betekenis van enkele ter saaklike woorde in die Nuwe Testament en die implikasies daarvan vir die sentrale vraag van hierdie studie aan te dui. In die lig van hierdie sentrale vraag en die begrensing in die beantwoording daarvan, kan nou die volgende finale gevolgtrekkings gemaak word:

1. BETEKENIS VAN TER SAAKLIKE WOORDE IN DIE NUWE TESTAMENT

1.1. Die woord οἰκοδομέω omvat deurgaans in die Nuwe Testament sowel die bewaring as die vermeerdering van die kerk.

1.2. Die woord εὐαγγελίζομαι is 'n aspek van οἰκοδομέω. Die gemeente word juis opgebou deur die verkondiging van die evangelie.

1.3. Die beste vertaalekwivalent vir die woord εὐαγγελίζομαι is *evangelieverkondiging*, want die Griekse woord het nie slegs met die kwantitaiewe aspek van die opbou van die kerk (*vermeerdering* of *evangelisasie* of *evangelisering* – soos laasgenoemde twee woorde oor die algemeen in die volksmond verstaan word –) te doen nie, maar ook met die kwalitatiewe opbou (bewaring) van die kerk. Dit is dus verkeerd om hierdie woord se betekenis te beperk tot die kerk se missionêre uitreiking na buitestaanders met die oog daarop om hulle vir Christus te wen.

1.4. Die woorde αὐξάνω en αὐξανόμαι, met die woord "groei" as vertaalekwivalent, omvat ook die bewaring en die vermeerdering van die kerk.

1.5. Kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe opbou en groei van die kerk het 'n teosentriese, doksologiese doel.

1.6. Die vernaamste aspek van kwalitatiewe groei van gelowiges impliseer juis selfverloëning, sodat Christus self hoe langer hoe meer in die gelowige se lewe gestalte kry. Hierdie soort kwalitatiewe groei is 'n noodsaaklike voorwaarde vir kwantitatiewe groei.

1.7. Kwantitatiewe en kwalitatiewe groei gaan nie altyd gepaard met voordurende triomfe nie, maar dikwels met lyding en beproewing en stryd.

1.8. Die woorde οἱ ἔξω en οἱ ἐξωθεν dui op die buitestaanders wat deur die gelowiges met woord- en daadgetuienis en veral die voorbeeld van 'n heilige lewenswandel gewen moet word.

1.9. Die woord μαθητεύω het die betekenis: om mense aan Christus te verbind, by sy kerk in te lyf en op 'n lewenslange pad van groeiende oorgawe aan Hom te begelei. Daarom omvat die woord ook die bewaring en die vermeerdering van die kerk.

1.10. Dissipelskap hou in om steeds meer aan al die bevele van Christus gehoorsaam te wees, en terwyl Hy self die bevel gegee het om dissipels van al die nasies te maak, staan elke gelowige ook onder die bevel om van ander dissipels te maak.

1.11. Die woord διδάσκω hou in om totale en omvattende onderrig te gee, ten einde die mens in sy geheel in ooreeenstemming met God se doel vir

die mens in die skepping te bring.

1.12. Enersyds hou διδάσκω in om mense te onderrig met die oog op geloof en bekering en opname in die kerk, en andersyds hou die woord in om gelowiges te bring tot groeiende gehoorsaamheid aan God. Daarom omvat ook hierdie woord sowel die bewaring as die vermeerdering van die kerk.

1.13. Die woord διδάσκω dui ook op onderrig wat in die raamwerk van intiem persoonlike gemeenskap geskied; daarom vind dit nie net plaas deur die oordra van rasionele feitekennis nie, maar ook deur ervaringskennis, deur die gee van voorbeelde.

1.14. Net soos διδάσκω dui καταχέω enersyds daarop om mense te onderrig om tot geloof te kom en andersyds om gelowiges te lei tot verdieping in hulle kennis van God en sy wil vir hulle lewe.

1.15. Sowel διδάσκω as καταχέω dui op voortgaande onderrig aan gelowiges om steeds meer aan die beeld van Christus gelyk te word. Daarom het elke gelowige tot die dag van sy dood toe behoefte aan voortgesette onderrig en is die *kerk inderdaad blywend 'n leergemeenskap.*

1.16. Sowel διδάσκω as καταχέω hou ook in om gelowiges te onderrig om missionêre arbeid te kan verrig en om hulle verantwoordelikheid na te kom om hulle naaste vir Christus te wen.

1.17. Die woord καταρτίζω omvat die totale toerusting van gelowiges om hulle bekwaam te maak om in hierdie bedeling die wil van God te kan doen, en om uiteindelik met die dag van die wederkoms van Christus onberispelik voor Hom te kan staan. So gesien het hierdie woord hoofsaaklik met die bewaringsaspek van die kerk te doen.

1.18. Toerusting moet gelowiges bekwaam maak om self mee te werk aan die kwalitatiewe en die kwantitatiewe opbou en groei van die gemeente.

1.19. Toerusting omvat veel meer as blote verryking van gelowiges se rasionele kennis van die evangelie. Dit behels om hulle op 'n pad van voortdurende lewensvernuwing te begelei.

1.20. Toerusting hou verder in om sinvolle organisatoriese strukture daar te stel waarbinne gelowiges se wye verskeidenheid van gawes gekoördineer kan word om in 'n hegte eenheid te kan funksioneer in die totale kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe opbou van die gemeente.

1.21. Gemeenteopbou en gemeentetoerusting is nie sinoniem nie. Daar is oorvleueling in die sin dat gelowiges wel kwalitatief in hulle geloofslewe opgebou word wanneer hulle toegerus word. Maar opbou omvat veel meer as hierdie toerusting, omdat dit die totale bewaring sowel as die vermeerdering van die kerk omvat.

1.22. Die woord κερδαίνω dui op die wen van mense wat van God vervreem is, hetsy dat hulle Hom nog nooit geken het nie, of dat hulle Hom wel in 'n mindere of meerdere mate geken en afvallig geraak het. Hierdie woord het hoofsaaklik met die vermeerdering van die kerk te doen, maar kan soms ook dui op bewaring, in hierdie sin: om mense wat dreig om afvallig te raak, terug te wen.

1.23. Die woord κερδαίνω word dikwels as oogmerk in pastorale advies gestel en het dan ook 'n bepalende invloed op die pastorale metodiek en advies.

1.24. Egte bewoë Christelike liefde vir ander lê ten grondslag aan die

woord κερδαίνω.

1.25. Die woord μαρτυρέω en stamverwante woorde dui op gelowiges se verantwoordelikheid om met woorde en dade getuies van God se reddende genade te wees.

1.26. Gelowiges gee in hulle getuienis nie net objektiewe feite oor die evangelie weer nie, maar moet ook laat blyk dat God se reddende genade in hulle eie lewens 'n realiteit is. Daarom kan hulle slegs outentieke getuies wees indien hulle self in 'n deurleefde, persoonlike liefdesverhouding met die Here leef.

1.27. Die gemeente as geheel moet, met die beoefeing van onderlinge eenheid en liefde, getuienis van Jesus Christus in die wêreld gee.

1.28. Pastorale versorging van gelowiges het dikwels die doel om gelowiges toe te rus om, te midde van lyding en beproewing, steeds getuies van God se reddende genade te wees.

1.29. Die woord κηρύσσω dui op die proklamasie van Jesus as Here van die ganse skepping en in alle omstandighede van mense se lewens en hou 'n oproep tot geloof en bekering in.

1.30. Die woord κηρύσσω het nie net te doen met prediking op die sendingveld nie, maar ook met prediking aan gelowiges met die oog op groei en daaglikse bekering.

1.31. Die woord κηρύσσω dui op proklamasie van Jesus as Here vanuit die kernelemente van die evangelie.

1.32. Die woord πληθύνω dui op die getallevermeerdering van die kerk, maar is so nou met aspekte van bewaring verweef, dat dit duidelik is dat

vermeerdering nie sal plaasvind as die onderlinge liefdesdiens binne die gemeente en die volhardende gebed nie eweneens prioriteit geniet nie.

1.33. In die bewaring van die kerk moet die vermeerdering of missionêre blikpunt nooit uit die oog verloor word nie.

2. IMPLIKASIES VIR DIE VERHOUDING TUSSEN BEWARING EN VERMEERDERING VAN DIE KERK

2.1. Kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe opbou en groei van die kerk het 'n teosentriese doksologiese doel; gevolglik is die kerk nie kerk vir die wêreld nie, maar kerk vir die Here. Die oorkoepelende doel van alle opbou en groei in die kerk is die eer van die Here. Sy eer word egter juis daarin sigbaar dat sy kerk enersyds in heiligmaking groei en andersyds na volkomenheid in getalle groei. Die teosentriese gerigtheid in die opbou en groei van die kerk sal hom bewaar van 'n horisontalistiese verwêreldliking in sy missionêre arbeid maar ook van 'n sieklik selfgesentreerde na-binne-gerigtheid.

2.2. In praktiese gemeenteopbou mag die bewaring en die vermeerdering van die kerk nooit van mekaar losgemaak word nie.

2.3. Wanneer *evangelisering* of *evangelisasie* uitsluitlik as *evangelieverkondiging aan buitestaanders* gesien word, het dit geen Nuwe-Testamentiese onderbou nie. Wanneer hierdie woorde so verstaan word, is dit nie goeie vertaalekwivalente vir die Griekse woord εὐαγγελίζομαι nie. Omdat die beste vertaalekwivalent vir εὐαγγελίζομαι gewoon *evangelieverkondiging* is, ongeag of dit aan gelowiges of ongelowiges gerig word, impliseer dit dat *evangelisering* of evangelisasie ook teenoor gelowiges gedoen moet word om hulle in

hulle geloof op te bou. So gesien kan die vraag wat in die hooftitel van hierdie studie aan die orde kom, kort en saaklik beantwoord word:

EVANGELISERING IS 'N ASPEK VAN GEMEENTEOPBOU.

> Deur die eeue heen het hier 'n semantiese probleem ontstaan omdat *evangelisering* en *evangelisasie* (Engels: *evangelism*; en in 'n mindere mate evangelization; Duits: *Evangelization*) oor die algemeen verstaan word as: evangelieverkondiging aan buitestaanders of ongelowiges. In die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika en Nederland het *evangelisasie* selfs taamlik algemeen - sonder werklike Nuwe-Testamentiese begronding (vgl. Buys, 1984:107-117) - die betekenis van *evangelieverkondiging aan afgedwaalde verbondskinders*. Hierdie semantiese probleem, naamlik dat hierdie woorde wat semantiese velde betref in die verskillende tale mekaar nie ten volle dek nie, veroorsaak oneindige verwarring in kerke. Om hierdie verwarring te beperk, sou dit dalk goed wees om eerder bloot van *evangelieverkondiging* te praat en dan met verdere omskrywings te kwalifiseer aan wie dit gedoen word.

2.4. Omdat kwantitatiewe en kwalitatiewe groei so nou aan mekaar verbonde is, behoort kerke in die toerusting van gelowiges vir missionêre arbeid ewe veel klem te lê op kwalitatiewe groei van die gelowiges wat betrokke is by die spits van die missionêre arbeid.

2.5. Die Nuwe Testament lê sterk klem op die gelowiges se verantwoordelikheid om met 'n heilige lewenswandel die buitestaanders vir Christus te wen. Daarom sal kerke wat hul missionêre blikpunt en missionêre ywer verloor, gelowiges van 'n groot stuk motivering vir 'n heilige lewenswandel beroof.

2.6. Daar behoort in elke kerk steeds voortgaande onderrig te wees wat al die gelowiges nie net bekwaam maak vir hulle dienswerk binne-in die gemeente in die kwalitatiewe opbou van die kerk met die oog op bewaring nie, maar ook vir hulle dienswerk in die kwantitatiewe opbou van die kerk met die oog op die vermeerdering van die kerk.

2.7. In al die aspekte van die funksionering van die gemeente, naamlik *prediking, onderrig, pastoraat, aanbidding in die gesamentlike erediens en die opsig en bestuur en leiding van die voorgangers,*

moet daar 'n integrale eenheid gehandhaaf word tussen die kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou en groei en die bewaring en die vermeerdering van die kerk. Om te kan bewaar moet die kerk blywend op vermeerdering gerig wees. Om te kan vermeerder moet die kerk in 'n hegte liefdesverhouding tot God en tot mekaar bewaar word.

3. TERREINE VIR VERDERE NAVORSING

Uit die navorsing vir hierdie studie het verskillende onontginde navorsingsterreine onder die aandag gekom wat uit hierdie studie voortvloei en raakvlakke daarmee het:

3.1. 'n Studie oor hoe om die semantiese invloed van die makrokonteks op die betekenisnuanses van woorde in die Nuwe Testament in die eksegetiese ondersoek na die betekenis van woorde meer tot sy reg te laat kom.

3.2. Verdere studie na die betekenis van nog ander ter saaklike woorde in die Nuwe Testament wat nog meer lig kan werp op die verhouding tussen die bewaring en die vermeerdering van die kerk.

3.3. 'n Studie oor die plek van gebed in die kwalitatiewe en kwantitatiewe opbou van die gemeente.

3.4. 'n Studie in die Diakoniologie of Sendingwetenskap oor hoe om in die dienswerk van die kerk, in al die verskillende bedieningsgestaltes van die Woord, die eenheid tussen die bewaring en die vermeerdering van die kerk meer tot sy reg te laat kom.

3.5. 'n Studie in die Liturgiek oor 'n beter verwerkliking van die missionêre implikasies van die aanbidding in die erediens.

3.6. 'n Studie in die vakgebied Pastoraal oor die verwesenliking van die implikasies van die kerk se missionêre roeping vir die pastoraat aan gelowiges.

3.7. 'n Studie in die Homiletiek oor die implikasies van die kerk se missionêre roeping vir die prediking in die erediens.

3.8. 'n Studie in Kerkreg oor die verhouding tussen die besondere ampte en die amp van die gelowige in die lig van die missionêre roeping van elke plaaslike gemeente.

3.9. 'n Diepteondersoek in die Sendingwetenskap oor die verhouding tussen diakonaat en sending.

3.10. 'n Studie in die Sendingwetenskap oor die verhouding tussen sendingwerk wat deur die gemeente in die plaaslike omgewing gedoen word en die gemeente se verantwoordelikheid vir wêreldsending in ander lande of verafgeleë gebiede.

3.11. 'n Prinsipiële studie oor die verhouding tussen die gemeente en missionêre leraars wat met spesifieke sendingopdrag geroep en uitgestuur is.

3.12. In die lig van die bestudering van 1 Korintiërs 9 en 2 Korintiërs 11 wat in hierdie studie aangeraak is, en in die lig van die hedendaagse skynbare oorvloed van bedienaars van die Woord waarvan heelwat nie beroepe kry nie, terwyl daar 'n ontsaglike nood aan bedienaars van die Woord in veral die Swart gemeenskappe van Suidelike Afrika aan die ander kant is, is dit noodsaaklik dat die hele saak van "tentmaker"-bediening eksegeties, kerkregtelik en sendingwetenskaplik bestudeer word sodat prinsipiële riglyne ook in die lig van die

Gereformeerde tradisie daaroor vasgestel kan word.

ABSTRACT

1. TITLE

THE RELATIONSHIP BETWEEN THE BUILDING UP OF THE CHURCH AND EVANGELISATION AN EXEGETICAL INVESTIGATION INTO THE MEANING OF RELEVANT WORDS IN THE NEW TESTAMENT AND ITS IMPLICATIONS FOR THE RELATIONSHIP BETWEEN THE PRESERVATION AND THE EXTENSION OF THE CHURCH.

2. AIM

The aim of the study was to determine *what the relationship is between the task of preserving and the task of extending the church according to the Newe Testament.* To reach this aim, answers were saught to the following questions:

2.1. What can be determined about the relationship between the building up of the church and evangelisation when the semantic domains of relevant words and lexical units are compared?

2.2. How does the task of preserving the church influence the task of extending the church?

2.3. Vice versa: How does the command to extend the church influence the task of preserving the church?

2.4. To what extent are these two functions of the church interwoven with each other?

3.5. What are the implications of this relationship for the different aspects and structures of the practical day-to-day life of the church according to the New Testament?

3. METHOD

The study is primarily an exegetical investigation into the meaning of some relevant words in the New Testament. It consists of three main parts:

3.1. A part that investigates in context, words from the the New Testament that are of primary importance for the basis of the upbuilding of the church and evangelisation. Implications for the relation between the preservation and the extension of the church are then determined from the meanings, as well as the context in which the words are examined.

This part is devoted to the investigation into the meaning of the following words:

οἰκοδομέω; εὐαγγελίζομαι; αὐξάνω / αὐξανόμαι; οἱ ἔξοι.

3.2. A part that investigates in context, words from the the New Testament that are of secondary importance for the basis of the upbuilding of the church and evangelisation. Implications for the relation between the preservation and the extension of the church are then determined from the meanings, as well as the context in which the words are examined.

This part is devoted to the investigation into the meaning of the following words:

μαθητεύω; διδάσκω; καταχέω; καταρτίζω; κερδαίνω; μαρτυρέω; κηρύσσω; πληθύνω.

3.3. A part that, in view of the basic principles deducted in the first two parts, gives perspectives on the functioning of the church in practice. This is done by placing the deducted principles in a wider

New Testament context and by sketching a profile of the church building up itself in numbers as well as in spiritual quality.

3.4. A last part where the final conclusions are drawn.

4. CONCLUSIONS

4.1. The meaning of the relevant words in the New Testament.

4.1.1. Throughout the New Testament the word οἰκοδομέω comprises both the preservation and the extension of the church.

4.1.2. The word εὐαγγελίζομαι means the *proclaiming of glad tidings*. It can be directed at unbelievers with a view to call them to conversion, or at believers to strengthen their faith. Therefore εὐαγγελίζομαι is an aspect of qualitative and quantitative οἰκοδομέω

4.1.3. The words αὐξάνω and αὐξάνομαι, which have the word *growth* as translation equivalent, also embrace the preservation and the extension of the church.

4.1.4. The primary aspect of qualitative growth in the life of believers implies self-denial because they must become more and more Christcentered. This is a necessary condition for quantitive growth in the church.

4.1.5. The words οἱ ἔξω and οἱ ἔξωθεν denote *outsiders* who have to be won for Christ through witnessing by word and deed.

4.1.6. Most of the words used in conjunction with the teaching and equiping of believers, such as μαθητεύω; διδάσκω; κατάχεω; καταρτίζω; also have a missionary dimension. On the one

hand it means the teaching of people in order to bring them to faith and repentance and admission to the church. On the other hand it means to bring believers to growing and total obedience to God - which also includes involvement in the missionary work of the church.

4.1.7. The word κερδαίνω indicates the winning of people who are alienated from God, and this is also an objective in pastoral counselling.

4.1.8. In their testimonies believers do not merely give objective facts about the gospel, but must also show that God's saving grace is a reality in their own lives.

4.1.9. The church as a whole must give testimony of Jesus Christ with their practising of mutual love and fellowship.

4.1.10. Because the word κηρύσσω not only indicates the proclamation of Jesus as Lord of the entire creation, in all circumstances of people's lives, but also entails a call to repentance and faith to unbelievers, it denotes missionary preaching as well as the calling of all believers to a life of continuous repentance and sanctification.

4.1.11. The word πληθύνω denotes the increasing of numbers in the church, but it is so closely linked with aspects of the preservation of the church that it is quite clear that growth will not take place if mutual love and persistent prayer in the congregation does not take high priority.

4.2. Implications for the relation between preservation and the extension of the church.

4.2.1. Qualitative as well as quantitative building up of the church has a theosentric aim. Accordingly the church does not exist for the world nor does the world set its agenda. The church exists for God. When the church is truly Godcentered it reveals the glory of God in the growth in sanctification of the members as well as the in the adding of new believers to its ranks. When the church is preoccupied with its Lord and his authority over all things it is kept from horisontalism in missions as well as from a sickly selfcentered pietism.

4.2.2. In the practical building up of the church the preservation and the extension of the church can never be seperated.

4.2.3. Spiritual growth and growth in numbers are very closely linked; believers should win outsiders for Christ and his church by witnessing in words and by their holy conduct in life. Their adoration of their Lord in public worship, their teaching and pastoral work and their fellowship should equip them for their task as co-workers in both the quantitive and qualitive growth of the church. Churches with no vision for missions, deprive their members of a very important motive for holy conduct in life. *THE CHURCH MUST PRESERVE TO BE ABLE TO EXTEND AND MUST EXTEND TO BE PRESERVED.*

BIBLIOGRAFIE

In die bibliografie word die volgende afkortings gebruik:

TDNT - Theological Dictionary of New Testament Theology. Edited by Gerhardt Kittel. Translator and editor Geofrey W. Bromiley. Grand Rapids: Eerdmans.

ABBOTT, T.K. 1968. A critical and exegetical commentary on the epistles to the Ephesians and to the Colossians. Edinburgh: Clark.

ADAMS, J.E. 1979. Trust and obey. Grand Rapids: Baker.

ADAMS, J.E. 1982. Preaching with purpose. Grand Rapids: Baker.

ADAMS, J.E. 1987. A call to discernment. Eugene: Harvest House.

ALDRICH, J.C. 1981. Life-style evangelism; crossing traditional boundaries to reach the unbelieving world. Basingstoke: Marshalls.

ALHEIT, W. A. 1964. Die kerk en sy afgedwaaldes. Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery.

ALLEN, R. 1960. Missionary methods; St Paul's or ours? London: World Dominion Press. 5e dr.

ALLEN, R. 1962. The spontaneous expansion of the church. Grand Rapids: Eerdmans.

ANCIAUX, P. 1963. Het ambt in de kerk. Den Haag: Lannoo.

ARMSTRONG, R.S. 1979. Service evangelism. Philadelphia: Westminster.

ARNDT, W.F. & GINGRICH, F.W. 1974. A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature. A translation and adaptation of Walter Bauer's Griechisch- Deutsches Wörterbuch zu den Schriften des Neuen Testaments und der übrigen urchristlichen Literatur. Chicago: University of Chicago Press.

AUNE, D.E. 1972. The cultic of realized eschatology in early Christianity. Leiden: Brill.

BANKS, R. 1980. Paul's idea of community. The early house churches in their historical setting. Exeter: Paternoster.

BARR, J. 1978. The semantics of biblical language. Oxford: Oxford University Press.

BARRETT, C.K. 1968. A commentary on the first epistle to the Corinthians. London: Black.

BAVINCK, J.H. 1954. Inleiding in de zendingswetenschap. Kampen: Kok.

BEHM, J. 1964. ἔξω TDNT 11.

BEYER, H.W. 1965. κατοχέω TDNT 111

BERNOULLI, M. 1958. Disciple, in: Von Allmen, J.J. Vocabulary of the Bible. London: Lutterworth.

BEZUIDENHOUT, M.E.J. 1980. Pauliniese kriteria ten op sigte van die charismata - 'n Eksegetiese studie van 1 Kor 12-14. Pretoria. (Proefskrif (D.D.) U.P.)

BIEDER, W. 1950. Grund und Kraft der Mission nach dem 1 Pt. Brief. Zurich: EVZ Verlag.

BIEDER, W. 1964a. Gottes Sendung und der missionarische Auftrag der Kirche nach Matthaus, Lukas, Paulus und Johannes. Zurich: EVZ Verlag.

BIEDER, W. 1964b. Das Mysterium Christi und die Mission; ein Beitrag zur missionarischen Sakramentsgestalt der Kirche. Zurich: EVZ Verlag.

BLASSER, K. 1978. Gottes Heil in heutiger Wirklichkeit. Frankfurt: Lembeck

BLAUW, J. 1962. The missionary nature of the church. A survey of the biblical theology of mission. London: Lutterworth.

BLENK, C. e.a. 1972. Evangelizatie in Europa. Amersfoort: Echo.

BLUNCK, J. 1975. Themelios. in Brown, C. The new international dictionarry of New Testament theology. Exeter: Paternoster.

BODEY, R.A. 1976. Preacher, preaching in Tenney, M.C. (red) The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible (Vol 4) Grand Rapids: Zondervan.

BOHREN, R. 1969. Leitung der Gemeinde, in Dem Worten folgen. Munchen: Siebenstern.

BOLKESTEIN, H.M. 1964. Zielszorg in het Nieuwe Testament. Den Haag: Van Keulen.

BOSCH, D.J. 1972. (red.) Gemeenteopbou in Afrika. in Lux Mundi 4. Referate gelewer tydens die vierde jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap. Pretoria:NGKB

BOSCH, D.J. 1979. Heil vir die wêreld. Die Christelike sending in teologiese perspektief. Pretoria: NGKB.

BOSCH, D.J. 1983. The structure of Mission: An exposition of Matthew 28:16-20. in SHENK, W.R. (red.) Exploring church growth. Michigan: Eerdmans.

BOSHOF, P.B. 1986. Die interpretasie van nominalisering as styleffek in Nuwe Testamentiese Grieks. Pretoria. (Verhandeling (M.A.) - U.P.)

BOTHA, J. 1986. 'n Hamer 'n saag en 'n skroewedraaier - oor metodes van ontleding van die Griekse teks van die Nuwe Testament. in: Koers Jg. 51, nr. 3 p. 328-369.

BOTHA, J. 1987. SEMEION. Inleiding tot die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

BOTHA, J. s.j. Die ontwerp van 'n metode vir woordstudie in die Griekse Nuwe Testament. Potchefstroom: Wesvalia.

BOUW, W.J. 1982. Evangelizatie in de tachtiger jaren; het Pattaya-beraad over wereldevangelizatie en de betekenis daarvan voor Nederland. Amersfoort: Echo.

BOUW. W.J. red. 1981. Evangelizatie, wat verstaan we eronder? Een bezinning vanuit de Bijbel en vanuit de praktijk over evangelizatie en zending. Kampen: Kok.

BRAMER, L.M. 1973. The helping relationship. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

BRILLENBURG-WURTH, G. en WIERSENGA, W.A. 1953. Het evangelie in een ongekerstende wereld. Kampen: Kok.

BROCKHAUS, U. 1972. Charisma und Amt. Wuppertal: Brockhaus.

BROW, R. 1981. Go make learners. a new model for discipleship in the church. Wheaton: Shaw.

BRUCE, F.F. 1973. The epistle to the Ephesians. London: Pickering & Inglis.

BRUCE, F.F. 1970. The Acts of the Apostles; The Greek text with introduction and commentary. London: Tyndale.

BRUCE, F.F. 1971. 1 and 2 Corinthians. London: Oliphants.

BRUCE, F.F. 1982. The epistle of Paul to the Galatians. A Commentary on the text. Exeter: Paternoster.

BUBNA, D.L. en RICKETS, S. 1986 Building People through a caring sharing fellowship. Wheaton: Tyndale. 6th ed.

BULTMANN, R. 1955. Theology of the New Testament 2. London: S.C.M.

BUYS, P.J. 1988. Kerkgroei: 'n Kritiese evaluering van die kernaspekte van die Chrurch Growth Movement in In Die Skriflig. Jg 22:nr. 87 Sept. 1988, p. 2-17.

BUYS, P.J. (Red.) 1986. Gemeentetoerusting Vereeninging: Reformatoriese Uitgewers.

BUYS, P.J. 1983. Ons huis 'n poort na Christus en sy gemeente, in Venster op die gesin; Openhartige gesprekke met ouers kinders en familie. Potchestroom: P.U. vir C.H.O. p. 320-328).

BUYS, P.J. 1984a Die aard van die verbond en evangelisasie. Potchefstroom. (Verhandeling (Th.M.) - P.U. vir C.H.O.)

BUYS, P.J. 1984b. Gemeente en evangelisasie. Potchefstroom: I.R.S.

CALVYN, J. 1848. Commentary on the epistles of Paul the apostle to the Corinthians. Translated from the original Latin, and collated with the author's French version. Edenburgh: Calvin Translation Society.

CALVYN, J. 1971. De Evangeliën van Mattheus, Markus en Lukas. derde deel. Goudriaan: De Groot. 2e dr.

CAMPENHAUSEN, H. VON. 1963. Kirchliches Amt und geistliche Vollmacht in den ersten drei Jahrhunderten. Tübingen: Mohr.

CARSON, H.M. 1968. The epistles of Paul to the Colossians and Philemon, an introduction and

commentary. London: Tyndale.

CARTER, H.F. 1985. The church tomorrow; principles and strategies for growth. Phillipsburg: University Micro Film.

CERFAUX, L. 1959. The church in the Theology of St. Paul. London.

CHRISTIAN REFORMED BOARD OF EVEVANGELISM 1948 Reformed evangelism; a manual on principles and methods of evangelization. Grand Rapids: Baker.

CHRISTIAN REFORMED HOME MISSIONS. 1984. Evangelism and worship. Grand Rapids.

COENEN, L. 1975. EKKLESIA in Brown, C. The new international dictionarry of New Testament theology. Exeter: Paternoster.

COETZEE, J.C. 1977. 'n Pleidooi vir vernuwing in die Besondere Kanoniek - toegelig aan die hand van die Evangelie van Johannes. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O

COETZEE, J.C. 1986.(a) Kernmotiewe van die Nuwe Testamentiese Godsopenbaring. Potchefstroom: Ongepubliseerde klasdiktaat.

COETZEE, J.C. 1986.(b) Gedagtestruktuur van Hebreers. Potchefstroom. Ongpubliseerde klasdiktaat.

COETZEE, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. 'n Eksegetiese studie. Potchefstroom: Pro Rege.

COETZEE, J.C. 1980a. Die blye boodskap. 'n Gids deur die boeke van die Nuwe Testament. Die briewe van Paulus. Potchefstroom: Pro Rege.

COETZEE, J.C. 1980b. Die gedagtestruktuur van 1 Johannes. 'n Illustrasie van die belangrikheid van struktuurontleding vir die interpretasie van die Nuwe Testament. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

COETZEE, J.C. 1983. Gedagtestruktuurontleding en basiese struktuurpatrone. Illustrasiemateriaal vanuit die Nuwe Testament. Potchefstroom: Teologiese Skool.

COETZEE, J.C. 1984a. Die Heilige Gees in die prediking van Paulus, in Du Toit, A.B. (red.) Handleiding by die Nuwe Testament V. 332-364. Pretoria: NGKB.

COETZEE, J.C. 1984b. Paulus se eskatologiese prediking, in Du Toit, A.B. (red.) Handleiding by die Nuwe Testament V. 332-364 Pretoria: NGKB.

COETZEE, J.C. 1985. Gedagtestruktuurontleding van die Heilige Skrifte. (Ongepubliseerd. Lesing gelewer voor die GNTWP).

COETZEE, J.C. s.j. Skrifgesag en die gesag van die prediking. Potchefstroom. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens gradeplegtigheid.

COLEMAN, R.E. 1963. The master plan of evangelism. Old Tappan: Flemming.

COMBLIN, J. 1977. The meaning of mission. Maryknoll: Orbis Books.

COMBRINCK, H.J.B. 1974. Evangelisasie deur woord en daad, Nederduits Gereformeerde teologiese tydskrif, 15(4):275-285.

CONN, H.M. 1982. Evangelism. Doing justice and preaching grace. Grand Rapids. Zondervan.

CONN, H.M. e.a. 1976. Theological perspectives on church growth. Phillipsburg: Presb. & Ref. Publ Co.

COSGROVE, F.M. 1980. Esentials of discipleship. Colorado Springs: Navpress.

COTTERELL, P. 1983. Church alive! A fresh look at Church Growth. Leicester: I.V.P.

CRANFIELD, C.E.B. 1981. A critical en exegetical commentary on the epistle to the Romans. vol. 2. Edinburgh: Clark.

CRUM, W.F. 1984. The Mission of the church in the New Testament and patristic writings. in Missiology 12:1 (Jan 1984) 81-85.

CULLMANN, O. 1941. Konigsherschaft Christi und Kirche im Neuen Testament. Tübingen: Mohr.

CULLMANN, O. 1962. Christ and time; the primitive conception of time and history. London: S.C.M.

CULLMANN, O. 1967. Heil als Geschichte; Heilsgeschichtliche Existenz im Neuen Testament. Tübingen: Mohr.

DAVIES, W.D. and DAUBE, D. 1964. The background of the New Testament and its eschatology. Cambridge: University Press.

DE BOOR, W. 1969. Die Briefe an die Philiper und die Kolosser. Wuppertal: Brockhaus.

DE BOOR, W. 1971. Das Evangelium des Johannes 1 Teil. Wuppertal: Brockhaus.

DE BOOR, W. & HOLMER, U. 1978 Die Briefe des Petrus und Judas. Wuppertal: Brockhaus.

DE BOOR, W. 1968. Der erste Brief an die Korinther. Wuppertal: Brockhaus.

DE BOOR, W. 1969. Die Briefe des Paulus an die Thessalonicher. Wuppertal: Brockhaus.

DE BOOR, W. 1970. Die Apostelgeschichte Wuppertal: Brockhaus.

DE BOOR, W. 1972. Der zweite Brief an die Korinther Wuppertal: Brockhaus.

DE DIETRICH, S. 1958. Witness, in Von Allmen, J.-J. Vocabulary of the Bible. London: Lutterworth.

DE KLERK, B.J. 1983. Die gesag van die prediking van die Nuwe-Testamentiese briewe. Potchefstroom:. (Proefskrif (Th.D.)- P.U. vir C.H.O.

DE KLERK, B.J. 1986. Die Heilige Gees en die Nuwe-Testamentiese erediens met toespitsing op 1 Kor 2:6-16 en hoofstukke 12-14. Referaat gelewer voor die Potchefstroomse Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap. (Ongepubliseerd)

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees en die verhouding Skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom (Proefskrif (Th.D.) - P.U. vir C.H.O.)

DE KLERK, J.J. e.a. 1979. Evangelistiek. Pretoria: NGKB.

DEKKER, G. 1979. Het ambt: van boven of van beneden? Baarn: Ten Have.

DELLING, G. 1964. καταρτίζω T.W.N.T. 1.

DELLING, G. 1968. πλησθύνω TDNT VI

DE RIDDER, R.R. 1971. The dispersion of the people of God; the covenant basis of Matthew 18:18-20 agains the backround of Jewish, Pre- Christian proselyting and diaspora, and the apostleship of Jesus Christ. Kampen: Kok.

DE VILLIERS, D.W. 1957. Die kategese in die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom: Pro Rege.

DE WET, C.R. 1986. The Church Growth Movement - does it foster churches that challenge the world(Missionalia 14(2) p.85 - 99.

DODD, C.H. 1970 The Apostolic Preaching and its developments. London: Hodder and Stoughton. (4e dr)

DOUGLAS, J.D. e.a. 1975. Let the earth hear his voice; International Congress on World Evangelism. Minneapolis: World Wide Publ.

DOUMA, J. 1982. Evangelistiek; collegedictaat. Kampen: Van den Berg.

DREYER, J.G.M. 1986. Building up the body of Christ. Philadelphia. (Proefskrif (D.Min.) Westminster Theologigal Seminary.

DU PLESSIS, P.J. 1959. TEΛEIOΣ The idea of perfection in the New Testament. Kampen: Kok.

DU TOIT, A.B. 1988. Dissipelskap in die koninkryk: destyds en vandag, in Koninkryk , Gees en Woord. Pretoria: NGKB.

DU TOIT, G.D. s.j. Spesiale Evangelieprediking. Stellenbosch: C.S.V. Boekhandel.

DU TOIT, H.C. 1977. What is a colon? in Addendum to Neotestamentica, (11):1-10.

DU TOIT, J.D. 1911. Die sestiende-eeuse profesie en die betekenis daarvan. Potchefstroom: Koomans

DU PREEZ, J. 1967. Sendingperspektief in die boek Openbaring. Stellenbosch. (Proefskrif (D.Th.) - U.S.)

DU PREEZ, J. 1972. Die ampte volgens die Skrif, in Bosch, D.J. (red.) Ampsbediening in Afrika. Pretoria: NGKB.

DIJK, K. 1955. De dienst der prediking. Kampen: Kok.

ECKERT, J. 1979. The realisation of fellowship in the earliest Christian communities. Concilium:126-130.

ENGELBRECHT, J. en DE WET, C. s.j. Kleingroepe, 'n sleutel tot dinamiese kerkgroei. Kemptonpark: Instituut vir Kerkgroei in Afrika.

ERNST, J. 1980. Das Amt im Neuen Testament - Gestalt und Gehalt. Theologie und Glaube, 70(1):72-85.

FICKER, R. 1971. Mal'ak. in Jenni, E. & Westermann, C. Theologisches Handworterbuch zum Alten Testament. München: Kaiser.

FILSON, F.V. 1939. The significance of the early house churches. Journal of Biblical Literature. 38:105-112.

FIRET, J. 1968. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen: Kok.

FLOOR, L. 1974a. Indikatief en imperarief in die prediking. In die Skriflig, 7(29):7-20

FLOOR, L. 1974b. Die koninkryk van God en die vernuwing van die maatskappy. Potchefstroom: Pro Rege

FLOOR, L. 1979a. Eksegese en prediking by Paulus. in Floor, L. De Vuyst, J., Versteeg, J.P., Velema, W.H. et al. Uw Knecht hoort. Amsterdam: Ton Bolland, p. 53-63).

FLOOR, L. 1979b. Hy wat met die Heilige Gees doop. Pretora: NGKB.

FLOOR, L. 1981. Die evangelie van die koninkryk. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

FLOOR, L. 1982a. Perpektiewe op die prediking van Paulus. Pretoria: NGKB

FLOOR, L. 1982b. Ons in Christus en Christus in ons. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

FOULKES, F. 1968. The epistle of Paul to the Ephesians; an introduction and Commentary. London: Tyndale.

FREND, W.H.C. 1963. The church of the Roman empire, in Neill, S.C. and Weber, H.R. The laymen in Christian history. A project of the Department of the Laity of the W.C.C. London: S.C.M.

FRIEDRICH, G. 1964. εὐαγγελίζομαι, εὐαγγελίον. TDNT II.

FRIEDRICH, G. 1965. κηρύς , κηρύσσω, κηρύγμα, προκηρύσσω, TDNT 111

GENSICHEN, H.W. 1971. Glaube fur die Welt. Gutersloh: Mohn

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1985. Handelinge van die 42e Nasionale Sinode. Potchefstroom: Herald

GETZ, G. 1976. Building up one another. Wheaton: Victor Books.

GETZ, G. 1978. Loving one another. Wheaton: Victor Books.

GETZ, G. 1982 (b) Praying for one another. Wheaton: Victor books.

GETZ, G. 1982. Encouraging one another. Wheaton: Victor Books.

GETZ, G. 1984 Serving one another. Wheaton: Victor Books.

GETZ, G.A. 1973. The Measure of a Church. Glendale: Regal Books.

GETZ, G.A. 1974. Sharpening the focus of the church. Chicago: Moody.

GIBBS, E. 1981. I believe in church growth. London: Hodder & Stoughton.

GILLESPIE, T.W. 1979. The laity in Biblical perspective. in Theology Today, (3):315-327.

GOETCHIUS, E.V.N. 1979. The concept of evangelism in the New Testament: some key terms, in Anglican Theological Review, Supplement ser. 8:81-92.

GOTZMANN, J. 1976. OIKODOMEIN. in Brown, C. The New International Dictionary of New Testament Theology. Exeter: Paternoster.

GOUDGE, H.L. 1926. The first epistle to the Corinthians with introduction and notes. London:

Methuen.

GOULD, F.L. 1967. Guidelines for the Christian mission in the teaching of Jesus. Ann Arbor: University Microfilms.

GOUMAZ, L. 1964. Het ambt bij Calvijn - een samevatting naar ziijn commentaren op het Nieuwe Testament. (Vert. K Deddens.) Franeker: Wever.

GRAHAM, R.W. 1966. The idea of the church in the writings of C.H. Dodd. Ann Arbor: University Microfilms.

GRATION, J. 1984. Key issues in missiology: an evangelical view, in Evangelical missions Quaterly 20:1 (Jan 1984) 72-80.

GREEN, M. 1979. Evangelism - now and then. Leicester: Inter-Varsity.

GREEN, M. 1970. Evangelism in the early church. London: Hodder & Stoughton.

GREIJDANUS, S. 1972. De eerste brief van de apostel Petrus. Kampen: Kok.

GROENEWALD, E.P. 1977. Die Pastorale Briewe. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

GROENEWALD, E.P. 1971. Die eerste brief aan die Korintiërs. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

GROSHEIDE, F.W. 1955. De brief aan de Hebreen en die brief van Jakobus. Kampen: Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1957 De eerste brief aan de kerk te Korinthe. Kampen: Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1959. De tweede brief aan de kerk te Korinthe. Kampen: Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1960. De brief van Paulus aan de Efesiers. Kampen: Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1962. De Handelingen der apostelen. eerste deel. 3e dr. Kampen: Kok.

GROSHEIDE, F.W. e.a. 1925 Handboek voor Gereformeerde evangelizatie. Kampen: Kok.

GUDER, D.L. 1985. Be my witnesses. The church's mission, message, and messengers. Grand Rapids, Eerdmans.

GUNTHER, 1971. Wachsen, in Coenen, L. Beyreuter, E. en Bietenhard, H. Theologisches Begriffslexicon zum Neuen Testament. Wuppertal: Brockhaus.

GUNTHER, W. 1976. AUKSANOO in Brown, C. The new international dictionary of New Testament theology. Exeter: Paternoster.

GUTHRIE, D. 1975. The apostles. Grand Rapids: Zondervan.

GUTHRIE, D. 1957. The pastoral epistles. London: Tyndale.

GUTMANN, D.B. 1925. Gemeindeaufbau aus dem Evangelium Grundsatslich fur Mission und Heimatkirche Leipzig: Evang. Lutt. Verlag.

HAENCHEN, E. 1984. A commentary on the gospel of John, chapters 1-6. Translated by R.W. Funk. Philadelphia: Fortress.

HAHN, F. 1965. Mission in the New Testament. London: S.C.M.

HAHN, F. 1979. Charisma und Amt. Die Diskussion uber das kirchliche Amt im Lichte der neutestamentliche Charismenlehre. in Zeitschrift fur Theologie und Kirche, 76(4): 419-449.

HARPER, M. 1977. Let my people grow! Ministry and leadership in the church. London: Hodder and Stoughton.

HARRINGTON, D.J. 1982. The light of all nations. Essays on the church in the New Testament. Wilmington, Delaware: Michael Glazier.

HART, D.J. 1986. Prediking en evangelisasie, in Van der Walt, B.J. (Red.) Sodat My huis vol kan word. Reformatoriese perspektiewe op ons evangelisasieroeping vandag. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

HASENHUTTL, G. 1969. Charisma - Ordnungsprinzip der Kirche. Freiburg: Herder.

HATCH, E. en REDPATH, H.A. 1954. A concordance to the Septuagint and other Greek versions of the Old Testament. (Including the Apocryphal books.) Graz: Akademische Druck- und Verlagsanstalt.

HATTINGH, C. 1988. Formalisme, die groot struikelblok in gemeentebou. in Venter, C.J.H. (Red.) God bou op deur sy Woord Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

HAUCK, F. 1965. κοινωνία TDNT III

HAWTHORNE, G.F. 1976. Disciple. in Tenney, M.C. (red.) The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible. (11) Grand Rapids: Zondervan.

HEINZ, J. 1976. (red.) Studien zum Thema Amt und Gemeinde im Neuen Testament. München: Schonigh.

HENDRIKSEN, W. 1955. New Testament commentary. Exposition of 1 and 11 Thessalonians. Grand Rapids: Baker.

HENDRIKSEN, W. 1974. New Testament commentary. Ephesians. London: Banner of Truth Trust.

HENDRIKSEN, W. 1968. A commentary on Galatians. London: The Banner of truth trust.

HENDRIKSEN, W. 1969. The gospel of John. London: The Banner of Thruth Trust.

HENRICHSEN, W.A. 1979. Disciples are made not born. Wheaton: Victor books.

HEYSTEK, N.P. 1987. Die plek van die tugbediening in die Pastoraat. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D.) - P.U. vir C.H.O).

HIEBERT, D.E. 1971. The Thessalonian epistles. A call to readiness. A commentary. Chicago: Moody.

HOEKENDIJK, J.C. 1964. De kerk binneste buiten. Amsterdam: Ten Have.

HOLLENWEGER. W. 1976. Evangelism today. Belfast: Christian Journals.

HOLMER, U und DE BOOR, W. 1976 Die Briefe des Petrus und der Brief des Judas. Wuppertal: Brockhaus.

HOON. P.W. 1971. The integrity of worship. Nashville: Abingdon

HOWARD, G. 1979. Paul: crisis in Galatia. A study in early Christian theology. London: Cambridge University Press.

HUGHES, P.E. 1962. Paul's second epistle to the Corinthians. Grand Rapids: Eerdmans.

HULL, B. 1984. Jesus Christ disciplemaker. Colorado Springs. Navpress.

HULST, A.R. 1971. *bnj* in Jenni, E. & Westerman C. Theologisches Handworterbuch zum Alten Testament.

München: Kaiser.

HUNTER, A.M. 1957. Introducing New Testament theology. Philadelphia: Westminster Press.

HWANG, C.K. 1984 The judgement of the Lord in the sermon of the mount. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D)- P.U. vir C.H.O)

ISIDRO, M. 1975. Christian education for evangelization in the local church, in Let the earth hear his voice. Minneapolis: World Wide Publications.

JAGER, H.J. 1974. De eerste brief aan de Korinthiers. Kampen: Copieerinrichting v.d. Berg.

JAGER, H.J. s.j. De tweede brief aan de Korinthiers. Kampen: Copieerinrichting v.d. Berg.

JAGER, H.J. s.j. (b) Enige opmerkingen over de brief aan de Romeinen. Kampen: V.d. Berg.

JONKER, W.D. 1970. Als een riet in de wind. Kampen: Kok.

JOOSTE, J.P. 1965. Studiegids vir kategetiek. Potchefstroom: Pro Rege.

KäSEMANN, E. 1970. Amt und Gemeinde, in Exegetische Versuche und Besinnungen I. Göttingen: Vandenhoeck.

KELLY, J.N.D. 1963. A commentary on the Pastoral epistles. 1 Timothy, 11 Timothy, Titus. London: Black.

KEMP, S.G. 1979. Die Begrip Volkomenheid in die Hebreërbrief. Johannesburg. (Verhandeling (M.A.)- R.A.U.)

KIEVIT, I. 1983. Tweërlei kinderen des verbonds. Voorwerpelijke-onderwerpelijke prediking eis der Heilige Schrift. Utrecht: Den Hartog.

KLEIN, H. 1981. Die Aufnahme Fremder in die Gemeinde des Alten und des Neuen Bundes. Theologische Beitrage, 12(1):21-34.

KLIJN, A.F. 1975. De Brief aan de Hebreeen. Nijkerk: Callenbach.

KLIJN, A.F.J. 1975. De Brief aan de Hebreëen. Niijkerk: Callenbach.

KOTZE, J.C.G. 1951. The divine charge to the Christian in the church. An historio-dogmatic study in the reformed conception of the universal priesthood of believers. Stellenbosch: S.C.A.

KRAEMER, H. 1960. Het vergeten ambt in de kerk. Een theologische fundering. 'S-Gravenhage: Boekencentrum.

KRITZINGER J.J. 1988. Biblical guidelines for the training of leaders for the nurture of the church in Africa. Referaat gelewer by konferensie oor die opleiding van kerkleies in Afrika te Porchefstroom 9-12 Augustus 1988 Potchefstroom: Ongepubliseerd.

KRITZINGER, J.J. 1971. Die missionêre gemeente; 'n kritiese beoordeling van die ekumeniese studie oor The missionary structure of the congregation. Pretoria: NGKB.

KRITZINGER, J.J. 1974. Die kerk en die buitestaanders. Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 15(4):286-305.

KRITZINGER, J.J. 1988. Die gemeentelike bediening in die lig van die sendingnood in Suid-Afrika. Ned

Geref Teologiese Tydskrif Deel XXIX:nr3 Julie 1988, P. 280-289

KROMMINGA, C.G. 1977. Bringing God's news to neighbors; Biblical and historical foundations. Nutley, N.J.: Presbyterian and Reformed Publ. Co.

KRUGER, M.A. 1983. Openbaring, geloof en geregtigheid. 'n Eksegetiese ondersoek van Romeine 1-4. Pretoria. (Proefskrif (D.D.) -U.P.)

KRUGER,M.A. 1985. Evangelizesthai (om te evangeliseer) en verwante woorde in die NT. In die Skriflig 19(73) p.29 - 41.

KUHL, J. 1971. Die Sendung Jesu und der Kirche nach dem Johannes Evangelium. Kaldenkirchen: Steytler.

KUHNE, G.W. 1981. Dynamics of personal follow-up. Grand Rapids: Zondervan.

KUIPER, R.P. 1978. God-centered evangelism; a presentation of the Scriptural theology of evangelism. London: Banner of Truth Trust.

KUMMEL, W.G. 1943. Kirchenbegriff und Geschichtsbewusstsein in de Urgemeinde und bei Jesus. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

KUNG, H. 1976. The church. London: Search Press.

KUYPER, A. 1905. E Voto Dodraceno (II). Amsterdam: Höveker.

LA RIVIERE, L. red. 1980. Evangelizatie: Wie - wat - waar - hoe? Kampen: Kok.

LADD, G.E. 1974 A theology of the New Testament. Grand Rapids: Eerdmans.

LATEGAN, B.C. 1984. Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Scriptura, 12:20-34.

LENSKI, R.C.H. 1961. The interpretation of the Acts of the Apostles. Minneapolis: Augsburg.

LEUBA, J.L. 1958. Teaching, in Von Allmen, J.J. and Rowley, H.H. Vocabulary of the Bible. London: Lutterworth.

LEWIS, J.N. 1973. The church in the synoptic tradition. Ann Arbor: University Microfilms.

LIDDELL, H.G. & SCOTT, R. 1968 A Greek-English lexicon compiled by Henry George Liddell and Robert Scott. Devised and augmented throughout by Sir Henry Stuart Jones with the assistenc e of Roderick McKenzie. Oxford: Clarendon Press.

LIGHTFOOT, J.B. 1968. The epistle of St. Paul to the Galatians. Grand Rapids: Zondervan.

LINDEBOOM, L. ea. 1913. Handelingen van het congres voor Gereformeerde Evangelizatie op Dinsdag 8 en Woensdag 9 April gehouden te Amsterdam, 1913. Amsterdam: Kirchner.

LIPPERT, P. 1968. Leben als Zeugnis. Die werbende Kraft christlicher Briefe. Stuttgart.

LLOYD-JONES, D.M. 1971. *Preaching and preachers. London: Hodder and Stoughton.*

LLOYD-JONES, D.M. 1981. Studies in the sermon on the Mount. Michigan: Eerdmans.

LLOYD-JONES, D.M. 1980. Christian unity; an exposition of Ephesians 4:1to 16. Edinburgh: Banner of Truth Trust.

LOHMEYER, E. 1956. Das Evangelium des Matthäus. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

LOHSE, B. 1981. Das Evangelium fur die Armen. Zeitschrift fur Neuen Testamentliche Wissenschaft, 72:1-2 1981, p.51 e.v.

LOMBARD, H.A. 1976. Charisma and church office. Neotestamentica 10(1979) 31-52.

LOUW, D.J. 1980. Die stad in die mens. Pretoria: NGKB.

LOUW, J.P. 1979. A semantic discourse analysis of Romans, vol. I Greel text/ Pretoria: U.P.

LOUW, J.P. em NIDA, E.A. 1988. (2) Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Volume 2. Indices. New York: United Bible Societies.

LOUW, J.P. en NIDA 1988 (1). Greek- English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Volume 1 Introduction and Domains New York: United Bible Societies.

LOUW, L.K. 1984. Dienswerk. 'n Eietydse bedieningsmodel vir die opbou van die gemeente. Pretoria. (Proefskrif (D.Th.)-UNISA)

LOVELACE, R.F. 1979. Dynamics of Spiritual life. An evangelical theology of renewal. Exeter: Paternoster.

LUTER, A.B. 1980. Discipleship and the church. Bibliotheca Sacra, 137(547):267-273.

MAC ARTHUR, J. 1987. Body dynamics. Wheaton: Victor Books. 4th ed.

MARGULL, H.J. 1965. Het oecomenisch studieproject The missionary structure of the congrgation. De Heerbaan. Jrg. 18 nr. 1, p. 57

MARSHALL, I.H. 1980. The Acts of the Apostles, an introduction and commentary Leicester: Inter-Varsity Press

MATTHEY, J. 1980. The great commission according to Matthew. International Review of Mission No. 274 (April).

McDERMOTT, J.M. 1975. The Biblical doctrine of koinonia. Biblische Zeitschrift, 19(2):219-233.

McGAVRAN, 1966. How churches grow: The new frontiers of mission. New York: Friendship Press.

McGAVRAN, D.A. 1984. Momentous decisions in missions today. Grand Rapids: Baker.

McGAVRAN, D.A. 1957. The Bridges of God. London: World Dominion.

McGAVRAN, D.A. 1979. How about that New Verb 'to disciple'? Church Growth Bulletin 15:5 (May).

MCGAVRAN, D.A. Rev. ed. 1980. Understanding church growth. Grand Rapids: Eerdmans.

MCKELVEY, R.J. 1962. Christ the cornerstone. New Testament Studies. 8: 325-9

MCKELVEY, R.J. 1969. The new temple. The church in the New Testament. London: Oxford University Press.

MCPHEE, A.G. 1978. Friendship evangelism. The caring way to share your faith. Grand Rapids: Zondervan.

McRAE, W. 1976. Dynamics of spiritual gifts. Grand Rapids: Zondervan.

MEIER, J.P. 1977. Two disputed questions in Matthew 28:16-20. Journal of Biblical Literature, 96:3.

MICHEL, O. 1941. Das Zeugnis des Neuen Testaments von der Gemeinde. Göttingen: Vandenhoeck &

Ruprecht.

MICHEL, O. 1967. οἰκοδομή. TDNT V

MILLER, C.J. 1986. Outgrowing the ingrown church. Grand Rapids: Zondervan.

MILLER, C.J. 1980. Evangelism and your church. New Jersey: Presb & Ref Publ. Co.

MINEAR, P.S. 1960. Images of the Church in the New Testament. Philadelphia:Fortress

MINEAR, P.S. 1982. The house of living stones. A study of 1 Pt 2:4-12. Ecumenical Review 34:3 (1982): 238-248.

MOLTMANN, J. 1975. Gott komt und der mensch wird frei. München: Kaiser.

MOLTMANN, J. 1977. The church in the power of the Spirit. A contribution to messianic ecclesiology. London: S.C.M.

MONSMA, T. 1948. Family work in reformed evangelism. in GRAND RAPIDS BOARD OF THE CHRISTIAN REFORMED CHURCHES 1948. Reformed evangelism; a manual on principles and methods of *evangelism. Grand Rapids: Baker.*

MONTEFIORE, H. 1964. A Commentary on the epistle to the Hebrews. London: Black.

MORRIS, L. 1969. Studies in the fourth gospel. Exeter: Paternoster.

MORRIS, L. 1969. The first epistle of Paul to the Corinthians. An introduction and commentary. London: Tyndale.

MOULTON, H.K. 1974. A concordance to the Greek Testament, according to the texts of Wescort and Hort, Tischendorf and the English revisers. Edinburgh: Clark.

MOUNCE, R.H. 197? The essential nature of New Testament preaching.

MOUTON, A.E.J. 1987. 'n Ekesegeties-hermeneutiese verkenning van die ἐν Χριστῷ -kernbelydenis by paulus na aanleiding van Efesiers 1:3-14. Port Elizabeth. (Verhandeling (M.A.)-U. P.E.)

MOUTON, J. en MARAIS, H.C. e.a. 1985. Metodologie van die geesteswetenskappe. Basiese begrippe. Navorsings-metodologie: 1. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing

NEL, M. 1982. Jeug en Evangelie. Pretoria: NGKB.

NEL, M. 1986. Teologiese perspektiewe op gemeentebou. Pretoria: NGKB.

NEL, M. 1987. Gemeentebediening en evangelisasieperspektief. Skrif en kerk 18(1):52 -61.

NEWBEGIN, L. 1969. The call to mission - call to unity? in The church crossing frontiers; essays on the nature of mission in honour of Bengt Sunkler. Lund: Gleerup

NICHOLSON, G.C.W. 1980. To your advantage. The lifting up of Jesus and the descent ascent schema in the fourth Gospel. Ann Arbor: University Microfilms International.

NICOL, W. 1977. The structure of Matthew 7. Neotestamentica, 11 (1977) 77-90.

NIDA, E.A. LOUW, J.P. Style and discourse. Kaapstad: Bybelgenootskap.

SNYMAN, A.H. & CRONJE, J. v. W. 1983.

NOORDEGRAAF A. 1983. Creatura Verbi. De groei van de gemeente volgens de Handelingen der Apostelen. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

NYGREN, A. 1978. Commentary on Romans. Philadelphia: Fortress.

O'BRIEN, P. 1976. The great commission of Matthew 28:18-20: A missionary mandate or not? The Reformed Theological Review 35:3 (Sept.-Dec.).

OSBORNE, R.E. 1981. The building up of the church: reflections on a New Testament image. Impact (Claremont) nr. 7, 1-25.

OSTERHAVEN, M.E. 1975. TESTIMONY. in TENNEY, M.C. en BARABAS, S. The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible. Vol 5. Grand Rapids: Zondervan.

OVERDUIN, J. 1956. Die evangelie vandag. Potchefstroom: Pro Rege.

PACKER, J.I. 1956. Evangelism and the sovereignty of God. London: Intevarsity Fellowship.

PACKER, J.I. 1986. Why preach?, in Logan, S.T. red. The preacher and preaching. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publ. co

PAUW, C.M. 1987. Wat is sending? Riglyne en perspektiewe met die oog op die praktyk. Ned Geref Teologiese Tydskrif, Deel XXVII Nr. 1

PEARSON, B.A. 1973. The pneumatikos psychikos terminology in 1 Corinthians. A study in the theology of the Corinthian opponents of Paul and its relation to Gnosticism. Missoula: Scholar Press.

PELZER, G.M. s.a. Die betekenis van teleios en sy derivate in die Hebreërbrief. Hervormde Teologiese Studies, 24. 186-206.

PERKINS, P. 1979. The missionary character of the church in the New Testament. Concilium, 114:1-7.

PERRY, L.M. and STRUBAR,J.1979 Evangelistic preaching. Chicago: Moody.

PETERS, G.W. 1970. Saturation evangelism. Grand Rapids: Zondervan.

PETERS, G.W. 1975. Contemporary practices of evangelism, in Let the earth hear his voice. Minneapolis: World Wide Publications.

PETERSON, D. 1982. Hebrews and perfection. An examination of the concept of perfection in the epistle to the Hebrews. Cambridge: Cambridge University Press.

POP, F.J. 1967. Zo is God bij de mensen. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

POP, F.J. 1971. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiers. Nijkerk: Callenbach.

R.E.S. 1965. The evangelism and service of the church in an estranged world. Grand Rapids: R.E.S. Secretariat.

R.E.S. 1987. Mission bulletin. Vol vii. No. 3 Sept. 1987.

RENGSTORF, K.H. 1967. μανθάνω, μαθητής, μαθητεύω. TDNT IV

RENGSTORF, K.H. 1964. διδάσκω. TDNT. II

RICHARDS, L.O. & HOELDTE, C. A theology of church leadership. Grand Rapids: Zondervan.

RICHARDS, L.O. & HOELDTE, C. 1980. A theology of church leadership. Grand Rapids: Zondervan.

RICHARDS, L.O. & MARTIN, G. 1981 A theology of personal ministry. Grand Rapids: Zondervan.

RICHARDS, L.O. 1973. Sixty-one ways to start a study group and keep it growing. Grand Rapids: Zondervan.

RICHARDS, L.O. 1981. A new face for the church. Grand Rapids: Zondervan.

RIDDERBOS, H. 1960. Aan de Kolossenzen. Kampen: Kok.

RIDDERBOS, H. 1967. De Pastorale brieven. Kampen: Kok.

RIDDERBOS, H. 1970. Het evangelie naar Mattheus opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. Kampen: Kok.

RIDDERBOS, H. 1971. Paulus; ontwerp van zijn theologie. Kampen: Kok.

RIDDERBOS, H. 1972. De komst van het koninkrijk; Jezus' prediking volgens de synoptische evangelien. Kampen: Kok.

RIDDERBOS, H.N. 1953. The epistle of Paul to the churches of Galatia. London: Marshall, Morgan & Scott.

RIDDERBOS, H.N. 1959. Aan de Romeinen. Kok: Kampen.

RIENECKER, F. 1971. Der Brief des Paulus an die Epheser. Wuppertal: Brockhaus.

RIENECKER, F. 1975. Das Evangelium des Matthaus. Wuppertal: Brockhaus. 8. aufl.

RITTER, K.W. 1976. Paul's concept of charisma and the ministry of the laity. Michigan: Xerox University Microfilms.

ROBERTS, J.H. 1963. Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief. Groningen: V.B.R.

ROBERTS, J.H. 1983. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

ROBERTS,J.H. 1976. Can church offices be found in Paul? Neotestamentica 10, p. 1 - 19.

ROBERTSON, A. & PLUMMER, A. 1929. A critical and exegetical commentary on the first epistle of st Paul to the Corinthians. Edinburgh: T. & T. Clark.

ROELS, E.D. 1962. God's mission. The epistle to the Ephesians in mission perspective. Franeker: Wever.

ROGERS, C. 1973. The great commission. Bibliotheca Sacra

ROSCAM ABBING, P.J. 1978. Komen als geroepen. Over de gemeente die haar roeping vervult, en over de kerkeraad die haar daarbij helpt. 'S-Gravenhage: Boekencentrum.

ROUSSEAU, J. 1985. The Communication of ancient canonized texts. Neotestamentica 19, 92-101.

ROUSSEAU, J. 1986. A multidimensional approach towards the communication of ancient canonized text: Towards determining the thrust, perspective and strategy of 1 Peter. Pretoria. (Proefskrif (D.D.)- U.P.)

RUNIA, K. 1978. De dienstknechtgestalte van het ambt, in Baarda, T. e.a. De dienstknechtgestalte van Christus. Kampen: Kok.

RUTGERS, F.L. 1906. De betekenis der gemeenteleden alszoodanig, volgens de beginselen, die Calvijn, toen hij openlijk optrad, heeft ontwikkeld en toegepast. Rede gehouden bij de overdracht van het rektoraat de Vrije Universiteit Amsterdam: Höveker.

SAUCY, R.L. 1972. The church in God's program. Chicago: Moody.

SCHALLER, H.E. 1981. Activating the passive church. Diagnosis and treatment. Nashville: Abingdon.

SCHIPPERS, K.A. 1977. De gemeente als leergemeenschap. (Kamper Cahiers) no. 31. Kampen: Kok.

SCHIPPERS, R. 1938. Getuigen van Jezus Christus in het Nieuwe Testament. Franeker: Wever.

SCHLATTER, A. 1969. Paulus der Bote Jesu. Eine Deutung seiner Briefe and die Korinther. Stuttgart: Calwer.

SCHLATTER, A. 1969. Der Evangelist Matthäus; zeiner Sprache, zein Ziel, zeine Selbständigkeit. Stuttgart: Calwer.

SCHLIER, H. 1968. κερδαίνω TDNT III

SCHMITZ, O. STAHLIN, G. 1967. παρακαλέω. TDNT V

SCHNACKENBURG, R. 1967. Das Johannes Evangelium. Basel: Herder.

SCHWARZ, F. & C.H.1985. Theologie des Gemeindeaufbaus (Ein Versuch), Neukirchen: Vluyn Aussaat. 2 Aufl.

SCHWEITZER, E. 1962. The church as the missionary body of Christ. New Testament Studies 8:1-11

SCHWEITZER, E. 1973. Das Evangelium nach Matthaus. Göttingen: Vandenhoech & Ruprecht.

SCHWEIZER,E. 1962. Gemeinde und Gemeindeordnung im Neuen Testament. Zurich: Zwingli.

SEESEMANN, H. 1933. Der Begriff Koinonia im Neuen Testament. Giesen: Topelman

SEITZ, M. 1985. Erneuerung der Gemeinde. Gemeindeaufbau und Spiritualität. Göttingen: Vandenhoeck en Ruprecht.

SENFT, CHR. 1958. Preaching, In: Von Allmenn, J.J. Vocabulary of the Bible. London: Lutterworth.

SEVENSTER, G. 1966. Het kerkelijk ambt un het licht van het Nieuwe Testament, in Kuitert, H.M. en Fiolet, H.A.M. (red.) Uit tweëen een. Rotterdam: Lemniscaat.

SHEPPERD, N. 1976. The covenant context for evangelism, in Skilton, J.H. (red.) The New Testament student and theology. Nutley: Presb. & Ref. Publ. Co.

SILVA, M. 1983. Biblical words and their meaning: An introduction to lexical semantics. Grand Rapids: Zondervan.

SISSON, R. 1979. Training for evangelism. Chicago: Moody.

SMITH, E.C. 1984. Balanced church growth. Church growth based on the model of servanthood. Nashville. Broadman.

SNACKENBURG, R. 1965. The church in the New Testament. London: S.C.M.

SNYMAN, W.J. 1952. Evangelisasie en die amp van gelowiges. Die Kerkblad 55(1189) p.2-3. 5 Des.

SNYMAN, W.J. 1967. Openbaringsgeskiedenis Nuwe Testament. Die vier Evangelies. Potchefstroom: Pro

Pro Rege

SPOELSTRA, B. 1988. Gemeentebou: Kerksentries of Teosentries bekyk. Vereeniging: Ongepubliseerde referaat gelewer voor die G.T.V. Vaaldriehoek

STEDMAN, R.C. 1979. Body Life. Glendale: Regal Books.

STEVENSON, P.J. 1986. Evangelisasie deur gemeentelike Bybelstudiegroepe, in Sodat my huis vol kan word. Pothefstroom: P.U. vir C.H.O.

STIBBS, A.M. 1968 The first epistle general of Peter. London: Tyndale press.

STIGERS, H.G. 1977. Cornerstone, Corner stone. in The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible. Grand Rapids: Zondervan

STOTT, J. 1975. Christian mission in the modern world. London: Falcon.

STOTT, J.R.W. 1981. De bijbelse grondslag van evangelisatie, in Evangelisatie: wat verstaan we er onder? Kampen: Kok.

STOTT, J.R.W. 1982. Between two worlds: The art of preaching in the twentieth century. Grand Rapids: Eerdmans.

STOTT, J.W.R. 1979. God's new society. Leicester: Inter-Varsity Press.

STRACK, H.L. & BILLERBECK, P. 1974. Kommentar zum Neuen Testament aus Talmud und Midrasch. Das Evangelium nach Matthäus. Munchen: Beck'sche Verlagsbuchhandlung.

STRATHMANN, H. 1967. μαρτύς, μαρτυρέω, μαρτυρία, μαρτυρίον. TDNT. IV.

STRAUSS, S.A. 1982. Alles of niks. K. Schilder oor die verbond. Pretoria. (Proefskrif. (D.D.) Universiteit Pretoria.)

STRECKER, G. 1962. Der Weg der Gerechtigkeit, Untersuchung zur Theologie des Matthäus. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

SWEAZY, G. 19? Effective evangelism. San Fransisco: Harper & Row.

SWEAZY. G.E. 1978. The Church as evangelist. San Fransisco: Harper & Row.

SYLVA, D. 1983. Translating and interpreting 1 Pt 3:2 Bible Translater 34, 1(1983): 144-147.

TASKER, R.V.G. 1969. The Gospel according to St. Matthew. London: Tyndale.

TRILLING, W. 1964. Das Wahre Israel; Studien zur Theologie des Matthäus-Evangeliums. Munchen: Kösel-Verlag.

TRIMP, C. 1982. Ministerium; een introductie in de reformetorische leer van het ambt. Groningen: De Vuurbaak.

TRIMP, C. en REINDERS, J.E. 1970. Gemeenteopbou en huisbezoek. in: Gemeenteopbouw. Delft: Gereformeerd sociaal verband.

TRITES, A.A. 1977. The New Testament concept of witness. London: Cambridge University press.

VAN AARDE, A.G. 1982. Discourse analysis of the Greek text of Matthew 13:53-17:27. Addendum to Neotestamentica, (16):1-16.

VAN AARDE, A.G. 1983. Matthew's portrayal of the disciples and the structure of Mt:1353-17:27 Neotestamentica (16):21-35.

VAN BRUGGEN, J. 1984. Ambten in de Apostolische Kerk. Kampen: Kok

VAN BRUGGEN,J. 1979. Het huwelijk gewogen. Amsterdam: Bolland.

VAN DER MERWE, D.C.S. 1960. Sending en uitverkiesing. Potchefstroom. (Verhandeling (Th.M.)- P.U. vir C.H.O.

VAN DER MERWE, D.C.S. 1965. Verbond en sending; die Gereformeerde verbondsleer in sy betekenis vir die sending. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D.)- P.U. vir C.H.O)

VAN DER WALT, I.J. 1980. Kerk en wêreld. Potchefstroom: Calvyn-Jubileumboekefonds.

VAN DER WALT, I.J. 1982. Evangelisasie: 'n Uitdaging vir die Gereformeerde Kerk. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens 'n evangelisasiekonferensie te Pretoria in Oktober 1982.

VAN DER WALT, I.J. 1985. Die evangelie aan afgedwaaldes; Handleiding vir evangelisasie. Potchefstroom: Universum.

VAN EEDEN I.J. 1982. Kerkspieël, Pretoria: NGKB.

VAN EEDEN I.J. 1986. Kerkspieël. 11 Pretoria NGKB.

VAN GENDEREN, J. 1983. Verbond en Verkiezing. Kampen: Kok.

VAN HUYSSTEEN, W. 1986. Teologie as kritiese geloofsverantwoording. Teorievorming in die sistematiese teologie. Pretoria: R.G.N.

VAN RENSBURG, F. 1983. Inleiding tot die semantiek van die Nuwe-Testamentiese Grieks. Potchefstroom: Wesvalia.

VAN RENSBURG, F. 1984. GRAMMATIKOS; 'n handleiding by grammatiese eksegese van die Griekse Nuwe Testament. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

VAN ROOY,J.A. 1986. Die gesag van 'n Bybelvertaling, in Van der Walt, J. (red.) In ons eie taal. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

VAN RULER, A.A. 1952. Bijzonder en algemeen ambt. Nijkerk: Callenbach.

VAN RULER, A.A. 1962. Ambt en leek naar reformatorische opvatting. Tijdschrift voor theologie, 13.

VAN RULER, A.A. 1971. Is er een ambt van de gelovige? in Theologisch werk, II. Nijkerk: Callenbach.

VAN STEMPVOORT, P.A. 1950. Eenheid en Schisma. Een structureel onderzoek van het deel, de Gemeente van Korinthe volgens 1 Korinthiërs ten behoeve van het geheel, de oecumeniese gemeente. Nijkerk: Callenbach.

VAN SWIGCHEM, D. 1955. Het missionair karakter van de christelijke gemeente volgens de brieven van Paulus en Petrus. Kampen: Kok.

VAN UNNIK, W.C. 1964. Die Rücksicht auf die Reaktion der Nicht Christen als Motiv in der altchristlichen Paranase. In: ELTESTER, W. (Red.) Judentum Urchristentum Kirche. Festschrift fur Joachim Jeremias. Berlin: Verlag Alfred Topelman.

VEENHUIZEN, F.H. s.j. Gemeentekringen; handreiking by het kleine kerkenplan. Apeldoorn: World Home Bible League.

VELDKAMP, H. 1968. Het ambt der gelovigen. Franeker: Wever.

VELEMA, W.H. 1966. De geestelijke groei van de gemeente. Kampen: Kok.

VENTER, A.G.S. 1986. Die werk van die Heilige Gees in die opbou van die kerk volgens Handelinge. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D.)- P.U. vir C.H.O.)

VENTER, C.J.H. 1985. Die Pauliniese paranese in Romeine 12:1-15:13; 'n Eksegetiese studie. Potchestroom. (Proefskrif. (Th.D.) P.U. vir C.H.O.)

VENTER, C.J.H. 1986. Gemeente-opbou in die lig van Hebreers. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

VENTER, J.L. 1981. Stedelike bedieningspatroon - vroegtydig beplan? Die Kerkblad, Jrg. 84 nrs. 2624, 2625, 2626.

VERKUYL, J. 1978. Inleiding in de evangelistiek. Kampen: Kok.

VERSTEEG, J.P. 1967. Het eschatologisch-pneumatisch karakter van de kerk volgens het Nieuwe Testament. Theologia Reformata, X, 2:79-98.

VERSTEEG, J.P. 1972. De continuiteit van het heden en toekomst volgens het Nieuwe Testament. Theologia Reformata XV, 2:119-138

VERSTEEG, J.P. 1975. Het missionair karakter van de gemeente. Contact, no. 2. Hilversum: Van der Weij.

VERSTEEG, J.P. 1980. Oog voor elkaar. Het gebruik van het woord elkaar in het Nieuwe Testament met betrekking tot de onderlinge verhoudingen binnen de gemeente. Kampen: Kok.

VERSTEEG, J.P. 1985. Kijk op de kerk. De structuur van de gemeente volgens het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.

VILJOEN, F.P. 1986. Die betekenis van THRONOI, KURIOTETES, ARCHAI, en EKSOUSIA in Kolosense 1:16. Potchefstroom: (Verhandeling. (M.A.) - P.U. vir C.H.O.)

VINE, W.E. 1952. An expository dictionary of New Testament words. Chicago: Moody.

VISCHER, W. 1946. Die Evangelische Gemeindeordnung;Matthaus 16, 13-20, 28. Zürich: Evangelischer Verlag.

VLEUGELS, G.A.M. en Coetzee, J.C. 1988. Onderzoek naar de synoptische relatie van de brieven aan de Efeziërs en aan de Kolossenzen. In die Skriflig, 22:87 P. 37-47.

VOGLER, W. 1982. Die Bedeutung der urchristlichen Hausgemeinden fur die Ausbreitung des Evangeliums. Theologische Literaturzeitung. 107(11):785-794.

VON ALLMEN, J.J. 1965. Worship. Its theology and practice. London: Lutterworth.

VOS, G. 1948. Biblical theology, Old and New Testament. Edinburgh: Banner of Truth Trust.

WAGNER, C.P. 1984. Your church can grow. Ventura: Regal Books.

WATSON, D. 1978. I believe in the church. London: Hodder and Stoughton.

WEISS, J. 1970. Der Erste Korintherbrief. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

WIGRAM, G.V. & WINTER, R.D. 1972 The word study concordance. A modern, improved, and enlarged version of of both the englishman's Greek concordance and the new Englishman's Greek

concordance expanded to include an alpha-numeric index, a word family index and the cross-reference headings. Wheaton: Tyndale.

WILD, R.A. 1984. The warior and the prisoner: some reflections on Eph 6:10-20. Catholic Biblical Quartely. 46(2):284-293.

WILLIAMS, T. 1975. Nurturing and discipling new converts. in DOUGLAS, J.D. 1975. Let the earth hear his voice. International Congress on World Evangelization, Lausanne, Switzerland. Minneapolis: World Wide Publications.

WILLIAMS, T. 1975. Christian education for evangelization in the local church, in DOUGLAS, J.D. 1975. Let the earth hear his voice. International Congress on World Evangelization, Lausanne, Switzerland. Minnneapolis: World Wide Publications.

WINGREN, G. 1955. Die Predigt. Göttingen: Ruprecht.

WOLFF, C. 1982. Der erste Brief des Paulus an die Korinther. Zweiter Teil: Auslegung der Kapitel 8-16. Berlin: Evangelische Verlagsanstalt.

ZIMMER, R.G. 1975. The temple of God. Journal of the Evangelical Theological Society. 18(1):41-46.

ZUCK, R.B. 1965. Greek words for teach. Bibliotheca Sacra. Apr. 1965:158-168.

ZUMSTEIN, J. 1972. Matthieu 28:16-20. Revue de Theologie et Philisophie 22:1